VOLLEDIGE DISSIPELSKAP-EVANGELISASIE

'N 48-LES KURSUS

Deur Andrew Wommack
en Don W. Krow

© 2012, Andrew Wommack
Toestemming word verleen om afskrifte vir dissipelskapdoeleindes te maak, op voorwaarde dat dit gratis uitgereik word.

Andrew Wommack Ministries – Suid Afrika
Posbus 30, Kaapstad, 8000
www.awmsa.net

Tensy anders aangedui, kom alle Skrifaanhalings uit die Bybel in Afrikaans (Nuwe en Ou Vertaling).

Oorspronklike titel: The Complete Discipleship Evangelism 48-Lesson Course
ISBN 978-1-908529-16-9

© 2012 Andrew Wommack Ministries − Europe
PO Box 4392, Walsall, WS1 9AR, England
www.awme.net

Volledige Dissipelskapevangelisasie
ISBN 978-0-9870235-19-9
Itemkode: AF417

Gedruk in Suid Afrika. Alle regte voorbehou onder die Internasionale Kopieregwet.

Volledige Dissipelskapevangelisasie 'n 48-les Kursus

INHOUD

VLAK 1

1	Die ewige lewe	7
2	Redding deur genade	11
3	Geregtigheid deur genade	17
4	'n Verhouding met God	21
5	God se karakter	27
6	Bekering	33
7	'n Vaste verbintenis	41
8	Waterdoop	47
9	Identiteit in Christus (Deel 1)	53
10	Identiteit in Christus (Deel 2)	59
11	Wat gebeur wanneer 'n Christen sondig	65
12	Die integriteit van God se Woord	71
13	God is onskuldig	77
14	Die krag van 'n Geesvervulde lewe	81
15	Hoe om die Heilige Gees te ontvang	87
16	Voordele van die spreek in tale	93

VLAK 2

1	Die eie ek: Die bron van al ons ongelukkigheid	99
2	Bybelse meditasie	105
3	Die vernuwing van jou denke	109
4	Die belangrikheid van Christus se kerk	115
5	Bevryding	125
6	Die gesag van die gelowige	131
7	Genesing lê in versoening	137
8	Struikelblokke vir genesing	143
9	Vergewe jou naaste	149
10	Die huwelik (Deel 1)	157
11	Die huwelik (Deel 2)	163
12	God se soort liefde (Deel 1)	171
13	God se soort liefde (Deel 2)	177
14	Finansies (Deel 1)	183
15	Finansies (Deel 2)	189
16	Wat om te doen wanneer jy nie gebedsverhoring ervaar nie	195

VLAK 3

1	God se vloei	203
2	Gebruik die gawes in die bediening	209
3	Wonderwerke verheerlik God	219
4	Die krag van godvrugtige verhoudings	227
5	Vervolging	231
6	Die Koning en sy koninkryk	237
7	Die kern van reddende geloof	249
8	Die doel van God se wet	255
9	Nie onder die wet nie, maar onder genade	263
10	Bevry van sondebewustheid	269
11	Ek is geliefd; ek is mooi	277
12	Die vrug van redding (Deel 1)	283
13	Die vrug van redding (Deel 2)	291
14	'n Oproep tot dissipelskap	299
15	Hoe om jou getuienis te gebruik	307
16	Elkeen se gawes speel 'n rol in dissipelskap	317

DISSIPELSKAP-
EVANGELISASIE

VLAK 1

VLAK 1

LES 1
DIE EWIGE LEWE

deur Andrew Wommack

Johannes 3:16 is seker een van die bekendste Skrifgedeeltes. Die meeste mense ken hierdie vers van kleins af, maar ek is daarvan oortuig dat dit in baie gevalle misverstaan en verkeerd toegepas word. Johannes 3:16 lees: *"God het die wêreld so lief gehad dat Hy sy enigste Seun gegee het, sodat dié wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie maar die ewige lewe sal hê."*

Tradisioneel is hierdie vers gebruik om mense te leer dat Jesus vir ons sondes kom sterf het, sodat ons nie verlore sal gaan nie. Dit is egter nie die volle verhaal nie. Die eintlike boodskap van hierdie vers is dat Jesus aarde toe gekom en gesterf het, sodat ons die ewige lewe kan hê. Ons sondes was bloot 'n muur wat tussen ons en hierdie ewige lewe gestaan het.

Dit is waar dat Jesus vir ons sondes gesterf het, en dit is waar dat as ons in Jesus glo, ons nie verlore sal gaan nie, maar daar steek soveel meer in die evangelie. Die ware boodskap van die evangelie is dat God jou die ewige lewe wil gee. Kom ek verduidelik.

Die nag voor sy kruisiging het Jesus die volgende gebid: *"En dit is die ewige lewe: dat hulle U ken, die enigste en ware God, en Jesus Christus"* (Joh. 17:3).

Die ewige lewe is dus dat ons die Vader ken, die enigste ware God, en Jesus Christus wat deur Hom gestuur is. Dít is die ewige lewe. Baie mense dink die ewige lewe is 'n lewe wat vir ewig duur. Maar die feit is, elke liewe mens lewe vir altyd. Dit is 'n wanopvatting om te dink dat wanneer iemand doodgaan, hy ophou bestaan. Sy gees en sy siel keer terug na God toe. Sy liggaam vergaan in die graf. Elke mens wat ooit op hierdie aarde gelewe het, sal in 'n geestelike dimensie bly lewe. Dit is dus nie die volle waarheid om te sê dat die ewige lewe bloot 'n lewe is wat vir altyd voortduur is nie – álmal lewe vir altyd. Hierdie vers maak dit baie duidelik dat die ewige lewe nie aan almal gegee word nie.

Sommige mense sê: "Die ewige lewe dui op 'n ewige bestaan in die hemel in teenstelling met 'n ewige bestaan in die hel." Maar die ewige lewe is presies dít wat Jesus in Johannes 17:3 gesê het – om God en Jesus Christus te ken. Die woord "ken" word regdeur die Bybel gebruik om die mees intieme, persoonlike verhouding te beskryf waarin 'n mens kan staan.

Die ware doel van redding is nie bloot om vir altyd in die hemel te lewe nie, hoe wonderlik dit ook al gaan wees. Die ware doel van redding is intimiteit – 'n persoonlike verhouding met die Here God. Daar is honderde duisende mense wat God vra om hulle sondes te vergewe, maar wat intimiteit met God glad nie as doel het nie.

As ons nalaat om die ware doel van verlossing te verduidelik, laat ons die evangelie nie tot sy reg kom nie. Wanneer ons die evangelie bloot aan geestelike dinge koppel waarby ons eers in die toekoms, in die ewigheid, sal baat, is ons nie besig om mense te help nie. Baie mense beleef letterlik hel op aarde. Baie is depressief, leef in armoede en worstel met twis, verwerping, seer en mislukte huwelike. Baie mense voer 'n stryd om oorlewing. Hulle probeer net kop bo water hou. Deur verlossing iets te maak wat slegs die toekomstige raak, is daar baie mense wat die besluit uitstel, omdat hulle te besig is om net vandag te probeer oorleef.

Jesus het egter nie net gekom om ons ewige bestemming te beïnvloed, sodat ons vir altyd in die heerlikheid van die hemel in plaas van die verskrikking van die hel kan lewe nie, maar Jesus het ook gekom om ons van hierdie teenwoordige bose wêreld te red (Gal. 1:4). Jesus het vir 'n intieme, persoonlike verhouding met God die Vader vir jou moontlik gemaak.

Jesus het gekom sodat jy in 'n persoonlike verhouding met Hom kan staan. Jesus is lief vir jou. Jesus wil jou persoonlik ken. Jesus wil vir jou 'n lewenskwaliteit gee wat beter is as enigiets wat jy by enigiets of enigiemand anders kan verkry.

In Johannes 10:10 het Jesus dit soos volg gestel: *"'n Dief [die Satan] kom net steel en slag en uitroei; Ek het gekom sodat hulle die lewe kan hê, en dit in oorvloed."* God wil vir jou 'n oorvloedige lewe gee, en ek glo dat jy dit vandag nodig het – dat jy dit wil hê. Christus het nie net gesterf om jou sondes te vergewe nie, maar om jou by Hom te hê. Om hierdie rede moet jy die Here ken. As jy reeds wedergebore is, wil ek jou aanmoedig om nie net by sondevergifnis stil te staan nie, maar om die ewige lewe by die Vader te ontvang.

Feite oor die ewige lewe

A. Die doel van die evangelie is die ewige lewe. (Joh. 3:16).
B. Die ewige lewe is dat ek die Here ken. (Joh. 17:3).
C. Om God te ken beteken dat ek in 'n intieme verhouding met Hom staan. (1 Kor. 6:16-17).
D. Die ewige lewe is vandag tot my beskikking. (1 Joh. 5:12).
E. God wil in 'n persoonlike verhouding met jou staan. (Op. 3:20).

DISSIPELSKAPVRAE

1. Lees Johannes 3:16. Om watter rede het God Jesus na die wêreld gestuur?

2. Die Bybelse gebruik van die woord "ken" verwys na 'n intieme, persoonlike verhouding met 'n persoon (Gen. 4:1). Lees Johannes 17:3. Wat is die ewige lewe volgens hierdie vers?

3. Lees 1 Johannes 5:11-12. Wanneer begin die ewige lewe volgens hierdie verse?

4. Lees Johannes 10:10. Watter soort lewe het Jesus vir ons kom gee?

5. Beskryf die kwaliteite of kenmerke van 'n oorvloedslewe in jou eie woorde.

6. Glo jy dat God sy Seun Jesus gestuur het om vir die wêreld se sondes te sterf, sodat ons wat glo, die ewige lewe kan ontvang?

7. Is dit vir jou duidelik dat die ewige lewe nie eenvoudig 'n hoeveelheid tyd (die ewigheid) is nie, maar 'n kwantiteit- én kwaliteitlewe?

SKRIFGEDEELTES VIR GEBRUIK SAAM MET VRAE

JOHANNES 3:16 – *"God het die wêreld so lief gehad dat Hy sy enigste Seun gegee het, sodat dié wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie maar die ewige lewe sal hê."*

GENESIS 4:1 – *"En die mens het sy vrou Eva beken, en sy het swanger geword en Kain gebaar en gesê: Ek het 'n man gekry met die hulp van die Here." [In die King James word die woord knew vir beken gebruik.]*

JOHANNES 17:3 – *"En dit is die ewige lewe: dat hulle U ken, die enigste en ware God, en Jesus Christus."*

1 JOHANNES 5:11-12 – *"**[11]** En die getuienis behels dít: God het ons die ewige lewe gegee, en dié lewe is deur sy Seun. **[12]** Wie die Seun het, het die lewe; wie nie die Seun van God het nie, het ook nie die lewe nie."*

JOHANNES 10:10 – *"'n Dief kom net steel en slag en uitroei; Ek het gekom sodat hulle die lewe kan hê, en dit in oorvloed."*

ANTWOORDE

1. Lees Johannes 3:16. Om watter rede het God Jesus na die wêreld gestuur?
   Om die wêreld te red en vir almal wat in Jesus glo, die ewige lewe te gee deur die sonde se straf weg te neem.

2. Die Bybelse gebruik van die woord "ken" verwys na 'n intieme, persoonlike verhouding met 'n persoon (Gen. 4:1). Lees Johannes 17:3. Wat is die ewige lewe volgens hierdie vers?
   Die ewige lewe is dat ons God en Jesus Christus intiem ken.

3. Lees 1 Johannes 5:11-12. Wanneer begin die ewige lewe volgens hierdie verse?
   Wanneer ons die Seun (Jesus Christus) in ons lewe ontvang.

4. Lees Johannes 10:10. Watter soort lewe het Jesus vir ons kom gee?
   'n Lewe in oorvloed!

5. Beskryf die kwaliteite of kenmerke van 'n oorvloedslewe in jou eie woorde.
   Oorvloedslewe is die teenoorgestelde van dit wat Jesus gesê het die dief kom doen het.

6. Glo jy dat God sy Seun Jesus gestuur het om vir die wêreld se sondes te sterf, sodat ons wat glo, die ewige lewe kan ontvang?
   Ja.

7. Is dit vir jou duidelik dat die ewige lewe nie eenvoudig 'n hoeveelheid tyd (die ewigheid) is nie, maar 'n kwantiteit- én kwaliteitlewe?
   Ja.

© 2012, Andrew Wommack
Toestemming word verleen om afskrifte vir dissipelskapdoeleindes te maak, op voorwaarde dat dit gratis uitgereik word.

VLAK 1

LES 2
REDDING DEUR GENADE

Deur Don Krow

Jesus het dikwels van gelykenisse gebruik gemaak, verhale wat geestelike waarhede illustreer. Lukas 18:9-14 begin soos volg: *"Met die oog op mense wat seker was dat hulle eie saak met God reg is en wat op ander neergesien het, het Jesus hierdie gelykenis vertel."* Jesus het 'n spesifieke groep mense met hierdie gelykenis geteiken: diegene wat geglo het dat hulle gered was en outomaties op ander mense neergesien het. Die gelykenis was gerig op mense wat op hulle werke vertrou het. Jesus het na hulle eiegeregtigheid verwys toe Hy gesê het dat hulle met 'n meerderwaardige houding op ander mense neersien.

In vers 10 sê Jesus: *"Twee mense het na die tempel toe gegaan om te bid. Die een was 'n Fariseër en die ander een 'n tollenaar."* Vandag sou ons sê dat hulle kerk toe gegaan het om te gaan bid, en die een was 'n Fariseër. 'n Fariseër was 'n baie godsdienstige mens. Trouens, die woord beteken "afgesonderde een". Hulle gesindheid was een van: "Moet my nie besmet nie! Bly weg. Ek is nie soos ander mense nie! Ek is beter as die res van die wêreld!" Die ander man was 'n tollenaar. Tollenaars was belastinggaarders en is as goddelose, sondige mense beskou wat ander verkul en bedrog gepleeg het. Hulle het op elke moontlike manier belasting geëis, van die geld in hulle eie sakke gesteek en die res vir die Romeinse regering gegee. Hulle volksgenote was hulle dus glad nie goedgesind nie.

Vers 11 vervolg: *"Die Fariseër het gaan staan en by homself so gebid: 'O God, ek dank U dat ek nie soos ander mense is nie: diewe, bedrieërs, egbrekers, en ook nie soos hierdie tollenaar nie.'"* Let op die volgende. Tot wie het hy gebid? Al het hy "God" gesê en die regte woorde gebruik, het hy in werklikheid tot homself gebid. God het nie na sy gebed geluister nie, en ons sal later sien waarom nie. Kyk wat bid hy: "God, ek dank U dat ek nie soos ander mense is nie." Hierdie Fariseër, hierdie godsdienstige man, het gesê: "Ek is nie soos ander mense nie. Ek is nie sondig nie. Ek is nie 'n dief of 'n bedrieër of 'n egbreker nie, en ek is nie soos hierdie tollenaar wat hier kom bid het nie." Hierdie man het ander mense verag en op hulle neergesien, omdat hy gedink het dat hy beter as hulle is.

In vers 12 sê die Fariseër: *"Ek vas twee keer in die week en ek gee 'n tiende van my hele inkomste."* Met ander woorde: "Kyk net wat doen ek alles." Om te vas, beteken dat 'n mens nie eet nie. Hy het ook van sy geld vir die kerk gegee. Hy was een van daardie mense wat sê: "Moenie aan my karring nie – ek is 'n goeie mens. Ek doen goed aan ander en ek gee vir die kerk!"

Dan kom ons by die tollenaar in vers 13: *"Maar die tollenaar het daar ver bly staan en wou selfs nie na die hemel opkyk nie. Hy het bedroef op sy bors geslaan en gesê: 'O God, wees my, sondaar,*

genadig.'" Let op sy liggaamstaal: "daar ver bly staan". Hy het nie eens tot by die kerk gekom nie. Hy was so skaam oor sy lewe en alles wat hy gedoen het, dat hy eenkant bly staan het en nie eens opgekyk het nie, maar homself op die bors geslaan het. Wanneer ons in die Ou Testament lees dat iemand homself op die bors slaan, het hulle dikwels ook hulle klere geskeur. Dit was 'n manier om te sê: "Ek voel ellendig oor wat ek gedoen het, Here!" Dit was 'n teken van bekering, 'n berouvolle hart en 'n gebroke gees, en die Here sou dit nie gering ag nie. Hierdie tollenaar, 'n sondige man, het die Here aangeroep en gebid: "God, wees my genadig. Ek is 'n sondaar!"

In vers 14 staan daar: *"Ek sê vir julle: Hierdie man, en nie die ander een nie, het huis toe gegaan as iemand wie se saak met God reg is. Elkeen wat hoogmoedig is, sal verneder word; en hy wat nederig is, sal verhoog word."* Die tollenaar het sy saak met God reggemaak. Hy is deur God vrygespreek en vergewe. Waarom is hy vergewe? Waarom het hý huis toe gegaan as iemand wie se saak met God reg is, en nie die Fariseër nie? Want die Fariseër het homself verhoog deur te sê: "Ek is beter as ander mense! Ek is nie sondig nie! Ek is nie soos ander mense nie," terwyl die tollenaar geweet het dat hy geen aansien voor die Here gehad het nie en dat hy Hom niks kon bied nie. Hy was 'n sondige persoon. Die Bybel sê dat Jesus nie gekom het om goeie mense te red nie, maar sondaars. Ons almal het gesondig en dit ontbreek ons aan die heerlikheid van God. Hierdie tollenaar het homself verootmoedig en vergifnis ontvang.

Ons hoor gereeld dat ons uit genade gered word. Genade is 'n wonderlike woord en ek wil vir jou 'n erkende definisie van die woord gee, maar genade beteken soveel meer. In die Griekse taal, waarin die Nuwe Testament geskryf is, word die woord *charis* vir genade gebruik. Die aanvaarde definisie daarvan is: die gratis, onverdiende guns van God teenoor mense wat dit nie verdien nie. Hierdie tollenaar het niks van God verdien nie, maar hy het God se guns ontvang, omdat hy homself verootmoedig het. Daar is nog 'n woord in die Grieks, *charisma, (charis met ma as agtervoegsel)* wat op 'n spesifieke manifestasie of vorm van God se genade dui, naamlik die geskenk van vryspraak en geregtigheid. Die tollenaar het hierdie vryspraak en geregtigheid voor God as gawe ontvang.

In Romeine 5:17 lees ons: *"Hulle wat die oorvloed van die genade en van die gawe van die geregtigheid ontvang, (sal) in die lewe heers deur die Één, Jesus Christus."* God wil geregtigheid as gawe vir my en jou gee. Volgens ons Skrifgedeelte het die tollenaar die gawe van vryspraak, die gawe van geregtigheid ontvang, wat net deur Jesus Christus kom. In Johannes 1:17 staan: *"God het die wet deur Moses gegee; die genade en die waarheid het deur Jesus Christus gekom."* Hierdie genade word slegs aan een soort persoon geskenk – hy wat homself verneder en weet dat hy geen aansien voor God het nie, hy wat God om genade smeek. So 'n mens sal God se genade en vergifnis ontvang.

DISSIPELSKAPVRAE

1. Lees Lukas 18:9. Wat is 'n gelykenis?

2. Lees Lukas 18:9. Aan wie het Jesus hierdie gelykenis gerig?

3. Lees Lukas 18:9 (die laaste gedeelte van die vers). Eiegeregtige mense openbaar altyd 'n sekere houding teenoor ander mense. Wat is hierdie houding volgens Lukas 18:9?
   A. Hulle hou van ander mense.
   B. Hulle verag en kyk neer op ander mense.
   C. Hulle is lief vir ander mense.

4. Lees Lukas 18:10. Twee mans het gaan bid; waar het hulle in vandag se taal gaan bid?

5. Lees Lukas 18:10. Wie was hierdie mense?

6. Lees Lukas 18:11. Wat het die Fariseër gebid?

7. Lees Lukas 18:12. Wat beteken dit om te vas?

8. Lees Lukas 18:12. Wat beteken dit om 'n tiende te gee?

SKRIFGEDEELTES VIR GEBRUIK SAAM MET VRAE

LUKAS 18:9 – *Lukas 18:9 – "Met die oog op mense wat seker was dat hulle eie saak met God reg is en wat op ander neergesien het, het Jesus hierdie gelykenis vertel."*

LUKAS 18:10 – *"Twee mense het na die tempel toe gegaan om te bid. Die een was 'n Fariseër en die ander een 'n tollenaar."*

LUKAS 18:11 – *"Die Fariseër het gaan staan en by homself so gebid: 'O God, ek dank U dat ek nie soos ander mense is nie: diewe, bedrieërs, egbrekers, en ook nie soos hierdie tollenaar nie.'"*

LUKAS 18:12 – *"Ek vas twee keer in die week en ek gee 'n tiende van my hele inkomste."*

DISSIPELSKAPVRAE

9. Lees Lukas 18:13. Waar het die tollenaar gestaan? Waarom?

10. Lees Lukas 18:13. Waarom het die tollenaar op sy bors gekyk?

11. Lees Lukas 18:13. Wat het die tollenaar gebid?

12. Lees Lukas 18:14. Watter man het as ’n geregverdigde huis toe gegaan?

13. Lees Lukas 18:14. Waarom is die tollenaar geregverdig en nie die Fariseër nie?

14. Lees Lukas 18:14. Het God die tollenaar vergewe?

15. Lees Romeine 10:13. Sal God jou soos die tollenaar behandel as jy nou voor Hom kniel en Hom uit jou hart uit smeek: “Here, wees my, ’n sondaar, genadig”?

SKRIFGEDEELTES VIR GEBRUIK SAAM MET VRAE

LUKAS 18:13 – *“Maar die tollenaar het daar ver bly staan en wou selfs nie na die hemel opkyk nie. Hy het bedroef op sy bors geslaan en gesê: ‘O God, wees my, sondaar, genadig.’”*

LUKAS 18:14 – *“Ek sê vir julle: Hierdie man, en nie die ander een nie, het huis toe gegaan as iemand wie se saak met God reg is. Elkeen wat hoogmoedig is, sal verneder word; en hy wat nederig is, sal verhoog word.”*

ROMEINE 10:13 – *“Want elkeen wat die Naam van die Here aanroep, sal gered word.”*

1 JOHANNES 1:8-9 – *“As ons beweer dat ons nie sonde het nie, bedrieg ons onsself en is die waarheid nie in ons nie. Maar as ons ons sondes bely – Hy is getrou en regverdig, Hy vergewe ons ons sondes en reinig ons van alle ongeregtigheid.”*

ANTWOORDE

1. Lees Lukas 18:9. Wat is ŉ gelykenis?
   ŉ Bybelse gelykenis is ŉ verhaal wat ŉ geestelike waarheid illustreer.

2. Lees Lukas 18:9. Aan wie het Jesus hierdie gelykenis gerig?
   Aan dié wat gedink het dat hulle saak met God reg was; eiegeregtige mense.

3. Lees Lukas 18:9 (die laaste gedeelte van die vers). Eiegeregtige mense openbaar altyd ŉ sekere houding teenoor ander mense. Wat is hierdie houding volgens Lukas 18:9?
   B. Hulle verag en sien neer op ander mense.

4. Lees Lukas 18:10. Twee mans het gaan bid; waar het hulle in vandag se taal gaan bid?
   By die kerk.

5. Lees Lukas 18:10. Wie was hierdie mense?
   ŉ Fariseër en ŉ tollenaar.

6. Lees Lukas 18:11. Wat het die Fariseër gebid?
   Here, dankie dat ek nie soos ander mense is nie (ek is nie ŉ sondaar nie). Ek is nie ŉ bedrieër, onregverdige, egbreker, of selfs soos hierdie tollenaar nie.

7. Lees Lukas 18:12. Wat beteken dit om te vas?
   Om nie te eet nie.

8. Lees Lukas 18:12. Wat beteken dit om ŉ tiende te gee?
   Om ŉ tiende van ŉ mens se inkomste te gee.

9. Lees Lukas 18:13. Waar het die tollenaar gestaan?
   Ver daarvandaan.

   Waarom?
   Hy was skaam om by die kerk (of tempel) in te gaan, omdat hy so ŉ aaklige sondaar was. Hy het dus buite bly staan.

10. Lees Lukas 18:13. Waarom het die tollenaar op sy bors gekyk?
    Hy was skaam.

    Het jy al ooit iets gedoen waaroor jy so skaam was dat jy iemand nie in die oë kon kyk nie?

11. Lees Lukas 18:13. Wat het die tollenaar gebid?
    God, wees my genadig; ek is ŉ sondaar!

12. Lees Lukas 18:14. Watter man het as ŉ geregverdigde huis toe gegaan?
    Die tollenaar.

ANTWOORDE

13. Lees Lukas 18:14. Waarom is die tollenaar geregverdig en nie die Fariseër nie?
Want hy het homself voor God verootmoedig. Die Fariseër was vol hoogmoed; hy het nie gedink hy het ŉ Redder nodig nie.

14. Lees Lukas 18:14. Het God hierdie tollenaar vergewe?
Ja.

15. Lees Romeine 10:13. Sal God jou soos die tollenaar behandel as jy nou voor Hom kniel en Hom uit jou hart uit smeek: "Here, wees my, ŉ sondaar, genadig"?
Ja, Hy sal. Hy sal my vergewe en my van alle ongeregtigheid reinig.

Sien 1 Johannes 1:8-9.

© 2012, Andrew Wommack
Toestemming word verleen om afskrifte vir dissipelskapdoeleindes te maak, op voorwaarde dat dit gratis uitgereik word.

VLAK 1

LES 3
GEREGTIGHEID DEUR GENADE

Deur Don Krow

Vandag kyk ons na geregtigheid deur genade. In Romeine 3:21-23 lees ons: *"Maar nou is die geregtigheid van God geopenbaar sonder die wet, terwyl die wet en die profete daarvan getuig, die geregtigheid naamlik van God deur die geloof in Jesus Christus vir almal en oor almal wat glo, want daar is geen onderskeid nie; want almal het gesondig en dit ontbreek hulle aan die heerlikheid van God."*

Let op wat Paulus skryf: *"Maar nou is die geregtigheid van God geopenbaar sonder die wet."* Op 'n keer het ek 'n man gevra: "Wat dink jy moet jy doen om hemel toe te gaan?" Sy antwoord was dat hy die Tien Gebooie moes onderhou, aan sy vrou getrou moes wees, 'n goeie lewe moes lei, en nog 'n paar voorwaardes. Ek het gevra: "Weet jy wat jy moet doen om hemel toe te gaan, om in God se teenwoordigheid of in sy koninkryk te kom? Jy moet oor dieselfde geregtigheid as God beskik." Hy het gesê: "Hoe sê jy nou? Niemand kan so regverdig soos die Here wees nie. Daar was net een man wat regverdig genoeg was en Hy was Jesus Christus!" Ek het gesê: "Presies! Niemand van ons kan die wet of gebooie uit onsself onderhou nie, nie in wat ons dink of doen nie. Maar ons het dieselfde geregtigheid as God nodig om deur Hom aanvaar te word."

Dit is presies wat in verse 21-22 geskryf staan: *"Maar nou is die geregtigheid van God geopenbaar sonder die wet... die geregtigheid naamlik van God deur die geloof in Jesus Christus vir almal en oor almal wat glo..."* Die soort geregtigheid wat God ons bied, is 'n geregtigheid "deur die geloof in Jesus Christus," en dit is vir almal en oor almal wat glo. Daar is twee soorte geregtigheid – menslike geregtigheid en God se geregtigheid. Menslike geregtigheid is iemand se heel beste pogings en goeie werke, maar dit kan jou nie voor God regverdig nie. Jy benodig 'n geregtigheid wat die Here sê'n ewenaar, en Hy bied dit aan jou – die geregtigheid van God sonder die wet.

In die Grieks is daar nie 'n bepaalde lidwoord nie, dus beteken hierdie teks eintlik dat God sy eie geregtigheid sonder Wet aan ons bied. Geregtigheid deur die wet behels dat ons deur ons goeie werke moet probeer om God se guns te verdien. Wêreldgodsdienste dink dat jy God se aanvaarding deur jou dade, verdienstelikheid en prestasies moet verdien. Die woord "evangelie" beteken "goeie nuus", en die goeie nuus van die evangelie is dat God sy persoonlike geregtigheid en aanvaarding vir almal aanbied wat glo in dit wat Jesus Christus ons kom bied het. Deur sy dood aan die kruis vir ons sondes het Hy ons die geregtigheid kom gee wat deur die wet van ons vereis word, naamlik die geregtigheid van God sonder die wet, sonder ons dade, verdienstelikheid en prestasies; en ons verkry dit deur geloof in Jesus Christus.

In vers 22 lees ons dat die geregtigheid van God deur geloof in Jesus Christus vir en oor almal is. Waarom bied God sy geregtigheid aan almal? *"Want daar is geen onderskeid nie: want almal het gesondig en dit ontbreek hulle aan die heerlikheid van God."* Ek en jy en die res van die wêreld het gesondig, en niemand van ons voldoen aan God se standaard of volmaaktheid nie. Vanweë ons sonde is ons grootste behoefte dié van aanvaarding, versoening en geregtigheid voor God ... en God het dit nié deur die werke van die wet aan ons kom bied nie, maar deur geloof in Jesus Christus.

Hoe is Abraham (die Joodse voorvader) gered? Die Bybel sê dat hy God geglo het – en dit is hom tot geregtigheid gereken. Die feit dat Abraham deur sy geloof geregverdig is, geld nie net vir Hom nie. Ons lees in Romeine 3:21-22 dat 'n mens deur sy geloof in Jesus Christus geregverdig word. Die prys wat Christus aan die kruis betaal het toe Hy sy bloed vir ons sondes gestort het, beteken dat almal wat in Christus glo, regverdig gemaak word.

Ons lees in Romeine 5:17: *"Want as ten gevolge van die misdaad van die één die dood geheers het deur die één, veel meer sal hulle wat die oorvloed van die genade en van die* ***gawe van die geregtigheid*** *ontvang, in die lewe heers deur die Één, Jesus Christus"* (my beklemtoning). God bied jou die gawe van geregtigheid, die gawe van vryspraak. Iemand moet vir 'n geskenk betaal, maar dis nie die persoon wat dit ontvang nie. As jy vir my 'n geskenk gee en my vra om daarvoor te betaal, is dit nie 'n geskenk nie. God wil sy geregtigheid as 'n geskenk vir ons gee, en hierdie geskenk van geregtigheid en vryspraak word deur geloof in Jesus Christus ontvang.

DISSIPELSKAPVRAE

1. Lees Titus 3:5. Kan ons die geregtigheid verwerf wat van ons vereis word?

2. Lees 2 Korintiërs 5:21. Watter soort geregtigheid word van ons vereis?

3. Lees Romeine 3:22. Hoe ontvang ons hierdie geregtigheid?

4. Lees Filippense 3:9. Wat is die geregtigheid van die wet?

5. Lees Galasiërs 2:21. Hoe kan ons God se genade verwerp?

6. Lees Romeine 5:17. Die geregtigheid van God word as _____ ontvang.

SKRIFGEDEELTES VIR GEBRUIK SAAM MET VRAE

TITUS 3:5 – *"Nie op grond van die werke van geregtigheid wat ons gedoen het nie, maar na sy barmhartigheid het Hy ons gered deur die bad van die wedergeboorte en die vernuwing deur die Heilige Gees."*

2 KORINTIËRS 5:21 – *"Want Hy het Hom wat geen sonde geken het nie, sonde vir ons gemaak, sodat ons kan word geregtigheid van God in Hom."*

ROMEINE 3:22 – *"Die geregtigheid naamlik van God deur die geloof in Jesus Christus vir almal en oor almal wat glo, want daar is geen onderskeid nie."*

FILIPPENSE 3:9 – *"[Om] in Hom gevind te word, nie met my geregtigheid wat uit die wet is nie, maar met dié wat deur die geloof in Christus is, die geregtigheid wat uit God is deur die geloof."*

GALASIËRS 2:21 – *"Ek verwerp nie die genade van God nie; want as daar geregtigheid deur die wet is, dan het Christus tevergeefs gesterwe."*

ROMEINE 5:17 – *"Want as ten gevolge van die misdaad van die één die dood geheers het deur die één, veel meer sal hulle wat die oorvloed van die genade en van die gawe van die geregtigheid ontvang, in die lewe heers deur die Één, Jesus Christus."*

ANTWOORDE

1. Lees Titus 3:5. Kan ons die geregtigheid verwerf wat van ons vereis word?
   Nee.

2. Lees 2 Korintiërs 5:21. Watter soort geregtigheid word van ons vereis?
   Die geregtigheid van God (wat deur Christus kom).

3. Lees Romeine 3:22. Hoe ontvang ons hierdie geregtigheid?
   Deur geloof in Jesus Christus.

4. Lees Filippense 3:9. Wat is die geregtigheid van die wet?
   'n Menslike geregtigheid – 'n geregtigheid wat ek deur werke kan bekom.

5. Lees Galasiërs 2:21. Hoe kan ons God se genade verwerp?
   Ons verwerp God se genade wanneer ons probeer om deur ons eie goeie werke gered te word, in plaas daarvan om op <u>Christus te vertrou</u>, wat ons deur sy dood kom red het.

6. Lees Romeine 5:17. Die geregtigheid van God word as ***'n gawe*** ontvang.

© 2012, Andrew Wommack
Toestemming word verleen om afskrifte vir dissipelskapdoeleindes te maak, op voorwaarde dat dit gratis uitgereik word.

VLAK 1

LES 4
’N VERHOUDING MET GOD

Deur Andrew Wommack

Een van die belangrikste sleutels tot verhoudings is dat jy die persoon verstaan met wie jy in verhouding is, en dit geld ook vir God. ’n Mens het nodig om God se basiese karakter te verstaan indien jy in ’n gesonde verhouding met Hom wil staan. ’n Wanbegrip van sy karakter en aard is een van die redes waarom baie mense nie ’n positiewe verhouding met Hom het nie. Dit is presies wat in die tuin van Eden gebeur het toe Adam en Eva deur die slang verlei is. Hulle het voor die versoeking geswig en deur hulle ongehoorsaamheid het hulle die hele mensdom in sonde gedompel. Hulle wanbegrip van God se karakter was trouens deel van die versoeking.

Die meeste mense ken die verhaal in Genesis 3:1-5: *“Die slang was listiger as al die wilde diere wat deur die Here God gemaak is en het vir die vrou gevra: ‘Het God werklik gesê julle mag van geen boom in die tuin eet nie?’ Die vrou het die slang geantwoord: ‘Ons mag eet van die vrugte van die bome in die tuin. God het net gesê ons mag nie eet van die vrugte van die boom in die middel van die tuin nie en ons mag dit nie aanraak nie, want dan sterf ons.’ Toe sê die slang vir die vrou: ‘Julle sal beslis nie sterf nie, maar God weet dat julle oë sal oopgaan die dag as julle van daardie boom eet en dan sal julle soos God wees deurdat julle alles kan ken.’”*

Die Satan het op ’n listige, subtiele manier geïmpliseer dat God nie regtig ’n goeie God is nie ... dat Hy iets van Adam en Eva wou weerhou ... dat Hy nie wou hê dat hulle hulle volle potensiaal moes bereik nie ... dat Hy nie wou hê dat hulle soos Hy moes wees nie ... dat Hy hulle wou verhinder of seermaak deur hulle te verbied om van die boom van kennis van goed en kwaad te eet. In ’n sekere sin het Satan die kern van God se karakter aangeval deur te impliseer dat God nie die beste vir hulle wou hê nie. Dit is presies wat vandag met mense gebeur. Die Satan kom sê vir hulle: “As jy nie bietjie eksperimenteer met dit wat die Here verbied nie, sal jy nooit ware geluk hê nie. Die lewe sal bra vervelig wees.” Die gevolg is dat baie mense dwelms, alkohol, seks, rebellie, genot, finansiële sukses, ensovoorts najaag, en teen die tyd dat hulle besef dat dit nie die bevrediging bring nie, het hulle alreeds hulle lewe, hulle gesinne en hulle gesondheid vernietig.

Die feit is, God is ’n goeie God, en sy wil vir ons is net goed. Maar die Satan gebruik dieselfde versoekings waarmee hy Adam en Eva destyds in die tuin van Eden verlei het en kom insinueer dat God nie ’n goeie God is nie. Mense wat die Bybel nie baie goed ken nie, sal hierdeur mislei word, want daar is geleenthede in die Woord waar God streng en wreed teenoor mense opgetree het. Numeri 15:32-36 vertel van ’n man wat op die Sabbatdag hout opgetel het en gestenig is, omdat hy nie die Sabbat onderhou het nie. Dit klink wreed, maar daar was ’n doel met sulke strawwe. Dit is egter nie duidelik vir mense wat die Bybel bolangs lees nie. ’n Deeglike studie toon dat die Ou

Testamentiese wet gegee is om die skrikwekkende aard van die sonde aan die lig te bring (sien in Romeine 7:13). Mense het nie besef hoe dodelik hulle sondes was en dat hulle teen God oortree het nie. Hulle het die fout gemaak om hulleself met mekaar te vergelyk en hulle optrede te meet aan wat ander mense doen.

As iemand gesondig het en nie doodgemaak is nie, sou hulle dink dat dit nie so erg is om te sondig nie, en hulle standaarde verlaag. Hulle sou perspektief verloor op wat reg en verkeerd is. Deur die wet moes God die mensdom na ’n skietlood toe terugbring en ’n volmaakte standaard daar stel, sodat hulle die duiwel en sy versoekings sou verwerp en sou besef wat die eindresultaat van verkeerde keuses is. Nadat Hy dit gedoen het, moes Hy die wet handhaaf wat Hy ingestel het.

God het nié die Ou Testamentiese wet gegee sodat Hy kan sê: “Tensy jy al hierdie dinge doen, kan Ek jou nie aanvaar of liefhê nie.” Dit strook nie met sy karakter nie. Nee, die doel van die wet is om vir ons ’n meer akute besef van reg en verkeerd te gee en ons te laat insien dat ons ’n Verlosser nodig het. Sommige mense dink dat God volmaaktheid as ’n voorvereiste van sy liefde stel, en dit lei daartoe dat hulle glo dat sy liefde direk eweredig aan hulle optrede is. Hulle voel dat God hulle nie sal aanvaar voordat hulle alles reg doen nie, en dit is nie die boodskap van die Bybel nie.

Dit is God se begeerte om die mensdom met Homself te versoen, nie om hulle te oordeel nie ... nie om hulle hulle sondes toe te reken nie ... nie om hulle oortredings teen hulle te hou nie. Dit was God se begeerte vir die mense in die Bybel en is vandag sy begeerte vir jou. Jy moet besef wie Hy is, dat *“God liefde”* is (1 Joh. 4:8). Hy wil jou sondes wegneem, en ’n einde maak aan alles wat jou van Hom skei. Hy het dit alreeds deur Jesus gedoen, en Hy wil in ’n verhouding met jou wees, nie gebaseer op jou prestasies nie, maar op jou geloof dat Jesus jou sondes gedra het. Ondanks al jou tekortkominge, kan jy vandag met God in ‘n verhouding staan. Al wat Hy van jou vra, is dat jy jou geloof in die Here Jesus stel.

DISSIPELSKAPVRAE

1. Lees Genesis 3:1. Wat het die Satan vir Eva gevra?

2. Lees Genesis 2:17 en Genesis 3:3. Watter woord of woorde het Eva bygevoeg by wat God werklik vir Adam gesê het?

3. Lees Genesis 3:6. Wat het Eva in hierdie vers gedoen, nadat die Satan daarin geslaag het om haar aan die Woord van God te laat twyfel?

4. Lees Genesis 3:9-10. Het God nog steeds met Adam en Eva gekommunikeer en ŉ verhouding met hulle begeer nadat hulle gesondig het?

SKRIFGEDEELTES VIR GEBRUIK SAAM MET VRAE

GENESIS 3:1 – *“Die slang was listiger as al die wilde diere wat deur die Here God gemaak is en het vir die vrou gevra: ‘Het God werklik gesê julle mag van geen boom in die tuin eet nie?’”*

GENESIS 2:17 – *“Maar van die boom van alle kennis mag jy nie eet nie. Die dag as jy daarvan eet, sterf jy.”*

GENESIS 3:3 – *“God het net gesê ons mag nie eet van die vrugte van die boom in die middel van die tuin nie en ons mag dit nie aanraak nie, want dan sterf ons.”*

GENESIS 3:6 – *“Toe besef die vrou dat die boom se vrugte goed is om te eet en mooi om na te kyk en begeerlik omdat dit kennis kan gee. En sy het van sy vrugte gepluk en geëet. Sy het ook vir haar man by haar gegee, en hy het geëet.”*

GENESIS 3:9-10 – *“**[9]** Maar die Here God het na die mens geroep en vir hom gevra: ‘Waar is jy?’ **[10]** En die mens antwoord: ‘Ek het U hoor wandel in die tuin en ek het bang geword, want ek is kaal. Toe het ek weggekruip.’”*

DISSIPELSKAPVRAE

5. Lees Genesis 3:22-24. Waarom het God Adam en Eva uit die tuin verdryf?

6. Sien jy in dat God dit uit genade gedoen het, nie om hulle te straf nie?

7. Lees Romeine 5:17. Hoe verkry ons God se oorvloedige genade en die gawe van geregtigheid?
   A. Deur dit te koop.
   B. Deur dit te verdien.
   C. Deur dit te ontvang.

8. Lees Romeine 6:23. Wat verdien ons na regte as ons sondig?

9. Wat gee die Here deur genade vir ons?

10. Lees Romeine 10:3. Wat gebeur as ons probeer om ons eie geregtigheid voor God te verdien?

SKRIFGEDEELTES VIR GEBRUIK SAAM MET VRAE

GENESIS 3:22-24 – *“**[22]** Toe het die Here God gesê: ‘Die mens het nou soos een van Ons geword deurdat hy alles kan ken. As hy nou maar net nie sy hand uitsteek en die vrug van die boom van die lewe vat en daarvan eet en altyd bly lewe nie!’**[23]** Daarom het die Here God die mens weggestuur uit die tuin van Eden uit om die aarde te gaan bewerk, die aarde waaruit hy gemaak is. **[24]** Die Here God het die mens uitgedryf, en om die toegang tot die boom van die lewe te bewaak, het Hy oos van die tuin van Eden gerubs gesit, en ook ’n vlammende swaard wat heen en weer beweeg.”*

ROMEINE 5:17 – *“Hulle wat die oorvloed van die genade en van die gawe van die geregtigheid ontvang, (sal) in die lewe heers deur die Één, Jesus Christus.”*

ROMEINE 6:23 – *“Die loon wat die sonde gee, is die dood; die genadegawe wat God gee, is die ewige lewe in Christus Jesus ons Here.”*

ROMEINE 10:3 – *“Want omdat hulle die geregtigheid van God nie ken nie en hulle eie geregtigheid probeer oprig, het hulle hul aan die geregtigheid van God nie onderwerp nie.”*

DISSIPELSKAPVRAE

11. Lees 1 Johannes 1:9 en Romeine 4:3. Wat belowe God om met AL ons sondes en ongeregtighede te doen as ons sal glo?

12. Wat openbaar dit van God se karakter?

SKRIFGEDEELTES VIR GEBRUIK SAAM MET VRAE

1 JOHANNES 1:9 – *“Maar as ons ons sondes bely – Hy is getrou en regverdig, Hy vergewe ons ons sondes en reinig ons van alle ongeregtigheid.”*

ROMEINE 4:3 – *“Want wat sê die Skrif? Abraham het in God geglo, en dit is hom tot geregtigheid gereken.”*

ANTWOORDE

1. Lees Genesis 3:1. Wat het die Satan vir Eva gevra?
   “Het God werklik gesê julle mag van geen boom in die tuin eet nie?”

2. Lees Genesis 2:17 en Genesis 3:3. Watter woord of woorde het Eva bygevoeg by dit wat God regtig vir Adam gesê het?
   Dat hulle nie aan die vrugte mag raak nie.

3. Lees Genesis 3:6. Wat het Eva in hierdie vers gedoen nadat die Satan daarin geslaag het om haar aan die Woord van God te laat twyfel?
   Sy het van die vrugte gepluk en geëet.

4. Lees Genesis 3:9-10. Het God nog steeds met Adam en Eva gekommunikeer en ’n verhouding met hulle begeer nadat hulle gesondig het?
   Ja.

5. Lees Genesis 3:22-24. Waarom het God Adam en Eva uit die tuin verdryf?
   Sodat hulle nie van die boom van die lewe sou eet en vir altyd in ’n sondige toestand bly lewe nie.

6. Sien jy in dat God dit uit genade gedoen het, nie om hulle te straf nie?
   Ja.

7. Lees Romeine 5:17. Hoe verkry ons God se oorvloedige genade en die gawe van geregtigheid?
   C. Deur dit te ontvang.

8. Lees Romeine 6:23. Wat verdien ons na regte as ons sondig?
   Die dood.

9. Wat gee die Here deur genade vir ons?
   Die ewige lewe in Jesus.

10. Lees Romeine 10:3. Wat gebeur as ons probeer om ons eie geregtigheid voor God te verdien?
    Ons onderwerp ons nie aan die geregtigheid van God nie.

11. Lees 1 Johannes 1:9 en Romeine 4:3. Wat belowe God om met AL ons sondes en oortredings teen Hom te doen as ons glo?
    Hy neem dit weg, vergewe dit en vergeet daarvan.

12. Wat openbaar dit van God se karakter?
    Dat Hy genadig en liefdevol is.

© 2012, Andrew Wommack
Toestemming word verleen om afskrifte vir dissipelskapdoeleindes te maak, op voorwaarde dat dit gratis uitgereik word.

VLAK 1

LES 5
GOD SE KARAKTER

Deur Andrew Wommack

As ons in ŉ positiewe verhouding met God wil staan, moet ons sy ware natuur en karakter ken. Is Hy kwaad oor ons sonde of is Hy ŉ genadige God wat sy lewe en sy seën vir ons wil gee, onafhanklik van ons prestasies? In die Woord word God op twee maniere uitgebeeld, nie dat Hy ooit verander het of anders opgetree het nie. Daar was ŉ tydperk dat God ons sondes teen ons gehou het.

Dit kan met kinders grootmaak vergelyk word. Wanneer hulle baie klein is, is dit nie moontlik om met hulle te redeneer of vir hulle te sê waarom hulle hulle moet gedra en nie selfsugtig moet wees en speelgoed by hulle boeties of sussies moet afneem nie. Daar moet sekere reëls wees en kinders moet gedissiplineer word wanneer hulle dit verbreek. Alhoewel hulle nog nie van God en die duiwel weet, of verstaan dat hulle vir die duiwel plek gee as hulle selfsugtig is nie, moet hierdie reëls toegepas word. Al verstaan hulle nie die konsepte nie, verstaan hulle dat hulle gestraf sal word as hulle die handeling herhaal.

In ŉ sekere sin is dit wat die Here met die Ou Testament gedoen het. Voordat mense wedergebore was, het hulle nie die geestelike insig gehad wat ons onder die Nuwe Verbond het nie. God het dus wette ingestel wat Hy deur middel van straf, soms selfs die dood, afgedwing het om mense van sonde te weerhou. Omdat die Satan mense deur middel van hulle sondes vernietig het, moes daar ŉ verbod op die sondes ingestel word, en hierdie verbod moes afgedwing word. Alhoewel dit die valse indruk geskep het dat God ons nie regtig liefhet nie, is dit nie wat die Woord ons leer nie. In Romeine 5:13 staan daar: "*Want vóór die wet was daar al sonde in die wêreld; maar sonde word nie toegereken as daar geen wet is nie.*" "Voor die wet" verwys na die tyd voor Moses toe God die Tien Gebooie en ander seremoniële wette gegee het wat vir die Joodse volk gegeld het. Die woord "toereken" is ŉ finansiële term. Wanneer jy iets by ŉ winkel op rekening koop, word dit op jou rekening geskryf en word die aankope jou toegereken. As die winkel dit jou nie toereken nie, beteken dit dat dit nie opgeskryf is nie en dat jy nie daarvoor verantwoordelik gehou word nie.

Voor die koms van die Tien Gebooie het God ons sondes dus nie teen ons gehou nie. Anders gestel: Hy het dit ons nie toegereken nie. Wat ŉ ongelooflike stelling. Kyk na Genesis 3 en 4. Die meeste mense dink dat toe Adam en Eva teen God gesondig het, Hy, as heilige God, niks met die sondige mensdom te doen kon hê nie. Hulle dink dat God die mens om hierdie rede uit die tuin uitgedryf het. Verder dink hulle dat God nie ŉ verhouding met jou kan hê voordat jy ŉ goeie lewe lei nie. Jesus het egter ŉ ander boodskap gebring. In Romeine 5:8 lees

ons dat ons nog sondaars was toe God sy liefde aan ons bewys het en Jesus vir ons gesterf het; die Nuwe Testament leer ons dus dat God sy liefde aan jou bewys het toe jy in sonde gelewe het, nie nadat jy jou lewe in orde gekry het nie. Een van die groot lewensveranderende waarhede van die evangelie is dat God jou liefhet soos jy is. Hy het jou so lief dat wanneer jy sy liefde ontvang, jy nie sal bly soos jy is nie. Jy sal verander, maar jy sal as ŉ neweproduk van God se liefde verander, nie in ŉ poging om sy liefde te verkry nie.

In Genesis 4 sien ons dat God steeds ŉ verhouding met die mens het, dat Hy ten spyte van Adam en Eva se sondes, steeds met hulle kommunikeer. Hy het met Kain en Abel gepraat, en toe hulle offers vir Hom gebring het, het Hy in ŉ hoorbare stem met hulle gepraat. Aan hulle reaksie is dit duidelik dat hulle daaraan gewoond was om sy stem te hoor, en dit het hulle nie banggemaak nie. Toe Kain sy broer Abel doodgemaak het en die eerste moordenaar op aarde geword het, het God hoorbaar uit die hemel gepraat: "Waar is jou broer Abel?" Kain het oënskynlik sonder enige wroeging vir God gejok. Dit kan net gebeur as iemand so gewoond aan God se stem is, dat dit iets alledaags geword het en nie vrees by hom inboesem nie. Ons sien dus dat God steeds met die mens gemeenskap gehad het en nie sy verhouding met hom verbreek het soos sommige mense glo nie. Hy het die mens se sondes hom nie toegereken nie. Beteken dit dat Hy hulle sondes goedgekeur het of dat hulle nie verkeerd was nie? Nee, dis juis waarom Hy uiteindelik die wet gegee het. God moes die wet gee om ŉ standaard te stel waaraan die mens homself kon meet. God moes vir die mensdom wys dat hulle ŉ Verlosser nodig het en dat hulle hulleself moet verootmoedig en vergifnis as ŉ gawe ontvang. Ongelukkig het sekere godsdienstiges hierdie dinge gemanipuleer en verdraai en word daar vandag verkondig dat die wet gegee is, sodat mense dit moet onderhou, om sodoende God se vergifnis en aanvaarding te verdien. Nee! Die doel van die Ou Testamentiese wet was om die omvang van jou sondes aan die lig te bring, sodat jy sal besef dat jy jouself nooit sal kan red nie, en om jou by die punt uit te bring waar jy sê: "Here, ek sal nooit aan u standaard van heiligheid kan voldoen nie. Vergewe my, wees my genadig." God se karakter was nog altyd liefde.

DISSIPELSKAPVRAE

1. Lees Romeine 5:13. Wat beteken die woord "toereken"?

2. Lees Romeine 7:7. Wat was die doel van die wet?

3. Lees Galasiërs 3:24. Wat was die doel van die wet volgens hierdie vers?

SKRIFGEDEELTES VIR GEBRUIK SAAM MET VRAE

ROMEINE 5:13 – *"Want vóór die wet was daar al sonde in die wêreld; maar sonde word nie toegereken as daar geen wet is nie."*

ROMEINE 7:7 – *"Wat is dan ons gevolgtrekking? Dat die wet van Moses sonde is? Beslis nie. Inteendeel, ek sou nie geweet het wat sonde is nie, as dit nie deur die wet was nie. Ek sou byvoorbeeld nie geweet het dat dit sonde is om te begeer nie as die wet nie gesê het: 'Jy mag nie begeer nie.'"*

GALASIËRS 3:24 – *"Die wet was dus ons tugmeester na Christus toe, sodat ons geregverdig kan word uit die geloof."*

DISSIPELSKAPVRAE

4. Lees Johannes 8:1-11. Hoe het Jesus die vrou behandel wat op owerspel betrap is?

SKRIFGEDEELTES VIR GEBRUIK SAAM MET VRAE

JOHANNES 8:1-11 – *"**[1]** Jesus het na die Olyfberg toe gegaan. **[2]** Die volgende môre vroeg was Hy weer in die tempel en die hele volk het na Hom toe gekom. Hy het gaan sit en hulle geleer. **[3]** Die skrifgeleerdes en die Fariseërs bring toe 'n vrou wat op owerspel betrap is, en laat haar in die middel van die kring mense staan. **[4]** Hulle het vir Hom gesê: 'Meneer, hierdie vrou is op heter daad betrap waar sy owerspel gepleeg het. **[5]** Moses het ons in die wet beveel om sulke vroue te stenig, maar u, wat sê u?' **[6]** Dit het hulle gevra om Hom uit te lok, sodat hulle iets kon kry waaroor hulle Hom kon aankla. Maar Jesus het gebuk en met sy vinger op die grond geskrywe. **[7]** Toe hulle aanhou om Hom te vra, het Hy regop gekom en vir hulle gesê: 'Laat die een van julle wat 'n skoon gewete het, eerste 'n klip op haar gooi.' **[8]** Daarna het Hy weer gebuk en op die grond geskrywe. **[9]** Toe hulle hoor wat Hy sê, het hulle een vir een begin wegloop, die familiehoofde eerste. Jesus is alleen agtergelaat saam met die vrou daar in die middel van die kring mense. **[10]** Toe het Hy regop gekom en vir haar gevra: 'Mevrou, waar is hulle? Het nie een van hulle die oordeel oor jou voltrek nie?' **[11]** 'Niemand nie, Here,' sê sy. Toe sê Jesus: 'Ek doen dit ook nie. Gaan maar en moet van nou af nie meer sonde doen nie.'"*

DISSIPELSKAPVRAE

5. Het Jesus se woorde en dade God se ware karakter weerspieël? Sien Johannes 3:34.

6. Lees 1 Johannes 4:8. Wat is God se ware natuur volgens hierdie vers?

7. Lees Romeine 5:6. God het ons lief gehad toe ons nog _____ was.

8. Lees Romeine 5:8. God het ons lief gehad toe ons nog _____ was.

9. Lees Romeine 5:10. God het ons lief gehad toe ons nog _____ was.

10. Sal God sy ware karakter van goedheid en genade aan jou openbaar wanneer jy Jesus Christus vra om jou te vergewe en jou Verlosser en Here te wees, omdat jy glo dat Hy vir jou sondes betaal het?

SKRIFGEDEELTES VIR GEBRUIK SAAM MET VRAE

JOHANNES 3:34 – *"God het Hom immers gestuur, en Hy spreek die woorde van God, want God gee Hom sy Gees sonder enige beperking."*

1 JOHANNES 4:8 – *"Wie nie liefhet nie, het geen kennis van God nie, want God is liefde."*

ROMEINE 5:6 – *"Toe ons nog magteloos was, het Christus immers reeds op die bestemde tyd vir goddeloses gesterwe."*

ROMEINE 5:8 – *"Maar God bewys sy liefde vir ons juis hierin dat Christus vir ons gesterf het toe ons nog sondaars was."*

ROMEINE 5:10 – *"Aangesien ons, toe ons nog vyande was, deur die dood van sy Seun met God versoen is, staan dit soveel vaster dat ons, noudat ons versoen is, deur die lewe van sy Seun gered sal word."*

ANTWOORDE

1. Lees Romeine 5:13. Wat beteken die woord "toereken"?
   Om iets op iemand se rekening te plaas.

2. Lees Romeine 7:7. Wat was die doel van die wet?
   Om vir ons te wys wat sonde is.

3. Lees Galasiërs 3:24. Wat was die doel van die wet volgens hierdie vers?
   Om vir die mensdom te wys dat hulle die Verlosser, Jesus Christus, nodig het.

4. Lees Johannes 8:1-11. Hoe het Jesus die vrou behandel wat op owerspel betrap is?
   Met genade en liefde.

5. Het Jesus se woorde en optrede God se ware karakter weerspieël? Sien Johannes 3:34.
   Ja.

6. Lees 1 Johannes 4:8. Wat is God se ware natuur volgens hierdie vers?
   Liefde.

7. Lees Romeine 5:6. God het ons lief gehad toe ons nog ***magteloos (met ander woorde hulpeloos en sondig)*** was.

8. Lees Romeine 5:8. God het ons lief gehad toe ons nog ***sondaars*** was.

9. Lees Romeine 5:10. God het ons lief gehad toe ons nog ***vyande*** was.

10. Sal God sy ware karakter van goedheid en genade aan jou openbaar wanneer jy Jesus Christus vra om jou te vergewe en jou Verlosser en Here te wees, omdat jy glo dat Hy vir jou sondes betaal het? ***Ja.***

© 2012, Andrew Wommack
Toestemming word verleen om afskrifte vir dissipelskapdoeleindes te maak, op voorwaarde dat dit gratis uitgereik word.

VLAK 1

LES 6
BEKERING
Deur Don Krow

Sommige mense het ŉ wanbegrip van wat bekering regtig is. Bekering is nie volmaaktheid nie, maar ŉ koersverandering. In hierdie les gaan ons oor die gelykenis van die verlore seun gesels. Jesus het ŉ verhaal gebruik om te illustreer wat dit beteken om jou te bekeer. In Lukas 15:11-12 sê Jesus: *"Daar was ŉ man wat twee seuns gehad het. Die jongste het vir sy pa gesê: 'Pa, gee my die deel van die besittings wat my toekom.' Hy het toe die goed tussen hulle verdeel."*

Die jongste seun wou sy erfporsie hê terwyl sy pa nog gelewe het en alhoewel dit ŉ ongewone versoek was, het die pa daaraan voldoen en die besittings tussen sy seuns verdeel. In vers 13 staan daar: *"Nie lank daarna nie het die jongste seun alles tot geld gemaak en van die ouerhuis af na ŉ ver land toe vertrek. Daar het hy sy geld verkwis deur losbandig te lewe."* Die jongste seun het sy erfporsie geneem, na ŉ ver land toe gegaan, waar hy alles op ŉ losbandige lewe gemors het. In een vertaling lees ons hy het partytjies gehou en die geld op prostitute uitgegee.

Verse 14-15 lees: *"Nadat hy alles deurgebring het, het daar ŉ kwaai hongersnood in daardie land gekom, en ook hy het begin gebrek ly. Hy het toe sommer by een van die mense van daardie land gaan bly, en dié het hom na sy plaas toe gestuur om varke op te pas."* Hy het werk gekry en moes varke oppas. Vers 16 sê: *"Daar het hy gewens hy kon sy honger stil met die peule wat die varke eet, maar niemand het hom daarvan gegee nie."* Hy was so uitgehonger dat hy gesê het: "Gee my net ŉ bietjie van die varke se voer – enigiets," maar niemand het hom iets gegee nie. Hy het sy hele erfporsie verkwis. Vers 17 vervolg: *"Toe kom hy tot inkeer en sê: 'My pa het wie weet hoeveel dagloners, en hulle het almal oorgenoeg kos, en hier vergaan ek van die honger.'"* Een vertaling lees: "Toe kom hy tot sy sinne." Sy pa se bediendes het dus meer as genoeg kos gehad, en hy was op die punt om van die honger te sterf.

Hy het ŉ besluit geneem; hy het hom bekeer. Bekering is ŉ verandering van gesindheid, wat maak dat iemand omdraai en ŉ nuwe rigting inslaan. In verse 18-19 sê hy: *"Ek sal dadelik na my pa toe teruggaan en vir hom sê: Pa, ek het teen God en teen Pa gesondig! Ek is nie meer werd om Pa se seun genoem te word nie. Behandel my soos een van Pa se dagloners."* "Maak my net ŉ slaaf, Pa. Ek het teen Pa gesondig en Pa se goed verkwansel en teen God gesondig." Toe het hy opgestaan en na sy pa toe gegaan. Bekering behels meer as net ŉ verandering van iemand se gesindheid en denke; dit lei daartoe dat iemand die daad by sy geloof voeg, omdraai en ŉ nuwe koers inslaan. Ons het almal van God en van ons hemelse tuiste af weggedraai. In Jesaja 53:6 staan: *"Ons het almal gedwaal soos skape, ons het elkeen sy eie pad geloop,"* maar in sy genade het

God ons sondes op Jesus laat afkom.

Die verhaal vervolg in verse 20-24. *"En hy het sonder versuim na sy pa toe teruggegaan."* Op ŉ keer het ek hierdie verhaal vir ŉ man vertel wat dit nog nooit gehoor het nie, en hy het presies geweet wat die pa sou sê wanneer die seun terugkom: "Kyk net wat het jy gedoen. Jy het al my geld gemors, alles wat ek deur die jare bymekaar gemaak het. Kom werk as een van my slawe." Die meeste aardse pa's sou waarskynlik baie kwaad wees en ŉ soortgelyke gesindheid openbaar, maar kyk wat doen hierdie pa: *"Toe hy nog ver aankom, het sy pa hom al gesien en hom innig jammer gekry* [sy hart het oorgeloop van liefde]. *Hy hardloop hom tegemoet, omhels hom en soen hom. Toe sê die seun vir hom: 'Pa, ek het teen God en teen Pa gesondig. Ek is nie meer werd om Pa se seun genoem te word nie.' Maar sy pa roep sy werksmense: 'Maak gou! Bring klere, die beste, en trek dit vir hom aan; sit vir hom ŉ ring aan sy vinger en trek vir hom skoene aan! En bring die vetgemaakte kalf, slag hom, en laat ons eet en feesvier! Hierdie seun van my was dood, en hy lewe weer; hy was verlore, en ek het hom teruggekry.' Toe het hulle begin feesvier."*

Nadat ek hierdie gelykenis op 'n keer vertel het, het ŉ man gesê: "Ek verstaan wat Jesus sê. As ek die Here om genade smeek en sê: 'Vader, ek het teen U gesondig, en ek is nie werd om u seun te wees nie,' sal Hy my aanneem." Ons hemelse Vader sal deernis hê en Hy sal nie van jou ŉ slaaf maak nie. Hy sal jou posisie as sy kind herstel. God wag vir jou. Het jy jou rug op Hom gedraai? Kom vandag terug na die Here toe, na jou Vader en die hemel, jou tuiste.

DISSIPELSKAPVRAE

1. Omskryf bekering.

2. Lees Lukas 13:1-5. Wat moet 'n mens doen om nie verlore te gaan nie?

3. Lees 2 Petrus 3:9. Wat is God se begeerte vir alle mense?

SKRIFGEDEELTES VIR GEBRUIK SAAM MET VRAE

LUKAS 13:1-5 – *"**[1]** Juis in daardie tyd het mense vir Jesus kom vertel van die Galileërs vir wie Pilatus laat doodmaak het waar hulle besig was om hulle offerdiere te slag. **[2]** Toe antwoord Jesus hulle: "Dink julle dat hierdie Galileërs groter sondaars was as al die ander Galileërs omdat dit met hulle gebeur het? **[3]** Nee, sê Ek vir julle, maar as julle julle nie bekeer nie, sal julle net soos hulle ook almal omkom! **[4]** Of daardie agtien wat dood is toe die toring van Siloam op hulle ineengestort het, dink julle dat hulle skuldiger was as al die ander inwoners van Jerusalem? **[5]** Nee, sê Ek vir julle, maar as julle julle nie bekeer nie, sal julle net soos hulle ook almal omkom."*

2 PETRUS 3:9 – *"Die Here stel nie die vervulling van sy belofte uit nie, al dink party mense so. Nee, Hy is geduldig met julle, omdat Hy nie wil hê dat iemand verlore gaan nie: Hy wil hê dat almal hulle moet bekeer."*

DISSIPELSKAPVRAE

4. Lees Lukas 16:19-31. Waarom wou die ryk man in Lukas 16:28 hê dat iemand uit die dood moes opstaan en met sy broers gaan praat?

5. Lees Lukas 16:30. Wat moes sy broers doen om hierdie plek van pyniging (die hel) vry te spring?

SKRIFGEDEELTES VIR GEBRUIK SAAM MET VRAE

LUKAS 16:19-31 – *"**[19]** Daar was 'n ryk man wat duur en deftige klere gedra en elke dag feestelik en weelderig geleef het. **[20-21]** En daar was 'n arm man met die naam Lasarus wat by die deur van die ryk man gelê het in die hoop dat hy van die oorskiet van die ryk man se tafel te ete sou kry. Hy was oortrek van die swere en selfs die honde het daaraan kom lek. **[22]** Toe die arm man te sterwe kom, is hy deur die engele weggedra na die ereplek langs Abraham. Die ryk man het ook gesterwe en is begrawe. **[23]** Toe hy in die doderyk in pyn verkeer, kyk hy op en sien vir Abraham daar in die verte en vir Lasarus langs hom en hy roep: **[24]** 'Vader Abraham, ontferm u oor my. Stuur tog vir Lasarus dat hy net die punt van sy vinger in water steek en my tong afkoel, want ek ly verskriklik in hierdie vuur.' **[25]** Maar Abraham sê: 'My kind, onthou dat jy in jou leeftyd altyd die goeie gekry het en Lasarus die slegte. Nou gaan dit hier goed met hom, maar jy word gepynig. **[26]** En buitendien is daar 'n groot kloof tussen ons en julle, sodat dié wat hiervandaan wil oorgaan na julle toe, nie kan nie, en dié wat dáár is, ook nie na ons toe kan oorkom nie.' **[27]** Toe sê hy: 'Ek smeek u dan, vader, stuur hom tog na my pa se huis toe. **[28]** Ek het nog vyf broers. Laat hy hulle dringend gaan waarsku sodat hulle nie ook in hierdie plek van pyniging beland nie.' **[29]** Maar Abraham sê: 'Hulle het die woorde van Moses en die profete. Laat hulle daarna luister.' **[30]** Hy antwoord egter: 'Nee, vader Abraham, maar as iemand uit die dood na hulle toe gaan, sal hulle hulle bekeer.' **[31]** Maar hy sê vir hom: As hulle na Moses en die profete nie luister nie, sal hulle nie oortuig word nie al sou iemand uit die dood opstaan."*

DISSIPELSKAPVRAE

6. Lees Handelinge 26:18. Alhoewel dit nie spesifiek daar staan nie, handel hierdie vers oor bekering. Wat sal met die mense gebeur wat hulle bekeer?

7. Lees Handelinge 26:20. In die laaste gedeelte van hierdie vers noem Paulus drie dinge wat die heidene moet doen. Wat is hierdie drie dinge?

8. Lees Matteus 7:21-23. Wat doen hierdie mense in plaas van die wil van God?

9. Wat leer dit jou oor die belangrikheid van ware bekering, in teenstelling met lippediens aan God?

10. Lees Jesaja 55:7. Wat moet die goddeloses doen?

11. Watter twee opdragte word aan die onregverdiges gegee?

12. Wat sal God vir die persoon doen wat bogenoemde opdragte uitvoer?

SKRIFGEDEELTES VIR GEBRUIK SAAM MET VRAE

HANDELINGE 26:18 – *"Jy moet hulle oë oopmaak sodat hulle hulle van die duisternis tot die lig en van die mag van die Satan tot God kan bekeer. Deur in My te glo, sal hulle sondes vergewe word en sal hulle deel word van die volk van God."*

HANDELINGE 26:20 – *"Ek het eers vir die mense in Damaskus en in Jerusalem en toe deur die hele Judea en daarna vir die heidennasies gepreek dat hulle tot inkeer moet kom en hulle tot God moet bekeer; en dit moet hulle bewys met dade wat by die bekering pas."*

MATTEUS 7:21-23 – *"**[21]** Nie elkeen wat vir My sê: 'Here, Here,' sal in die koninkryk van die hemel ingaan nie, maar net hy wat die wil doen van my Vader wat in die hemel is. **[22]** Baie sal daardie dag vir My sê: 'Here, Here, het ons dan nie in u Naam gepreek nie, deur u Naam duiwels uitgedryf en deur u Naam baie wonders gedoen nie?' **[23]** Dan sal Ek openlik vir hulle sê: 'Ek het julle nooit geken nie. Gaan weg van My, julle wat die wet van God oortree."*

JESAJA 55:7 – *"Die goddelose moet sy verkeerde pad laat staan, die slegte mens sy slegte planne. Hy moet hom tot die Here bekeer, dan sal Hy hom genadig wees; hy moet hom tot ons God bekeer, Hy vergewe altyd weer."*

DISSIPELSKAPVRAE

13. Lees Lukas 15:7. Wat is die hemel se reaksie wanneer een sondaar hom bekeer?

14. Lees Handelinge 3:19. Wat gebeur met 'n mens se sondes as jy jou bekeer en tot inkeer kom?

SKRIFGEDEELTES VIR GEBRUIK SAAM MET VRAE

LUKAS 15:7 – *"Ek sê vir julle: Net so sal daar ook in die hemel blydskap wees oor een sondaar wat hom bekeer, eerder as oor nege en negentig mense wat reg doen en nie bekering nodig het nie."*

HANDELINGE 3:19 – *"Daarom, bekeer julle en kom tot inkeer. Dan sal God julle sondes uitwis. En dan sal daar tye van verkwikking van die Here af kom."*

ANTWOORDE

1. Omskryf bekering.
   A. Dit is ŉ ommekeer en ŉ nuwe verbintenis.
   B. Dit is ŉ nuwe gesindheid.
   C. ŉ Veranderde gesindheid wat maak dat ŉ mens na die Here draai en jou ou weë laat staan, om volgens God se wil te lewe.
   D. ŉ Rigtingverandering, nie volmaaktheid nie.
   E. ŉ Besluit wat die totale rigting van jou lewe verander.
   F. ŉ Wegdraai van jou ou manier van lewe en ŉ totale verbintenis tot God se manier van lewe.
   G. ŉ Ommekeer na ŉ Persoon, na God deur Jesus Christus.

2. Lees Lukas 13:1-5. Wat moet ŉ mens doen om nie verlore te gaan nie?
   Jou bekeer.

3. Lees 2 Petrus 3:9. Wat is God se begeerte vir alle mense?
   Dat almal hulle moet bekeer.

4. Lees Lukas 16:19-31. Waarom wou die ryk man in Lukas 16:28 hê dat iemand uit die dood moes opstaan en met sy broers gaan praat?
   Sodat hulle nie na hierdie plek van pyniging sou kom nie.

5. Lees Lukas 16:30. Wat moes sy broers doen om hierdie plek van pyniging (die hel) vry te spring?
   Hulle moes hulle bekeer.

6. Lees Handelinge 26:18. Alhoewel dit nie spesifiek daar staan nie, handel hierdie vers oor bekering. Wat sal met die mense gebeur wat hulle bekeer?
   A. Hulle oë sal oopgaan.
   B. Hulle sal hulle van die duisternis na die lig bekeer.
   C. Hulle sal hulle van die mag van die Satan na God bekeer.
   D. Hulle sal vergifnis van sondes ontvang.
   E. Hulle sal erfgename wees.

7. Lees Handelinge 26:20. In die laaste gedeelte van hierdie vers noem Petrus drie dinge wat die heidene moet doen. Wat is hierdie drie dinge?
   A. Hulle moet tot inkeer kom.
   B. Hulle moet hulle tot God bekeer.
   C. Hulle moet dit bewys met dade wat by die bekering pas.

8. Lees Matteus 7:21-23. Wat doen hierdie mense in plaas van die wil van God?
   Hulle oortree die wet van God.

9. Wat leer dit jou oor die belangrikheid van ware bekering, in teenstelling met lippediens aan God?
   Verlossing kom uit die hart; dit is nie lippediens nie.

ANTWOORDE

10. Lees Jesaja 55:7. Wat moet die goddelose doen?
Sy verkeerde pad laat staan.

11. Watter twee dinge moet die slegte mens doen?
Sy gedagtes/planne laat staan en hom tot die Here bekeer.

12. Wat sal God vir die persoon doen wat bogenoemde opdragte uitvoer?
Hy sal hom genadig wees en altyd weer vergewe.

13. Lees Lukas 15:7. Wat gebeur in die hemel wanneer een sondaar hom bekeer?
Daar is blydskap in die hemel.

14. Lees Handelinge 3:19. Wat gebeur met ŉ mens se sondes as jy jou bekeer en tot inkeer kom?
My sondes sal uitgewis word.

© 2012, Andrew Wommack
Toestemming word verleen om afskrifte vir dissipelskapdoeleindes te maak, op voorwaarde dat dit gratis uitgereik word.

VLAK 1

LES 7
’N VASTE VERBINTENIS

Deur Don Krow

Lukas 14:25-26 – En groot menigtes het saam met Hom gegaan, en Hy het Hom omgedraai en vir hulle gesê: As iemand na My toe kom en hy haat nie sy vader en moeder en vrou en kinders en broers en susters, ja, selfs ook sy eie lewe nie, kan hy my dissipel nie wees nie.

“En groot menigtes het saam met Hom gegaan, en Hy het Hom omgedraai en vir hulle gesê...” (Lukas 14:25). In hierdie stadium van Jesus se bediening het Hy baie volgelinge gehad. In die Griekse teks word die onvoltooide verlede tyd gebruik. Dit beteken dat groot skares Jesus in hierdie tyd herhaaldelik en aanhoudend begin volg het. Dalk was dit omdat Hy wonderwerke gedoen het of omdat Hy hulle kos gegee het, maar hoe dit ook al sy, groot getalle mense het Hom gevolg. Dit was in hierdie tyd dat Jesus omgedraai het en ’n doelbewuste stelling gemaak het, wat skynbaar daartoe gelei het dat baie mense Hom nie meer sou volg nie.

“As iemand na My toe kom [saam met My wil gaan, My wil vergesel, My wil volg] *en hy haat nie sy vader en moeder en vrou en kinders en broers en susters, ja, selfs ook sy eie lewe nie, kan hy my dissipel nie wees nie”* (Lukas 14:26, my hakies). Ek het ongelowig na hierdie vers gekyk en gedink: *Here, U bedoel dit seker nie. Wat beteken die woord “haat”? Dit beteken tien teen een om iemand minder lief te hê of iets.* Maar na ’n bietjie naslaanwerk moes ek ontdek dat die woord letterlik “haat” beteken.

Jesus het die kragtigste woord moontlik gebruik om sy stelling te beklemtoon. Hy het gesê dat jy nie sy dissipel kan wees tensy jy jou pa, ma, suster, broer, selfs jou eie lewe haat nie. Ek wil jou iets vra: Wie is op hierdie aarde die heel naaste aan jou? Waarskynlik jou ma en pa of jou lewensmaat en kinders. Wat gebeur wanneer jou vrou jou verlaat en van jou skei, of as jou ouers doodgaan? Wie sal dan by jou bly? Jou broers en jou susters. Jesus sê egter dat tensy jy hulle haat, jy nie sy dissipel kan wees nie. Wat wil Hy vir my sê???

Jesus verwys na die naaste verhoudings wat ons ooit sal hê. Hy vereis ’n verbintenis en ’n oorgawe van jou, ’n verbintenis waarin jy Hom voorop stel. Hy wil die eerste plek in jou lewe inneem. Hy vergelyk sy verhouding met jou met die mees intieme verhoudings wat jy hier op aarde het. “Haat” is ’n metafoor, ’n vergelyking, en Jesus sê: “My verhouding met jou is so belangrik dat Ek van jou verwag om dit bo enigiets anders op aarde te stel.”

Daar is een persoon vir wie jy liewer as jou vrou, jou kinders, jou ma, jou pa of jou susters en

broers is. Weet jy wie dit is? Dis nie God nie... dit is jy. Jy is liewer vir jouself as vir die persoon naaste aan jou. Waarom verbrokkel soveel huwelike? Waarom skei mense? Want hulle is liewer vir hulleself as vir hulle lewensmaat. “Ek is nou moeg daarvoor dat jy nie doen wat ek wil hê nie. Ek loop.”

Jesus sê dat jy Hom bo daardie selfsugtige verhouding met jouself moet stel. Dit is wat ware dissipelskap beteken. Daar bestaan nie iets soos kostelose dissipelskap nie. Jesus vra dat ons Hom moet volg. Hy vra dat ons Hom nommer een in ons lewe maak.

DISSIPELSKAPVRAE

1. Lees Lukas 9:57-62. Wat leer hierdie gedeelte ons van die vlak van toewyding (die “commitment”) waarmee ons Christus moet volg?

2. Lees Lukas 8:13-14. Waarom raak sommige mense afvallig, of draai hulle hulle rug op die Christelike geloof?

SKRIFGEDEELTES VIR GEBRUIK SAAM MET VRAE

LUKAS 9:57-62 – *“**[57]** Terwyl hulle op pad was, sê iemand vir Hom: ‘Ek sal U volg waar U ook al gaan.’ **[58]** Toe sê Jesus vir hom: ‘Jakkalse het gate en voëls het neste, maar die Seun van die mens het nie eens ’n rusplek vir sy kop nie.’ **[59]** Aan ’n ander een sê Hy: ‘Volg My.’ Maar hy antwoord: ‘Here, laat my toe om eers terug te gaan om my pa te begrawe.’ **[60]** Toe sê Jesus vir hom: ‘Laat die dooies hulle eie dooies begrawe, maar gaan verkondig jy die koninkryk van God.’ **[61]** Nog een het gesê: ‘Ek sal U volg, Here, maar laat my toe om eers my familie by die huis te gaan groet.’ **[62]** Toe sê Jesus: ‘Iemand wat die hand aan die ploeg slaan en aanhou omkyk na wat agter is, is nie geskik vir die koninkryk van God nie.’”*

LUKAS 8:13-14 – *“**[13]** Dié wat op die klipbank val, dui op hulle wat die woord met blydskap aanneem wanneer hulle dit hoor, maar dit skiet nie wortel nie. Hulle geloof hou net ’n tydjie. Die oomblik dat dit op die proef gestel word, gee hulle moed op. **[14]** Die saad wat tussen die onkruid val, dui op dié wat die woord hoor, maar deur die sorge en die rykdom en die genietinge van die lewe word dit gaandeweg verstik, en dit skiet nie saad nie.”*

DISSIPELSKAPVRAE

3. Lees Esegiël 16:8. God gebruik die huwelik as illustrasie om sy verhouding met sy volk te beskryf. Wie se besitting word 'n mens in hierdie verhouding?

4. Lees 1 Korintiërs 6:19. Aan wie behoort jy?

5. Lees 1 Korintiërs 6:20. Aan wie behoort jou liggaam en jou gees?

6. Lees Jakobus 4:4. Kan jy geestelike egbreek teen die Here pleeg?

7. Wat beskou die Here as geestelike egbreek? Sien Romeine 1:25.

SKRIFGEDEELTES VIR GEBRUIK SAAM MET VRAE

ESEGIËL 16:8 – *"En Ek het by jou verbygegaan en jou gesien, en kyk, jou tyd was die tyd van liefde. Toe het Ek my vleuel oor jou uitgesprei en jou naaktheid toegedek. Ja, Ek het vir jou gesweer en met jou 'n verbond aangegaan, spreek die Here HERE, en jy het myne geword."*

1 KORINTIËRS 6:19 – *"Of besef julle nie dat julle liggaam 'n tempel van die Heilige Gees is nie? Julle het die Heilige Gees, wat in julle woon, van God ontvang, en julle behoort nie aan julleself nie."*

1 KORINTIËRS 6:20 – *"Want julle is duur gekoop. Verheerlik God dan in julle liggaam en in julle gees wat aan God behoort."*

JAKOBUS 4:4 – *"Egbrekers en egbreeksters, weet julle nie dat die vriendskap van die wêreld vyandskap teen God is nie? Wie dan 'n vriend van die wêreld wil wees, word 'n vyand van God."*

ROMEINE 1:25 – *"Dit is hulle wat die waarheid van God verruil vir die leuen. Hulle dien en vereer die skepsel in plaas van die Skepper, aan wie die lof toekom vir ewig. Amen."*

DISSIPELSKAPVRAE

8. Lees Johannes 2:23-25. Wat leer ons uit hierdie verse van verbintenis (toewyding) en geloof?

9. Lees Lukas 14:28-30. Het jy al bereken wat dit jou gaan kos om Jesus te volg? Wil jy Hom volg?

SKRIFGEDEELTES VIR GEBRUIK SAAM MET VRAE

JOHANNES 2:23-25 – *“**[23]** Terwyl Jesus vir die viering van die Paasfees in Jerusalem was, het daar baie mense tot geloof in Hom gekom toe hulle die wondertekens sien wat Hy doen. **[24]** Maar Hy het nie vertroue in hulle gestel nie, omdat Hy geweet het hoe hulle almal is. **[25]** Hy het nie nodig gehad dat iemand Hom iets van ’n mens vertel nie, want Hy het self geweet hoe mense is.”*

LUKAS 14:28-30 – *“**[28]** Wie van julle wat ’n gebou wil oprig, gaan nie eers sit en die koste bereken, om te sien of hy genoeg geld het om die werk te voltooi nie? **[29]** Anders, as hy die fondament gelê het en nie in staat is om die gebou te voltooi nie, sal almal wat dit sien, met hom die spot begin dryf, **[30]** Hulle sal sê: ‘Hier is ’n man wat begin bou het maar nie kon klaar maak nie.’”*

ANTWOORDE

1. Lees Lukas 9:57-62. Wat leer hierdie gedeelte ons van die vlak van toewyding (die “commitment”) waarmee ons Christus moet volg?
   God verwag algehele oorgawe.

2. Lees Lukas 8:13-14. Waarom raak sommige mense afvallig, of draai hulle hulle rug op die Christelike geloof?
   Daar het by hulle nooit ŉ wortelstelsel in God se Woord ontwikkel nie. Hulle word deur die sorge, rykdom en genietinge van hierdie lewe meegesleur.

3. Lees Esegiël 16:8. God gebruik die huwelik as illustrasie om sy verhouding met sy volk te beskryf. Wie se besitting word ŉ mens in hierdie verhouding?
   God s’n.

4. Lees 1 Korintiërs 6:19. Aan wie behoort jy?
   God.

5. Lees 1 Korintiërs 6:20. Aan wie behoort jou liggaam en jou gees?
   God.

6. Lees Jakobus 4:4. Kan jy geestelike egbreek teen die Here pleeg?
   Ja.

7. Wat beskou die Here as geestelike egbreek?
   ŉ Hart wat nie op Hom gerig is nie, maar op afgode (dinge wat vir jou belangriker is as God).

   Sien Romeine 1:25.

8. Lees Johannes 2:23-25. Wat leer ons uit hierdie verse van verbintenis (toewyding) en geloof?
   Dat Jesus alles van ons wil hê (ŉ totale verbintenis tot Hom).

9. Lees Lukas 14:28-30. Het jy al bereken wat dit jou gaan kos om Jesus te volg? Wil jy Hom volg?

© 2012, Andrew Wommack
Toestemming word verleen om afskrifte vir dissipelskapdoeleindes te maak, op voorwaarde dat dit gratis uitgereik word.

VLAK 1

LES 8
WATERDOOP

Deur Don Krow

Vraag: "Ek wil weet of ek gedoop moet word om hemel toe te gaan? Ek is lief vir die Here en is gedoop toe ek sewe was. Ek is nou agtien en iemand het vir my gesê dat niemand op so 'n jong ouderdom gedoop of gered kan word nie. Hy sê ook dat 'n mens gedoop moet word om hemel toe te gaan, maar my Baptiste-familie sê ek hoef nie. Ek wil net hemel toe gaan. Ek doen my bes om vir die Here te lewe, maar ek moet weet of ek weer gedoop moet word noudat ek glo oud genoeg is om gedoop te word. Help my so gou moontlik, asseblief! Dankie."

Antwoord: Redding en die vergifnis van sonde word as 'n gratis geskenk deur geloof in Jesus Christus ontvang. Handelinge 10:43 lees: "*Van Hom getuig al die profete dat elkeen wat in Hom glo, vergewing van sondes deur sy Naam ontvang.*" Ons word deur geloof gered; 'n vertroue dat Jesus en sy gestorte bloed ons in die regte verhouding met God stel. In Handelinge 10:44-48 is die Heilige Gees (as bevestiging van hulle verlossing) aan die gelowiges gegee voordat hulle gedoop is.

By ander geleenthede blyk dit egter dat die vergewing van sondes ten tyde van die doop plaasgevind het (Hand. 2:28). Die rede hiervoor is omdat die doop 'n uiting of handeling van geloof is wat uitgevoer word wanneer 'n persoon hom in geloof tot Jesus bekeer (In Markus 16:16 lees ons: "*Wie tot geloof gekom het en gedoop is, sal gered word; wie nie glo nie, sal veroordeel word.*") Dit was ook 'n bede tot God om 'n skoon gewete (Hand. 22:16 en 1 Pet. 3:21).

As jy regtig op sewejarige ouderdom opreg tot bekering gekom het en gedoop is, aanvaar God jou kinderlike geloof. Die doop het vereistes. Een vereiste is bekering. Het jy 'n verandering van gesindheid gehad wat daartoe gelei het dat jy jou rug op die sonde gekeer het en Jesus en sy vergifnis aangeneem het (Hand. 2:38, 20:21 en 17:30)? Indien nie, wil ek jou aanspoor om na Jesus toe te kom, jou van jou sondes te bekeer, deur sy genade vergewe te word, en jou besluit om Hom te volg, te verseël deur jou te laat doop.

Die doop is 'n handeling waarmee 'n mens se geloof in Jesus tot uiting kom. Sonder geloof is die doop 'n inhoudlose handeling. Mense wat Jesus as Here en Verlosser aangeneem het, was bereid om uitdrukking te gee aan hulle geloof en Jesus <u>in die openbaar</u> te bely. Mense wat Jesus se opdrag ignoreer, het tot 'n sekere mate 'n dooie geloof. **Geloof is dood wanneer mense onwillig is om dit met dade te bewys** (Jak. 2:18-19). Ons word slegs deur geloof gered, maar reddende geloof staan nooit alleen nie. Iemand met ware geloof is altyd bereid om dit met dade te bewys. Die doop is 'n manier om aan daardie geloof uitdrukking te gee. **Dit is nie die**

doop wat ons red nie; dit is Jesus. Dit is nie die water wat ons sondes afwas nie; dit is die bloed van Jesus. Maar dit is deur geloof dat sy bloed jou reinig, en soms vind daardie geloof uitdrukking wanneer ŉ persoon gedoop word (Hand. 22:16). Die vraag is: het jy tot bekering gekom? Glo jy in Hom (Jesus)? Indien wel, waarom wag jy – kom, laat jou doop!

DISSIPELSKAPVRAE

1. Wat is hierdie jong man se vraag?

2. Hoe word ons volgens Handelinge 10:43 gered?

3. Die doop is ŉ uitdrukking van geloof wat gewoonlik plaasvind wanneer iemand gered word. Hoe word hierdie waarheid in Handelinge 2:38 bevestig?

4. Hoe word hierdie waarheid in Markus 16:16 bevestig?

5. Die doop is ŉ bede tot die Here. Hoe word hierdie waarheid in Handelinge 22:16 bevestig?

6. Die doop is ŉ bede tot die Here om ŉ skoon gewete. Is 1 Petrus 3:21 ŉ bevestiging van hierdie waarheid?

7. Wat is die vereistes vir die doop volgens Handelinge 2:38?

8. Wat is die vereistes vir die doop volgens Markus 16:16?

9. Kan ŉ baba tot bekering kom?

10. Kan ŉ baba glo?

SKRIFGEDEELTES VIR GEBRUIK SAAM MET VRAE

HANDELINGE 10:43 – *"Van Hom getuig al die profete dat elkeen wat in Hom glo, vergewing van sondes deur sy Naam ontvang."*

HANDELINGE 2:38 – *"Toe antwoord Petrus hulle: 'Bekeer julle en laat elkeen van julle gedoop word in die Naam van Jesus Christus. Dan sal God julle sondes vergewe, en sal julle die Heilige Gees as gawe ontvang."*

MARKUS 16:16 – *"Wie tot geloof gekom het en gedoop is, sal gered word; wie nie glo nie, sal veroordeel word."*

HANDELINGE 22:16 – *"En nou, waarom versuim jy? Staan op, laat jou doop en jou sondes afwas, terwyl jy die Naam van die Here aanroep."*

1 PETRUS 3:21 – *"Dit dui op die doop, waardeur julle ook nou gered word. Die doop is nie ŉ afwassing van die vuilheid van die liggaam nie, maar ŉ bede tot God om ŉ skoon gewete, en dit red julle op grond van die opstanding van Jesus Christus."*

DISSIPELSKAPVRAE

11. Lees Handelinge 10:43-48. Watter stap behoort 'n gelowige te neem nadat hy tot geloof in Christus gekom het?

SKRIFGEDEELTES VIR GEBRUIK SAAM MET VRAE

HANDELINGE 10:43-48

*– "**[44]** Terwyl Petrus nog praat, het die Heilige Gees op almal gekom wat na die woord geluister het. **[45-46]** Toe die Joodse gelowiges wat saam met Petrus gekom het, hoor hoe die mense ongewone tale of klanke gebruik en God prys, was hulle baie verbaas dat die Heilige Gees as gawe uitgestort is ook op mense wat nie Jode is nie. En Petrus sê: **[47]** 'Hierdie mense het net soos ons die Heilige Gees ontvang. Wat kan dan verhinder dat hulle nou met water gedoop word?' **[48]** Toe het hy beveel dat hulle in die Naam van Jesus Christus gedoop moet word. Daarna het hulle hom gevra om 'n paar dae by hulle te bly."*

ANTWOORDE

1. Wat was hierdie jong man se vraag?
   Of hy gedoop moet word om hemel toe te gaan.

2. Hoe word ons volgens Handelinge 10:43 gered?
   As ŉ gawe deur geloof in Jesus Christus.

3. Die doop is ŉ uitdrukking van geloof wat gewoonlik plaasvind wanneer iemand gered word. Hoe word hierdie waarheid in Handelinge 2:38 bevestig?
   Petrus sê dat ons ons moet bekeer en laat doop.

4. Hoe word hierdie waarheid in Markus 16:16 bevestig?
   Deur te sê: "Wie tot geloof gekom het en gedoop is, sal gered word," impliseer Jesus dat dit op dieselfde tyd kan gebeur.

5. Die doop is ŉ bede tot die Here. Hoe word hierdie waarheid in Handelinge 22:16 bevestig?
   Hierdie Skrifgedeelte sê dat wanneer ŉ persoon die Here aanroep, sy sondes afgewas sal word. ŉ Mens kan die Here mondelings (Luk. 18:13) of deur middel van die doop aanroep, soos in hierdie Skrifgedeelte die geval was.

6. Die doop is ŉ bede tot die Here om ŉ skoon gewete. Word hierdie waarheid in 1 Petrus 3:21 bevestig?
   Ja.

7. Wat is die vereistes vir die doop volgens Handelinge 2:38?
   Bekering.

8. Wat is die vereistes vir die doop volgens Markus 16:16?
   ŉ Persoon moet glo.

9. Kan ŉ baba tot bekering kom?
   Nee.

10. Kan ŉ baba glo?
    Nee.

11. Lees Handelinge 10:43-48. Watter stap behoort ŉ gelowige te neem nadat hy tot geloof in Christus gekom het?
    Hom met water te laat doop.

© 2012, Andrew Wommack
Toestemming word verleen om afskrifte vir dissipelskapdoeleindes te maak, op voorwaarde dat dit gratis uitgereik word.

VLAK 1

LES 9
IDENTITEIT IN CHRISTUS (Deel 1)

Deur Andrew Wommack

In 2 Korintiërs 5:17 lees ons: *"Daarom, as iemand in Christus is, is hy 'n nuwe skepsel; die ou dinge het verbygegaan, kyk, dit het alles nuut geword."* Die frase "in Christus" is 'n term wat meer as 300 keer in die Nuwe Testament voorkom en verwys altyd na 'n lewensnoodsaaklike verbondsverhouding met God. Wanneer 'n mens in Christus is, word jy 'n nuwe skepsel. Sommige vertalings verwys ook na 'n "nuwe skepping."

Dit lei tot 'n baie belangrike punt waarsonder jy nie jou nuwe identiteit in Christus sal verstaan nie: dit het nie in die fisiese ryk plaasgevind nie. Dit gaan nie oor jou fisiese liggaam nie; dis nie jou voorkoms wat verander het nie. As 'n oorgewig persoon gered word, sal hy na sy redding steeds oorgewig wees, tensy hy 'n dieet volg.

Dit gaan ook nie oor jou verstand of emosies, dit wat die meeste mense as hulle ware "self" beskou nie. As jy voor jou redding nie besonder slim was nie, sal jy nie skielik baie slim wees nadat jy gered is nie. Jy sal baie van dieselfde herinneringe en gedagtes hê.

Dan is daar 'n derde komponent, ons gees, en volgens hierdie Skrifgedeelte is dit ons geesmens wat verander word. In 1 Tessalonisense word dit bevestig wanneer Paulus vir die Tessalonisense bid: *"Mag God, wat vrede gee, julle volkome aan Hom toegewyd maak en julle geheel en al, na gees, siel en liggaam, so bewaar dat julle onberispelik sal wees wanneer ons Here Jesus Christus weer kom!"* Hierdie gedeelte dui daarop dat ons 'n gees, siel en liggaam het. Die liggaamlike is baie voor die hand liggend. Dit is ons sigbare menswees, ons uiterlike. Ons almal weet dat daar nog 'n komponent is: ons emosionele en verstandelike komponent; die Woord noem dit ons siel. Selfs al het iemand nie fisies aan ons geraak nie, weet ons dat hy ons met sy woorde kan aanraak, hetsy op 'n positiewe of negatiewe manier. Die meeste mense is bewus van hulle liggaam en siel, maar volgens die Bybel is daar 'n derde dimensie, naamlik die gees.

Wanneer ons gered word, is dit ons gees wat verander en nuutgemaak word. Dis die gees wat aan ons lewe gee. In Jakobus 2:26 staan: *"Want soos die liggaam sonder gees dood is, so is ook die geloof sonder die werke dood."* Ons sien dus dat dit die gees is wat lewe in ons fisiese liggaam blaas. Dit is waar ons lewe vandaan kom. In Genesis 2 lees ons dat God die mens gemaak het. Toe Adam se liggaam voltooi was, het God die "asem van die lewe" in hom geblaas. Die woord "asem" in die Ou Testamentiese Hebreeus is dieselfde woord wat ons vir asem gebruik, en dit word op ander plekke as "gees" vertaal. God het Adam se liggaam geskep en aan hom 'n siel gegee, maar daarna het Hy die lewensasem in hom ingeblaas, en het Adam 'n lewende siel geword. Dit is ons geestelike komponent wat lewe gee.

Voor ŉ persoon se redding, voordat hy ŉ volkome oorgawe gemaak en God in hom kom woon het, was sy gees dood. Efesiërs 2:1 lees: *"En julle het Hy lewend gemaak, wat dood was deur die misdade en die sondes."* Vanselfsprekend het ons gelewe voordat ons gered is, maar die woord "dood" verwys na ons gees. Dood in die Bybel beteken nie dat ons ophou bestaan nie. Dit beteken letterlik "skeiding". Wanneer ŉ mens fisies doodgaan, hou jy nie op bestaan nie. Die Bybel leer dat ŉ mens dadelik in die teenwoordigheid van die Here of in die teenwoordigheid van die hel is. Die siel en gees bly lewe, maar word van die liggaam geskei. Laasgenoemde sterf en vergaan.

Wanneer ons in Genesis 2:17 lees: *"Die dag as jy daarvan eet, sterf jy,"* beteken dit nie dat Adam en Eva fisies sou doodgaan nie, maar geestelik. Hulle sou van God geskei word. Die gees, dit wat God in ons geblaas het, en wat ons motiveer en lewe gee, word van God se bonatuurlike lewe, van sy heilige en volkome lewe, geskei – dit wat die Bybel "zoe" of "lewe in oorvloed" noem. Daarna het die mens begin ontaard. Hy het steeds gefunksioneer, maar hy het onafhanklik gefunksioneer, weg van God. Dit is waar die oorsprong van al ons probleme ... al ons emosionele stres lê.

Wanneer ŉ persoon na die Here toe kom, ontvang hy ŉ nuwe gees en word hy wedergebore; dit is die terminologie wat Jesus in Johannes 3:5 gebruik het. Net soos ŉ mens met sy fisiese geboorte ŉ gees, siel en liggaam het, ontvang hy die Gees van Christus wanneer hy wedergebore word. Galasiërs 4:6 lees: *"En omdat ons sy kinders is, het God die Gees van sy Seun in ons harte gestuur, en in ons roep Hy uit: "Abba!" Dit beteken: Vader!"* God het sy Gees dus letterlik in ons kom plaas, en nou het ons ŉ nuwe kwaliteit lewe, ŉ nuwe identiteit, en is ons ŉ splinternuwe mens in ons gees.

Vir die res van die Christelike lewe is ons besig om op siels- en verstandsvlak te leer wat in ons gees plaasgevind het. Die feit is, ŉ derde van ŉ mens se verlossing is afgehandel wanneer jy Christus as Here aanneem. Jou gees word handomkeer verander en jy sal hierdie gees tot in ewigheid hê. Dit is alreeds met liefde, vreugde, vrede en God se teenwoordigheid gevul. Jou gees is sonder enige gebrek of tekortkoming, maar dit moet op sielsvlak vir jou ŉ werklikheid word. Om hierdie rede is dit so belangrik om God se Woord te bestudeer. Jy is ŉ splinternuwe mens, maar jy gaan nie verander voordat hierdie waarheid nie tot jou deurdring nie. ŉ Mens ervaar eers oorwinning wanneer jy in die Woord, wat Gees en lewe is, gaan kyk, en sien wie jy is en wat God gedoen het, en daarvolgens begin lewe.

DISSIPELSKAPVRAE

1. Lees 2 Korintiërs 5:17. As iemand in Christus is, is hy 'n _____
2. Lees 2 Korintiërs 5:17. Wat het met die ou dinge gebeur?
3. Lees 2 Korintiërs 5:17. Watter dinge het nuut geword?
4. Lees Efesiërs 2:1. In watter toestand was jy voordat jy wedergebore is, of lewend gemaak is?
5. Lees Efesiërs 2:2. Hoe het jy as ongelowige gelewe?
6. Lees Efesiërs 2:3-5. Die Here is ryk in _____
7. Lees Efesiërs 2:4. Waarom is God so genadig?
8. Lees Efesiërs 2:5. Wat het God vir ons gedoen toe ons nog dood in ons oortredings en sondes was?
9. Lees Efesiërs 2:5. Hoe het God ons gered?

SKRIFGEDEELTES VIR GEBRUIK SAAM MET VRAE

2 KORINTIËRS 5:17 – *"Daarom, as iemand in Christus is, is hy 'n nuwe skepsel; die ou dinge het verbygegaan, kyk, dit het alles nuut geword."*

EFESIËRS 2:1 – *"En julle het Hy lewend gemaak, wat dood was deur die misdade en die sondes."*

EFESIËRS 2:2 – *"Julle het gelewe soos hierdie sondige wêreld en julle laat lei deur die vors van die onsigbare bose magte, die gees wat daar nou aan die werk is in die mense wat aan God ongehoorsaam is."*

EFESIËRS 2:3-5 – *"**[3]** So het ons trouens vroeër ook almal gelewe. Ons is deur ons sondige begeertes oorheers en het gedoen net waartoe ons luste ons gelei het en wat in ons gedagtes opgekom het. Vanweë ons sondige natuur sou ons net soos die ander mense deur God gestraf moes word. **[4]** Maar God is ryk in barmhartigheid en het ons innig lief. **[5]** Deur sy groot liefde het Hy ons wat dood was as gevolg van ons oortredinge, saam met Christus lewend gemaak. Uit genade is julle gered!"*

DISSIPELSKAPVRAE

10. Lees 1 Korintiërs 6:9-10. Kan jy met enige van die beskrywings in hierdie lys identifiseer?

11. Lees 1 Korintiërs 6:11. Dui die woord "was" op ŉ vorige, huidige of toekomstige toestand?

12. Lees 1 Korintiërs 6:11. Watter drie dinge het met jou gebeur toe jy wedergebore is?

13. Lees 1 Korintiërs 6:11. Praat Paulus van ŉ vorige, huidige of toekomstige toestand?

14. Lees 1 Korintiërs 6:17. "Maar wie hom met die Here verenig, is _____ met Hom."

SKRIFGEDEELTES VIR GEBRUIK SAAM MET VRAE

1 KORINTIËRS 6:9-10– *"**[9]** Of weet julle nie dat mense wat onreg doen, geen deel sal kry aan die koninkryk van God nie? Moenie julleself mislei nie: geen onsedelikes of afgodsdienaars of egbrekers of mense wat homoseksualiteit beoefen **[10]** of diewe of geldgieriges of dronkaards of kwaadpraters of bedrieërs sal deel kry aan die koninkryk van God nie."*

1 KORINTIËRS 6:11– *"En so was party van julle juis ook. Maar julle het julle sonde laat afwas, julle is geheilig, julle is vrygespreek in die Naam van die Here Jesus Christus en deur die Gees van ons God."*

1 KORINTIËRS 6:17 – *"Maar wie hom met die Here verenig, is geestelik een met Hom."*

ANTWOORDE

1. Lees 2 Korintiërs 5:17. As iemand in Christus is, is hy 'n ***nuwe skepsel***.

2. Lees 2 Korintiërs 5:17. Wat het met die ou dinge gebeur?
   Hulle is verby.

3. Lees 2 Korintiërs 5:17. Watter dinge het nuut geword?
   Alles.

4. Lees Efesiërs 2:1. In watter toestand was jy voordat jy wedergebore is, of lewend gemaak is?
   Ek was dood deur my misdade en sondes.

5. Lees Efesiërs 2:2. Hoe het jy as ongelowige gelewe?
   Ek het soos die sondige wêreld gelewe, my deur die duiwel (die vors van die onsigbare bose magte) laat lei en in die gees van ongehoorsaamheid gelewe.

6. Lees Efesiërs 2:3-5. Die Here is ryk in ***barmhartigheid (genade)***.

7. Lees Efesiërs 2:4. Waarom is God so genadig?
   Vanweë sy groot liefde vir ons.

8. Lees Efesiërs 2:5. Wat het God vir ons gedoen toe ons nog dood in ons oortredings en sondes was?
   Ons saam met Christus lewend gemaak.

9. Lees Efesiërs 2:5. Hoe het God ons gered?
   Deur sy genade.

10. Lees 1 Korintiërs 6:9-10. Kan jy met enige van die beskrywings in hierdie lys identifiseer?
    Ja.

11. Lees 1 Korintiërs 6:11. Dui die woord "was" op 'n vorige, huidige of toekomstige toestand?
    Vorige.

12. Lees 1 Korintiërs 6:11. Watter drie dinge het met jou gebeur toe jy wedergebore is?
    Jy is skoongewas, geheilig en vrygespreek (regverdig gemaak) voor God.

13. Lees 1 Korintiërs 6:11. Praat Paulus van 'n vorige, huidige of toekomstige toestand?
    Huidige.

14. Lees 1 Korintiërs 6:17. "Maar wie hom met die Here verenig, is ***geestelik een*** met Hom."

© 2012, Andrew Wommack
Toestemming word verleen om afskrifte vir dissipelskapdoeleindes te maak, op voorwaarde dat dit gratis uitgereik word.

VLAK 1

LES 10
IDENTITEIT IN CHRISTUS (Deel 2)

Deur Andrew Wommack

In ons vorige les het ons gaan kyk na wat dit beteken om wedergebore te word, en gesien dit behels dat ons gees verander word. Ons het na 2 Korintiërs gaan kyk: *"Daarom, as iemand in Christus is, is hy 'n nuwe skepsel; die ou dinge het verbygegaan, kyk, dit het alles nuut geword."* Ons het begin sien dat wanneer ons wedergebore word, daar 'n totale transformasie in ons gees plaasvind. Die enigste manier waarop ons kan weet wat in ons gees plaasgevind het, is deur dit wat ons in die Woord van God lees. Ons kan dit nie aan uiterlike dinge sien nie, en ons kan dit nie emosioneel waarneem nie, want ons emosies is in ons siel gesetel. Maar in ons gees het daar 'n totale transformasie gekom.

Kom ek gebruik 'n paar Skrifgedeeltes om aan te toon wat alles plaasvind wanneer 'n persoon Jesus in sy lewe ontvang. Efesiërs 4:24 lees: *"Julle* [moet julle] *met die nuwe mens ... beklee wat na God geskape is in ware geregtigheid en heiligheid."* Wanneer 'n persoon wedergebore word, word sy gees geregverdig en geheilig. In die Bybel lees ons van twee soorte geregtigheid.

Eerstens is daar 'n soort geregtigheid wat 'n mens deur jou eie dade verwerf, en 'n mens moet hierdie soort geregtigheid in verhoudings met ander mense nastreef. As 'n mens nie reg lewe en reg doen nie, kan dit gebeur dat jou werkgewer jou afdank of jou vrou van jou skei. God aanvaar jou egter nie gebaseer op jou uiterlike geregtigheid nie. God het sy persoonlike geregtigheid letterlik vir jou kom gee.

In 2 Korintiërs 5:21 staan daar dat God die Vader Jesus sonde gemaak het, sodat ons die geregtigheid van God kan word. Daar is dus 'n geregtigheid wat ver bo ons menslike geregtigheid verhewe is en gebaseer is op wat God vir ons gedoen het. Met ons wedergeboorte het ons die geregtigheid van God letterlik deur geloof in Christus ontvang. Ons word in ware geregtigheid en heiligheid geskep. Ons groei nie in geregtigheid nie; ons is reeds volkome regverdig. 'n Eenvoudige definisie is dat ons reeds in die regte verhouding met God staan.

Die behae wat God in ons vind, is op Christus gebaseer, op niks anders nie. Dit is in ons gees waar die verandering plaasgevind het. Ons is reeds in geregtigheid en ware heiligheid geskep en is splinternuwe skepsels. Efesiërs 2:10 sê: *"Want ons is sy maaksel, geskape in Christus Jesus tot goeie werke wat God voorberei het, sodat ons daarin kan wandel."* Ons gees is volmaak en voltooid, sonder sonde of tekortkoming. In Efesiërs 1:13 staan: *"Nadat julle ook geglo het,* [is julle] *verseël ... met die Heilige Gees van die belofte."*

Dit is moontlik dat sommige van julle dink: *Toe ek die Here aangeneem het, het ek geglo dat ek volkome vergewe en gereinig is, en alles was wonderlik. Maar sedertdien het ek gesondig en die Here opnuut gefaal.* Dit ís so. Wat jou dade en denke en emosies betref, het jy gesondig, maar jou gees het nie gesondig nie. Soos ŉ vrou vrugte inmaak en dan met kerswas bedek sodat dit lugdig is en daar nie onsuiwerhede kan inkom nie, is jou gees ook verseël. God het jou verseël. Dit beteken dat jy met jou wedergeboorte ŉ nuwe gees ontvang het, wat nie deur sonde binnegedring kan word nie. Jy het ŉ nuwe identiteit. Iemand wat in ŉ verhouding met God staan, moet met Hom gemeenskap hê en Hom aanbid, gebaseer op wie jy in jou gees is, nie in jou vlees nie.

Die groot transformasie in die Christelike lewe is dat ŉ mens jou identiteit moet verander. Jou verhouding met God is nie gebaseer op wat jy in die fisiese wêreld doen nie, nie wat in jou verstand omgaan nie, maar wie jy in die gees is, op grond van dit wat Hy vir jou gedoen het. Dit is ŉ voltooide werk, iets wat nie fluktueer (wissel) nie. Jou gees is in geregtigheid en ware heiligheid geskep, en wanneer jy met God gemeenskap wil hê, moet jy Hom in gees en in waarheid aanbid. Staan in hierdie identiteit wat jy vandag in Christus het.

DISSIPELSKAPVRAE

1. Lees 1 Korintiërs 6:17. Die enigste manier waarop ons kan weet dat daar ŉ totale transformasie in ons gees plaasgevind het, is deur die Woord van God te lees. Wat het volgens hierdie vers met ons gebeur?

2. Lees Efesiërs 3:17. Waar bly Christus vandag?

3. Lees Efesiërs 3:17. Hoe gebeur dit?

4. Lees 1 Johannes 5:12. Wie moet ons hê as ons gered wil word?

5. Lees Kolossense 1:26-27. Watter geheimenis is eeue en geslagte lank verborge gehou, maar nou bekend gemaak?

6. Lees Efesiërs 4:23-24. Wie is in ware geregtigheid en heiligheid geskep?

7. Lees 2 Korintiërs 5:21. Wie se geregtigheid het ons ontvang?

SKRIFGEDEELTES VIR GEBRUIK SAAM MET VRAE

1 KORINTIËRS 6:17 – *"Maar wie hom met die Here verenig, is geestelik een met Hom."*

EFESIËRS 3:17 – *"[Ek bid] dat Christus deur die geloof in julle harte sal woon en dat julle in die liefde gewortel en gegrondves sal wees."*

1 JOHANNES 5:12 – *"Wie die Seun het, het die lewe; wie nie die Seun van God het nie, het ook nie die lewe nie."*

KOLOSSENSE 1:26-27 – *"**[26]** Dit is die geheimenis wat eeue en geslagte lank verborge was maar wat nou geopenbaar is aan die mense wat aan Hom behoort. **[27]** God het besluit om aan hulle bekend te maak hoe seënryk en heerlik hierdie geheimenis vir die nasies is. Die inhoud daarvan is: Christus is in julle, Hy is julle hoop op die heerlikheid."*

EFESIËRS 4:23-24 – *"[23] En dat julle vernuwe moet word in die gees van julle gemoed **[24]** en julle met die nuwe mens moet beklee wat na God geskape is in ware geregtigheid en heiligheid."*

2 KORINTIËRS 5:21 – *"Want Hy het Hom wat geen sonde geken het nie, sonde vir ons gemaak, sodat ons kan word geregtigheid van God in Hom."*

DISSIPELSKAPVRAE

8. Lees Efesiërs 1:4. Hoe staan ons voor God?

9. Lees Efesiërs 1:6. Hoe word ons begenadig?

SKRIFGEDEELTES VIR GEBRUIK SAAM MET VRAE

EFESIËRS 1:4 – *"So het Hy, nog voordat die wêreld geskep is, ons in Christus uitverkies om heilig en onberispelik voor Hom te wees."*

EFESIËRS 1:6 – *"Tot lof van die heerlikheid van sy genade waarmee Hy ons begenadig het in die Geliefde."*

ANTWOORDE

1. Lees 1 Korintiërs 6:17. Lees 1 Korintiërs 6:17. Die enigste manier waarop ons kan weet dat daar ŉ totale transformasie in ons gees plaasgevind het, is deur die Woord van God te lees. Wat het volgens hierdie vers met ons gebeur?
   Ons is een in gees met die Here gemaak.

2. Lees Efesiërs 3:17. Waar bly Christus vandag?
   In ons harte.

3. Lees Efesiërs 3:17. Hoe gebeur dit?
   Deur geloof.

4. Lees 1 Johannes 5:12. Wie moet ons hê as ons gered wil word?
   Die Seun (Jesus Christus).

5. Lees Kolossense 1:26-27. Watter geheimenis is eeue en geslagte lank verborge gehou, maar nou bekend gemaak?
   Christus is in ons, die hoop op heerlikheid.

6. Lees Efesiërs 4:23-24. Wie is in ware geregtigheid en heiligheid geskep?
   Ons nuwe mens (ons wedergebore gees).

7. Lees 2 Korintiërs 5:21. Wie se geregtigheid het ons vandag?
   God se geregtigheid in Christus.

8. Lees Efesiërs 1:4. Hoe staan ons voor God?
   Heilig en onberispelik.

9. Lees Efesiërs 1:6. Hoe word ons begenadig?
   In die Geliefde (Jesus Christus).

© 2012, Andrew Wommack
Toestemming word verleen om afskrifte vir dissipelskapdoeleindes te maak, op voorwaarde dat dit gratis uitgereik word.

VLAK 1

LES 11
WAT GEBEUR WANNEER ’N CHRISTEN SONDIG?

Deur Don Krow

Vandag kyk ons na wat gebeur wanneer ŉ Christen sondig. In 1 Johannes 1:8-9 lees ons: *“As ons beweer dat ons nie sonde het nie, bedrieg ons onsself en is die waarheid nie in ons nie. Maar as ons ons sondes bely – Hy is getrou en regverdig, Hy vergewe ons ons sondes en reinig ons van alle ongeregtigheid.”* As Christene sal ons een of ander tyd struikel en sonde doen. Wat ons anders maak as voor ons bekering, is die feit dat ons nou ŉ nuwe natuur het. Ons het ŉ weersin in die sonde. Ons wil nie sondig nie; ons wil doen wat reg is. Maar wat gebeur as ons wel sondig? Moet ons weer gered word? Is dit wat die Bybel ons leer? Indien dit die geval was, sou ons geen sekuriteit gehad het nie, en in ŉ sekere sin sou ons slegter daaraan toe wees as die wêreld. Ten minste word die wêreld nie deur ŉ skuldige gewete geteister nie. As gelowiges moet ons nie op die sonde fokus nie. In Hebreërs staan daar dat gelowiges op grond van Jesus se offer nie meer ŉ bewustheid van sonde moet hê nie. Met ander woorde, sonde moenie die fokus van ons lewe wees nie. God moet ons fokus wees.

In Romeine 4:2 lees ons: *“As Abraham op grond van sy dade vrygespreek (geregverdig) is, dan het hy ŉ rede gehad om te roem. Maar nie by God nie!”* (my hakies). As ons verlossing op ons verdienstelikheid gebaseer was, sou ons kon roem. Ons sou kon sê: “Here, ek het regtig waardering vir dit wat U aan die kruis gedoen het, maar onthou ook wat ek gedoen het!” Ons sou Jesus én onsself tot in ewigheid op die skouer kon klop vir alles wat ons gedoen het. Nee! God het ons verlossing op so ŉ manier bewerk dat die mens geen heerlikheid of roem sal ontvang nie. Die enigste heerlikheid en roem sal in die Here Jesus Christus wees (Romeine 3:27). Die gawe van die ewige lewe is inderdaad ŉ gawe en kan nie verdien word nie (Rom. 6:23).

Indien Abraham deur sy eie dade geregverdig is, sou hy ŉ rede hê om te roem, maar dit was nie die geval nie. Hoe word ŉ mens volgens die Woord gered? Deur sy eie prestasies? Sy eie goeie dade? Deur alles wat hy doen? Hoe is Abraham regverdig gemaak? Was dit deur wat hy gedoen of nie gedoen het nie, of was dit die feit dat hy in God geglo het, op Hom vertrou en staatgemaak het? In Romeine 4:3 staan daar: *“Abraham het in God geglo, en dit is hom tot geregtigheid gereken.”*

Hoe word my posisie gehandhaaf en wat keer dat ek verlore gaan, selfs wanneer ek struikel en sondig? Die feit dat Jesus al my sondes aan die kruis gedra het. Deur geloof in Hom (nie deur my eie dade nie), word ek geregverdig (geregtig gemaak voor God).

Romeine 4:6 lees: *“Soos Dawid ook die mens salig spreek aan wie God geregtigheid*

toereken sonder werke.” Dawid het in die Ou Testament gesê dat daar ’n dag sal kom wanneer God geregtigheid aan mense sal toereken sonder dat hulle daarvoor gewerk het. Dan sê hy in vers 7: *“Geseënd is die mense wie se oortredinge nie gestraf word nie en wie se sonde vergewe word.”* Dan vir die wonderlike nuus: *“Geseënd is die mens vir wie die Here die sonde nie toereken nie.”* (Rom. 4:8). Nie vir wie Hy die sonde *moontlik* of *dalk* of *soms* nie toereken nie. Daar staan: “Geseënd is die mens vir wie die Here die sonde nie toereken nie.” In die Grieks word dit ’n emfatiese ontkenning genoem. Dit beteken Hy sal ons nooit, ooit die sonde toereken nie. Dit is die goeie nuus van die Nuwe Verbond. Hebreërs 10:16 lees: *Ek sal hulle my wette in die hart gee, in hulle verstand sal Ek dit skrywe.”* Deel van daardie ooreenkoms is dit wat God in vers 17 sê: *“Aan hulle sondes en hulle oortredings sal Ek nooit meer dink nie.”*

Hoe word jou posisie, menende jou geregtigheid, gehandhaaf, selfs wanneer jy sondig en nie tyd het om dit te bely nie? Deur jou geloof in Jesus Christus. Sy naam is Jesus. Hy red mense van hulle sondes (Matteus 1:21).

DISSIPELSKAPVRAE

1. Lees Romeine 4:5. God regverdig _____ mense.

2. Lees Romeine 4:2-3. God het Abraham iets toegereken (toe hy geglo het) wat hy nie voorheen gehad het nie? Wat was dit?

3. Lees Romeine 4:22-24. Wat sal God ons toereken as ons glo soos Abraham geglo het?

4. Lees Romeine 4:6. God reken iemand geregtigheid toe:
   A. volgens hulle dade.
   B. sonder werke.
   C. op grond van hoe vriendelik hulle is.

5. Lees Hebreërs 10:14. Hoe lank bly ons volmaak voor God?

SKRIFGEDEELTES VIR GEBRUIK SAAM MET VRAE

ROMEINE 4:5 – *"Aan hom egter wat nie werk nie, maar glo in Hom wat die goddelose regverdig, word sy geloof tot geregtigheid gereken"*

ROMEINE 4:2-3 – *"**[2]** Want as Abraham uit die werke geregverdig is, het hy iets om op te roem, maar nie teenoor God nie. **[3]** Want wat sê die Skrif? Abraham het in God geglo, en dit is hom tot geregtigheid gereken."*

ROMEINE 4:22-24 – *"**[22]** Daarom is dit hom ook tot geregtigheid gereken. **[23]** Maar dit is nie alleen om sy ontwil geskrywe dat dit hom toegereken is nie, maar ook om ons ontwil aan wie dit toegereken sal word, ons wat glo in Hom wat Jesus, onse Here, uit die dode opgewek het."*

ROMEINE 4:5 – *"Soos Dawid ook die mens salig spreek aan wie God geregtigheid toereken sonder werke."*

HEBREËRS 10:14 – *"Want deur een offer het Hy vir altyd volmaak die wat geheilig word."*

DISSIPELSKAPVRAE

6. Lees Romeine 5:17. Ons ontvang geregtigheid:
   A. deur dit te verdien.
   B. as ŉ gawe.
   C. deur daarvoor te werk.

7. Wat impliseer die woord “gawe”?

8. As jy Jesus as persoonlike Verlosser wil vertrou, moet jy vertrou dat Hy jou al die pad _____ gaan toe neem.
   A. kerk
   B. hemel
   C. Rusland

SKRIFGEDEELTES VIR GEBRUIK SAAM MET VRAE

ROMEINE 5:17 – *“Deur die oortreding van die een mens het die dood begin heerskappy voer deur hierdie een mens, maar deur die Een, Jesus Christus, is veel meer bereik: dié wat die oorvloed van genade en die vryspraak as gawe ontvang het, sal lewe en heerskappy voer.”*

ANTWOORDE

1. Lees Romeine 4:5. God regverdig ***goddelose*** mense.

2. Lees Romeine 4:2-3. God het Abraham iets toegereken (toe hy geglo het) wat hy nie voorheen gehad het nie? Wat was dit?
   Geregtigheid.

3. Lees Romeine 4:22-24. Wat sal God ons toereken as ons glo soos Abraham geglo het?
   Geregtigheid, regverdigheid voor God.

4. God reken iemand geregtigheid toe:
   B. sonder werke.

5. Lees Hebrews 10:14. Hoe lank bly ons volmaak voor God?
   Vir altyd.

6. Lees Romeine 5:17. Ons ontvang geregtigheid:
   B. as 'n gawe.

7. Wat impliseer die woord "gawe"?
   Iets wat gratis gegee word, sonder dat dit die ontvanger iets kos.

8. As jy Jesus as persoonlike Verlosser wil vertrou, moet jy vertrou dat Hy jou al die pad ***B. hemel*** toe sal neem.

© 2012, Andrew Wommack
Toestemming word verleen om afskrifte vir dissipelskapdoeleindes te maak, op voorwaarde dat dit gratis uitgereik word.

VLAK 1

LES 12
DIE INTEGRITEIT VAN GOD SE WOORD

Deur Andrew Wommack

Markus 4 is ŉ ongelooflike hoofstuk oor die integriteit van God se Woord – die krag en die aard en getrouheid van die Bybel. Jesus het op daardie spesifieke dag minstens tien gelykenisse vertel. (Vergelyk Markus 4 met Matteus 13 en Lukas 8.) Daar was ŉ aantal gelykenisse, onder andere een wat oor ŉ saaier gehandel het. In Markus 4:26 sê Jesus: *"Met die koninkryk van God gaan dit só: Iemand saai die saad op die land."* In vers 14 lees ons dat hierdie saad die Woord van God is. Jesus is nie besig om die mense te leer hoe om te boer nie, maar gebruik iets uit die natuur om ŉ geestelike waarheid te illustreer. Vers 27 lees: *"En* [die man] *gaan slaap en staan op, dag na dag, en die saad ontkiem en groei – hóé weet hy self nie."* Jesus maak ŉ belangrike stelling. Die man verstaan nie regtig nie. Hy weet nie presies hoe dit gebeur nie.

Sommige mense sê: "Ek verstaan nie wat jy probeer sê nie. Hoe kan Bybelstudie my verander en maak dat God se lewe in my opgewek word?" Ek self verstaan nie heeltemal nie, maar ek weet dit werk. Ek verstaan nie hoe ŉ mens ŉ klein saadjie in die grond kan sit en daar ŉ halm opkom wat koringare voortbring en verhonderdvoudig nie. Niemand weet presies hoe dit werk nie, maar dit werk, en ek kan getuig dat dit werk. Wanneer ŉ mens God se Woord lees en jou daarmee versadig, vind daar ŉ verandering in jou gesindheid, jou ervarings en jou waarneming plaas.

Verse 28 lees, *"Vanself bring die aarde die graan voort."* Die aarde is gemaak om sade te laat ontkiem en om daardie lewe vry te stel. Jou hart is gemaak vir God se Woord. God se Woord is gemaak om in jou hart geplant te word. Om jou Bybel vas te hou, dit op jou koffietafel te plaas of dit orals saam te neem, het op sigself geen waarde nie. Die krag van die Woord word nie in jou lewe vrygestel nie. Jy moet die Woord neem, ŉ saad daarvan maak en in jou hart plant. Wanneer jy dit doen, sal jou hart vanself vrug voortbring. Dit is waarvoor hy gemaak is. Die manier waarop dinge in jou lewe werk, sal outomaties verander. Die vers vervolg: *Eers ŉ halm, dan ŉ aar, dan die vol koringaar."* Dit impliseer dat groei en volwassenheid sekere stadiums of stappe behels. Mense kom gereeld na my toe en sê dat hulle God vir iets edel vertrou, iets waarmee ek kan saamstem. Maar as hulle nog nooit iets vir die Here gedoen het nie, nog nooit ŉ persoon na die Here toe gelei het nie, kan ek hulle waarborg dat hulle nie binne die volgende paar weke ŉ televisie- of radiobediening gaan hê nie.

ŉ Mens moet stapsgewys te werk gaan. Daar is stadiums wanneer ons van God ontvang, en dit is wat Jesus met hierdie gelykenis illustreer. Eerstens ontvang ons saad in die vorm van die Woord, dan kom die hoop, dan die geloof en dan die resultate. Oorwinning is ŉ proses. Niemand versnel in ŉ oogwink van nul tot duisend kilometer per uur nie. Die lewe werk nie so nie – maak nie saak hoe edel jou begeerte is nie. Hierdie Skrifgedeelte leer ons dat God se koninkryk soos ŉ saad

is. Die Woord moet in jou hart geplant word, en die groei vind in fases plaas: eers die halm, dan die aar, dan die vol koringaar. In die volgende vers lees ons: *"En wanneer die graan ryp is, steek hy dadelik die sekel in, omdat die oestyd daar is."* Na afloop van die verskillende stadiums, sal daar 'n tyd van vrugbaarheid en volwassenheid aanbreek.

In vers 35 lees ons die volgende: *"Laat daardie middag sê Jesus vir sy dissipels: 'Kom ons vaar oorkant toe.'"* Jesus het daardie hele dag met hulle oor die krag van die Woord gepraat, dat die Woord soos 'n saad is en dat dit God se lewe in jou lewe sal voortbring. Hy het in minstens tien gelykenisse hieroor gepraat, en nou was dit tyd om hulle te toets. Hy het vir hulle gesê: "Nou goed, hier is die woord van die Here – kom ons vaar na die oorkant van die meer." Hy sê nie: "Kom ons klim in die skuit, vaar tot in die middel van die meer en verdrink," nie, maar "Kom ons vaar oorkant toe." Toe klim hy in die skuit en raak aan die slaap. Dan lees ons dat daar 'n groot storm losgebars en die boot vol water geword het. Hou in gedagte dat dit nie 'n boot met 'n onderdek-kajuit was waar Jesus droog was en nie geweet het wat aangaan nie. Dit was 'n oop skuit en Jesus het te midde van die onstuimige water in die skuit geslaap. Wat dit so treffend maak, is die feit dat Hy geweet het wat aan die gang was, maar steeds geslaap het. Die dissipels het ontsteld geraak, na Hom toe gekom en gesê: "Meester, gee U dan nie om dat ons vergaan nie?" Hulle het as't ware gesê: "Doen iets! Help om water uit te skep! Roei, doen net iets! U bring nie u kant nie!"

Baie mense doen dit vandag nog en sê vir die Here: "Hoekom doen U nie iets nie?" God het iets gedoen. Hy het alles wat ons nodig het, deur die versoeningswerk van Jesus voorsien. Hy het sy Woord gegee en 'n oorvloed van saad voorsien. Dit is ons werk om dit in ons harte te saai. Hy het die Woord voorsien, en dis ons werk om die saad te neem, dit in ons harte te plant en daaroor te mediteer, totdat dit lewe voortbring. Maar die dissipels het Jesus wakker gemaak en gesê: "Hoekom doen U nie iets nie!" Hy het opgestaan, die wind en golwe bestraf, en daar het 'n groot kalmte gekom. Toe draai Hy na sy dissipels en sê: "Waarom is julle so bang? Waar is julle geloof?" Hy het nie gesê: "Sjoe, ouens, Ek's jammer. Ek moes iets gedoen het" nie. Nee, dit was sy werk om die Woord te bring en vir hulle beloftes te gee, en dit was hulle werk om die Woord te neem en die beloftes te glo. Deur Jesus se koms na hierdie wêreld het God in al ons behoeftes voorsien. In die vorm van saad uit die Woord het Hy jou alles gegee wat jy nodig het om in elke area van jou lewe suksesvol te wees. Al wat jy moet doen, is om die saad van God se Woord te neem en in jou hart te plant deur die Woord te lees, daaroor te mediteer, na te dink en toe te laat dat dit in jou hart wortel skiet. Namate jy dit doen, sal jy kan opstaan en die storms in jou lewe stilmaak.

Ek dink dit was God se begeerte dat hierdie dissipels Jesus se lering moes neem en sê: "Kom ons vaar na die oorkant toe." Hulle kon gesê het: "Volgens alles wat Hy ons vandag geleer het, is hierdie opdrag 'n belofte. Die Skepper van die heelal het gesê dat ons na die oorkant toe moet vaar, nie dat ons in die middel van die meer gaan verdrink nie." Hulle kon daardie belofte geneem het, dit met geloof gekombineer het, en die winde en golwe bestraf het. Dis presies wat Jesus gesê het: "Waarom is julle bang? Het julle dan nie geloof nie?" Dis tyd dat ons God se Woord glo en daarvolgens optree.

DISSIPELSKAPVRAE

1. Lees Matteus 13:19. Wat sal met die Woord van God gebeur as ons dit nie in ons harte plant nie?

2. Lees Josua 1:8. Wanneer moet ons God se woord oordink?

3. Lees Johannes 6:63. Volgens hierdie vers is God se Woord _____.

4. Lees Matteus 4:4. ŉ Mens behoort nie net van fisiese kos te lewe nie, maar van _____.

5. Lees Efesiërs 6:17. Met watter wapen kan God se Woord vergelyk word?

6. Kan ŉ swaard die vyand skade aandoen?

7. Lees Romeine 8:6. As ons God se Woord sy regmatige regte plek in ons lewe gee, bring dit _____.

SKRIFGEDEELTES VIR GEBRUIK SAAM MET VRAE

MATTEUS 13:19 – *"Die Bose kom by elkeen wat die woord van die koninkryk hoor maar dit nie verstaan nie, en vat dan weg wat in sy hart gesaai is. Dit is hy by wie daar op die pad gesaai is."*

JOSUA 1:8 – *"Hierdie wetboek moet die rigsnoer wees vir alles wat jy sê. Oordink dit dag en nag en sorg dat jy alles uitvoer wat daarin geskryf staan. Dan sal jy slaag in wat jy moet doen, jy sal voorspoedig wees."*

JOHANNES 6:63 – *"Dit is die Gees wat lewend maak, die vlees is van geen nut nie; die woorde wat Ek tot julle spreek, is gees en is lewe."*

MATTEUS 4:4 – *"Maar Hy antwoord: 'Daar staan geskrywe: ŉ Mens leef nie net van brood nie maar van elke woord wat uit die mond van God kom.'"*

EFESIËRS 6:17 – *"Sit verlossing as helm op en vat die swaard van die Gees, dit is die woord van God."*

ROMEINE 8:6 – *"Die dinge waarmee die sondige natuur van die mens hom besig hou, loop uit op die dood, maar die dinge waarmee die Gees Hom besig hou, bring lewe en vrede."*

DISSIPELSKAPVRAE

8. Lees 2 Korintiërs 3:18. Ons word gevul met dit waarop ons ons gedagtes rig. Waar moet ons fokus wees?

SKRIFGEDEELTES VIR GEBRUIK SAAM MET VRAE

2 KORINTIËRS 3:18 – *"En terwyl ons almal met onbedekte gesig soos in 'n spieël die heerlikheid van die Here aanskou, word ons van gedaante verander na dieselfde beeld, van heerlikheid tot heerlikheid, as deur die Here wat die Gees is."*

ANTWOORDE

1. Lees Matteus 13:19. Wat sal met die Woord van God gebeur as ons dit nie in ons harte plant nie?
   Die Bose sal dit wegneem, sodat dit nie in ons lewe sal vrug dra nie.

2. Lees Josua 1:8. Wanneer moet ons God se Woord oordink?
   Dag en nag.

3. Lees Johannes 6:63. Volgens hierdie vers is God se Woord ***gees en lewe***.

4. Lees Matteus 4:4. ŉ Mens behoort nie net van fisiese kos te lewe nie, maar van ***elke woord wat uit die mond van God kom***.

5. Lees Efesiërs 6:17. Met watter wapen kan God se Woord vergelyk word?
   ŉ Swaard.

6. Kan ŉ swaard die vyande skade aandoen?
   Ja.

7. Lees Romeine 8:6. As ons God se Woord sy regmatige plek in ons lewe gee, bring dit ***lewe en vrede***.

8. Lees 2 Korintiërs 3:18. Ons word gevul met dit waarop ons ons gedagtes rig. Waar moet ons fokus wees?
   Op die Here en sy heerlikheid.

© 2012, Andrew Wommack
Toestemming word verleen om afskrifte vir dissipelskapdoeleindes te maak, op voorwaarde dat dit gratis uitgereik word.

VLAK 1

LES 13
GOD IS ONSKULDIG

Deur Andrew Wommack

Vandag wil ek jou vertel van een van die belangrikste dinge wat God in my lewe kom doen het. Sommige mense dink dat alles wat met hulle gebeur van die Here af kom, dat Hy alles beheer. Omdat God uiteraard soewerein en almagtig is, aanvaar hulle eenvoudig dat Hy alles beheer wat in hulle lewe gebeur. Selfs ongelowiges glo dit. Hierdie leerstelling het in baie Christene se geloofslewe wortel geskiet. Dit is egter nie wat die Woord ons leer nie. Jakobus 1:13-17 lees: *"Iemand wat in versoeking kom, moet nooit sê: 'Ek word deur God versoek' nie; want God kan nie verlei word nie, en self verlei Hy niemand nie. Maar 'n mens word verlei deur sy eie begeertes wat hom aanlok en saamsleep. Daarna, as die begeertes bevrug geraak het, bring dit die sonde voort; en as die sonde ryp geword het, loop dit uit op die dood. Moenie julleself mislei nie, my liewe broers. Elke goeie gawe en elke volmaakte geskenk kom van Bo. Dit kom van die Vader wat die hemelligte geskep het maar wat self nie soos hulle verander of verduister nie."*

Hierdie vers stel dit baie duidelik dat God die gewer is van alles wat goed is. Jesus sê in Johannes 10:10: *"'n Dief kom net steel en slag en uitroei; Ek het gekom sodat hulle die lewe kan hê, en dit in oorvloed."* As iets goed is, kom dit van God af; as dit sleg is, is dit die duiwel. Die rede waarom ons dit moet weet, is omdat daar in Jakobus 4:17 staan: *"Onderwerp julle dan aan God; weerstaan die duiwel, en hy sal van julle af wegvlug."* Dit beteken dat ons aan God onderdanig moet wees of aan Hom moet beheer oorgee, en dat ons die duiwel moet weerstaan. Die woord "weerstaan" beteken dat ons aktief moet baklei.

Wanneer mense glo dat alles wat in hulle lewe gebeur, van God af kom – byvoorbeelde siekte, mislukking by die werk, werkloosheid, rebelse kinders of egskeiding – plaas dit hulle in 'n passiewe posisie. As hulle regtig glo dat God agter slegte situasies sit en dit gebruik om hulle te straf of te verander, sal hulle hulle uiteindelik teen Hom verset. Tog lees ons in Jakobus 4:7 dat ons die duiwel moet weerstaan en dat hy van ons sal wegvlug. Ons moet ons aan God onderwerp. Hieruit lei ons af dat sekere dinge van God af kom en sekere dinge van die duiwel. Daar is 'n bose mag in hierdie wêreld, en nie alles wat in jou lewe gebeur, kom van God af nie. As jy hierdie besef nie jou eie maak nie, sal jy jou op die ou end aan die duiwel onderwerp en in werklikheid aan die Satan mag gee.

Ek wil 'n gedeelte in Romeine uitlig omdat dit so dikwels misbruik word. Ek was al by begrafnisse waar mense niks van die Here af weet nie, nooit kerk toe gaan nie en glad nie die Bybel ken nie. Daar is egter een Skrifgedeelte wat hulle ken. In Romeine 8:28 staan daar: *"Ons weet dat God alles ten goede laat meewerk vir dié wat Hom liefhet, dié wat volgens sy besluit geroep is."* Mense dink hier staan dat alles wat in jou lewe gebeur, van die Here af kom en dat Hy dit op een of ander manier

ten goede laat meewerk Trouens, ek was by ŉ begrafnis van ŉ tienerseun en -meisie wat drank en dwelms gebruik het, te vinnig oor ŉ nat pad gery het, om ŉ hoek gejaag het en ŉ telefoonpaal getref het. Albei is dood, en by die begrafnis het die predikant hierdie Skrifgedeelte aangehaal: "Ons weet dat alles ten goede meewerk," en gesê dat daar ŉ doel moes wees waarom God dit gedoen het. Dit was nie God wat daardie tieners doodgemaak het nie en in ŉ sekere sin kan mens nie eens sê dat dit die duiwel was nie. Dit was die tieners. Ek is seker die duiwel het hulle verlei om teen hulle ouers en die samelewing se reëls te rebelleer, maar op die ou end was dit hulle keuse. Dit was hulle wat die dwelms en alkohol gebruik het, hulle wat die telefoonpaal getref het. Dit was ŉ natuurlike gevolg van hulle keuses; dit was nie God se handewerk nie.

Wat beteken dit wanneer daar staan: "Ons weet dat alles ten goede meewerk"? In die eerste plek skryf Paulus nie ons weet dat alles van God af kom en ten goede meewerk nie. Die stelling kom met ŉ voorwaarde: *"Vir dié wat Hom* [God] *liefhet."* Hierdie vers is nie van toepassing op iemand wat nie vir die Here lief is nie. Dit word so duidelik gestel dat dit eintlik vanselfsprekend is, maar daar is verstommend baie mense wat dit op gevalle soos dié van die twee rebelse tieners van toepassing maak. Hierdie belofte geld egter slegs vir dié wat God liefhet en na sy voorneme geroep is.

In 1 Johannes 3:8 staan daar: *"Vir hierdie doel het die Seun van God verskyn, om die werke van die duiwel te verbreek."* God het Homself in Jesus Christus geopenbaar om die Satan se werk te vernietig. Dít is sy voorneme, en dit sal slegs ten goede meewerk vir diegene wat in hierdie roeping lewe, die duiwel weerstaan en die bose se werk vernietig. Diegene wat die duiwel weerstaan en vir die Here lewe, kan sê dat die Here alles vir hulle ten goede laat meewerk, ongeag wat die duiwel in hulle lewe doen.

Ons moet begin besef dat God nie alles in ons lewe beheer nie. Daar is ŉ vyand wat kom om te vermoor, steel en vernietig, maar Jesus het gekom om vir ons lewe te gee. Ons moet die lewe kies en besef dat ons God nie kan beskuldig vir alles wat met ons gebeur nie.

As God ŉ fisiese mens was wat alles gedoen het waarvan Hy beskuldig word, soos om kanker, gebreklikheid, depressie, hartseer en smart uit te deel, kan ek jou waarborg dat daar nie ŉ owerheid op aarde sou wees wat Hom nie sou arresteer of in ŉ tronk stop of probeer keer nie. Maar God is meer genadig en liefdevol as enigiemand op aarde. Hoe kan ons dink dat Hy mense op bogenoemde maniere sou seermaak en al hierdie dinge sou doen? Sommige terugslae is demoniese aanvalle en sommiges is natuurlik, en nie alle rampe word deur God verorden nie. Versekeringsmaatskappye skryf dikwels in hulle dokumente "Godsdade (Acts of God), soos aardbewings en peste". Nee. God is nie die outeur van hierdie dinge nie.

DISSIPELSKAPVRAE

1. Lees Jakobus 1:13. Is God daarvoor verantwoordelik dat mense deur die bose verlei word?

2. Lees Jakobus 1:17. Waar kom goeie gawes vandaan?

3. Lees Johannes 10:10. Wie is die dief?

4. Lees Johannes 10:10. Wat wil hy kom doen?

5. Lees Johannes 10:10. Waarom het Jesus gekom?

6. Lees Jakobus 4:7. Wat gebeur wanneer jy jou aan die Here onderwerp en die duiwel weerstaan?

7. Lees Romeine 8:28. Staan hier dat alles van God af kom?

8. Lees Handelinge 10:38. Kom siekte van die Here af?

9. Lees 1 Johannes 3:8. Om watter rede het die Seun van God verskyn?

SKRIFGEDEELTES VIR GEBRUIK SAAM MET VRAE

JAKOBUS 1:13 – *"Iemand wat in versoeking kom, moet nooit sê: 'Ek word deur God versoek' nie; want God kan nie verlei word nie, en self verlei Hy niemand nie."*

JAKOBUS 1:17 – *"Elke goeie gawe en elke volmaakte geskenk kom van Bo. Dit kom van die Vader wat die hemelligte geskep het maar wat self nie soos hulle verander of verduister nie."*

JOHANNES 10:10 – *"'n Dief kom net steel en slag en uitroei; Ek het gekom sodat hulle die lewe kan hê, en dit in oorvloed."*

JAKOBUS 4:7 – *"Onderwerp julle dan aan God; weerstaan die duiwel, en hy sal van julle af wegvlug."*

ROMEINE 8:28 – *"Ons weet dat God alles ten goede laat meewerk vir dié wat Hom liefhet, dié wat volgens sy besluit geroep is."*

HANDELINGE 10:38 – *"Julle weet van Jesus van Nasaret, dat God Hom met die Heilige Gees gesalf en met krag toegerus het. Hy het rondgegaan, oral goeie werke gedoen en almal gesond gemaak wat in die mag van die duiwel was, want God was by Hom."*

1 JOHANNES 3:8B – *"Vir hierdie doel het die Seun van God verskyn, om die werke van die duiwel te verbreek."*

ANTWOORDE

1. Lees Jakobus 1:13. Is God daarvoor verantwoordelik dat mense deur die bose verlei word?
   Nee.

2. Lees Jakobus 1:17. Waar kom goeie gawes vandaan?
   Die Vader wat die hemelligte geskep het.

3. Lees Johannes 10:10. Wie is die dief?
   Die duiwel.

4. Lees Johannes 10:10. Wat wil hy kom doen?
   Steel en slag en uitroei.

5. Lees Johannes 10:10. Waarom het Jesus gekom?
   Om vir ons die lewe in oorvloed te gee.

6. Lees Jakobus 4:7. Wat gebeur wanneer jy jou aan die Here onderwerp en die duiwel weerstaan?
   Hy sal van my af wegvlug.

7. Lees Romeine 8:28. Staan hier dat alles van God af kom?
   Nee.

8. Lees Handelinge 10:38. Kom siekte van die Here af?
   Nee.

9. Lees 1 Johannes 3:8. Om watter rede het die Seun van God verskyn?
   Om die werke van die duiwel te verbreek.

© 2012, Andrew Wommack
Toestemming word verleen om afskrifte vir dissipelskapdoeleindes te maak, op voorwaarde dat dit gratis uitgereik word.

VLAK 1

LES 14
DIE KRAG VAN ’N GEESVERVULDE LEWE

Deur Don Krow

Markus 16:15-16 staan as die Groot Opdrag bekend. Jesus het vir sy dissipels gesê: *“Gaan uit, die hele wêreld in, en verkondig die evangelie aan die hele mensdom. Wie tot geloof gekom het en gedoop is, sal gered word; wie nie glo nie, sal veroordeel word.”* In Handelinge 8 vers 5 en 12 sien ons dat hierdie opdrag deur die prediking van Filippus in Samaria uitgevoer word. *“So het dit gekom dat Filippus by ŉ stad in Samaria gekom het en Christus daar verkondig het... Toe Filippus die evangelie van die koninkryk van God en die Naam van Jesus Christus aan hulle verkondig het, het hulle gelowig geword, en mans sowel as vrouens is gedoop.”*

Het hierdie mense van Samaria Christene geword? Ja, volgens Markus 16:15-16 het hulle. Filippus het na ŉ stad in Samaria toe gegaan en Jesus Christus verkondig. Die mense het tot geloof gekom en is gedoop, mans sowel as vrouens. In die lig van die Groot Opdrag kan ons sê dat hierdie mense gered is, maar is hulle met die Heilige Gees gedoop?

Ons lees in die Bybel dat Johannes mense met water gedoop het, maar slegs Jesus Christus kon met die Heilige Gees doop. Volgens die Woord het hierdie mense geglo, is hulle gered en met water gedoop, maar hulle is nooit met die Heilige Gees gedoop nie. In Handelinge 8:14-17 lees ons: *“Toe die apostels in Jerusalem hoor dat die mense in Samaria die woord van God aanvaar het, het hulle vir Petrus en Johannes daarheen gestuur. Dié het toe gegaan en vir die mense daar gebid dat hulle die Heilige Gees mag ontvang, want die Gees het nog nie op een van hulle gekom nie; hulle was net in die Naam van die Here Jesus gedoop. Die apostels het hulle die hande opgelê, en hulle het die Heilige Gees ontvang.”*

Uit hierdie gedeelte sien ons dat net omdat ŉ persoon gelowig geword, gedoop en gered is, dit nié noodwendig beteken dat hy die doop met die Heilige Gees ontvang het nie. Die Heilige Gees het in hulle lewens ingekom – in Johannes 20:22 sien ons dat die dissipels die Heilige Gees ontvang het – maar dit was op Pinksterdag dat hulle met die Heilige Gees gedoop is en deur God bekragtig is. Daar is ŉ verskil tussen die lewendmakende krag van die Heilige Gees tydens iemand se redding en die doop met die Heilige Gees wanneer Hy oor ŉ persoon kom. ’n Mens word as’t ware in die Heilige Gees gedompel wanneer Hy oor jou kom en jou krag gee. Selfs al is iemand gered, beteken dit nie dat hy met die Heilige Gees gedoop is nie.

Ons lees in Handelinge 19:1-2: *“En terwyl Apollos in Korinte was, het Paulus die boonste landstreke deurgereis en in Efese gekom; en daar het hy sommige dissipels gevind en hulle gevra: Het julle die Heilige Gees ontvang toe julle gelowig geword het? En hulle antwoord hom: Ons het*

nie eens gehoor dat daar 'n Heilige Gees is nie." Toe Paulus vra of hulle die Heilige Gees ontvang het, was hulle antwoord dat hulle nie van 'n Heilige Gees weet nie. Daarop het Paulus gevra: "As julle nie met die Heilige Gees gedoop is toe julle tot geloof gekom het nie, waarmee is julle dan gedoop?" Hulle het geantwoord: "Met die doop van Johannes." Daarop het Paulus meer volledig verduidelik dat Jesus die Christus is en daarna is die gelowiges in sy Naam gedoop. In verse 6-7 staan daar: *"Paulus het hulle ook die hande opgelê. Toe het die Heilige Gees op hulle gekom en hulle het ongewone tale of klanke gebruik, en God se boodskap verkondig. Hulle was altesaam omtrent twaalf."*

Selfs al was hierdie mense dissipels wat in die Messias geglo het wat sou kom, was hulle nie met die Heilige Gees gedoop nie. Iemand kan die Here aanneem en met water gedoop word, sonder dat hy met die Heilige Gees gedoop is. Die doop met die Heilige Gees is 'n afsonderlike gebeurtenis wat nie noodwendig saam met bekering plaasvind nie.

Alhoewel ek iemand met water kan doop, kan ek hom nie met die Heilige Gees doop nie; slegs Jesus kan dit doen. Dalk het jy Jesus nog nooit gevra het om jou met die Heilige Gees te doop nie. Waarom doen jy dit nie sommer nou nie? In Lukas 11:13 lees ons: *"As julle wat sleg is, dan weet om vir julle kinders goeie dinge te gee – die Vader in die hemel nog baie meer! Hy sal die Heilige Gees gee vir dié wat vra."* Waarom vra jy Hom nie vandag nie?

DISSIPELSKAPVRAE

1. Lees Markus 16:16 en daarna Handelinge 8:5, 12. Het die mense wat in Handelinge 8:12 beskryf is, Christene geword?

2. Lees Handelinge 8:14-16. Is hierdie mense met die Heilige Gees gedoop?

SKRIFGEDEELTES VIR GEBRUIK SAAM MET VRAE

MARKUS 16:16 – *"Wie tot geloof gekom het en gedoop is, sal gered word; wie nie glo nie, sal veroordeel word."*

HANDELINGE 8:5, 12 – *"**[5]** So het dit gekom dat Filippus by 'n stad in Samaria gekom het en Christus daar verkondig het... **[12]** Maar toe Filippus die evangelie van die koninkryk van God en die Naam van Jesus Christus aan hulle verkondig het, het hulle gelowig geword, en mans sowel as vrouens is gedoop."*

HANDELINGE 8:14-16 – *"**[14]** Toe die apostels in Jerusalem hoor dat die mense in Samaria die woord van God aanvaar het, het hulle vir Petrus en Johannes daarheen gestuur. **[15]** Dié het toe gegaan en vir die mense daar gebid dat hulle die Heilige Gees mag ontvang, **[16]** want die Gees het nog nie op een van hulle gekom nie; hulle was net in die Naam van die Here Jesus gedoop."*

DISSIPELSKAPVRAE

3. Lees Handelinge 19:1-5. Is hierdie mense gelowiges?

4. Lees Handelinge 19:6-7. Is hulle met die Heilige Gees gedoop?

SKRIFGEDEELTES VIR GEBRUIK SAAM MET VRAE

HANDELINGE 19:1-5 –
*"**[1]** En terwyl Apollos in Korinte was, het Paulus die boonste landstreke deurgereis en in Efese gekom; en daar het hy sommige dissipels gevind **[2]** en hulle gevra: Het julle die Heilige Gees ontvang toe julle gelowig geword het? En hulle antwoord hom: Ons het nie eens gehoor dat daar 'n Heilige Gees is nie." **[3]** En hy vra hulle: Met watter doop is julle dan gedoop? En hulle antwoord: Met die doop van Johannes. **[4]** Daarop sê Paulus: Johannes het met die doop van bekering gedoop en aan die volk gesê dat hulle moes glo in die Een wat ná hom kom, dit is in Christus Jesus. **[5]** En toe hulle dit hoor, is hulle gedoop in die Naam van die Here Jesus."*

HANDELINGE 19:6-7 –
*"**[6]** Paulus het hulle ook die hande opgelê. Toe het die Heilige Gees op hulle gekom en hulle het ongewone tale of klanke gebruik, en God se boodskap verkondig. **[7]** Hulle was altesaam omtrent twaalf."*

DISSIPELSKAPVRAE

5. Lees Lukas 11:13. Wat moet ons volgens hierdie vers doen om die Heilige Gees te ontvang?

6. Lees 1 Korintiërs 14:2. Wat doen 'n persoon wanneer hy in ongewone tale praat?

7. Lees 1 Korintiërs 14:14. Wat doen 'n persoon wanneer hy in ongewone tale praat?

8. Lees 1 Korintiërs 14:16-17. Wat doen 'n persoon wanneer hy in ongewone tale praat?

9. Lees Handelinge 2:4. Is dit die Heilige Gees of die persoon self wat praat wanneer iemand ongewone tale gebruik?

10. Lees Handelinge 2:4. Wie gee die uitinge aan die persoon?

SKRIFGEDEELTES VIR GEBRUIK SAAM MET VRAE

LUKAS 11:13 – *"As julle wat sleg is, dan weet om vir julle kinders goeie dinge te gee – die Vader in die hemel nog baie meer! Hy sal die Heilige Gees gee vir dié wat vra."*

1 KORINTIËRS 14:2 – *"Iemand wat ongewone tale of klanke gebruik, praat nie met mense nie maar met God. Niemand verstaan hom nie, want deur die Gees sê hy onbegryplike dinge."*

1 KORINTIËRS 14:14 – *"Want as ek ongewone tale of klanke gebruik wanneer ek bid, dan bid my gees, maar my verstand is nie daarby betrokke nie."*

1 KORINTIËRS 14:16-17 – *"**[16]** Anders, as jy met die gees 'n dankgebed doen, hoe sal 'n gewone mens wat daar teenwoordig is, op jou dankgebed 'Amen' kan sê? Hy verstaan mos nie wat jy sê nie. **[17]** Jou dankgebed is wel goed, maar ander mense word nie daardeur geestelik opgebou nie."*

HANDELINGE 2:4 – *"En hulle is almal vervul met die Heilige Gees en het begin spreek in ander tale, soos die Gees aan hulle gegee het om uit te spreek."*

ANTWOORDE

1. Lees Markus 16:16 en daarna Handelinge 8:5, 12. Het die mense wat in Handelinge 8:12 beskryf is, Christene geword?
   Ja.

2. Lees Handelinge 8:14-16. Is hierdie mense met die Heilige Gees gedoop?
   Nee.

3. Lees Handelinge 19:1-5. Is hierdie mense gelowiges?
   Ja.

4. Lees Handelinge 19:6-7. Is hulle met die Heilige Gees gedoop?
   Nee.

   LET WEL: Dit is ŉ aanduiding dat die doop met die Heilige Gees en bekering afsonderlike gebeurtenisse is.

5. Lees Lukas 11:13. Wat moet ons volgens hierdie vers doen om die Heilige Gees te ontvang?
   Vra.

6. Lees 1 Korintiërs 14:2. Wat doen ŉ persoon wanneer hy in ongewone tale praat?
   Hy praat met God en sê onbegryplike dinge.

7. Lees 1 Korintiërs 14:14. Wat doen ŉ persoon wanneer hy in ongewone tale praat?
   Sy gees bid tot die Here.

8. Lees 1 Korintiërs 14:16-17. Wat doen ŉ persoon wanneer hy in ongewone tale praat?
   Hy doen ŉ dankgebed met sy gees (en loof die Here).

9. Lees Handelinge 2:4. Is dit die Heilige Gees of die persoon self wat praat wanneer iemand ongewone tale gebruik?
   Die persoon self.

10. Lees Handelinge 2:4. Wie gee die uitinge aan die persoon?
    Die Heilige Gees.

© 2012, Andrew Wommack
Toestemming word verleen om afskrifte vir dissipelskapdoeleindes te maak, op voorwaarde dat dit gratis uitgereik word.

VLAK 1

LES 15
HOE OM DIE HEILIGE GEES TE ONTVANG

Deur Don Krow

Vandag gesels ons oor hoe om die Heilige Gees te ontvang. In Handelinge 10:1-2 lees ons: *"In Sesarea was daar 'n man met die naam Cornelius, 'n kaptein in die Italiese regiment. Hy was godsdienstig en godvresend, hy en sy hele huisgesin. Hy het baie gedoen om die armes onder die Joodse volk te help en het gereeld tot God gebid."* Hy was 'n goeie mens, het gedoen wat reg is, God gevrees, baie geld aan die armes gegee en daar staan dat hy gereeld gebid het. Maar ten spyte van die feit dat hy goeie werke gedoen het, God gevrees het en gereeld gebid het, het hy nie 'n persoonlike verhouding met God deur Jesus Christus gehad nie.

In verse 3-6 staan daar: *"Hy het duidelik in 'n gesig omtrent die negende uur van die dag* [ongeveer drie-uur die middag] *'n engel van God na hom sien inkom en vir hom sê: Cornelius! En hy het die oë op hom gehou en vol vrees gesê: Wat is dit, my heer? Toe antwoord hy hom: Jou gebede en jou aalmoese* [gawes] *het voor God in gedagtenis gekom. Stuur dan nou manne na Joppe en laat vir Simon haal wat ook Petrus genoem word. Hy is tuis by 'n sekere Simon, 'n leerlooier, wie se huis by die see is. Hy sal jou sê wat jy moet doen"* (my hakies).

Alhoewel hierdie man Godvresend was en, wat sy dade betref, 'n regverdige man wat gereeld gebid het, het God 'n engel gestuur wat hom opdrag gegee het om Simon Petrus te laat kom. Dié sou vir hom sê wat hy moes doen. In Handelinge 10:43 lees ons presies wat Petrus vir hom moes sê: *"Van Hom* [Jesus] *getuig al die profete dat elkeen wat in Hom glo, vergewing van sondes deur sy Naam ontvang"* (my hakies). Is dit nie ongelooflik nie? Hierdie man van wie ons soveel goeie dinge kan sê, het nie 'n verhouding met God deur Jesus Christus gehad nie. God het gesê: "Jy doen wonderlike dinge en Ek sien dit raak; daarom het Ek 'n engel gestuur om vir jou te sê dat jy 'n man met die naam Petrus moet laat kom. Hy sal vir jou sê wat jy moet doen." Toe Petrus in Handelinge 10:43 by Kornelius aankom, het hy gesê: *Elkeen wat in Hom* [die Here Jesus Christus] *glo,(sal) vergewing van sondes deur sy Naam ontvang"* (my hakies).

Kyk wat het hier gebeur. *"Terwyl Petrus nog praat, het die Heilige Gees op almal gekom wat na die woord geluister het"* (Hand. 10:44). Cornelius het tot geloof gekom en die vergewing van sondes ontvang. Daarna het die Heilige Gees op hom en almal in die huis gekom. In vers 45 staan daar: *"En die gelowiges uit die besnydenis, almal wat saam met Petrus gekom het, was verbaas dat die gawe van die Heilige Gees ook op die heidene uitgestort is." Hoe het hulle dit geweet? "Want hulle het gehoor hoe hulle in tale spreek en God groot maak"* (vers 46).

Elke keer wanneer die Heilige Gees in die Nuwe Testament op iemand kom, is daar ’n manifestasie van die Heilige Gees as teken dat die persoon die met die Gees vervul is. In die Nuwe Testament het hulle gewoonlik in tale gepraat of geprofeteer.

Ek het een aand in ’n veld in Dallas eenvoudig gekniel en gebid: “Here, ek weet nie mooi hoe werk die spreek in tale en die doop met die Heilige Gees waarvan mense praat nie, maar as daar ’n manier is waarop ek U kan prys, U kan grootmaak, waarop ek bo die beperkings van my menslike taal kan uitstyg, wil ek dit hê. Ek het God begin aanbid en terwyl ek besig was, het die Heilige Gees vir my ’n taal gegee, klanke wat ek nie geken of aangeleer het nie. Die Bybel sê in Handelinge 2:4, *“En hulle is almal vervul met die Heilige Gees en het begin spreek in ander tale, soos die Gees aan hulle gegee het om uit te spreek.”* Wie het die praatwerk gedoen? Hulle het. Wie het die woorde gegee? Die Heilige Gees.

In Lukas 11:13 lees ons: *“As julle wat sleg is, dan weet om vir julle kinders goeie dinge te gee – die Vader in die hemel nog baie meer! Hy sal die Heilige Gees gee vir dié wat vra.”* Al wat jy nou moet doen is om te vra, te glo dat jy ontvang, jou aan God oor te gee en die Here te aanbid. Dan sal Hy jou die klanke gee om Hom te loof en aanbid in ’n taal wat jy nie ken nie.

DISSIPELSKAPVRAE

1. Beskryf 'n paar van die terme wat die Bybel vir redding gebruik.

2. Lees Handelinge 11:15. Hoe word die ervaring van die doop met die Heilige Gees in hierdie vers beskryf?

SKRIFGEDEELTES VIR GEBRUIK SAAM MET VRAE

JOHANNES 3:3 – *"Daarop sê Jesus vir hom: 'Dit verseker Ek jou: As iemand nie opnuut gebore word nie, kan hy die koninkryk van God nie sien nie.'"*

HANDELINGE 3:19-20A – *"Daarom, bekeer julle en kom tot inkeer. Dan sal God julle sondes uitwis. En dan sal daar tye van verkwikking van die Here af kom."*

MARKUS 16:16 – *"Wie tot geloof gekom het en gedoop is, sal gered word; wie nie glo nie, sal veroordeel word."*

KOLOSSENSE 2:13 – *"Julle was dood deurdat julle gesondig het en deurdat julle sondige natuur nog nie weggeneem was nie. God het julle egter saam met Christus lewend gemaak deurdat Hy ons al ons sondes vergewe het."*

ROMEINE 8:9 – *"Julle word egter nie deur julle sondige natuur beheers nie, maar deur die Gees, want die Gees van God woon in julle. As iemand die Gees van Christus nie het nie, behoort hy nie aan Christus nie."*

MATTEUS 25:46 – *"En hulle sal weggaan in die ewige straf, maar die regverdiges in die ewige lewe."*

HANDELINGE 11:15 – *"En toe ek begin spreek, het die Heilige Gees op hulle geval soos ook op ons in die begin."*

DISSIPELSKAPVRAE

3. Jesus se dissipels het die Heilige Gees ontvang (Joh. 20:22), maar ŉ paar dae later is hulle met die Heilige Gees gedoop (Hand. 2:1-4). Kyk na en vergelyk hierdie feite (Joh. 20:22 en Hand. 2:1-4).

SKRIFGEDEELTES VIR GEBRUIK SAAM MET VRAE

JOHANNES 20:22 – *"Nadat Hy dit gesê het, blaas Hy oor hulle en sê: 'Ontvang die Heilige Gees.'"*

HANDELINGE 2:1-4 – *"**[1]** Toe die dag van die pinksterfees aanbreek, was hulle almal op een plek bymekaar. **[2]** Skielik was daar ŉ geluid uit die hemel soos van ŉ geweldige stormwind, en dit het die hele vertrek gevul waar hulle gesit het. **[3]** Hulle het iets soos vuur gesien wat in tonge verdeel en op elkeen van hulle gekom het. **[4]** Almal is met die Heilige Gees vervul en hulle het in ander tale begin praat soos die Heilige Gees dit aan hulle gegee het om onder sy leiding te doen."*

DISSIPELSKAPVRAE

4. Lees Handelinge 1:8. Wat is die doel van die doop met die Heilige Gees?

5. Lees Handelinge 2:38-39 en 1 Korintiërs 1:7. Is die doop met die Heilige Gees ook vir ons bedoel?

6. Lees Lukas 11:13. Wat moet jy doen as jy nog nie die doop met die Heilige Gees ontvang het nie?

7. Lees Handelinge 2:4. Sal jy die gebedstaal wat jy van God ontvang het, praat en gebruik om God te aanbid?

SKRIFGEDEELTES VIR GEBRUIK SAAM MET VRAE

HANDELINGE 1:8 – *"Maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal my getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judea en in Samaria en tot in die uithoeke van die wêreld."*

HANDELINGE 2:38-39 – *"**[38]** Toe antwoord Petrus hulle: 'Bekeer julle en laat elkeen van julle gedoop word in die Naam van Jesus Christus. Dan sal God julle sondes vergewe, en sal julle die Heilige Gees as gawe ontvang. **[39]** Wat God belowe het, is vir julle en vir julle kinders en vir almal wat daar ver is, vir almal wat die Here ons God na Hom toe sal roep.'"*

1 KORINTIËRS 1:7 – *"Dat dit julle nie aan 'n enkele genadegawe ontbreek nie. Julle bly ook vol verwagting uitsien na die verskyning van ons Here Jesus Christus."*

LUKAS 11:13 – *"As julle wat sleg is, dan weet om vir julle kinders goeie dinge te gee – die Vader in die hemel nog baie meer! Hy sal die Heilige Gees gee vir dié wat vra."*

HANDELINGE 2:4 – *"En hulle is almal vervul met die Heilige Gees en het begin spreek in ander tale, soos die Gees aan hulle gegee het om uit te spreek"*

ANTWOORDE

1. Beskryf ŉ paar van die terme wat die Bybel vir redding gebruik.
   Om weer gebore te word (Joh. 3:3), bekering (Hand. 3:19), om te glo en gedoop te word (Mark. 16:16), die vergifnis van sonde (Kol. 2:13), om die Gees van Christus te ontvang (Rom. 8:9), en die ewige lewe (Matt. 25:46).

2. Lees Handelinge 11:15. Hoe word die ervaring van die doop met die Heilige Gees in hierdie vers beskryf?
   As die Heilige Gees wat op iemand val.

3. Jesus se dissipels het die Heilige Gees ontvang (Joh. 20:22), maar ŉ paar dae later word hulle met die Heilige Gees gedoop (Hand. 2:1-4). Kyk na en vergelyk hierdie feite (Joh. 20:22 en Hand. 2:1-4).
   In Johannes 20:22 het die dissipels die Heilige Gees ontvang. In Handelinge 2:1-4 is dieselfde dissipels met die Heilige Gees gevul (wat ŉ innerlike en uiterlike doping behels).

   Sien Handelinge 1:8.

4. Lees Handelinge 1:8. Wat is die doel van die doop met die Heilige Gees?
   Om gelowiges krag te gee om te dien (of getuig).

5. Lees Handelinge 2:38-39 en 1 Korintiërs 1:7. Is die doop met die Heilige Gees ook vir ons bedoel?
   Ja. Die gawes van die Heilige Gees sal eers met Jesus se wederkoms tot ŉ einde kom, nie voor die tyd nie.

6. Lees Lukas 11:13. Wat moet jy doen as jy nog nie die doop met die Heilige Gees ontvang het nie?
   Vra God daarvoor.

7. Lees Handelinge 2:4. Sal jy die gebedstaal wat jy van God ontvang het, praat en gebruik om Hom te aanbid?
   Ja. Ek sal praat, maar die Heilige Gees sal vir my die klanke (taal) gee.

© 2012, Andrew Wommack
Toestemming word verleen om afskrifte vir dissipelskapdoeleindes te maak, op voorwaarde dat dit gratis uitgereik word.

VLAK 1

LES 16
VOORDELE VAN SPREEK IN TALE

Deur Andrew Wommack

Een van die dinge wat gebeur het toe gelowiges vir die eerste keer met die Heilige Gees gedoop is, was dat almal wat teenwoordig was, in tale gepraat het. In Handelinge 2:4 lees ons dat hulle op Pinksterdag met die Heilige Gees vervul is en in ander tale gepraat het soos die Heilige Gees dit aan hulle gegee het. Regdeur die boek Handelinge was daar telkens ŉ manifestasie van God se teenwoordigheid wanneer mense die Heilige Gees ontvang het.

Die Heilige Gees gaan natuurlik oor baie meer as die spreek in tale, maar dit is een van die belangrike manifestasies. 1 Korintiërs 14:13-14 lees: *"Daarom moet hy wat in 'n taal spreek, bid dat hy dit kan uitlê. Want as ek in 'n taal bid, dan bid my gees, maar my verstand is onvrugbaar."* Wanneer jy in tale bid, is dit jou gees wat bid. As jy ongewone tale gebruik, moet jy bid dat jy dit kan uitlê sodat jou verstand vrugbaar kan wees.

Ek kan persoonlik getuig dat my lewe dramaties verander het toe ek met die Heilige Gees gedoop is en in tale begin praat het. Met my wedergeboorte het Christus in my kom lewe en met sy volheid gevul, maar toe die Heilige Gees op my gekom het, is Jesus se inwoning aan my en ander mense geopenbaar. ŉ Paar dinge het gebeur. Gedurende die eerste jaar toe ek in tale gebid het, het my verstand bly sê dat dit absurd is, dat ek net besig was om my tyd te mors. Dit het geloof geverg om in tale te bid. Om hierdie rede word ons in Judas 20 aangesê om ons in ons allerheiligste geloof op te bou. Dit verplaas jou van jou natuurlike denke en redevoering na ŉ bonatuurlike dimensie van geloof.

Nog iets wat ek ervaar het, was dat wanneer ek in tale gebid het, mense se name by my sou opkom aan wie ek jare gelede gedink het. Ek sou vir hulle begin bid en ŉ dag of twee later sou hulle my bel en vertel dat daar iets wonderliks gebeur het. Dit het soveel kere gebeur dat ek uiteindelik begin het om die stukkies bymekaar te pas. Ek het besef dat wanneer ek in tale bid, ek met ŉ wysheid bid wat my verstandelike insig oortref. My gees wat alles ken en wat die Gees van Christus het, het op maniere gebid wat ek nooit met my fisiese verstand sou kon nie.

Op ŉ dag het ek in tale gebid – soos ek sê, dit het geloof geverg om in tale te bid – en ek het met gedagtes gestoei soos: *Jy kan in Engels bid en meer bereik as met hierdie brabbeltaal.* Ek moes hierdie gedagtes gevange neem en het net aanhou bid. ŉ Man wat ek vier jaar tevore gesien het, het aan my deur geklop. Hy het ingekom, niks gesê nie, net gaan sit en huilend begin om sy hart en probleme uit te stort. Ek het daar sit en dink: *Plaas ek eerder in Engels gebid het.* My volgende gedagte was: *Hoe sou ek in elk geval geweet het dat ek vir hierdie man moes bid*

wat ek vier jaar laas gesien het? Uiteindelik het dit tot my deurgedring dat God besig was om my voor te berei terwyl ek daar sit en bid het. Ek het vir hom ingetree op maniere waarop ek nooit sou kon, indien ek met my verstand gebid het nie. Terwyl ons daar gesit het, het ek 'n openbaring ontvang en ek het vir hom gesê: "Ek kan vir jou sê wat jou probleem is." Ek het sy verhaal voltooi en hom sy antwoord gegee.

Hierdie insident het plaasgevind toe ek nog in 'n tradisionele kerk was. My vriend het nie geweet wat met my gebeur het nie en ek was ook nie seker nie. Dit het ons albei bang gemaak. Maar dit was 'n manifestasie van God se krag en Hy het dit bonatuurlik gebruik. Dit werk so: Wanneer jy in tale bid, is dit jou gees wat bid. Jou gees is wedergebore, het die Gees van Christus en weet presies wat om te doen. God het jou gees gesalf sodat jy alles ken, en daar is geen beperkings in jou gees nie. As jy vanuit die krag en openbaring van jou gees lewe, sal dit jou fisiese lewe transformeer. Een van die maniere waarop jy dit kan doen, is om bloot in tale te begin bid. Bewapen jouself met die gedagte dat jy besig is om jou in jou allerheiligste geloof op te bou, dat jou gees volgens die verborge wysheid van God bid en dat God die volmaakte openbaring sal gee. Bid dan dat jy dit kan uitlê (1 Kor. 14:13). Dit beteken nie dat jy moet ophou om in tale te bid en in Afrikaans moet begin bid om dit te interpreteer nie; dit beteken net dat jou verstand daarby betrokke (vrugbaar) sal wees.

As jy tydens 'n erediens 'n boodskap in tale bring, moet jy geleentheid gee dat dit in jou eie taal geïnterpreteer word. As ek op my eie bid, bid ek in tale en vertrou dat God vir my die openbaring sal gee. Soms is dit net my gesindheid wat verander. Soms ontvang ek nie 'n spesifieke boodskap nie, maar ek begin dinge duideliker sien en kry 'n nuwe perspektief. Dit neem soms 'n week voordat ek die volle openbaring kry, maar ek glo dat die tyd wat ek in gebed deurbring terwyl ek glo dat ek dit interpreteer, deel is daarvan.

Daar is baie redes waarom dit belangrik is om in tale te praat, nie bloot as bewys dat jy die Heilige Gees ontvang het nie. Dit behoort deel te wees van jou daaglikse lewe. Dit is 'n manier waarop jou hart direk met die Vader kommunikeer, sonder die vertwyfeling en vrees wat met jou verstand gepaard gaan. Dit is 'n manier om jou in jou allerheiligste geloof op te bou en die verborge kennis van God te openbaar. Ek bid dat julle almal hierin sal vloei, dat julle geloof uitgebou sal word en dat julle volkome by hierdie gawe sal baat.

DISSIPELSKAPVRAE

1. Lees Judas 1:20. Op watter wonderlike manier baat ons daarby wanneer ons in die Gees bid?

2. Lees Handelinge 2:4. Hoeveel mense is met die Heilige Gees vervul?

3. Lees Handelinge 2:4. Wat het hulle as gevolg van hierdie vervulling gedoen?

4. Lees 1 Korintiërs 14:14. Watter deel van jou bid wanneer jy in 'n onbekende taal bid?

5. Lees 1 Korintiërs 14:2. Met wie praat 'n mens wanneer jy in 'n onbekende taal praat?

6. Lees 1 Korintiërs 14:2. Verstaan mense wat gesê word wanneer iemand in 'n onbekende taal bid?

7. Lees 1 Korintiërs 14:2. Waaraan gee jou gees uiting wanneer jy in 'n onbekende taal bid?

8. Lees 1 Korintiërs 14:4. Wat doen jy wanneer jy in tale bid?

9. Lees 1 Korintiërs 14:16. Wat doen jy wanneer jy in tale bid?

SKRIFGEDEELTES VIR GEBRUIK SAAM MET VRAE

JUDAS 1:20 – *"Maar julle, geliefdes, moet julleself opbou in jul allerheiligste geloof en in die Heilige Gees bid"*

HANDELINGE 2:4 – *"En hulle is almal vervul met die Heilige Gees en het begin spreek in ander tale, soos die Gees aan hulle gegee het om uit te spreek."*

1 KORINTIËRS 14:14 – *"Want as ek in 'n taal bid, dan bid my gees, maar my verstand is onvrugbaar."*

1 KORINTIËRS 14:2 – *"Iemand wat ongewone tale of klanke gebruik, praat nie met mense nie maar met God. Niemand verstaan hom nie, want deur die Gees sê hy onbegryplike dinge."*

1 KORINTIËRS 14:4 – *"Die een wat ongewone tale of klanke gebruik, bou net homself op, maar die een wat God se boodskap verkondig, bou die gemeente op."*

1 KORINTIËRS 14:16 – *"Anders, as jy met die gees 'n dankgebed doen, hoe sal 'n gewone mens wat daar teenwoordig is, op jou dankgebed 'Amen' sê? Hy verstaan mos nie wat jy sê nie."*

ANTWOORDE

1. Lees Judas 1:20. Op watter wonderlike manier baat ons daarby wanneer ons in die Gees bid?
   Wanneer ek in die Heilige Gees bid, bou ek myself op.

2. Lees Handelinge 2:4. Hoeveel mense is met die Heilige Gees vervul?
   Almal.

3. Lees Handelinge 2:4. Wat het hulle as gevolg van hierdie vervulling gedoen?
   Hulle het in tale gepraat.

4. Lees 1 Korintiërs 14:14. Watter deel van jou bid wanneer jy in ŉ onbekende taal bid?
   My gees bid.

5. Lees 1 Korintiërs 14:2. Met wie praat ŉ mens wanneer jy in ŉ onbekende taal praat?
   God.

6. Lees 1 Korintiërs 14:2. Verstaan mense wat gesê word wanneer iemand in ŉ ongewone taal bid?
   Nee.

7. Lees 1 Korintiërs 14:2. Waaraan gee jou gees uiting wanneer jy in ŉ onbekende taal bid?
   Geheimenisse, verborgenhede, intimiteit tussen jou en God.

8. Lees 1 Korintiërs 14:4. Wat doen jy wanneer jy in tale bid?
   Ek bou myself op.

9. Lees 1 Korintiërs 14:16. Wat doen jy wanneer jy in tale bid?
   Ek loof en dank die Here.

© 2012, Andrew Wommack
Toestemming word verleen om afskrifte vir dissipelskapdoeleindes te maak, op voorwaarde dat dit gratis uitgereik word.

DISSIPELSKAP-
EVANGELISASIE

VLAK 2

VLAK 2

LES 1
DIE EIE EK:
Die bron van al ons ongelukkigheid

Deur Andrew Wommack

So baie van dit wat ons beleef, word uit selfsug gebore. Daar is 'n vers in Spreuke 13 waarna jy self moet gaan kyk, want jy sal dit nie glo as jy dit nie in jou eie Bybel lees nie. Vers 10 lees: *"Selfverheffing lei altyd tot twis; dié wat goeie raad aanneem, het wysheid."* In die King James lees die vers soos volg: ***"Only by pride cometh contention...."*** Volgens hierdie bewoording word twis slégs deur hoogmoed veroorsaak. Baie mense sal aanvanklik hiervan verskil en sê: "Wag 'n bietjie. Hoogmoed kan nie die enigste oorsaak van twis en struweling wees nie. In Spreuke 17:14 staan daar dan dat rusie die begin van twis is, wat beteken dat twis ander oorsake kan hê. Twis ontstaan ook wanneer 'n ander persoon my iets aandoen." Ander mense sê: "Jy verstaan nie; dis eenvoudig die soort mens wat ek is." Nee, die Woord sê dat slegs selfverheffing tot twis lei. Dit is nie een van die aanleidende oorsake nie; dit is die enigste oorsaak. Dan is daar weer mense wat sê: "Ek het baie probleme, maar trots is nie een daarvan nie. Trouens, ek het so 'n lae selfbeeld dat niemand my van trots kan beskuldig nie."

Kom ons herdefinieer wat hoogmoed is. Dit is meer as om te dink dat ek beter as ander mense is. Hoogmoed, in sy mees basiese vorm, gaan daaroor dat jy jouself as die middelpunt van alles sien. Selfgesentreerdheid is die wortel van alle hoogmoed. In Numeri 12:2 kom Miriam en Aäron, Moses se suster en broer, teen hom in opstand en kritiseer hom oor sy huwelik met 'n Kusitiese vrou en sê: *"Het die Here dan net deur Moses gepraat ... en nie ook deur ons nie?"* Ons lees in vers 3 dat Moses die sagmoedigste mens op aarde was. In plaas daarvan dat hy aanstoot neem, het hy vir hulle gebid en ingetree.

Kom ons dink vir 'n oomblik oor die feit dat Moses die sagmoedigste mens op aarde was. Ons weet nie hoeveel mense daar op aarde was nie, maar daar was waarskynlik 'n hele paar miljoen en Moses was sagmoediger as al hierdie mense. Wat hierdie stelling so interessant maak, is die feit dat hy dit self geskryf het. Die meeste mense dink dat as jy regtig nederig of sagmoedig is, jy dit nie eens weet nie. Dit is 'n wanbegrip van wat arrogansie regtig beteken. Hoogmoed is nie net wanneer jy dink dat jy beter as ander mense is nie – hoogmoed is selfgesentreerdheid. Dit is soos 'n stok met arrogansie aan die een punt en 'n lae selfbeeld aan die ander punt. Hulle is teenoorgestelde uitvloeisels van dieselfde probleem en hulle is albei deel van dieselfde stok. Dít is selfgesentreerdheid. Of jy nou dink dat jy beter as almal of slegter as almal is, jy is selfgesentreerd. Al jou ervarings word hierdeur gekleur. 'n Inkennige, skaam persoon kan in werklikheid baie trots en selfgesentreerd wees, iemand wat net aan hom- of haarself dink.

Wat ek eintlik probeer sê, is dat selfgesentreerdheid die wortel van alle hoogmoed is,

en as ons dit weer na Spreuke 13:10 herlei: *"Only by pride cometh contention"*, lees ons dat dit ons eie selfgesentreerdheid is wat ons kwaad maak, nie wat mense aan ons doen nie. Dis ons selfgesentreerdheid wat maak dat ons op 'n sekere manier teenoor mense optree. Ek sal nooit kan keer dat mense my verkeerd opvryf nie. Geloof beteken nie dat ek ander mense beheer nie, maar dit help my om aan myself en dit wat binne my is, te werk. Dit maak dus nie saak wat mense aan my doen nie.

Terwyl Jesus gekruisig is, het Hy na die einste mense wat hom gekruisig het, gekyk en gesê: "Vader, vergewe hulle, want hulle weet nie wat hulle doen nie." Hy het nie beheer wat daardie mense doen nie, maar Hy het beheer oor Homself gehad. Jesus het nie vir Homself aarde toe gekom nie, maar Hy was so lief vir die wêreld dat Hy ter wille van ons hierheen gekom het. Hy het aan sy ma gedink toe Hy aan die kruis gehang het en een van sy dissipels aangesê om na haar om te sien. Die rede waarom Jesus – te midde van intense lyding en ongeregtigheid en teenslae – steeds kon vergewe en in liefde kon optree, was omdat Hy nie selfgesentreerd was nie.

Dit is ons eie selfsug wat ons kwaad maak, maar volgens die Woord is ons veronderstel om dood vir onsself te wees. As hier 'n lyk voor my lê, sal ek hom kan beledig, skop, spoeg of ignoreer, maar as dit werklik net 'n lyk is, sal hy nie reageer nie. Die rede waarom jy op 'n sekere manier op eksterne prikkels reageer, gaan nie oor wat buite jou aangaan nie, maar oor wat binne jou is. Jy sal nooit so sterk in die geloof wees dat jy alle struikelblokke en alles wat jou omkrap, kan uitskakel nie, maar jy kan aan jouself werk. Jy kan op 'n plek kom waar jy Jesus die Here van jou lewe maak, waar jou liefde vir Hom, sy koninkryk en ander mense groter as jou liefde vir jouself is. Wanneer jy dit doen en met jou eie ek afreken, sal jy ontdek dat die twis en struweling in jou lewe sal ophou.

Wanneer ons besef dat God die koninkryk nie om selfsugtige redes aan ons gegee het nie, kan ons God se werk in ons lewe begin toepas. Hy het nie alles vir jou kom gee net sodat daar in al jou behoeftes voorsien kan word nie. Dis wanneer jy jouself verloën en jou lewe neerlê dat jy begin leer waaroor die lewe regtig gaan. Dis wanneer jy God en jou naaste liewer het as jouself dat jou woede, seerkry en al jou innerlike worstelinge, opgelos word.

Ek bid dat God my woorde vandag sal gebruik om jou hart te ontsluit sodat jy sal besef dat dit jou selfgesentreerdheid is wat jou ongelukkigheid veroorsaak. In plaas daarvan om die skuld op iets of iemand anders te pak, moet jy verantwoordelikheid aanvaar en jouself voor God verootmoedig. Vra Hom om Homself te kom grootmaak in jou lewe. Sodoende sal jy in oorwinning lewe.

DISSIPELSKAPVRAE

1. Lees Markus 9:33-34. Waaroor het die dissipels op pad Kapernaum toe geargumenteer?

2. Weerspieël dit ons almal se selfsug?

3. Lees Markus 9:35. Wat moet iemand volgens hierdie vers wees as hy eerste wil wees?

4. Gee 'n volledige verduideliking van Jesus se lering in Lukas 22:24-27.

5. Lees Spreuke 13:10. Wat is die enigste oorsaak van twis?

SKRIFGEDEELTES VIR GEBRUIK SAAM MET VRAE

MARKUS 9:33-34 – *"**[33]** Toe hulle daarna in Kapernaum by die huis kom, het Hy vir hulle gevra: 'Waaroor het julle langs die pad geloop en praat?' **[34]** Hulle het egter niks geantwoord nie, want hulle het langs die pad met mekaar gestry oor wie van hulle die belangrikste is."*

MARKUS 9:35 – *"Jesus het gaan sit en die twaalf geroep. Hy sê toe vir hulle: 'As iemand die eerste wil wees, moet hy die heel laaste en almal se dienaar wees.'"*

LUKAS 22:24-27 – *"**[24]** Daar het onenigheid onder hulle ontstaan oor wie van hulle as die belangrikste beskou moet word. **[25]** Maar Jesus sê vir hulle: 'By die nasies is dit so: konings speel baas, en dié wat gesag afdwing, laat hulleself weldoeners noem. **[26]** Maar by julle moet dit nie so wees nie. Inteendeel, die belangrikste onder julle moet soos die geringste wees, en die een wat die leier is, soos die een wat dien. **[27]** Wie is die belangrikste: die een wat aan tafel is, of die een wat bedien? Tog hy wat aan tafel is, nie waar nie? Maar Ek is in julle kring soos die een wat dien.'"*

SPREUKE 13:10 – *"Selfverheffing lei altyd tot twis; dié wat goeie raad aanneem, het wysheid." (King James) – "Only by pride cometh contention: but with the well advised is wisdom."*

DISSIPELSKAPVRAE

6. Lees Galasiërs 2:20. Hoe behoort ons ons lewens te lei?

7. Lees Matteus 7:12. Wat is die teenmiddel vir selfgesentreerdheid?

SKRIFGEDEELTES VIR GEBRUIK SAAM MET VRAE

GALASIËRS 2:19B-20 – *"**[19]** Ek is saam met Christus gekruisig, **[20]** en nou is dit nie meer ek wat lewe nie, maar Christus wat in my lewe. Die lewe wat ek nou nog hier lewe, leef ek in die geloof in die Seun van God wat sy liefde vir my bewys het deur sy lewe vir my af te lê."*

MATTEUS 7:12 – *"Alles wat julle wil hê dat die mense aan julle moet doen, moet julle ook aan hulle doen. Dit is tog waarop dit neerkom in die wet en die profete."*

ANTWOORDE

1. Lees Markus 9:33-34. Waaroor het die dissipels op pad Kapernaum toe geargumenteer?
   Hulle het gestry oor wie die belangrikste was.

2. Weerspieël dit ons almal se selfsug?
   Ja.

3. Lees Markus 9:35. Wat moet iemand volgens hierdie vers wees as hy eerste wil wees?
   Almal se dienaar.

4. Gee 'n volledige verduideliking van Jesus se lering in Lukas 22:24-27.
   "Hulle het stry gekry oor wie die belangrikste in die nuwe Koninkryk sou wees. Jesus het vir hulle gesê: "In hierdie wêreld deel die konings en leiers opdragte en bevele uit, en tog word hulle 'vriende van die volk' genoem. Maar onder julle moet dié wat die belangrikste is, ondergeskiktes wees, en die leiers moet soos diensknegte wees. Normaalweg is dit die meester wat aan tafel sit en deur sy diensknegte bedien word. Maar nie hier nie! Want Ek is julle dienaar."
   (aangepas uit The New Living Translation).

5. Lees Spreuke 13:10. Wat is die enigste oorsaak van twis?
   Hoogmoed.

6. Lees Galasiërs 2:20. Hoe behoort ons ons lewe te lei?
   Deur geloof in Christus. Ons moenie op ons eie sterk en swak punte fokus nie.

7. Lees Matteus 7:12. Wat is die teenmiddel van selfgesentreerdheid?
   Om God- en naastegesentreerd te wees. Behandel ander mense soos jy behandel wil word.

© 2012, Andrew Wommack
Toestemming word verleen om afskrifte vir dissipelskapdoeleindes te maak, op voorwaarde dat dit gratis uitgereik word.

VLAK 2

LES 2
BYBELSE MEDITASIE

Deur Don Krow

Die woord *mediteer* beteken "om te bepeins, na te dink, te beplan, te beoog of van voorneme te wees." Die Griekse woord vir *mediteer* impliseer dat 'n mens iets in jou gedagtes oplos, en word ook met die woord *verbeel* vertaal.

Twee redes waarom ons oor die Bybel mediteer, is "om korrekte kennis te oordink en ons gedagtes te vernuwe, en tweedens, om in God se Woord met Hom kontak te maak". Dit geskied deur lof en meditasie, met ander woorde oorpeinsing, mymering en nadenke oor Hom.

Meditasie as deel van tematiese studies. Kies 'n onderwerp waaroor jy wil nadink of mediteer, byvoorbeeld die doop. Slaan die woord se definisie in 'n Griekse, Hebreeuse of goeie woordeboek na en gaan soek na die oorspronklike stamwoord. Dink ook na oor die konteks en omringende verse wat jou na ander verwante onderwerpe soos vergifnis (Hand. 2:38), bekering (Hand. 2:38), geloof (Mark. 16:16), die gewete (1 Pet. 3:21), die aanroep van die Here (Hand. 22:16), ens. sal lei.

Dink na oor vrae wat jy het of wat deur die Skrifgedeeltes geopper word, soos: Is daar sekere vereistes waaraan 'n mens moet voldoen om gedoop te word? Wat is die doel van die doop? Wanneer word iemand gedoop? Binne watter tydsraamwerk?

Meditasie deur middel van eksposisionele studies; m.a.w. 'n vers-vir-vers studie van 'n Bybelboek. Die sleutel is dat 'n mens 'n boek só lank oordink en oorpeins dat jy jou met die inhoud (verse en hoofstukke) vertroud maak.

Meditasie deur woordstudies. Wat is die betekenis van sekere woorde? Wat beteken dit om te glo? Wat beteken die woord *Here?* Wat beteken die woord *Jesus?* Wat beteken die woord *Christus?* Wat beteken die woord *regverdig?*

Meditasie oor paragrawe in die Bybel. 'n Paragraaf is 'n geskrewe gedagte-eenheid en bestaan gewoonlik uit 'n paar sinne. Wanneer 'n skrywer se fokus na 'n ander onderwerp verskuif, begin hy gewoonlik met 'n nuwe paragraaf.

Wees op die uitkyk vir leestekens soos vraagtekens. Waarom word hierdie vraag gevra? Watter verband is daar tussen die vraag en die konteks, ens.?

Bybelse meditasie gaan nie net daaroor dat ons na woorde kyk nie, maar na die God agter die Woord.

DISSIPELSKAPVRAE

1. Wat beteken die woord "mediteer"?

2. Noem twee redes vir Bybelse meditasie.

3. Wat is 'n tematiese studie?

4. Wat is 'n eksposisionele studie van die Bybel?

5. Lees Lukas 6:46. Wat dink jy beteken die woord "Here"?

6. Lees Matteus 1:21. Wat dink jy beteken die woord "Jesus"?

7. Lees Lukas 23:1-2. Wat dink jy beteken die woord "Christus"?

8. Wat is 'n paragraaf?

9. Bybelse meditasie gaan nie net daaroor dat ons na woorde kyk nie, maar na _____ .

SKRIFGEDEELTES VIR GEBRUIK SAAM MET VRAE

LUKAS 6:46 – *"Watter sin het dit dat julle My aanspreek met 'Here, Here!' en nie doen wat Ek sê nie?"*

MATTEUS 1:21 – *"Sy sal 'n Seun in die wêreld bring, en jy moet Hom Jesus noem, want dit is Hy wat sy volk van hulle sondes sal verlos."*

LUKAS 23:1-2 –
*"**[1]** Daarna het die hele vergadering opgestaan en Jesus na Pilatus toe gebring. **[2]** Daar het hulle die aanklag teen Hom begin deur te sê: 'Ons het bevind dat hierdie man ons volk ophits: hy belet hulle om aan die keiser belasting te betaal en beweer dat hy die Christus, die koning, is.'"*

ANTWOORDE

1. Wat beteken die woord “mediteer”?
   Om te oorpeins, na te dink, te beplan, te beoog of van voorneme te wees.

2. Noem twee redes vir Bybelse meditasie?
   Om korrekte kennis te oordink (om my gedagtes te vernuwe) en om in aanraking te kom met die God agter sy Woord (deur te peins, mymer en oor Hom na te dink).

3. Wat is ŉ tematiese studie?
   Wanneer ek ŉ onderwerp uit die Bybel kies en dit bestudeer en oorpeins.

4. Wat is ŉ eksposisionele studie van die Bybel?
   ŉ Vers-vir-vers studie van ŉ Bybelboek.

5. Lees Lukas 6:46. Wat dink jy beteken die woord “Here”?
   Iemand aan wie ons gehoorsaam is (soos ŉ baas).

6. Lees Matteus 1:21. Wat dink jy beteken die woord “Jesus”?
   ŉ Verlosser wat mense van hulle sondes verlos.

7. Lees Lukas 23:1-2. Wat dink jy beteken die woord “Christus”?
   Een wat as koning gesalf is.

8. Wat is ŉ paragraaf?
   ŉ Geskrewe gedagte-eenheid.

9. Bybelse meditasie gaan nie net daaroor dat ons na woorde kyk nie, maar ***<u>na die God agter sy Woord.</u>***

© 2012, Andrew Wommack
Toestemming word verleen om afskrifte vir dissipelskapdoeleindes te maak, op voorwaarde dat dit gratis uitgereik word.

VLAK 2

LES 3
DIE VERNUWING VAN JOU DENKE

Deur Don Krow

Vandag praat ons oor die vernuwing van jou gedagtes. Daar is twee gedeeltes waarna Ek wil hê ons moet gaan kyk. Die eerste kom uit Filippense 4:8. Daar staan: *"Verder, broers, alles wat waar is, alles wat edel is, alles wat reg is, alles wat rein is, alles wat mooi is, alles wat prysenswaardig is – watter deug of lofwaardige saak daar ook mag wees – daarop moet julle julle gedagtes rig."* Die apostel Paulus sê hier baie duidelik dat daar sekere sake is wat ons moet bedink. Met ander woorde, ons kan ons gedagtes kies. Ons lees egter in Romeine 7 verse 22 en 23 dat ons almal soms gedagtes het wat nie met die Woord van God strook nie. Die wet van die sonde wat in ons binneste stryd voer, val ons gedagtes aan. In Filippense lees ons egter dat ons nie passief mag toelaat dat ons gedagtes 'n nes bou nie, maar dat ons ons gedagtes kan kies. Die Bybel leer ons ook dat 'n mens se gedagtes bepaal wie jy is (Spr. 23:7). Dit is dus belangrik om ons gedagtes reg te kies.

In Romeine 12:1 en 2 lees ons: *"En nou doen ek 'n beroep op julle, broers, op grond van die groot ontferming van God: Gee julleself aan God as lewende en heilige offers wat vir Hom aanneemlik is. Dit is die wesenlike van die godsdiens wat julle moet beoefen. Julle moenie aan hierdie sondige wêreld gelyk word nie, maar laat God julle verander deur julle denke te vernuwe. Dan sal julle ook kan onderskei wat die wil van God is, wat vir Hom goed en aanneemlik en volmaak is."* Die Bybel sê dat ons deur die vernuwing van ons denke verander kan word. Het jy geweet dat toe die Apollo-ruimtetuig gelanseer is, hulle elke tien minute 'n koersaanpassing moes maak? Hulle het met 'n soort sig-sag patroon na die maan gereis. En toe hulle uiteindelik moes land, het hulle 'n aangewese landingsone van 750 kilometer gehad – wat hulle met net 'n paar meter gemaak het. Die hele reis was egter 'n sukses. Ons moet ons koers bepaal en 'n totale oorgawe aan die Here Jesus Christus maak deur 'n lewende offer te word. Die probleem met 'n lewende offer is dat dit soms van die altaar wil afklim. Dan moet ons 'n koersaanpassing maak. Ons moet 'n gesindheid hê wat sê: "Here, ek smag na U en u wil."

God verwag nie net van ons om 'n volkome oorgawe te maak nie. 'n Christen se oorwinningslewe vereis verder dat ons verander word deur ons denke te vernuwe. Ons kan nie soos die wêreld dink as ons nie die wêreld se gevolge wil dra nie. In Filippense 4:8 staan daar dat ons kan kies wat ons dink: *"Alles wat mooi is, alles wat reg is, alles wat prysenswaardig is."* In die Ou Testament het die mense die Woord van God geneem en dit op hulle deurkosyne en hulle klere aangebring. Dit was deurentyd voor hulle. God

het opdrag gegee dat hulle dag en nag oor die Woord van God moes praat, sodat hulle daarvolgens sou optree. En hulle moes dit ook vir hulle kinders leer. Ons denke is baie belangrik. Dit is noodsaaklik dat ons die Woord van God voortdurend voor ons hou, sodat ons 'n oorwinningslewe kan lei. Om nie te dink aan wat mooi en reg en prysenswaardig is nie, beteken dat ons nie aan die dinge van God en die dinge van die Gees dink nie. In Romeine 8:6 staan daar: "*Wat die vlees bedink, is die dood,*" maar die volgende gedeelte van die vers lees: "*Wat die Gees bedink, is lewe en vrede.*" Dit is lewe en vrede om aan die dinge van die Gees van God te dink. Maar wat sal in ons lewens gebeur as ons aan egbreuk, geld, afguns en die dinge van die wêreld dink? 'n Mens se gedagtes bepaal wie jy is. Ons sal daardie dinge begin uitleef. Ons sal dit in ons lewe laat uitspeel en dit sal ons lewe verwoes. Ware geestelike oorlogvoering gaan nie soseer daaroor dat ons die duiwel die hele tyd weerstaan en bestraf nie – al moet ons dit by geleentheid doen. Geestelike oorlogvoering gaan oor wat ons dink en wat ons in ons gedagtes koester.

In Jesaja 26 lees ons dat God 'n standvastige gees in volle vrede bewaar. Ons moet daagliks koersaanpassings maak, nes daar in Romeine 12 staan. Ons moet sê: "Here, hierdie gedagtes is verkeerd. Ek moet tot inkeer kom en my denke vernuwe en begin dink aan dit wat mooi en reg en prysenswaardig is."

As daar 'n vesting in jou lewe is, as iets jou gevange hou of as jy jouself betrap dat jy verkeerde gedagtes koester, moet jy jouself onmiddellik tot stilstand dwing. Die Woord sê dat ons tot die Here moet nader. Daar is tye in my lewe wanneer ek minder waaksaam is en depressief raak. Dan is dit moeilik om die Bybel oop te slaan, 'n gedeelte te neem en te sê: "Here, dit is wat U van my sê. Dit is wie U sê ek is. U is my krag." Maar daarin lê die oorwinning. Jy hoef maar net te sê: "Ek weerstaan dit wat die duiwel nou aan my doen. Ek gaan my Bybel oopmaak, en ek gaan nie net 'n paar sinne op hierdie bladsye lees nie, maar ek gaan met die God agter hierdie woorde kontak maak. En, Here, dít is wat U van my sê. U sê ek is vergewe. U sê ek is gereinig. U sê dat niks my van u liefde kan skei nie." Wanneer jy aan al die goeie dinge dink wat God vir jou gedoen het, sal jy binne 'n paar oomblikke van die ander dinge vergeet.

Kom ek gebruik 'n illustrasie. Ek was op 'n keer in 'n gehoor toe die spreker sê: "Ek wil julle vra om vir die volgende tien minute glad nie aan pienk olifante te dink nie." Jy het reg geraai. Vir die volgende tien minute kon ons aan niks anders as pienk olifante dink nie. Toe vra hy: "Watter kleur is die Vryheidsbeeld?" Iemand het gesê groen. Toe vra hy: "Watter arm hou sy op?" Iemand het gesê die regterarm. Toe vra hy: "Wat is in die Vryheidsbeeld se hand?" Iemand het gesê 'n fakkel. Toe vra die man: "Wat het met julle gedagtes oor pienk olifante gebeur?" Hulle het verdwyn. Jy sien, dit gaan nie daaroor dat jy jouself verbied om verkeerde gedagtes te dink nie, want jou kop sal daarheen bly terugkeer. Die Woord leer ons dat ons daardie gedagtes met God se gedagtes moet vervang, en wanneer ons 'n aanslag ervaar en iets verkeerds dink, moet ons onmiddellik ons nuwe identiteit voor oë roep. Ons

moet ons onmiddellik tot die Here wend en met Hom kontak maak, nie net met die woorde op ŉ bladsy nie, maar met die God agter daardie woorde. In Romeine 8:6 lees ons dat ons die verandering sal sien wat God se lewe en vrede bring namate ons ons gedagtes op Hom en die dinge van die Gees rig. Dink aan hierdie dinge, en lewe vandag in die vryheid wat Christus vir jou gekoop het.

DISSIPELSKAPVRAE

1. Lees Romeine 12:1. Wat moet ons met ons liggame doen?

2. Lees Romeine 12:2. Hierdie Skrifgedeelte sê dat ons anders as die _____ moet wees.

3. Lees Handelinge 17:11. Waarmee moet ons ons denke laat ooreenstem?

4. Lees Romeine 8:5-6. Om dit wat geestelik is te bedink, is _____.

5. Lees Romeine 12:1-2. Watter twee dinge moet ons volgens hierdie verse doen?

6. Lees Jesaja 26:3. Hoe word ons in volle vrede bewaar?

7. Lees Jesaja 26:3. Noem 'n paar maniere waarop ons ons gedagtes op die Here kan hou.

SKRIFGEDEELTES VIR GEBRUIK SAAM MET VRAE

ROMEINE 12:1-2 – *[1] "En nou doen ek 'n beroep op julle, broers, op grond van die groot ontferming van God: Gee julleself aan God as lewende en heilige offers wat vir Hom aanneemlik is. Dit is die wesenlike van die godsdiens wat julle moet beoefen.* ***[2]*** *Julle moenie aan hierdie sondige wêreld gelyk word nie, maar laat God julle verander deur julle denke te vernuwe. Dan sal julle ook kan onderskei wat die wil van God is, wat vir Hom goed en aanneemlik en volmaak is."*

HANDELINGE 17:11 – *"Die mense daar was ontvankliker as dié in Tessalonika. Hulle het met groot belangstelling na die woord geluister en elke dag die Skrif ondersoek om te sien of dit is soos Paulus sê."*

ROMEINE 8:5-6 – *"****[5]*** *Want die wat vleeslik is, bedink vleeslike dinge, maar die wat geestelik is, geestelike dinge.* ***[6]*** *Want wat die vlees bedink, is die dood, maar wat die Gees bedink, is lewe en vrede."*

JESAJA 26:3-4 – *[3] "U sal 'n standvastige gesindheid in volle vrede bewaar, want hulle vertrou op U.* ***[4]*** *Vertrou altyd op die Here, want die Here God is 'n veilige toevlug."*

ANTWOORDE

1. Lees Romeine 12:1. Wat moet ons met ons liggame doen?
   Hulle as offer vir God gee.

2. Lees Romeine 12:2. Hierdie Skrifgedeelte sê dat ons anders as die ***wêreld*** moet wees.

3. Lees Handelinge 17:11. Waarmee moet ons ons denke laat ooreenstem?
   Die Bybel, God se Woord.

4. Lees Romeine 8:5-6. Om dit wat geestelik is te bedink, is ***lewe en vrede***.

5. Lees Romeine 12:1-2. Watter twee dinge moet ons volgens hierdie verse doen?
   Onsself as lewende offers vir God gee en ons gedagtes begin vernuwe.

6. Lees Jesaja 26:3. Hoe word ons in volle vrede bewaar?
   Deur 'n standvastige gees te hê en ons gedagtes op die Here te hou.

7. Lees Jesaja 26:3-4. Noem 'n paar maniere waarop ons ons gedagtes op die Here kan hou.
   Deur gebed, lofprysing, meditasie oor die Woord, danksegging, ens.

© 2012, Andrew Wommack
Toestemming word verleen om afskrifte vir dissipelskapdoeleindes te maak, op voorwaarde dat dit gratis uitgereik word.

VLAK 2

LES 4
DIE BELANGRIKHEID VAN GOD SE KERK

Deur Don Krow

Vandag gesels ons oor die belangrikheid van God se kerk. Ek wil graag 'n gedeelte uit Hebreërs 10 lees. In vers 25 staan: *"Ons moenie van die samekomste van die gemeente af wegbly soos party se gewoonte is nie, maar mekaar eerder aanmoedig om daarheen te gaan, en dit des te meer namate julle die oordeelsdag sien nader kom."* Waar ons nou na die belangrikheid van Christus se kerk gaan kyk, is my vraag: "Wat is die kerk?"

Ek het die Dissipelskap- en Evangelisasieprogram by 'n kerk in Colorado Springs gaan aanbied. Ons het die kerklidmate geleer hoe dit werk, en dit daarna in die praktyk gaan toepas. Binne ses weke het ons twintig Bybelstudies buite die plaaslike gemeente gestig. Ons het maande lank met hierdie mense gewerk. Die leraar het my nogal ontstig toe hy op 'n dag sê: "Ons lees in die Bybel dat die Here daagliks mense wat gered word, by die gemeente gevoeg het. Hoekom sien ons hierdie mense van die Bybelstudies nie by die kerk nie?"

Mense is gered en ons het van hulle dissipels gemaak en hulle bedien. Maar wat die leraar eintlik bedoel het, was: "Hoekom kom hulle nie Sondae in hierdie gebou byeen nie?" My konsep van die kerk was op daardie tydstip ook nie heeltemal in die kol nie. Die leraar se woorde het my ontstel, en ek het nie geweet wat om te doen nie. Ek het gedink: Werk die Dissipelskapevangelisasie-*program? Is ons regtig besig om 'n verandering in mense se lewens te maak?* Ek het geweet dat ons baie mense bereik, maar wat my verwar het, was die feit dat hulle nie die Sondag-eredienste bygewoon het nie.

Ek het besluit om 'n studie van die woord "kerk" te maak. My bevindings word in hierdie les gedek. In Romeine 16:3, 1 Korintiërs 16:19, Kolossense 4:15, Filemon 2, Handelinge 5:42 en Handelinge 20:20 lees ons dat die vroeë Nuwe-Testamentiese kerk hoofsaaklik in iemand se huis bymekaargekom het. Ek weet dat daar verskillende soorte kerke is. Daar is huiskerke, kerke met klein en groot gemeentes, en heelwat megakerke. Wat vir my uitgestaan het, was die feit dat die Nuwe-Testamentiese kerk in klein gemeentes in mense se huise byeengekom het.

The Expository Dictionary of Bible Words deur Lawrence O. Richards (p.164) lees: "Enige verwarring oor die betekenis van die woord 'kerk' word verskoon; ons gebruik die woord op soveel maniere. Dit verwys na 'n spesifieke gebou (bv. die kerk in Langstraat), 'n denominasie of georganiseerde geloof (bv. Die NG- of Baptistekerk) en selfs 'n Sondag-erediens (bv. was jy vandag by die kerk?). Nie een van hierdie betekenisse is besonder Bybels nie." Dit het my laat dink: *Wat is die eintlike betekenis? Wat beteken die woord "kerk"?* Ek haal verder aan: "Aangesien

baie mense 'n kerk as 'n gebou vir godsdienstige byeenkomste beskou in plaas van 'n gemeente wat aanbid, kan die konsep rondom 'kerk' misleidend wees." Die Griekse woord vir "kerk" is *ekklesia* en beteken letterlik 'n groep mense wat vergader om tot God te bid, Hom te aanbid, Hom te prys of net in sy teenwoordigheid te wees. Ons lees verder: "Ecclesia in die Nuwe Testament sluit enige aantal gelowiges in. Dit omsluit klein groepies wat in huise vergader (Rom. 16:5), sowel as alle gelowiges wat in 'n groot stad (Hand. 11:22) of groot geografiese streek soos Asië of Galasië woon." Verder staan daar: "Oor die algemeen het die gelowiges in huise kerk gehou. Wanneer so 'n gemeente vergader, 'het elkeen gewoonlik 'n bydrae (gehad) om te lewer: 'n psalm, 'n onderwysing, 'n openbaring, 'n ongewone taal of klank, 'n uitleg daarvan' (1 Kor. 14:26). Individue het 'n boodskap gebring en ander het 'beoordeel wat hulle sê' (1 Kor. 14:29) ... Hierdie manier van deel is steeds onontbeerlik vir die bestaan van die kerk as 'n geloofsgemeenskap ... Daar is van elke persoon verwag om 'n bydrae te lewer en die ander met sy of haar geestelike gawe(s) te bedien."

In Hebreërs 10:25 staan daar: *"Ons moenie van die samekomste van die gemeente af wegbly (nie)*." Die kerk is 'n samekoms waar mense vergader om in Jesus se teenwoordigheid te kom, die Here te loof, om sy leiding te ontvang en om daardie leiding te volg. Die primêre doel van die vroeë Nuwe-Testamentiese kerk was die opbou van medegelowiges. Hulle het bymekaargekom om mekaar in die geloof te stig.

Die vroeë kerk was 'n evangelistiese kerk. Gelowiges het regoor die destydse wêreld gewoon en het hulle geloof in Jesus Christus gedeel. In die proses het die Here mense wat tot bekering gekom en geglo het, by die kerk gevoeg – nie by 'n gebou nie, maar by God se kinders. Dan het hulle vergader om mekaar te bemoedig, om hulle geestelike gawes te beoefen, om mekaar te dien en om tyd as gemeente deur te bring deur saam te eet. Wanneer hulle bymekaar was, het hulle mekaar met hulle geestelike gawes opgebou. Dan sou hulle uitgaan en die Woord verkondig, en die hele siklus sou van voor af begin. Hulle het in die Here Jesus Christus geglo en hulle het gereeld bymekaargekom. Dit het nie saak gemaak waar hulle vergader het nie. Dit kon in 'n gebou of iemand se huis wees. Hulle kon baie mense gewees het of net 'n klein groepie wat in huise vergader het. Dit was nie regtig van belang nie, net solank hulle in die Naam van die Here vergader het om hulle gawes te beoefen, mekaar te bemoedig en gemeenskap te hê met die uiteindelike doel om mekaar te stig of op te bou.

Ek het ontdek wat die gemeente met die Dissipelskapevangelisasieprogram bereik het. Deur as twintig Bybelstudies regoor die stad byeen te kom, het ons as twintig verskillende kerke vergader. Dit was nie kerke soos ons hulle vandag ken nie, maar ons het twintig maal 'n week as die kerk vergader, want ons het in die Naam van die Here Jesus byeengekom om mekaar te bemoedig, ons oë op die Here Jesus te rig, om in die Woord van God onderrig te word en ons geestelike gawes te beoefen.

Ongeag aan watter kerk jy behoort – dit maak nie saak of jy in 'n hoofstroomkerk of 'n megakerk of 'n klein huiskerk is nie – die Woord leer ons dat namate die oordeelsdag nader kom en die sonde floreer, God se genade nog oorvloediger sal floreer. God se genade sal oorvloedig

wees in hierdie byeenkomste van sy kinders. In die kerk waar elke gelowige aan die bediening van Jesus Christus deel het, kan ons mekaar bedien, opbou en bemoedig deur ons geestelike gawes te beoefen.

Ons almal baat daarby om op so 'n manier as 'n groep gelowiges byeen te kom. Selfs al is ons net twee of drie wat in die Naam van die Here Jesus vergader, moet ons op 'n gereelde grondslag vergader. Dit is goed om bymekaar te kom om ons geestelike gawes te gebruik, mekaar op te bou, om saam in Jesus se teenwoordigheid te kom en om vir mekaar te bid. Daar is baie wat ons van die kerk kan sê. Ons kan lank oor die ouderlinge, diakens, leraars en kerkowerheid praat, maar dis nie waaroor vandag se les gaan nie. Die doel van hierdie les is om die doel van die kerk te bespreek en om te besef dat ons nie geïsoleerd hoef te wees nie. So sal ons nie oorleef nie. Toe ons gered is, het God ons in die liggaam van Christus geplant – die universele liggaam van gelowiges. Ons het mekaar nodig. Ons het nodig om as God se kerk te vergader om mekaar te bemoedig en met die geestelike gawes te bedien wat ons van God ontvang het. Ek wil jou aanspoor om vandag nog by jou medegelowiges uit te kom.

DISSIPELSKAPVRAE

1. Lees Hebreërs 10:25. Wat moet ons nie nalaat nie?

2. Lees Handelinge 5:42. Wat het die gelowiges daagliks in die tempel en in hulle huise gedoen?

3. Lees Handelinge 2:42. Op watter vier dinge het die vroeë kerk hulle toegelê?

4. Lees Handelinge 2:44-45. Die vroeë kerk het geld ingesamel om 'n parkeerterrein aan te lê. Waar of vals.

5. Lees 1 Korintiërs 12:28. Noem agt verskillende gawes wat God aan sy kerk gegee het.

SKRIFGEDEELTES VIR GEBRUIK SAAM MET VRAE

HEBREËRS 10:25 – *"Ons moenie van die samekomste van die gemeente af wegbly soos party se gewoonte is nie, maar mekaar eerder aanmoedig om daarheen te gaan, en dit des te meer namate julle die oordeelsdag sien nader kom."*

HANDELINGE 5:42 – *"Hulle het nie opgehou om die mense elke dag in die tempel en in hulle huise te leer en die evangelie te verkondig dat Jesus die Christus is nie."*

HANDELINGE 2:42 – *"Hulle het hulle heelhartig toegelê op die leer van die apostels en die onderlinge verbondenheid, die gemeenskaplike maaltyd en die gebede."*

HANDELINGE 2:44-45 – *"**[44]** Al die gelowiges was eensgesind en het alles met mekaar gedeel. **[45]** Hulle het hulle grond en besittings verkoop en die geld aan almal uitgedeel volgens elkeen se behoefte."*

1 KORINTIËRS 12:28 – *"En in die kerk is daar mense aan wie God 'n bepaalde taak gegee het. Ten eerste is daar apostels, ten tweede profete, ten derde leraars; verder is daar dié wat wonderdade kan doen, dan dié wat genadegawes ontvang het om mense gesond te maak, om hulp te verleen, om leiding te gee of om ongewone tale of klanke te gebruik."*

DISSIPELSKAPVRAE

6. Lees 1 Korintiërs 14:26. Wanneer God se kinders as kerk vergader het, het hulle die geleentheid gehad om hulle gawes te beoefen. Noem vyf dinge wat gebeur het wanneer hulle byeengekom het.

7. Lees Handelinge 6:1. Die vroeë Nuwe-Testamentiese kerk het daagliks met die versorging van die _____ gehelp.

8. Lees Jakobus 1:27. Die enigste soort godsdiens wat vir God saak maak, is 'n godsdiens wat _____ .

9. Lees 1 Timoteus 5:9-11. Aan watter vereistes moes die weduwees voldoen wat deur die vroeë Nuwe-Testamentiese kerk versorg is?

SKRIFGEDEELTES VIR GEBRUIK SAAM MET VRAE

1 KORINTIËRS 14:26 – *"Hoe moet dit dan wees, broers? Elke keer as julle bymekaarkom, het elkeen gewoonlik 'n bydrae om te lewer: 'n psalm, 'n onderwysing, 'n openbaring, 'n ongewone taal of klank, 'n uitleg daarvan. Sorg dan dat alles tot opbou van die gemeente verloop."*

HANDELINGE 6:1- *"In daardie tyd, toe die gelowiges nog steeds meer geword het, het daar teen die Hebreeussprekendes klagtes gekom van die Griekssprekendes dat hulle weduwees in die daaglikse versorging afgeskeep word."*

JAKOBUS 1:27 – *"Egte en suiwer godsdiens voor God die Vader is om weeskinders en weduwees in hulle moeilike omstandighede by te staan en om jou skoon te hou van die besmetting van die wêreld."*

1 TIMOTEUS 5:9-11 – *"**[9]** 'n Weduwee kan op die lys van dienende weduwees kom as sy minstens sestig jaar oud is en aan haar man getrou was. **[10]** Sy moet bekend wees om haar goeie dade, naamlik dat sy haar kinders goed opgevoed het, vreemdelinge gehuisves het, die voete van die gelowiges gewas het, die verdruktes gehelp het en goed gedoen het waar sy kon. **[11]** Jonger weduwees moet jy nie in die lys opneem nie. Hulle liggaamlike begeertes kan hulle daartoe bring om hulle af te wend van Christus af en weer te wil trou."*

DISSIPELSKAPVRAE

10. Lees 1 Korintiërs 9:14. Buiten die kerk se versorging van die weduwees, weeskinders en die behoeftiges, het hulle ook die _____ ondersteun.

11. Lees Matteus 25:35-40. Waarom dink mense dat die opneem van kollekte die enigste manier is waarop hulle vir God kan gee?

SKRIFGEDEELTES VIR GEBRUIK SAAM MET VRAE

1 KORINTIËRS 9:14 – *"So het die Here ook bepaal dat dié wat die evangelie verkondig, hulle lewensonderhoud uit die verkondiging van die evangelie moet ontvang."*

MATTEUS 25:35-40 – *"'**[35]** Want Ek was honger, en julle het My iets gegee om te eet; Ek was dors, en julle het My iets gegee om te drink; Ek was 'n vreemdeling, en julle het My gehuisves; [36] Ek was sonder klere, en julle het vir My klere gegee; siek, en julle het My verpleeg; in die tronk, en julle het My besoek.' **[37]** Dan sal dié wat die wil van God gedoen het, Hom vra: 'Here, wanneer het ons U honger gesien en U gevoed, of dors en U iets gegee om te drink? **[38]** En wanneer het ons U 'n vreemdeling gesien en U gehuisves, of sonder klere, en vir U klere gegee? **[39]** Wanneer het ons U siek gesien of in die tronk en U besoek?' **[40]** En die Koning sal hulle antwoord: 'Dit verseker Ek julle: Vir sover julle dit aan een van die geringste van hierdie broers van My gedoen het, het julle dit aan My gedoen.'"*

DISSIPELSKAPVRAE

12. Lees Handelinge 4:32-35 en Spreuke 3:9-10. Wat het die vroeë kerk se ouderlinge en leraars met die finansies gedoen?

SKRIFGEDEELTES VIR GEBRUIK SAAM MET VRAE

HANDELINGE 4:32-35 – *"**[32]** Die groot getal wat gelowig geword het, was een van hart en siel. Niemand het sy goed net vir homself gehou nie, maar hulle het alles met mekaar gedeel. **[33]** Die apostels het kragdadig getuig dat die Here Jesus uit die dood opgestaan het, en die genade van God was groot oor hulle almal. **[34]** Nie een van hulle het gebrek gely nie, want dié wat grond of huise besit het, het dit verkoop en die verkoopprys daarvan gebring **[35]** en vir die apostels gegee. Dié het dit dan uitgedeel volgens elkeen se behoefte."*

SPREUKE 3:9-10 – *"**[9]** Vereer die Here met offerandes uit al wat jy besit en met die beste uit jou oes, **[10]** dan sal jou skure oorvol wees en jou parskuipe oorloop van die wyn."*

ANTWOORDE

1. Lees Hebreërs 10:25. Wat moet ons nie nalaat nie?
   Die samekoms van ons as gelowiges.

2. Lees Handelinge 5:42. Wat het die gelowiges daagliks in die tempel en in hulle huise gedoen?
   Hulle het die mense geleer en verkondig dat Jesus die Christus is.

3. Lees Handelinge 2:42. Op watter vier dinge het die vroeë kerk hulle toegelê?
   Die leer van die apostels en die onderlinge verbondenheid, die gemeenskaplike maaltyd (waartydens hulle saam geëet en nagmaal gebruik het) en die gebede.

4. Lees Handelinge 2:44-45. Die vroeë kerk het geld ingesamel om 'n parkeerterrein aan te lê. Waar of vals.
   Vals.

5. Lees 1 Korintiërs 12:28. Noem agt verskillende gawes wat God aan sy kerk gegee het.
   Apostels, profete, leraars; verder is daar dié wat wonderdade kan doen, dan dié wat genadegawes ontvang het om mense gesond te maak, om hulp te verleen, om leiding te gee of om ongewone tale of klanke te gebruik.

6. Lees 1 Korintiërs 14:26. Wanneer God se kinders as kerk vergader het, het hulle die geleentheid gehad om hulle gawes te beoefen. Noem vyf dinge wat gebeur het wanneer hulle byeengekom het.
   Iemand het 'n psalm ontvang, iemand 'n onderwysing, iemand 'n openbaring, iemand 'n ongewone taal of klank, en iemand 'n uitleg daarvan.

7. Lees Handelinge 6:1. Die vroeë Nuwe-Testamentiese kerk het daagliks met die versorging van die ***weduwees*** gehelp.

8. Lees Jakobus 1:27. Die enigste soort godsdiens wat vir God saak maak, is 'n godsdiens wat ***vir weeskinders en weduwees in hulle moeilike omstandighede bystaan***.

9. Lees 1 Timoteus 5:9-11. Aan watter vereistes moes die weduwees voldoen wat deur die vroeë Nuwe-Testamentiese kerk versorg is?
   "'n Weduwee kan op die lys van dienende weduwees kom as sy minstens sestig jaar oud is en aan haar man getrou was. Sy moet bekend wees om haar goeie dade, naamlik dat sy haar kinders goed opgevoed het, vreemdelinge gehuisves het, die voete van die gelowiges gewas het, die verdruktes gehelp het en goed gedoen het waar sy kon. Jonger weduwees moet jy nie in die lys opneem nie" (1 Timoteus 5:9-11).

10. Lees 1 Korintiërs 9:14. Buiten die kerk se versorging van die weduwees, weeskinders en die behoeftiges, het hulle ook dié wat ***die evangelie verkondig,*** ondersteun.

ANTWOORDE

11. Lees Matteus 25:35-40. Waarom dink mense dat die opneem van kollekte die enigste manier is waarop hulle vir God kan gee?
Want dit is wat hulle geleer is.

12. Lees Handelinge 4:32-35 en Spreuke 3:9-10. Wat het die vroeë kerk se ouderlinge en leraars met die finansies gedoen?
Hulle het in die armes se behoeftes voorsien en die Here met hulle gawes vereer.

© 2012, Andrew Wommack
Toestemming word verleen om afskrifte vir dissipelskapdoeleindes te maak, op voorwaarde dat dit gratis uitgereik word.

VLAK 2

LES 5
BEVRYDING
Deur Don Krow

Vandag gaan ons na demonologie kyk. Gedurende sy bediening op aarde het Jesus demone uitgedryf, siekes gesond gemaak, dooies opgewek en ander wonderwerke gedoen. Ongeveer ŉ kwart van sy bediening is aan die uitdrywing van duiwels gewy. Die Bybel leer ons in Handelinge 10:38: *"Julle weet van Jesus van Nasaret, dat God Hom met die Heilige Gees gesalf en met krag toegerus het. Hy het rondgegaan, oral goeie werke gedoen en almal gesond gemaak wat in die mag van die duiwel was, want God was by Hom."* Ons lees ook in 1 Johannes 3:8: *"En die Seun van God het juis gekom om die werk van die duiwel tot niet te maak."* Ek het voorheen ŉ ander beskouing van demonologie gehad – dat demone, bose geeste, onrein geeste, duiwels, ens. slegs in Indië of derdewêreldse lande voorkom waar die mense afgode in plaas van die ware en lewende God aanbid. Ek was verkeerd.

Ek wil jou van iets vertel wat ek ŉ paar jaar gelede in ŉ kerk in Dallas, Texas, ervaar het. Die gemeente was besig om te sing toe ŉ meisie skielik op die vloer val. Dit het gelyk asof sy ŉ epileptiese aanval het. Daar was toevallig ŉ mediese dokter, dr. Rice, in die kerk en hy het opdrag gegee dat sy na een van die gemeentelede se huis geneem word, sodat hy haar kon ondersoek. By die huis aangekom, het die meisie soos ŉ wildekat tekere gegaan! Haar oë was oopgespalk en die tingerige tienermeisie het met ŉ sterk, mansstem gepraat. Skielik het die ding binne haar teen my begin uitvaar en goed gesê soos: "JY GAAN HEL TOE!" Ek het gesê: "Nee, ek gaan nie." Ek was bang, want ek het nog nooit so iets gesien nie. Hy het gesê: "JA, JY GAAN," en ek het geantwoord: "Nee. Ek gaan nie hel toe nie." Dit was asof hy een of ander mag oor my gehad het, en ek het nie geweet wat om te doen of hoe om hierdie ding te hanteer nie.

Een van my goeie vriende was so bang dat hy hom net daar uit die voete gemaak het. Ek het nie die vaagste benul gehad wat ek moes doen nie. Die meisie het ŉ bonatuurlike krag gehad en sy het in iets soos Duits gepraat – ŉ taal was sy nie geken het nie. Die Satan het wild in haar gemanifesteer. Sy was duiwelbesete en al het ek nie geweet wat ek moes doen nie, het ek nog altyd in die krag van die Woord geglo. Ek het aan die Dracula-flieks gedink wat ek as kind gesien het, waar die vampier op iemand afstorm en die persoon ŉ kruis uithaal en die vampier voor hom verkrummel. Dit was hoe ek aan die Bybel gedink het. Ek het geweet daar is krag in die Woord, maar ek het nie geweet hoe om daardie krag te benut nie. God se genade het my gehelp, want ek het nog nooit tevore so iets beleef nie. Ek het my Bybel by die Nuwe Testament oopgemaak en toevallig na Filippense geblaai. Ek het hoofstuk 2 verse 8-11 gelees: *"En toe Hy as mens verskyn het, het Hy Homself verder verneder. Hy was gehoorsaam tot in die dood, ja, die dood aan die kruis. Daarom het God Hom ook tot die hoogste eer verhef en Hom die Naam*

gegee wat bo elke naam is, sodat in die Naam van Jesus elkeen wat in die hemel en op die aarde en onder die aarde is, die knie sou buig, en elke tong sou erken: 'Jesus Christus is Here!' tot eer van God die Vader."

Die demoon het geskree: "Bly stil! Ek kan dit nie vat nie! Hou op!" *Wat 'n reaksie!* het ek gedink en vervolg: "In die Naam van Jesus sal elke knie buig – alles wat in die hemel, op aarde en onder die aarde is." "Hou op! Ek kan dit nie vat nie! Moenie, bly stil!" *Hierdie demoon is besig om ten gronde te gaan, en al wat ek doen, is om uit die Woord van God te lees!* Ek het weer gelees: *"En toe Hy as mens verskyn het, het Hy Homself verder verneder. Hy was gehoorsaam tot in die dood, ja, die dood aan die kruis. Daarom het God Hom ook tot die hoogste eer verhef en Hom die Naam gegee wat bo elke naam is, sodat in die Naam van Jesus elkeen wat in die hemel en op die aarde en onder die aarde is, die knie sou buig, en elke tong sou erken: 'Jesus Christus is Here!' tot eer van God die Vader."* Die reaksie was dieselfde: "Moenie dit nie sê nie; ek kan dit nie vat nie!" Toe het die demoon die meisie aan haar ore gegryp en sy het gesê: "Moenie dit sê nie! Ek kan dit nie vat nie, hou op!" Hy het die meisie voor my neergegooi en sy het voor die Naam van Jesus begin kniel. En ek het gesê: "In die Naam van Jesus sal elke knie buig, of dit nou in die hemel of op die aarde of onder die aarde is."

Oomblikke tevore het die duiwel nog mag en gesag oor my gehad. Ek het gedink dat hy my te lyf sou gaan en slaan en uit die huis sou gooi – ek het nie geweet wát nie! Al wat ek geweet het, was dat die Bybel krag het, en ek het dit oopgemaak en daaruit gelees. In Efesiërs 6:17 staan daar: *"En vat die swaard van die Gees, dit is die woord van God."* Jy sien, ons het 'n aanvalswapen wat soos 'n swaard is waarmee die vyand seergemaak kan word. Dis die swaard van die Gees, die Woord van God. Onthou jy toe Jesus versoek is? Die duiwel het na Hom toe gekom en gesê: "Ek sal al die koninkryke van die wêreld vir jou gee as jy sal buig en my aanbid." Jesus het gesê: *"Gaan weg, Satan, want daar staan geskrywe: Die Here jou God moet jy aanbid en Hom alleen dien."* (Matt. 4:10). Die duiwel het hom herhaaldelik versoek, en Jesus het telkens gesê: "Daar staan geskrywe, Satan ... daar staan geskrywe," en dan het Hy uit die Woord van God aangehaal. Hy het die swaard van die Gees gebruik, en die Bybel sê dat die duiwel weggegaan het en Hom vir 'n tyd lank met rus gelaat het.

Die enigste wapen waarmee ons die vyand kan verslaan, is die swaard van die Gees, die Woord van God. Weet jy wat het ek daaruit geleer? Dít: elke keer wanneer ek Bybelstudie wil hou, dink ek skielik aan hoe honger ek is, en moet ek iets gaan kry om te eet, of ek dink aan alles wat ek daardie dag nie gedoen het nie. Ek weet dat die studente in hierdie dissipelskapklas allerhande verskonings sal hê waarom hulle nie kan kom nie. Ek het uiteindelik besef waarom dit so is. Daar is iets in die Bybel wat God wil hê ons moet weet, en die duiwel nie wil hê ons moet weet nie. Elke keer wanneer jy Bybelstudie wil hou of 'n dissipelskapkursus wil bywoon, is daar iets in die Woord van God wat die vyand nie wil hê jy moet weet nie – hy wil nie hê jy moet die God agter hierdie woorde leer ken nie.

Daar is 'n koninkryk van die duisternis en daar is die koninkryk van God se geliefde Seun. In Kolossense 1:13 skryf Paulus: *"Hy het ons uit die mag van die duisternis weggeruk en ons*

onder die heerskappy gestel van sy Seun wat Hy liefhet." In watter koninkryk is jy? ŉ Koninkryk is ŉ plek waar iemand heerskappy voer. Jesus Christus is ŉ koning. Het jy al ooit jou lewe vir Hom gegee? Volg jy Hom of is daar ander dinge in jou lewe wat bo Hom voorkeur geniet? Jesus het die volgende in Lukas 6:46 gesê: *"Watter sin het dit dat julle My aanspreek met 'Here, Here!' en nie doen wat Ek sê nie?"* Hy wil die eerste plek in jou lewe inneem; Hy wil nommer een wees. Daar is ŉ koninkryk van die duisternis wat wil keer dat Hy daardie posisie van heerskappy in jou lewe beklee. Die rede hiervoor is dat die vyand oor jou wil heers. Kom met jou hele hart na Jesus toe en besef dat daar ŉ vyand is. Sy naam is Satan en hy het demoniese mag, maar die Bybel leer ons dat ons gesag oor hom het.

In Matteus 10:8 het Jesus gesê: *"Maak siekes gesond, wek dooies op, reinig melaatses en dryf duiwels uit. Julle het dit verniet ontvang, gee dit ook verniet."* Verkondig die evangelie van die koninkryk en doen dit met die gesag wat julle oor die vyand het. Moenie toelaat dat hy jou laat afsien van dit wat God vir jou beplan het nie. Maak Jesus Here in jou lewe. Jy sal nooit jammer wees nie.

DISSIPELSKAPVRAE

1. Lees Efesiërs 6:12. Hoe word ons geestelike konflik met die demoniese ryk in hierdie vers beskryf?

2. Lees Markus 16:17. Wat leer hierdie vers ons van die gesag van ŉ gelowige?

3. Lees Jakobus 4:7. Wat moet ŉ persoon doen wat van demone bevry wil word?

4. Lees Jakobus 1:14. Hoe kry die Satan dit reg om iets wat boos is, begeerlik te laat lyk?

5. Lees Romeine 6:13. Wanneer iemand sy lewe met die dinge van Christus vul, sal demone ongemaklik raak en op hulle eie weggaan. Wat moet ons volgens hierdie vers doen?

6. Lees Romeine 13:14. Demone teer op die werke van die vlees. Ons moet hulle dus laat uitteer deur in God se liefde en reinheid te leef. Ons moet geen _____ vir die vlees laat nie.

SKRIFGEDEELTES VIR GEBRUIK SAAM MET VRAE

EFESIËRS 6:12 – *"Ons stryd is nie teen vlees en bloed nie maar teen die bose magte van hierdie sondige wêreld, teen die bose geeste in die lug."*

MARKUS 16:17 – *"Die volgende wondertekens sal voorkom by dié wat glo: in my Naam sal hulle duiwels uitdrywe; in ander tale sal hulle praat."*

JAKOBUS 4:7 – *"Onderwerp julle dan aan God. Staan die duiwel teë en hy sal van julle af wegvlug."*

JAKOBUS 1:14 – *"Maar ŉ mens word verlei deur sy eie begeertes wat hom aanlok en saamsleep."*

ROMEINE 6:13 – *"Julle moet geen deel van julle liggame in diens van die sonde stel as ŉ werktuig om goddeloosheid te bedrywe nie. Nee, stel julle in diens van God as mense wat dood was maar weer lewend gemaak is, en stel elke deel van julle liggame in diens van God as werktuig om te doen wat God wil."*

ROMEINE 13:14 – *"Maar beklee julle met die Here Jesus Christus, en maak geen voorsorg vir die vlees om sy begeerlikhede te bevredig nie."*

DISSIPELSKAPVRAE

7. Lees Lukas 10:17-19. Jesus het nooit gesê dat ons Hom moet vra om demone uit te dryf nie. Hy het ons daardie gesag gegee. Volgens hierdie vers het ons mag en gesag oor _____.

SKRIFGEDEELTES VIR GEBRUIK SAAM MET VRAE

LUKAS 10:17-19 – *"[17] Die twee en sewentig het vol blydskap teruggekom en gesê: 'Here, selfs die duiwels onderwerp hulle aan ons by die hoor van u Naam.' **[18]** Toe sê Hy vir hulle: 'Ek het die Satan soos 'n weerligstraal uit die hemel sien val. **[19]** Kyk, Ek het aan julle die mag gegee om op slange en skerpioene te trap en om die vyand met al sy geweld te oorwin sonder dat iets julle leed aandoen.'"*

ANTWOORDE

1. Lees Efesiërs 6:12. Hoe word ons geestelike konflik met die demoniese ryk in hierdie vers beskryf?
   Dit word as ŉ worstelstryd beskryf.

2. Lees Markus 16:17. Wat leer hierdie vers ons van die gesag van ŉ gelowige?
   In Jesus se Naam het ons die gesag om demone uit te dryf.

3. Lees Jakobus 4:7. Wat moet ŉ persoon doen wat van demone bevry wil word?
   Homself aan God onderwerp en die duiwel teëstaan.

4. Lees Jakobus 1:14. Hoe kry die Satan dit reg om iets wat boos is, begeerlik te laat lyk?
   Hy werk met ons eie begeertes en luste.

5. Lees Romeine 6:13. Wanneer iemand sy lewe met die dinge van Christus vul, sal demone ongemaklik raak en op hulle eie weggaan. Wat moet ons volgens hierdie vers doen?
   Ons moet ons nie in diens van die sonde stel nie, maar in diens van God. Ons moet ons liggame tot beskikking stel as werktuie om reg te doen.

6. Lees Romeine 13:14. Demone teer op die werke van die vlees. Ons moet hulle dus laat uitteer deur in God se liefde en reinheid te lewe. Ons moet geen ***voorsorg*** vir die vlees maak nie.

7. Lees Lukas 10:17-19. Jesus het nooit gesê dat ons Hom moet vra om demone uit te dryf nie. Hy het ons daardie gesag gegee. Volgens hierdie vers het ons mag en gesag oor ***die vyand en al sy geweld***.

© 2012, Andrew Wommack
Toestemming word verleen om afskrifte vir dissipelskapdoeleindes te maak, op voorwaarde dat dit gratis uitgereik word.

VLAK 2

LES 6
DIE GESAG VAN DIE GELOWIGE

Deur Andrew Wommack

Vandag kyk ons na die gesag wat God aan ons as gelowiges gegee het. Om dit te kan doen, kan ons nie net na die gesag gaan kyk wat ons ontvang het nie, maar ook na die Satan se gesag. Sy beeld is buite verhouding opgeblaas. Christene glo dat ons teen 'n wese baklei wat veel sterker as ons is en dat ons skaars teen hom kan staande bly. Dit is nie wat die Woord ons leer nie. In Efesiërs 6:12 lees ons: *"Ons stryd is nie teen vlees en bloed nie maar teen die bose magte van hierdie sondige wêreld, teen die bose geeste in die lug."* Die Satan is dus 'n faktor; hy is 'n realiteit. Hy het 'n hiërargie van heersers en magte waarmee hy ons aanval, maar net in die voorafgaande vers lees ons dat ons teen die liste van die duiwel moet staande bly. Die enigste werklike mag waarmee die Satan teen ons kom, is misleiding. Hy het nie die mag om ons sommer so te verslaan nie.

In Genesis 3 sien ons dat toe die mens vir die eerste keer in die versoeking gekom het, die duiwel hulle nie met 'n demoniese mag stormgeloop het nie. In plaas daarvan om in die gedaante van 'n mammoet of 'n olifant te kom wat Adam onder sy poot vaspen en hom dwing om hom te dien, het hy die gedaante van 'n slang aangeneem, die listigste van al die skepsels wat God gemaak het. Die rede waarom die Satan as 'n slang gekom het, was omdat hy nie die krag gehad het om Adam en Eva te dwing om enigiets te doen nie. Hy kon hulle net mislei. Hy het die aard en karakter van God aangeval en Hom begin kritiseer deur te sê: "God is nie regtig so lief vir julle nie – Hy speel nie oop kaarte met julle nie." Hy het misleiding gebruik om Adam en Eva te verlei om teen God te sondig. Dit was hulle wat die outoriteit gehad het en die rede waarom die Satan dit op hierdie manier moes doen, was omdat hy nie die mag gehad het om God die stryd aan te sê nie.

Daar is soveel meer waarop ek kan ingaan, maar een van die belangrikste punte wat ek aangaande die gesag van die gelowige by jou wil tuisbring, is die feit dat die Satan geen mag en gesag oor jou het nie. Hy is 'n verslane vyand. Al wat die Satan aan jou kom doen, is om jou met sy leuens te mislei. Mense wie se lewens aan skerwe is, beweer soms dat dit die duiwel is wat hulle aangeval het. Ongelukkig is dit hulle wat die duiwel self van ammunisie voorsien. Ons besluit hoe ons op sy leuens en misleiding reageer. As jy nie aan die duiwel toegee nie, sal hy geen mag oor jou hê nie. In 2 Korintiërs 10:3-5 staan daar: *"Natuurlik leef ons in 'n menslike liggaam, maar ons voer nie die stryd met menslike wapens nie. Die wapens van ons stryd is nie die wapens van die mens nie, maar die kragtige wapens van God wat vestings kan vernietig. Daarmee vernietig ons die redenasies en elke hooghartige aanval wat teen die kennis van God gerig word. Ons neem elke gedagte gevange om dit aan Christus gehoorsaam te maak."* Hierdie verse handel oor die wapens van ons stryd, en elke wapen wat hier genoem word, verwys na jou verstand en jou gedagtes. Die Satan het nie die mag om enigiets aan jou te doen nie, behalwe om jou te probeer mislei.

Ek wil net ’n paar opsommende gedagtes met jou deel. Aan die begin het alle gesag vanselfsprekend aan God behoort. Alle mag en gesag kom van die Here af, want Hy is die enigste bron van gesag. Alle mag word deur Hom gedelegeer. Toe Hy die hemel en aarde geskep het, het alle mag en gesag aan Hom behoort. Toe, nadat Hy Adam en Eva geskep het, sê Hy in Genesis 1:26: *“Laat hulle heers oor ... die hele aarde.”* Sien ook Psalm 115:16: *“Die hemel is net vir die Here, maar die aarde het Hy aan die mense gegee.”* As Skepper het God eienaarskap van die hele skepping, maar Hy het die heerskappy of gesag oor die aarde aan fisiese mense gegee. Die Satan het nooit die reg en mag gehad om oor die aarde te heers nie. Hy het dit afgeneem deur die mens te verlei om sonde te doen. God het die mag aan die mensdom gegee, en toe die mens tot ’n val kom, het hy hierdie Godgegewe gesag en mag aan die duiwel oorgegee. God het die Satan nooit die mag gegee om die mens te onderdruk of oor hierdie aarde te heers nie.

Die Woord sê wel dat die Satan die god van hierdie wêreld is, maar dit is nie omdat God hom die god van hierdie wêreld gemaak het nie. God het die Satan nooit bo die mensdom aangestel nie. Hy het die mens die heerskappy en gesag oor hierdie aarde gegee. Die enigste rede waarom die Satan daarin slaag om ons te onderdruk, te domineer of probleme te skep, is omdat mense hulle Godgegewe gesag aan Hom oorgee. Die skepping het nou met ’n dilemma gesit, want God is Gees, en Hy het die gesag oor hierdie aarde aan fisiese mense gegee. Slegs mense met ’n fisiese liggaam het die gesag en mag gehad om oor hierdie aarde te regeer. Die Satan moes na ons toe kom en ons sover kry om ons gesag aan hom oor te gee. Dit is die rede waarom hy ’n liggaam wil bewoon. Ons lees in die Woord dat demone ’n liggaam moet beset, want die Satan kan niks doen tensy hy ’n menslike liggaam gebruik om sy werk te doen nie. Omdat God Gees is en Hy sy gesag aan fisiese mense gegee het, was sy hande nou in ’n sekere sin afgekap. Dit was nie omdat God nie die mag of gesag gehad het nie, maar omdat Hy sy integriteit moes handhaaf. Hy het ’n sekere mate van gesag aan mense gegee, en as Hy aan sy eie woord getrou wou bly, kon Hy dit nie net terugneem en sê: “Dis nie hoe Ek dit wou hê nie; kom ons begin oor” nie. Nee, God het Hom deur sy eie Woord laat bind. Deur die eeue heen het Hy iemand gesoek deur wie Hy kon werk, maar ongelukkig was die hele mensdom verdorwe en het hulle hulleself aan die Satan oorgegee. God sou iets anders moes doen.

Op die ou einde het Hy self aarde toe gekom en ’n mens geword. Hierdie ongelooflike daad het beteken dat die duiwel in groot moeilikheid was. Hy het nog altyd van die mensdom se mag gebruik gemaak, en omdat die mens sy Godgegewe gesag vrywillig en wettiglik aan die Satan oorgegee het, kon God nie direk ingryp en al die probleme oplos nie. Die Satan het verkeerd gedoen, maar dit was ons as mense wat ons mag en gesag aan hom oorhandig het. Nou het God egter op die toneel verskyn, en Hy was nie meer net Gees nie, maar het die gedaante van ’n mens gehad. Dit het die duiwel in ’n netelige posisie geplaas, want deur as mens te kom, het God nie meer net die gesag in die hemel gehad nie, maar ook op aarde. Jesus het in Johannes 5:26-27 gesê: *“Soos die Vader die lewe in Homself het, het Hy die lewe ook aan die Seun gegee om dit in Homself te hê. Hy het Hom ook volmag gegee om te oordeel, omdat Hy die Seun van die mens is.”* Hy het na sy fisiese liggaam verwys.

Jesus het gekom en sy Godgegewe gesag uitgeoefen. Die duiwel het Hom versoek en Jesus

het nooit voor hom geswig nie. Die Satan het elke tweegeveg met Hom verloor. Uiteindelik het Jesus ons sondes geneem, daarvoor gesterf, hel toe gegaan, weer opgestaan en in Matteus 28:18 gesê: *"Aan My is alle mag gegee in die hemel en op die aarde."* Hy het die gesag teruggewen wat God aan die mensdom gegee het en wat hulle misbruik het. As God in die vlees het Jesus nou alle mag in die hemel en op aarde gehad. In die volgende vers sê Hy: "Gaan dan uit en doen die volgende." In werklikheid het Hy gesê: "Alle mag in die hemel en op aarde behoort nou aan My, en Ek deel dit met julle." Hierdie keer is daar egter 'n unieke verskil aan die gesag wat God aan ons as gelowiges teruggegee het. Dis 'n gesamentlike gesag tussen ons en die Here Jesus Christus. Dit is nie uitsluitlik aan ons gegee soos aan Adam en Eva nie. Hulle kon daardie gesag weggee, die duiwel toelaat om hulle te onderdruk en alles verloor, maar vandag deel ons ons gesag met die Here Jesus Christus. Dit kan met 'n gesamentlike bankrekening vergelyk word, waar albei partye se handtekeninge vereis word wanneer 'n tjek gewissel word. Ons deel ons gesag met die Here Jesus, en Hy deel sy gesag met die kerk.

Alhoewel ons soms misluk, sal God hierdie gesag nooit weer aan die duiwel oordra nie. Die Satan is totaal en al magteloos. Hy het nie die vermoë om enigiets in jou lewe te doen nie, buiten om jou te probeer mislei of jou sover te kry om vrywillig aan hom toe te gee. Jy kan hom dalk outoriteit in jou lewe gee en persoonlik daarvoor boet, maar die Godgegewe gesag wat aan die mens gegee is, sal nooit weer uitsluitlik aan die Satan behoort nie. Dit word nou deur ons en die Here Jesus gedeel, en Hy bly getrou, ongeag wat ons doen. Jy moet besef dat die gesag en die mag nou aan jou behoort. Die Satan gebruik gedagtes in sy stryd teen jou, en jy het die nodige wapens om hierdie gedagtes gevange te neem. Jy moet besef dat die duiwel nie die reg het om jou fisies te verdruk nie – gaan lees wat die Woord oor genesing sê. Johannes 8:32 lees: *"Julle sal die waarheid ken, en die waarheid sal julle vry maak."* Jy is die een met die gesag. God het dit vir jou gegee, en al wat jou daarvan weerhou om dit te beoefen, is die feit dat jy nog nie jou gedagtes gevange geneem en aan Hom onderwerp het nie. Jy het nog nie hierdie geestelike wapens gebruik om jou gedagtes te vernuwe en te besef wat jy ontvang het nie. Wees bly oor die gesag wat aan jou behoort.

Dit is my gebed dat jy hierdie les ter harte sal neem, daaroor sal mediteer en dat God aan jou sal openbaar dat jý die een is vir wie die Satan bang is. Jy behoort nie vir die Satan bang te wees nie, want jy is die een wat Godgegewe mag en gesag ontvang het. As jy die duiwel teëstaan, sal hy van jou af wegvlug (Jakobus 4:7).

DISSIPELSKAPVRAE

1. Lees Genesis 3:1. Die Satan is 'n realiteit, maar sy ware krag bestaan in sy vermoë om ons te mislei. Die slang (die duiwel) het probeer om Eva sover te kry om _____ te bevraagteken.

2. Lees Genesis 3:1. Waarom dink jy het die Satan misleiding gebruik?

3. Lees Genesis 1:26, 28. Wie het vir die mens sy gesag gegee?

4. Lees Psalm 8:5-9. Hoe het God die mens geskep?

SKRIFGEDEELTES VIR GEBRUIK SAAM MET VRAE

GENESIS 3:1 – *"Die slang was listiger as al die wilde diere wat deur die Here God gemaak is en het vir die vrou gevra: 'Het God werklik gesê julle mag van geen boom in die tuin eet nie?'"*

GENESIS 1:26 – *"Toe het God gesê: 'Kom Ons maak die mens as ons verteenwoordiger, ons beeld, sodat hy kan heers oor die vis in die see, die voëls in die lug, die mak diere, die wilde diere en al die diere wat op die aarde kruip.'"*

GENESIS 1:28 – *"Toe het God hulle geseën en vir hulle gesê: 'Wees vrugbaar, word baie, bewoon die aarde en bewerk dit. Heers oor die vis in die see, oor die voëls in die lug, oor al die diere van die aarde, ook oor die diere wat op die aarde kruip.'"*

PSALM 8:5-9 – *"**[5]** Wat is die mens dan dat U aan hom dink, die mensekind dat U na hom omsien? **[6]** U het hom net 'n bietjie minder as 'n hemelse wese gemaak en hom met aansien en eer gekroon, **[7]** U laat hom heers oor die werk van u hande, U het alles aan hom onderwerp: **[8]** skape en beeste, alles; selfs die diere in die veld, **[9]** die voëls in die lug, en die visse in die see wat die oseane deurkruis."*

DISSIPELSKAPVRAE

5. Lees 2 Korintiërs 4:4. Wat het volgens hierdie Skrifgedeelte gebeur?

6. Lees Matteus 4:8-9. Is hierdie verse 'n bevestiging van bogenoemde punt?

7. Lees Matteus 28:18. Aan wie is al die gesag in die hemel en op aarde na Jesus se dood en opstanding gegee?

8. Lees Matteus 28:18-19. Aan wie het Hy volgens hierdie vers gesag gegee?

9. Lees Efesiërs 1:19. In wie word die geweldige grootheid van God se krag uitgeoefen?

SKRIFGEDEELTES VIR GEBRUIK SAAM MET VRAE

2 KORINTIËRS 4:4 – *"Hulle is die ongelowiges wie se verstand deur die god van hierdie wêreld verblind is, sodat hulle die lig van die evangelie nie kan sien nie. Dit is die evangelie van die heerlikheid van Christus, wat die beeld van God is."*

MATTEUS 4:8-9 – *"**[8]** Toe neem die duiwel Hom na 'n baie hoë berg toe, wys Hom al die koninkryke van die wêreld met hulle prag **[9]** en sê vir Hom: 'Dit alles sal ek vir U gee as U neerval en my aanbid.'"*

MATTEUS 28:18-19 – *"**[18]** Jesus kom toe nader en sê vir hulle: 'Aan My is alle mag gegee in die hemel en op die aarde.' **[19]** Gaan dan na al die nasies toe en maak die mense my dissipels: doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees."*

EFESIËRS 1:19 – *"En hoe geweldig groot sy krag is wat Hy uitoefen in ons wat glo. Dit is dieselfde kragtige werking van sy mag."*

ANTWOORDE

1. Lees Genesis 3:1. Die Satan is 'n realiteit, maar sy ware krag bestaan in sy vermoë om ons te mislei. Die slang (die duiwel) het probeer om Eva sover te kry om ***God se Woord (Het God regtig gesê?)*** te bevraagteken.

2. Lees Genesis 3:1. Waarom dink jy het die Satan misleiding gebruik?
Hy kon hulle nie met geweld dwing om ongehoorsaam te wees nie. Hy moes hulle deur misleiding sover kry om hulle gesag weg te gee.

3. Lees Genesis 1:26, 28. Wie het vir die mens sy gesag gegee?
God.

4. Lees Psalm 8:5-9. Hoe het God die mens geskep?
Met gesag oor die werke van sy (God se) hande.

5. Lees 2 Korintiërs 4:4. Wat het volgens hierdie Skrifgedeelte gebeur?
Die Satan het die mens se gesag afgeneem en die god van hierdie wêreld (hierdie stelsel, era) geword.

6. Lees Matteus 4:8-9. Is hierdie verse 'n bevestiging van bogenoemde punt?
Ja.

7. Lees Matteus 28:18. Aan wie is al die gesag in die hemel en op aarde na Jesus se dood en opstanding gegee?
Aan Jesus.

8. Lees Matteus 28:18-19. Aan wie het Hy volgens hierdie vers gesag gegee?
Die gelowiges.

9. Lees Efesiërs 1:19. In wie word die geweldige grootheid van God se krag uitgeoefen?
In ons wat glo.

© 2012, Andrew Wommack
Toestemming word verleen om afskrifte vir dissipelskapdoeleindes te maak, op voorwaarde dat dit gratis uitgereik word.

VLAK 2

LES 7
GENESING LÊ IN DIE VERSOENING

Deur Andrew Wommack

Vandag se les handel oor genesing en die feit dat dit deel vorm van dit wat Jesus reeds vir ons verwerf het. In Markus 2 en Lukas 5 lees ons dat Jesus in 'n huis gepreek het wat so oorvol was dat 'n verlamde man se vriende hom deur die dak tot by Jesus laat sak het, en dat Hy hom wonderbaarlike genees het. Nadat Jesus by 'n ander geleentheid die siekes genees het, staan daar in Matteus 8:14-16: *"Toe Jesus in die huis van Petrus kom, sien hy Petrus se skoonma siek lê met 'n hoë koors. Hy het haar hand gevat, en die koors het haar verlaat. Sy het opgestaan en Hom bedien. Toe dit aand word, het hulle baie wat in die mag van duiwels was, vir Hom gebring. Hy het die geeste met 'n woord uitgedryf en al die siekes gesond gemaak."* Vers 17 verskaf die rede hiervoor: *"So is vervul wat deur die profeet Jesaja gesê is: 'Hy het ons lyding op Hom geneem, ons siektes het Hy gedra.'"* Op daardie dag het Jesus baie mense genees, en dit is 'n spesifieke verwysing na Jesaja 53:3-5: *"Hy was verag en deur die mense verstoot* [dit is 'n profesie oor die Here Jesus Christus], *'n man van lyding wat pyn geken het, iemand vir wie die mense die gesig wegdraai. Hy was verag, ons het hom nie gereken nie. Tog het hy óns lyding op hom geneem, óns siektes het hy gedra. Maar ons het hom beskou as een wat gestraf word, wat deur God geslaan en gepynig word. Oor óns oortredings is hy deurboor, oor óns sondes is hy verbrysel; die straf wat vir ons vrede moes bring, was op hom, deur sý wonde het daar vir ons genesing gekom"* (my hakies).

Ongelukkig is daar mense wat hierdie kragtige Skrifgedeeltes neem en sê dat sulke verse na geestelike genesing verwys. Die kerk waarin ek grootgeword het, het nie in liggaamlike genesing geglo nie. Hulle sou so 'n Skrifgedeelte neem en dit vergeestelik deur te sê dat ons emosionele wonde het en dat die Here ons genees wanneer ons ons lewe vir Hom gee. As ons Jesaja se profesie egter saam met Matteus 8 lees, word daardie interpretasie finaal weerlê. Vanselfsprekend sal Jesus jou emosioneel en in ander opsigte genees, maar hierdie verse handel oor fisiese genesing. Dit blyk duidelik uit Matteus 8:17 wat lees dat hierdie genesings die vervulling van die profesie was wat ons sopas gelees het: *"Deur sý wonde het daar vir ons genesing gekom."* Daar staan dat Hy die profesie vervul het deur ons lyding op Hom te neem en ons siektes te dra. Hierdie verse handel oor fisiese pyn, siektes en lyding. Jesus het mense fisies genees en sodoende die Skrifgedeelte vervul waar daar staan dat ons deur sy wonde genees is.

Later lees ons in 1 Petrus 2:24, *"Hy het self ons sondes in sy liggaam aan die kruis gedra. Daardeur is ons vir die sondes dood en kan ons lewe in gehoorsaamheid aan die wil van God. Deur sy wonde is julle genees."* Petrus skryf hier in die verlede tyd. Jesus het gekom en deel van dit wat Hy kom doen het, was om ons fisiese liggaam te genees. Ek doen nie afbreuk aan die feit dat Hy ook gekom het om ons sondes te vergewe nie. Dit is belangrik, en die vergewing van sondes is soos

die deur, die ingang na alles wat Hy vir ons wil gee, maar Hy het nie net gekom om jou sondes te vergewe nie. Hy het ook gekom om jou liggaam te genees. Die Griekse woord wat in die Nuwe Testament vir redding gebruik word, is sozo, 'n allesomvattende woord met baie verskillende toepassings. As jy dit naslaan, word dit ook met "genees" vertaal. Jakobus 5:14-15 lees: *"Is daar iemand siek onder julle? Laat hom die ouderlinge van die gemeente inroep, en laat hulle oor hom bid nadat hulle hom in die Naam van die Here met olie gesalf het. En die gebed van die geloof sal die kranke red."* Die woord "red" is die Griekse woord sozo en dit verwys na die sieke wat liggaamlike genesing ontvang. Hierdie selfde woord wat by honderde geleenthede in die Nuwe Testament met vergifnis vertaal is, is ook met genees vertaal.

Toe Jesus sy dissipels in Matteus 10 uitgestuur het, was dit met die opdrag om die siekes te genees, die melaatses te reinig, die dooies op te wek, duiwels uit te dryf en die evangelie te verkondig. Nadat Hy hulle aangesê het om die evangelie te verkondig, het Hy hulle in dieselfde asem beveel om die siekes te genees, die melaatses te reinig en duiwels uit te dryf. Genesing vorm net so groot 'n deel van Jesus se werk in ons lewe soos die vergewing van sondes.

Net soos die Here nooit sal wil hê dat jy moet sondig, sodat Hy jou iets deur jou sonde kan leer nie, sal Hy nooit wil hê dat jy moet siek wees nie. God is nie die outeur van siekte in jou lewe nie. Mense sê soms dinge soos: "Hierdie siekte is eintlik 'n seën van die Here, want dit het gemaak dat ek my tot Hom bekeer." Dit ís so dat mense in krisissituasies na die Here roep, maar Hy sal jou nie siek maak om jou iets te leer nie. Net soos Hy jou nie sal laat sondig nie, sal Hy jou nie siek maak nie. Kan 'n mens iets leer deur in sonde te lewe? As jy 'n lewe van egbreuk of homoseksualiteit lei en 'n siekte opdoen, kan jy leer dat dit 'n verkeerde lewenswyse was. Maar dit is nie God wat gemaak het dat jy so lewe nie. Al het Hy jou nie laat sondig nie, kan jy iets uit jou sondes leer. Jy kan jou kop stamp en leer dat jy verkeerd gedoen het, maar jy kon dit ook geleer het sonder om jou kop te stamp. Dit is nie nodig om alles met harde stampe te leer nie. God maak jou nie siek om jou nederig te hou of iets te leer nie. Jesus het gesterf om jou sondes te vergewe en jou siektes te genees. Hy het jou sondes in sy eie liggaam gedra en deur sy wonde is jy genees.

God se bonatuurlike, goddelike genesing is tot ons almal se beskikking en deel van die versoening wat Jesus deur sy dood bewerk het. God verkwalik jou nie as jy nie jou genesing ontvang nie. Jy hoef nie genees te word om vir die Here lief te wees nie. Jy kan die Here met jou hele hart liefhê, nie in genesing glo nie en steeds hemel toe gaan. Trouens, jy sal waarskynlik gouer daar uitkom, omdat jy sy genesing nie toe-eien nie. Maar God het sy gesondmaking tot jou beskikking gestel. Jesus het gesterf om dit moontlik te maak. God wil hê jy moet gesond wees.

DISSIPELSKAPVRAE

1. Lees Matteus 8:16-17. Hoeveel mense is deur Jesus genees?

2. Lees Jesaja 53:3-5. Na watter soort genesing verwys hierdie verse?

3. Lees Matteus 8:17. Wat het met ons siektes en lyding gebeur?

4. Lees 1 Petrus 2:24. Watter twee dinge het Jesus volgens hierdie vers vir ons gedoen?

SKRIFGEDEELTES VIR GEBRUIK SAAM MET VRAE

MATTEUS 8:16-17 – *"**[16]** Toe dit aand word, het hulle baie wat in die mag van duiwels was, vir Hom gebring. Hy het die geeste met 'n woord uitgedryf en al die siekes gesond gemaak. **[17]** So is vervul wat deur die profeet Jesaja gesê is: 'Hy het ons lyding op Hom geneem, ons siektes het Hy gedra.'"*

JESAJA 53:3-5 – *"**[3]** Hy was verag en deur die mense verstoot, 'n man van lyding wat pyn geken het, iemand vir wie die mense die gesig wegdraai. Hy was verag, ons het hom nie gereken nie. **[4]** Tog het hy óns lyding op hom geneem, óns siektes het hy gedra. Maar ons het hom beskou as een wat gestraf word, wat deur God geslaan en gepynig word. **[5]** Oor óns oortredings is hy deurboor, oor óns sondes is hy verbrysel; die straf wat vir ons vrede moes bring, was op hom, deur sý wonde het daar vir ons genesing gekom."*

1 PETRUS 2:24 – *"Hy het self ons sondes in sy liggaam aan die kruis gedra. Daardeur is ons vir die sondes dood en kan ons lewe in gehoorsaamheid aan die wil van God. Deur sy wonde is julle genees."*

DISSIPELSKAPVRAE

5. Lees Jakobus 5:14-15. Die woord "red" in vers 15 is die Griekse woord sozo wat vertaal word met "om te bevry, te beskerm, te genees, te bewaar, heel te wees." Dit is dieselfde woord wat in die Bybel met "redding" vertaal word. Wat word volgens hierdie verse en die Griekse definisie van die woord redding, by verlossing ingesluit?

6. Lees Matteus 10:7. Wat het Jesus sy dissipels beveel om te sê toe Hy hulle uitgestuur het?

7. Lees Matteus 10:8. Wat het Jesus hulle beveel om te doen?

8. Lees Markus 16:15. Wat het Jesus sy dissipels beveel om te doen?

9. Lees Markus 16:16. Wat sal diegene doen wat die evangelie aanneem?

10. Lees Markus 16:17. Watter tekens sal by die gelowiges voorkom?

11. Lees Markus 16:18. Watter ander tekens kom by gelowiges voor?

SKRIFGEDEELTES VIR GEBRUIK SAAM MET VRAE

JAKOBUS 5:14-15 – *"[14] Is daar iemand siek onder julle? Laat hom die ouderlinge van die gemeente inroep, en laat hulle oor hom bid nadat hulle hom in die Naam van die Here met olie gesalf het. **[15]** En die gebed van die geloof sal die kranke red, en die Here sal hom oprig. Selfs as hy sonde gedoen het, sal dit hom vergewe word."*

MATTEUS 10:7-8 – *"[7] Gaan verkondig: 'Die koninkryk van die hemel het naby gekom.' **[8]** Maak siekes gesond, wek dooies op, reinig melaatses en dryf duiwels uit. Julle het dit verniet ontvang, gee dit ook verniet."*

MARKUS 16:15-18 – *"[15] Hy het vir hulle gesê: 'Gaan uit, die hele wêreld in, en verkondig die evangelie aan die hele mensdom. **[16]** Wie tot geloof gekom het en gedoop is, sal gered word; wie nie glo nie, sal veroordeel word. **[17]** Die volgende wondertekens sal voorkom by dié wat glo: in my Naam sal hulle duiwels uitdrywe; in ander tale sal hulle praat. **[18]** Met hulle hande sal hulle slange optel, en as hulle iets drink wat dodelik giftig is, sal dit hulle geen kwaad doen nie; hulle sal siekes die hande oplê en dié sal gesond word."*

ANTWOORDE

1. Lees Matteus 8:16-17. Hoeveel mense is deur Jesus genees?
   Almal wat na Hom toe gekom het.

2. Lees Jesaja 53:3-5. Na watter soort genesing verwys hierdie verse?
   Alle soorte genesing (insluitend fisies).

3. Lees Matteus 8:17. Wat het met ons siektes en lyding gebeur?
   Jesus het dit gedra.

4. Lees 1 Petrus 2:24. Watter twee dinge het Jesus volgens hierdie vers vir ons gedoen?
   Hy het ons siektes in sy liggaam gedra en is vir ons genesing gepynig.

5. Lees Jakobus 5:14-15. Die woord "red" in vers 15 is die Griekse woord sozo wat vertaal word met "om te bevry, te beskerm, te genees, te bewaar, heel te wees." Dit is dieselfde woord wat in die Bybel met "redding" vertaal word. Wat word volgens hierdie verse en die Griekse definisie van die woord redding, by verlossing ingesluit?
   Genesing.

6. Lees Matteus 10:7. Wat het Jesus sy dissipels beveel om te sê toe Hy hulle uitgestuur het?
   Die koninkryk van die hemel het naby gekom.

7. Lees Matteus 10:8. Wat het Jesus hulle beveel om te doen?
   Hulle moes die siekes gesond maak, die dooies opwek en duiwels uitdryf.

8. Lees Markus 16:15. Wat het Jesus sy dissipels beveel om te doen?
   Hulle moes na al die nasies toe gaan en die evangelie aan almal verkondig.

9. Lees Markus 16:16. Wat sal diegene doen wat die evangelie aanneem?
   Hulle sal glo en hulle laat doop.

10. Lees Markus 16:17. Watter tekens sal by die gelowiges voorkom?
    Hulle sal duiwels uitdryf en in vreemde tale praat.

11. Lees Markus 16:18. Watter ander tekens kom by gelowiges voor?
    Hulle sal siekes die hande oplê en dié sal gesond word.

© 2012, Andrew Wommack
Toestemming word verleen om afskrifte vir dissipelskapdoeleindes te maak, op voorwaarde dat dit gratis uitgereik word.

VLAK 2

LES 8
STRUIKELBLOKKE VIR GENESING

Deur Andrew Wommack

In ons vorige les het ek gesê dat dit God se wil is om te genees, en dat genesing deel vorm van die versoening. Ek kon nog baie meer gesê het, want selfs al glo jy dit en het jy dit in die Bybel gesien, bestaan daar steeds baie vrae soos: "Waarom is daar dan so baie siek mense as dit God se wil is om ons te genees?" Daar is baie redes hiervoor en ek gaan net 'n paar vlugtig aanraak. Hier is eenvoudig nie genoeg plek vir al die inligting nie, maar as dit God se wil is om te genees, wil ek 'n paar redes noem waarom mense nie genees word nie. Een van die redes is onkunde. 'n Mens kan nie in iets lewe wat jy nie ken of verstaan nie, en in my eie lewe was dit beslis die geval.

Ek is geleer dat God se wil outomaties geskied, dat ek geen gesag, krag of sê daarin gehad het nie. Deur my onkunde het daar 'n paar dinge gebeur. My pa is dood toe ek twaalf was en teen die tyd dat ek een-en-twintig was, het twee of drie mense in my teenwoordigheid gesterf. Ten spyte van my gebede dat hulle genees sou word, het hulle nie gesond geword nie. Nie omdat dit nie God se wil was nie, maar omdat ek onkundig was. Onkunde mag dalk 'n rede wees waarom dinge gebeur, maar dit is nie 'n verskoning nie. Kyk maar na die swaartekragwet: Iemand kan sê: "Ek het nie besef dat ek my sal doodval as ek uit die boonste venster van 'n tienverdiepinggebou spring nie." 'n Mens se onkunde aangaande swaartekrag verhoed nie dat jy die volle impak van daardie wet beleef nie. Mense is onkundig oor sommige van God se wette. Hulle weet nie hoe sy genesingstelsel werk nie, met die gevolg dat baie mense weens onkunde sterf.

Nog iets wat ons daarvan kan weerhou om genees te word, is sonde. Sommige mense raak baie ontsteld wanneer ek dit sê, want hulle dink ek beweer dat alle siektes die gevolg van sonde is, en dit is nie waar nie. Dit is nie wat ek sê nie. In Johannes 9 was daar 'n geval waar Jesus uit die tempel gekom het en sy dissipels na 'n man gewys het wat blind gebore is. In vers 2 vra hulle: *"Rabbi, deur wie se sonde is dit dat hierdie man blind gebore is: sy eie of sy ouers s'n?"* Hulle het dus probeer om hierdie man se siekte direk aan sonde te koppel deur te vra of dit sy sondes of sy ouers se sondes was wat gemaak het dat hy siek geword het. Jesus het geantwoord dat niemand gesondig het nie. Dit beteken nie dat die ouers of die seun nooit gesondig het nie, maar dit was nie hulle sonde wat hierdie blindheid veroorsaak het nie. Dit is onwaar om te sê dat alle siektes aan sonde gekoppel kan word, maar dit is ook verkeerd om te ontken dat sonde een van die faktore is.

In Johannes 5 is daar 'n geval waar Jesus by die bad van Betesda was, en Hy het 'n man bonatuurlik genees. Daar was baie mense by die bad, maar net een persoon is genees. Later blyk dit dat die man nie geweet het wie hom genees het toe die Jode hom in vers 12 vra: "*Wie is die man wat vir jou gesê het: 'Tel jou goed op en loop?'*" nie. Vers 13-14 vervolg: *"Die man wat gesond geword het,*

het egter nie geweet wie dit was nie, want Jesus het ongemerk weggegaan omdat daar 'n klomp mense op die plek was. Later kry Jesus hom in die tempel en sê vir hom: 'Kyk, jy is nou gesond. Moet nou nie meer sonde doen nie, sodat daar nie iets ergers met jou gebeur nie.'" Jesus sê hier uitdruklik dat sonde sal maak dat hierdie man deur iets ergers as verlamming getref sal word. Hy het die siekte direk aan sonde gekoppel. In Johannes 9 het Hy egter gesê dat dit nie vanweë enigiemand se sonde was dat die man blind gebore is nie.

Sommige dinge gebeur bloot natuurlik, maar daar is gevalle wanneer siektes, lyding of probleme 'n direkte gevolg van sonde kan wees. Selfs in sulke gevalle beteken dit nie dat dit God is wat hierdie dinge aan ons doen nie. Dink byvoorbeeld aan iemand wat 'n homoseksuele lewenswyse volg, iets wat 'n verdraaiing van die natuurlike is. Die menslike liggaam is nie gemaak om so te lewe nie. Seksueel oordraagbare siektes word uit daardie lewenswyse gebore. God is nie die outeur van hierdie siektes nie – dit is eenvoudig die natuur se manier om teen daardie onnatuurlike manier van lewe te rebelleer. As jy byvoorbeeld uitgaan en die verkeerde kosse eet, sal jou liggaam daarop reageer, en dit is nie God wat dit aan jou doen nie. Natuurwette en natuurlike faktore speel 'n rol. Dit is dus waar dat sonde een van die redes kan wees waarom mense nie genees word nie.

As jy weet dat daar 'n sekere sonde in jou lewe is en as jy die Here vir genesing vertrou, moet jy ophou sonde doen, want daardeur gee jy die Satan direkte toegang tot jou lewe. Die gevolg is dat jy nie kan ontvang wat God in jou lewe wil doen nie. In Romeine 6:16 lees ons: *"Julle weet tog: as julle julle aan iemand onderwerp om hom as slawe te gehoorsaam, is julle die slawe van dié een aan wie julle gehoorsaam is. As dit die sonde is, beteken dit vir julle die dood; as dit gehoorsaamheid aan God is, beteken dit vryspraak en lewe."* Dit beteken nie dat die Satan jou meester word en jy jou verlossing verloor en hel toe gaan as jy sonde doen nie, maar dit beteken dat jy – of jy nou 'n Christen is of nie –'n deur vir die Satan oopmaak. In Johannes 10:10 staan daar dat die dief slegs kom om te steel, te vermoor en vernietig. Maar Jesus het gekom om jou lewe te gee. Terwyl Jesus jou met sy lewe en gesondheid wil vul, is die Satan besig om jou te probeer siek maak. As jy aan die duiwel toegee deur te sondig, versterk jy hom en gee jy hom 'n beweegruimte in jou lewe. Jy kan bid en die Here vir genesing vra tot jy blou is, maar deur jou optrede gee jy die duiwel toestemming om in te kom en siekte te bring. As jy dus in sonde lewe, moet jy daarmee ophou.

Ek moet byvoeg dat 'n mens so introspektief kan raak dat jy kan sê: "Ek sal nooit goed genoeg wees nie" en 'n punt bereik waar jy glo dat selfs al kán God jou genees, Hy dit nie sal doen nie omdat jy dit nie verdien nie. Dit is ook verkeerd. Niemand van ons word deur God genees omdat ons dit verdien nie. Daar was nog nooit iemand wat gekwalifiseerd genoeg was om vir God te werk nie. God se werk in jou lewe berus nie op jou prestasies of heiligheid nie. Dit berus op wat Jesus vir jou gedoen het en jou geloof in Hom. Terselfdertyd kan jy nie jou optrede ignoreer en jou aan die duiwel oorgee sonder dat hy jou verniel nie. God se genesing sal soveel makliker en kragtiger in jou lewe werk as jy tot inkeer kom en ophou om enigiets te doen wat die Satan toegang tot jou lewe gee.

Nog 'n faktor rakende genesing waaraan baie mense nie regtig dink nie, is die negatiwiteit

en ongeloof van ander mense wat jou beïnvloed. Een van die klassieke voorbeelde hiervan is in Markus 6 waar Jesus in sy tuisdorp was en die mense op Hom neergesien het, omdat hulle Hom as 'n klein seuntjie onthou het. Hulle het sy pa en ma, sy broers en susters geken en anders as ander mense, het hulle Hom nie gerespekteer nie. Hulle het teen Hom uitgevaar en gekritiseer. Markus 6:4-6 lees: *"Jesus sê toe vir hulle: "'n Profeet word oral erken behalwe in die plek waar hy grootgeword het, en in sy familiekring en sy gesin.' Hy kon daar geen enkele wonderwerk doen nie, behalwe dat Hy sy hande op 'n paar siekes gelê en hulle gesond gemaak het. Hy was verbaas oor die ongeloof van die mense.*" Daar staan nie dat Jesus nie wonderwerke wóú doen nie, maar dat Hy nie kón nie. Jesus, die Seun van God, wat as 'n mens aarde toe gekom het, het geen gebrek aan geloof gehad nie en daar was ook nie ruimte vir sonde in sy lewe nie. Tog, op grond van ander mense se ongeloof, was daar 'n beperking op dit wat Hy vir hulle kon doen. As ons dit saam met Matteus 13:58 lees, *"Vanweë hulle ongeloof het Hy daar nie baie wonderwerke gedoen nie,"* sien ons dat Jesus, wat self geen beperkings of sonde gehad het nie, deur die mense rondom Hom beperk is.

Dit is regtig belangrik om te verstaan dat dit God se wil is om almal te alle tye te genees. Moet egter nie 'n fout maak om na 'n hospitaal toe te gaan en vir elke pasiënt te bid, omdat jy glo dat dit God se wil is om hulle gesond te maak nie. Dit ís God se wil om hulle te genees, maar Hy sal nie teen hulle eie wil beweeg nie. God sal hulle reg beskerm om siek te wees, hulle reg om nie genees te word nie. Niemand kan hulle dwing om genees te word nie – en hulle kan nie op grond van iemand anders se geloof genees word nie. Iemand se geloof kan hulle help as hulle worstel, maar niemand kan dit namens hulle doen nie. 'n Mens kan 'n motor stoot wat in neutraal is, nie een wat in trurat is nie. As iemand hom teen genesing verset, is daar niks wat jy daaraan kan doen nie. Dit is waarom jy nie almal in 'n hospitaal kan gesond bid, of na 'n erediens toe kan gaan en almal sien gesond word as hulle nie hulle samewerking gee nie.

Daar is soveel meer wat ek hieroor kan sê. Wanneer Jesus mense genees of selfs uit die dood opgewek het, sou Hy na iemand toe gaan en sê: "Moenie huil nie." Hy sou vir 'n ma sê om nie te huil nie en haar seun lewend maak. Iemand se geloof moes iewers 'n rol speel. Van jou kant af moet jy glo. Daar is so baie, baie ander dinge wat by genesing betrokke is. Ek het nie 'n handjievol daarvan aangeroer, en hopelik sal dit jou help, maar een van die belangrikste waarhede wat jy hieruit moet haal, is dat God getrou is. Dit is sy wil dat jy genees moet word, maar jy moet leer hoe om saam met Hom te werk. Hy kan dit nie vir jou doen nie; Hy moet dit deur jou doen. Dit kom uit jou binneste en vind uitdrukking in die fisiese.

Ek bid dat hierdie les jou sal help om jouself oor te gee, om toe te laat dat God se krag deur jou vloei, en om in sy bonatuurlike gesondheid te lewe.

DISSIPELSKAPVRAE

1. Lees Matteus 8:17. Wat het Jesus gedoen sodat ons genees kan word?

2. Lees Hosea 4:6. Sommige mense word nie genees nie, want hulle:
   A. is onkundig (het nie kennis nie).
   B. gaan nie kerk toe nie.
   C. is nie goed genoeg nie.

3. Lees Johannes 9:1-3. Wat het die dissipels gedink het hierdie man se blindheid veroorsaak? _____.

   Was hulle reg?

4. Lees Johannes 5:14. Alhoewel sonde 'n deur oopmaak vir siekte, is dit nie altyd die geval nie. Watter ander gevolge (buiten siektes) kan sonde vir iemand inhou?

SKRIFGEDEELTES VIR GEBRUIK SAAM MET VRAE

MATTEUS 8:17 – *"So is vervul wat deur die profeet Jesaja gesê is: 'Hy het ons lyding op Hom geneem, ons siektes het Hy gedra.'"*

HOSEA 4:6 – *"My volk gaan te gronde weens gebrek aan kennis; omdat jy die kennis verwerp het, sal Ek jou verwerp, sodat jy vir My die priesteramp nie sal bedien nie; omdat jy die wet van jou God vergeet het, sal Ek ook jou kinders vergeet."*

JOHANNES 9:1-3 – *"**[1]** Terwyl Jesus wegstap, sien Hy 'n man wat van sy geboorte af blind was. **[2]** Sy dissipels vra Hom toe: 'Rabbi, deur wie se sonde is dit dat hierdie man blind gebore is: sy eie of sy ouers s'n?' **[3]** En Jesus antwoord: 'Dit is nie deur sy eie sonde nie en ook nie deur sy ouers s'n nie, maar hy is blind sodat die werke wat God doen, in hom gesien sal kan word.'"*

JOHANNES 5:14 – *"Later kry Jesus hom in die tempel en sê vir hom: 'Kyk, jy is nou gesond. Moet nou nie meer sonde doen nie, sodat daar nie iets ergers met jou gebeur nie.'"*

DISSIPELSKAPVRAE

5. Lees Romeine 5:12-14. As sonde nie altyd die oorsaak van siektes is nie, wat kan 'n ander moontlike oorsaak wees?

6. Lees Handelinge 10:38. Waardeur kan siektes nog veroorsaak word?

7. Lees Matteus 13:58. Waardeur kan genesing belemmer word?

8. Lees Jakobus 5:15. Wat sal die siekes red?

SKRIFGEDEELTES VIR GEBRUIK SAAM MET VRAE

ROMEINE 5:12-14 – *"**[12]** Verder nog dit: Deur een mens het die sonde in die wêreld gekom en deur die sonde die dood, en so het die dood tot al die mense deurgedring, omdat almal gesondig het. **[13]** Die sonde was al in die wêreld nog voordat die wet van Moses gegee is, maar sonde word nie toegereken as daar nie 'n wet is nie. **[14]** Nietemin het die dood heerskappy gevoer van Adam af tot by Moses, ook oor mense wat nie gesondig het op dieselfde manier as dié waarop Adam oortree het nie."*

HANDELINGE 10:38 – *"Julle weet van Jesus van Nasaret, dat God Hom met die Heilige Gees gesalf en met krag toegerus het. Hy het rondgegaan, oral goeie werke gedoen en almal gesond gemaak wat in die mag van die duiwel was, want God was by Hom."*

MATTEUS 13:58 – *"Vanweë hulle ongeloof het Hy daar nie baie wonderwerke gedoen nie."*

JAKOBUS 5:15 – *"En die gebed van die geloof sal die kranke red, en die Here sal hom oprig. Selfs as hy sonde gedoen het, sal dit hom vergewe word."*

ANTWOORDE

1. Lees Matteus 8:17. Wat het Jesus gedoen sodat ons genees kan word?
   Hy het ons lyding op Hom geneem en ons siektes gedra.

2. Lees Hosea 4:6. Sommige mense word nie genees nie, want hulle:
   A. is onkundig (het nie kennis nie).

3. Lees Johannes 9:1-3. Wat het die dissipels gedink het die man se blindheid veroorsaak?
   Sonde.

   Was hulle reg?
   Nee.

4. Lees Johannes 5:14. Alhoewel sonde 'n deur oopmaak vir siekte, is dit nie altyd die geval nie. Watter ander gevolge (buiten siektes) kan sonde vir 'n mens inhou?
   Baie dinge wat erger as siekte is, selfs die dood (Rom. 6:23).

5. Lees Romeine 5:12-14. As sonde nie altyd die oorsaak van siektes is nie, wat kan 'n ander moontlike oorsaak wees?
   Die sondeval (Gen. 3). Deur sy oortredings het Adam gemaak dat sonde en siektes die mensdom binnedring.

6. Lees Handelinge 10:38. Waardeur kan siektes nog veroorsaak word?
   Wanneer iemand in die mag van die duiwel is.

7. Lees Matteus 13:58. Waardeur kan genesing belemmer word?
   Ongeloof.

8. Lees Jakobus 5:15. Wat sal die sieke red?
   'n Gebed van geloof.

© 2012, Andrew Wommack
Toestemming word verleen om afskrifte vir dissipelskapdoeleindes te maak, op voorwaarde dat dit gratis uitgereik word.

VLAK 2

LES 9
VERGEWE JOU NAASTE

Deur Don Krow

Vandag gaan ons oor vergifnis gesels en spesifiek na Matteus 18:21-22 kyk. Daar staan: *"Daarna het Petrus na Jesus toe gekom en gevra: 'Here, hoeveel keer moet ek my broer vergewe as hy iets verkeerds teen my doen? Selfs sewe keer?' Jesus antwoord hom: 'Ek sê vir jou, nie sewe keer nie maar selfs sewentig maal sewe keer.'"* Petrus het waarskynlik gedink dit was edel van hom om te vra hoeveel keer hy iemand moes vergewe wat "tot sewe keer 'n dag" teen hom gesondig het. Jesus het geantwoord: "Petrus, nie sewe keer nie, maar sewentig maal sewe." Dit is 490 kere, maar dit beteken nie dat jy na 490 insidente nie meer hoef te vergewe nie. Jesus het 'n onmoontlike getal oortredings genoem wat in een dag teen 'n individu gepleeg kan word. Hy het probeer sê dat ons voortdurend moet vergewe. Ons as Christene behoort 'n gesindheid van vergifnis te hê. Jesus het in Lukas 23:34 gesê: *"Vader, vergewe hulle, want hulle weet nie wat hulle doen nie!"* en terwyl Stefanus gestenig is, het hy in Handelinge 7:60 gesê: *"Here, moet hulle tog nie hierdie sonde toereken nie!"* Nie almal sal vergifnis ontvang nie, maar 'n Christen behoort altyd bereid wees om dit aan te bied.

Jesus vertel 'n gelykenis oor vergifnis wanneer Hy in Matteus 18:23 vervolg: *"Daarom kan die koninkryk van die hemel vergelyk word met 'n koning wat besluit het om saam met sy amptenare hulle boeke na te gaan. Toe hy daarmee begin, is een amptenaar na hom toe gebring wat miljoene rand geskuld het. Hy kon dit nie betaal nie, en daarom het die koning beveel dat hy en sy vrou en sy kinders en alles wat hy het, verkoop en die skuld betaal moet word. Die man het voor hom neergeval en gesoebat: 'Gee my tog uitstel; ek sal u alles terugbetaal.'"* Hier is 'n man wat sy koning miljoene rande skuld. Hy kan dit onmoontlik terugbetaal – hy weet dit en die koning weet dit. In daardie tyd kon 'n mens jou nie laat bankrot verklaar nie – jou skuldeisers sou jou, jou vrou, jou kinders en al jou besittings verkoop en jy sou 'n slaaf word. Jy sou tronk toe gaan totdat alles betaal is, en indien jou skuld nie verhaal kon word nie, sou jy vir die res van jou lewe in die tronk gesit het. Al wat hierdie man kon doen, was om op sy knieë neer te val en om genade te smeek: "Meester, wees net geduldig! Asseblief, ek smeek u! Ek sal alles terugbetaal. Gee my net kans!" In vers 27 lees ons dat die koning hom jammer gekry het en sy skuld afgeskryf het.

Ons het skuld gehad wat ons nie kon betaal nie. Die Bybel sê die loon van die sonde is die dood (Rom. 6:23) – ewige skeiding van God – en dat al die silwer en goud nie genoeg is om ons los te koop nie. In sy barmhartigheid en genade het God sy Seun Jesus Christus gestuur om die skuld te vereffen wat ons nie kon nie. God het in sy barmhartigheid en genade na ons gekyk en gesê: "Ek vergewe julle daardie skuld."

Bogenoemde man wie se skuld van miljoene rande sopas afgeskryf is, het 'n medeamptenaar gehad wat hom iets soos twintig rand geskuld het. Hy het hom raakgeloop en gesê: "Die koning het my skuld van miljoene rande afgeskryf. Wat is twintig rand? Ek wil hê jy moet net so vry soos ek wees. Vergeet van die geld. Dit maak nie meer saak nie, want ek is miljoene rande kwytgeskeld." Dit was *veronderstel* om te gebeur, maar dit het nie. Kom ons lees wat regtig in Matteus 18:28-31 gebeur het: *"Toe daardie man buite kom, het hy een van sy medeamptenare raakgeloop wat hom net 'n paar rand geskuld het. Hy het hom gegryp en gewurg, en gesê: 'Betaal wat jy skuld!' Sy medeamptenaar het voor hom neergeval en hom gesmeek: 'Gee my tog uitstel, ek sal jou betaal.' Maar hy wou nie en hy is daar weg om hom in die tronk te laat gooi totdat hy die skuld betaal het. Toe sy medeamptenare sien wat gebeur het, was hulle diep teleurgesteld, en hulle het alles wat gebeur het, vir hulle koning gaan vertel."* Hy het daardie man vir twintig rand in die tronk laat gooi, nadat sy skuld van miljoene rande afgeskryf is! Kan jy dit glo?

Verse 32-34 lees: *"Die koning het hom laat haal en vir hom gesê: 'Jou skurk! Al daardie skuld het ek vir jou afgeskryf omdat jy my gesoebat het. Moes jy nie ook jou medeamptenaar jammer gekry het soos ek jou jammer gekry het nie?' Die koning was woedend en het hom oorgegee om gemartel te word totdat hy al die skuld betaal het."* Hierdie man is in die tronk gegooi op grond van sy behandeling van sy medeamptenaar, en hy het sy oorspronklike vergifnis verbeur. In vers 35 sê Jesus: *"So sal my Vader wat in die hemel is, ook met julle maak as julle nie elkeen sy broer van harte vergewe nie."* Hoe dwaas van ons om te weier om iemand te vergewe nadat al ons sondes vergewe is! Veral as jy in ag neem dat die loon van daardie sondes die dood en ewige skeiding van God is. Ons smeek die Here en sê: "Vergewe my en wees my genadig deur Jesus Christus," ontvang vergifnis en draai dan om en weier om iemand anders vir iets kleins te vergewe wat in ons oë vreeslik groot is – nadat ons vergifnis ontvang het vir alles wat ons gedoen het. God sê dis boosheid.

Vroeër, toe ek leraar by 'n kerk was, was daar 'n jong vrou in die gemeente wat dinge in die toekoms kon sien. Op 'n dag het sy na my toe gekom en gevra: "Is dit die Heilige Gees wat vir my wys wat gaan gebeur? Ek weet byvoorbeeld wanneer mense gaan doodgaan en wanneer iemand in 'n motorongeluk gaan wees." Ek het gesê: "Ek dink nie jy gaan van my antwoord hou nie, maar ek dink nie dit is die Heilige Gees nie. Ek dink dit is 'n waarsêersgees, dieselfde gees wat die apostel Paulus in Handelinge 16 agtervolg het. Hy het die gees uiteindelik bestraf en hom beveel om die slavin te verlaat en daarna kon sy nie meer die toekoms voorspel nie." Ek het egter vir die meisie gesê dat sy na Jesus self toe moes gaan en vir Hom vra: "Here, wie het my nog altyd, selfs voor my redding, dinge vertel en inligting gegee? Is dit u Heilige Gees of is dit iets anders?" Sy het 'n paar dae later na my toe teruggekom en gesê: "Ek het met die Here daaroor gepraat, en ek het rustigheid daaroor. Ek dink nie dis 'n bose gees nie." Ek het my daarby berus.

Dit het vroeg in 1986 gebeur. Nog iets wat in 1986 gebeur het, was dat Amerika 'n ruimtetuig, die Challenger, gebou het waarin agt mense ruimte toe sou gaan. Een van hulle was 'n onderwyseres. Op die vooraand van die lansering het die meisie die onderwyseres op die televisie oor die ruimtevaart hoor praat. 'n Gees het met haar gepraat en gesê: "Sy gaan sterf, sy gaan sterf." Toe die Challenger die volgende dag gelanseer is, het die tuig ontplof terwyl die hele wêreld

toekyk. Al die bemanningslede is dood. Die jong meisie het na my toe teruggekom en gesê: "Ek dink nie hierdie stem wat met my praat, is die Heilige Gees nie. Sal jy vir my bid?" Na afloop van die erediens toe almal weg is, het ek haar aan die hand geneem en gesê: "Onrein waarsêersgees, kom uit haar uit!" Niks het gebeur nie. Jesus se dissipels het op 'n keer probeer om 'n onrein gees uit 'n jong man uit te dryf en kon dit nie doen nie. Jesus het gesê: "Bring die jong man na my toe." Ek het dus gebid: "Here, ek het gedink ek weet wat hier aan die gang is, maar ek bring hierdie meisie na U toe. Wys ons wat hier aan die gang is." My vrou het saam met ons gebid en die Here het vir haar 'n woord van kennis gegee. Sy het gesê: "Dit het iets met haar ma te doen." Ek het vir die meisie gevra: "Sal jy jou ma vergewe?" Die oomblik toe ek dit sê, het 'n stem uit haar geskree: "NEE! Sy het my weggegee!" Ek het gesê: "Ek bind jou, onrein gees!" en die meisie weer gevra of sy haar ma sou vergewe. Met die Here se genade en hulp kon sy haar ma vergewe en vryspreek. Nadat sy daardie besluit geneem het, het sy haar bevryding en vryheid ontvang.

Nes Jesus in Matteus 18, sê ek ook dat as ons ons naaste nie van harte vergewe nadat ons hemelse Vader ons soveel vergewe het nie, ons aan die pynigers oorgelewer sal word. Wie is die pynigers? Hulle kan verskeie vorms aanneem – demoniese vestings, verdrukking, siekte, depressie en baie ander dinge. Die wortel is onvergifnis. Om vergifnis te weerhou nadat ons vergewe is, gee die Satan vastrapplek in ons lewe. Die Bybel sê ons moet die besluit neem om te vergewe. In die Onse Vader (Matt. 6:9-11) sê Jesus dat ons moet vergewe soos ons vergewe is.

In Markus 11:25-26 staan daar dat wanneer ons bid en iets teen iemand het, ons daardie persoon moet vergewe. Wat beteken dit? Hoe lank mag daar onvergifnis in ons hart wees? Net so lank dit ons neem om na die Here toe te gaan en te bid. En as ons die kleinste sweempie onvergifnis teenoor iemand het, moet ons hom vryspreek en sê: "Here, ek laat hom vandag gaan. Ek vergewe hom. Ek maak 'n keuse, want U het my reusagtige skuld afgeskryf."

"Here, ek bid vir almal wat hier lees en met onvergifnis worstel. Ek bid dat hulle nou 'n besluit sal neem om die persoon wat hulle te na gekom het, vry te spreek en te vergewe, maak nie saak of die persoon lewe of dood is nie. Ek bid dat hulle nie meer aan daardie onreg sal vashou nie, en sal toelaat dat U daardie seerkry vandag met u krag en genade sal genees, Here. Ek dank U in Jesus Naam. Amen."

DISSIPELSKAPVRAE

1. Lees Matteus 18:21. Hoeveel keer was Petrus bereid om te vergewe?

2. Lees Matteus 18:22. Hoeveel keer het Jesus gesê moet ons vergewe?

3. Lees Matteus 18:23-24. Hoeveel geld het hierdie amptenaar die koning geskuld?

4. Lees Matteus 18:25. Destyds kon 'n mens jou nie laat bankrot verklaar nie. Wat sou met die amptenaar gebeur?

5. Lees Matteus 18:26. Wat was die amptenaar se versoek?

   Kon hy sy skuld delg?

6. Lees Matteus 18:27. Watter gesindheid het die koning teenoor die amptenaar gehad?

   Watter gesindheid openbaar God teenoor ons en ons skuld (sonde)?

SKRIFGEDEELTES VIR GEBRUIK SAAM MET VRAE

MATTEUS 18:21 – *"Daarna het Petrus na Jesus toe gekom en gevra: 'Here, hoeveel keer moet ek my broer vergewe as hy iets verkeerds teen my doen? Selfs sewe keer?'"*

MATTEUS 18:22 – *"Jesus antwoord hom: 'Ek sê vir jou, nie sewe keer nie maar selfs sewentig maal sewe keer.'"*

MATTEUS 18:23-24 – *"**[23]** Daarom kan die koninkryk van die hemel vergelyk word met 'n koning wat besluit het om saam met sy amptenare hulle boeke na te gaan. **[24]** Toe hy daarmee begin, is een amptenaar na hom toe gebring wat miljoene rand geskuld het."*

MATTEUS 18:25 – *"Hy kon dit nie betaal nie, en daarom het die koning beveel dat hy en sy vrou en sy kinders en alles wat hy het, verkoop en die skuld betaal moet word."*

MATTEUS 18:26 – *"Die man het voor hom neergeval en gesoebat: 'Gee my tog uitstel; ek sal u alles terugbetaal.'"*

MATTEUS 18:27 – *"Die koning het hom jammer, gekry, hom laat gaan en sy skuld afgeskryf."*

DISSIPELSKAPVRAE

7. Lees Matteus 18:28. Die amptenaar wat vergewe is, het 'n medeamptenaar gehad. Hoeveel het hy hom geskuld?

8. Lees Matteus 18:28. Watter gesindheid het hierdie amptenaar teenoor sy medeamptenaar gehad?

9. Lees Matteus 18:29-30. Wat het die amptenaar aan sy medeamptenaar gedoen?

10. Lees Matteus 18:31-33. Wat het die koning die onvergewensgesinde amptenaar genoem?

11. Lees Matteus 18:33. Wat het die koning gesê moes sy amptenaar gedoen het?

12. Lees Matteus 18:34. Hoe het die gebeure die koning se emosies beïnvloed?

13. Lees Matteus 18:34. Het die onvergewensgesinde amptenaar se optrede (of besluit) gemaak dat hy die vergifnis verbeur het wat oorspronklik aan hom bewys is?

14. Lees Matteus 18:35. Wat was die punt van hierdie gelykenis?

SKRIFGEDEELTES VIR GEBRUIK SAAM MET VRAE

MATTEUS 18:28 – *"Toe daardie man buite kom, het hy een van sy medeamptenare raakgeloop wat hom net 'n paar rand geskuld het. Hy het hom gegryp en gewurg, en gesê: 'Betaal wat jy skuld!'"*

MATTEUS 18:29-30 – *"**[29]** Sy medeamptenaar het voor hom neergeval en hom gesmeek: 'Gee my tog uitstel, ek sal jou betaal.' **[30]** Maar hy wou nie en hy is daar weg om hom in die tronk te laat gooi totdat hy die skuld betaal het."*

MATTEUS 18:31-33 – *"**[31]** Toe sy medeamptenare sien wat gebeur het, was hulle diep teleurgesteld, en hulle het alles wat gebeur het, vir hulle koning gaan vertel. **[32]** Die koning het hom laat haal en vir hom gesê: 'Jou skurk! Al daardie skuld het ek vir jou afgeskryf omdat jy my gesoebat het. **[33]** Moes jy nie ook jou medeamptenaar jammer gekry het soos ek jou jammer gekry het nie?'"*

MATTEUS 18:34 – *"Die koning was woedend en het hom oorgegee om gemartel te word totdat hy al die skuld betaal het."*

MATTEUS 18:35 – *"So sal my Vader wat in die hemel is, ook met julle maak as julle nie elkeen sy broer van harte vergewe nie."*

ANTWOORDE

1. Lees Matteus 18:21. Hoeveel keer was Petrus bereid om te vergewe?
   Sewe keer.

2. Lees Matteus 18:22. Hoeveel keer het Jesus gesê moet ons vergewe?
   Vier-honderd-en-negentig keer (of oneindig, voortdurend).

3. Lees Matteus 18:23-24. Hoeveel geld het hierdie amptenaar die koning geskuld?
   Miljoene rande ('n bedrag wat hy waarskynlik nooit sou kon terugbetaal nie).

4. Lees Matteus 18:25. Destyds kon 'n mens jou nie laat bankrot verklaar nie. Wat sou met die amptenaar gebeur?
   Hy, sy vrou, sy kinders en al sy besittings, sou op die slawemark opgeveil word om sy skuld te betaal.

5. Lees Matteus 18:26. Wat was die amptenaar se versoek?
   Dat die koning geduldig moes wees totdat hy alles terugbetaal het.

   Kon hy sy skuld delg?
   Waarskynlik nie.

6. Lees Matteus 18:27. Watter gesindheid het die koning teenoor sy amptenaar gehad?
   Een van medelye en vergifnis.

   Watter gesindheid openbaar God teenoor ons en ons skuld (sonde)?
   Een van medelye en vergifnis.

7. Lees Matteus 18:28. Die amptenaar wat vergewe is, het 'n medeamptenaar gehad. Hoeveel het hy hom geskuld?
   'n Paar rand ('n dagloon).

8. Lees Matteus 18:28. Watter gesindheid het hierdie amptenaar teenoor sy medeamptenaar gehad?
   Ongeduld, aggressie, onvergifnis.

9. Lees Matteus 18:29-30. Wat het hierdie amptenaar aan sy medeamptenaar gedoen?
   Hom in die tronk laat gooi tot totdat hy die klein bedraggie kon terugbetaal.

10. Lees Matteus 18:31-33. Wat het die koning die onvergewensgesinde amptenaar genoem?
    'n Skurk

11. Lees Matteus 18:33. Wat het die koning gesê moes sy amptenaar gedoen het?
    Hy moes sy medeamptenaar jammer gekry het soos die koning hom jammer gekry het. Hy moes hom laat gaan het en hom vergewe het.

12. Lees Matteus 18:34. Hoe het die gebeure die koning se emosies beïnvloed?
    Hy was woedend.

ANTWOORDE

13. Lees Matteus 18:34. Het die onvergewensgesinde amptenaar se optrede (of besluit) gemaak dat hy die vergifnis verbeur het wat oorspronklik aan hom bewys is?
Ja.

14. Lees Matteus 18:35. Wat was die punt van hierdie gelykenis?
"So sal my Vader wat in die hemel is, ook met julle maak as julle nie elkeen sy broer van harte vergewe nie." (Matt. 18:35).

© 2012, Andrew Wommack
Toestemming word verleen om afskrifte vir dissipelskapdoeleindes te maak, op voorwaarde dat dit gratis uitgereik word.

VLAK 2

LES 10
DIE HUWELIK (Deel 1)

Deur Don Krow

Vandag gaan ons oor die huwelik gesels. Eerstens 'n paar syfers: 75 persent van alle gesinne sal vir een of ander soort huweliksberading moet gaan. Een uit twee huwelike gaan in die skeihof eindig. In 50 persent van huwelike gaan 'n maat binne die eerste vyf jaar ontrou wees. Selfs onder Christene word daar beweer dat tot 30 persent van leraars in 'n ontoepaslike verhouding met iemand in hulle gemeente betrokke gaan wees. Indien hierdie statistieke enigsins 'n weerspieëling van die werklikheid is, is dit duidelik dat ons nie die Bybelse beginsels verstaan nie. In hierdie en die volgende les gaan ons na die huwelik kyk en uitvind wat God daaroor te sê het – wat jy kan doen om jou huweliksverhouding te versterk.

In die eerste plek wil ek sê: Die huwelik was God se idee; Hy het dit ingestel. In Genesis 2:18 lees ons: *"Verder het die Here God gesê: 'Dit is nie goed dat die mens alleen is nie. Ek sal vir hom iemand maak wat hom kan help, sy gelyke.'"* En in Genesis 1:31: *"Toe het God gekyk na alles wat Hy gemaak het, en dit was baie goed. Dit het aand geword en dit het môre geword. Dit was die sesde dag."* 'n Mens moet onthou dat dit 'n volmaakte skepping was. God het gekom en met Adam tyd spandeer. Daar was 'n wonderlike verhouding tussen hulle. Hy het elke dag vroegaand gekom en saam met hom in die tuin gewandel. Soms dink ons dat indien ons 'n wonderlike verhouding met God het, ons niks anders nodig het nie, maar dit is nie waar nie. In Genesis 2:31 het God aangaande sy skepping gesê: "Dit is baie goed." Die eerste keer dat God ooit gesê het dat iets "nie goed" was nie, was in Genesis 2:18: *"Dit is nie goed dat die mens alleen is nie."* Die huwelik was dus God se manier om in die man se behoefte voorsien, om vir hom 'n maat te gee om sy eensaamheid te verdryf. Die huwelik, indien ons die Bybelse handleiding volg en doen wat God van ons verwag, is veronderstel om geluk te bring, nie hartseer nie.

In Genesis 2:24 word daar vir die eerste keer verder oor die huwelik uitgebrei. Ons lees: *"Daarom sal die man sy vader en moeder verlaat en sy vrou aankleef. En hulle sal een vlees wees."* Die huwelik gaan daaroor dat jy alle ander verhoudings "verlaat" om jou lewe rondom 'n ander individu in te rig, en God het dit so ontwerp. Dit is soos 'n drie-eenheid verhouding. Ek weet nie of jy verstaan wat ek bedoel nie, maar toe God Adam en Eva bymekaar geplaas het, was dit nie net Adam wat 'n verhouding met God gehad het of Eva wat 'n verhouding met God gehad het nie. Adam en Eva het nou as eenheid 'n doelgerigte verhouding met God gehad. In 1 Petrus 3:7 staan daar: *"Mans, julle moet verstandig met julle vrouens saamleef... dan sal julle kan bid sonder dat iets julle hinder."* Genesis 5:1-2 bevat hierdie wonderlike woorde: *"Hier volg die geslagsregister van Adam. Toe God die mense geskep het, het Hy hulle gemaak as beeld van Homself. Man en vrou het Hy hulle geskep en Hy het hulle geseën en hulle "mens" genoem toe hulle geskep is."* Let daarop dat

Adam sy vrou Eva genoem het, maar dat God Adam en Eva saam genoem het – as 'n eenheid. In die huwelik is dit dus nie meer ek en God of God en my vrou nie – dis ek en my vrou as eenheid, erfgename wat volgens die genade geroep is om God te dien en om as eenheid te lewe.

In Genesis 2:24 het ons gelees dat 'n man sy pa en ma sal verlaat en sy vrou aankleef, en dat hulle een vlees sal wees. Die woord "kleef" beteken: om vas te klou of aan te hang, om een te word, om dieselfde doel te hê. As daar vandag 'n probleem in jou huwelik is, wil ek jou 'n paar vrae vra: Is jou dade, jou optrede en jou woorde teenoor jou maat besig om julle nader aanmekaar te bring? Of bring dit 'n kloof tussen julle, bring dit skeiding? Die Bybelse opdrag is dat ons mekaar in die huwelik moet aankleef en vasklou. Is jou optrede besig om julle verhouding op te bou of dit af te breek?

Mense dink liefde is net 'n emosie: "Ek het jou lief gehad, maar voel nie meer dieselfde nie – ek is nie meer lief vir jou nie." Veronderstel jy kom uit 'n disfunksionele gesin. Jy word deur 'n leraar of regter in die huwelik bevestig; jy wy jou lewe aan daardie individu; jy wil regtig hê dat julle tot die dood toe bymekaar moet bly. Maar as gevolg van jou disfunksionele opvoeding het jy nooit gesien hoe liefde in 'n gesin bewys word nie; jy het nooit gesien dat jou ouers liefde of warmte teenoor mekaar betoon nie. Jou maat kom dalk uit 'n gesin waar daar baie liefde gewys word, maar jy weet nie hoe nie. Selfs al wil jy hierdie persoon liefhê, sal jy waarskynlik misluk, omdat jy self disfunksioneel is en nooit liefde gesien het nie. Daar bestaan 'n goeie kans dat julle binne 'n paar jaar vir berading sal gaan en sê: "Ons kom nie meer oor die weg nie. Ek is nie meer lief vir hom/haar nie." Maar ek het goeie nuus: daar ís 'n manier om die probleme in jou huwelik reg te stel.

Wanneer jy 'n nuwe yskas koop en dit probleme gee, weet jy dat jy na die handleiding moet gaan kyk. Daarin sal jy kan sien wat fout is. Of jy kan dit na 'n tegnikus toe neem. Daar is 'n handleiding wat jy vir herstelwerk aan jou huwelik kan gebruik – die Woord van God. Die Bybel leer ons in Titus 2:4 dat liefde iets is wat aangeleer kan word. As jy uit 'n disfunksionele gesin kom en nie regtig weet hoe om jou maat lief te hê nie – as jou huwelik besig is om te verbrokkel – wil ek jou bemoedig. In 1 Johannes 5:3 staan daar: *"Die liefde vir God bestaan dan daarin dat ons sy gebooie gehoorsaam. Sy gebooie is ook nie moeilik om te gehoorsaam nie."* Deur die opdragte van Jesus, die Een wat ons wys hoe om lief te hê, hoe om vriendelik en goedhartig te wees, hoe om die belange van ons huweliksmaat op die hart te dra, kan God jou situasie omkeer.

Dit is net 'n inleiding tot hierdie onderwerp. Ons gaan nog 'n les aan die huwelik afstaan. Voorlopig wil ek net sê: "Mag God jou vandag hierin seën." Ons glo dat die Here sy wysheid en kennis aangaande hierdie onderwerp met jou wil deel.

DISSIPELSKAPVRAE

1. Lees Efesiërs 5:31-32. Efesiërs 5:31 is 'n aanhaling van Genesis 2:24. Waaroor dink jy praat God in werklikheid in hierdie gedeelte?

2. Lees Jakobus 4:4-5. Wat wil hierdie verse ons leer?

3. Lees 1 Petrus 3:7. Waarom moet jy eensgesind met en in liefde teenoor jou man of vrou lewe?

4. Lees Johannes 15:5. Kan jou huwelik suksesvol wees as Christus nie Here in jou lewe is nie?

5. Lees Titus 2:4. Liefde is nie net 'n emosie nie. Volgens die Woord kan ons _____ om lief te hê.

SKRIFGEDEELTES VIR GEBRUIK SAAM MET VRAE

EFESIËRS 5:31-32 – *"'**[31]** Daarom sal 'n man sy pa en ma verlaat en saam met sy vrou lewe, en hulle twee sal een wees.' **[32]** Hierin lê 'n daar 'n diep geheimenis opgesluit, en ek pas dit toe op Christus en die kerk."*

JAKOBUS 4:4-5 – *"**[4]** Weet julle nie, julle ontroues, dat vriendskap met die wêreld vyandskap met God is nie? Wie 'n vriend van die wêreld wil wees, wys daarmee dat hy 'n vyand van God is. **[5]** Of dink julle dat die Skrif sonder rede sê dat God die gees wat Hy in ons laat woon, heeltemal vir Homself wil hê?"*

1 PETRUS 3:7 – *"Mans, julle moet verstandig met julle vrouens saamleef. Bewys eer aan hulle as die swakker geslag wat saam met julle deel in die lewe as genadegawe. Dan sal julle kan bid sonder dat iets julle hinder."*

JOHANNES 15:5 – *"Ek is die wingerdstok, julle die lote. Wie in My bly en Ek in hom, dra baie vrugte, want sonder My kan julle niks doen nie."*

TITUS 2:4-5 – *"Sodat hulle die jonger vrouens kan leer om liefdevol teenoor hulle mans en kinders te wees, **[5]** verstandig en kuis."*

DISSIPELSKAPVRAE

6. Lees 1 Johannes 5:3. Wanneer ons in God se gebooie lewe, lewe ons in _____.

7. Lees Matteus 7:12. As daar probleme in ons huwelik is, is dit omdat iemand nie in _____ lewe nie.

8. Lees 1 Korintiërs 13:4. Liefde is:
   A. emosioneel.
   B. 'n warm gevoel.
   C. vriendelik.

SKRIFGEDEELTES VIR GEBRUIK SAAM MET VRAE

1 JOHANNES 5:3 – *"Die liefde vir God bestaan dan daarin dat ons sy gebooie gehoorsaam. Sy gebooie is ook nie moeilik om te gehoorsaam nie."*

MATTEUS 7:12 – *"Alles wat julle wil hê dat die mense aan julle moet doen, moet julle ook aan hulle doen. Dit is tog waarop dit neerkom in die wet en die profete."*

1 KORINTIËRS 13:4 – *"Die liefde is geduldig, die liefde is vriendelik; dit is nie afgunstig nie, is nie grootpraterig nie, is nie verwaand nie."*

ANTWOORDE

1. Lees Efesiërs 5:31-32. Efesiërs 5:31 is 'n aanhaling van Genesis 2:24. Waaroor dink jy praat God in werklikheid in hierdie gedeelte?
   'n Verhouding tussen Christus en sy kerk (net soos 'n huweliksverhouding).

2. Lees Jakobus 4:4-5. Wat wil hierdie verse ons leer?
   God wil ons net vir Homself hê en wil hê dat ons aan Hom getrou moet bly.

3. Lees 1 Petrus 3:7. Waarom moet jy eensgesind met en liefdevol teenoor jou man of vrou lewe?
   Sodat my gebede nie verhinder sal word nie.

4. Lees Johannes 15:5. Kan jou huwelik suksesvol wees as Christus nie Here in jou lewe is nie?
   Nee.

5. Lees Titus 2:4. Liefde is nie net 'n emosie nie. Volgens die Woord kan ons ***leer*** om lief te hê.

6. Lees 1 Johannes 5:3. Wanneer ons in God se gebooie lewe, lewe ons in ***liefde***.

7. Lees Matteus 7:12. As daar probleme in ons huwelik is, is dit omdat iemand nie in ***liefde*** lewe nie.

8. Lees 1 Korintiërs 13:4. Liefde is:
   C. vriendelik.

© 2012, Andrew Wommack
Toestemming word verleen om afskrifte vir dissipelskapdoeleindes te maak, op voorwaarde dat dit gratis uitgereik word.

VLAK 2

LES 11
DIE HUWELIK (Deel 2)

Deur Don Krow

Vandag gaan ons weer na die huwelik kyk, en die vraag is: "Wat is die huwelik?" Het jy al ooit daaroor nagedink? Volgens die Bybel was dit God se idee om die huwelik in te stel. Die huwelik is 'n samevoeging, 'n eenheid, 'n eenwording. Genesis 2:24 lees: *"Daarom sal die man sy vader en moeder verlaat en sy vrou aankleef. En hulle sal een vlees wees."* Het jy geweet dat die huwelik meer as 'n samevoeging, meer as eenheid is? In 1 Korintiërs staan daar byvoorbeeld dat as ek as Christen myself deel maak van 'n prostituut, ek liggaamlik een word met haar. Vergelyk dit met die aanhaling uit Genesis 2:24 oor die huwelik. Om myself deel te maak met 'n prostituut, beteken nie dat ek skielik wettiglik van my vrou geskei is of met die prostituut getroud is omdat ek by haar geslaap het nie. Wat is die huwelik dan? As die huwelik 'n eenwording is, as dit 'n samevoeging is, en as dit beteken dat ons een vlees word, hoe verskil dit van omgang met 'n prostituut? Wanneer jy by 'n prostituut slaap, sal jy vanselfsprekend liggaamlik een word met haar.

Die Bybel leer wel dat die huwelik 'n eenheid en 'n samevoeging is, maar dit is meer as dit. Dit is 'n verbondseenheid. Die woord "verbond" in Hebreeus is *berith*, en behels die idee van 'n samebinding. Dit is 'n finale verbintenis, 'n verbintenis tot die dood toe. Al sou ek by 'n prostituut slaap, beteken dit nie dat ek my tot haar verbind nie. Die huwelik gaan in die eerste plek daaroor dat ek alle ander mense verlaat. Die Bybel sê dat jy jou vader en moeder sal verlaat en jou vrou sal aankleef. In Esegiël staan daar: *"Jy het Myne geword."* Dit beteken dat ek alles ter wille van hierdie een persoon verlaat en dat ek myself tot hierdie individu verbind. Wanneer jy op 'n sedelose manier na 'n ander persoon toe gaan terwyl jy getroud is, is dit vanselfsprekend 'n skending van die huweliksbeginsel, die eenheid wat deur 'n verbond of verbintenis gekom het. Esegiël 16:8 noem dit 'n huweliksverbond. In Efesiërs leer ons dat 'n man sy vrou moet liefhê soos Christus die kerk liefhet. Dit is dus 'n liefdesverbond. Die rede waarom dit 'n liefdesverbond is, is omdat liefde die oorwegende beginsel van die huwelik is.

Die huwelik is 'n eenheidsverbond. In 1 Petrus 3:7 staan daar dat my gebede verhinder sal word indien ek my vrou nie as die swakker geslag eer en besef dat ons saam in die lewe as genadegawe deel nie. Dink daaraan – ons geestelike lewe kan verhinder word, as ons nie in die eenheid en harmonie lewe wat God vir die huwelik beplan het nie. Spreuke 2:16-17 beskryf 'n hardkoppige vrou wat haar huweliksverbond en die man van haar jeug verlaat het. Daardie huweliksverhouding word 'n verbond van haar God genoem. Dit is 'n baie ernstige saak. Dit is 'n verbond wat ons met 'n persoon sluit, maar dit is ook 'n verbond wat ons voor God sluit. Dit is my passie om mense te bedien, maar vir God is dit belangriker dat ek op my huwelik fokus. Die huwelik gaan daaroor dat ek my lewe rondom 'n ander individu inrig, en soos ek gesê het, die deurslaggewende beginsel is liefde.

In Matteus 7:12 lees ons: *"Alles wat julle wil hê dat die mense aan julle moet doen, moet julle ook aan hulle doen. Dit is tog waarop dit neerkom in die wet en die profete.*" Dit is hierdie einste beginsel wat veronderstel is om in die huwelik te heers. Dis nie 'n selfsugtige instelling nie; dit gaan nie oor die eie ek of wat hierdie persoon vir my kan gee nie. In 1 Korintiërs 13:4 staan daar dat die liefde vriendelik is. Dit beteken dat ek die ander persoon se belange op die hart dra, dat ek groothartig en goedhartig is en die beste vir die ander persoon wil hê. Die rede waarom die huwelik só ontwerp is, is omdat dit 'n voorbeeld en 'n model is van wat 'n verhouding met God moet wees. Hy het ons 'n voorbeeld uit die natuurlike wêreld gegee. Hy het ons gewys hoe 'n gesonde huwelik lyk, omdat Hy vir ons 'n model wil gee van hoe 'n ewige verhouding met Hom moet lyk. Die huwelik duur slegs totdat die dood ons skei; dis tydelik. Die Bybel sê dat daar met die wederkoms nie meer getrou sal word nie. God wil hê ons moet verstaan wat dit beteken om 'n gelukkige huwelik te hê, om volgens die beginsels van die liefde te lewe en onselfsugtig vir mekaar te gee. Hy sê: "Ek wil hê julle moet verstaan dat Ek julle in 'n huweliksverhouding met My gestel het – nie 'n tydelike verhouding wat slegs 'n paar jaar sal duur nie, maar 'n ewige verhouding waar Ek al my liefde tot in alle ewigheid aan jou sal bewys."

Kom ek gee jou 'n paar beginsels van die huwelik. Die huwelik is 'n eenwording, nie net 'n vennootskap nie. Die Bybel praat daarvan as "beken" (Gen. 4) en in 1 Petrus 3:7 skryf Petrus dat man en vrou mede-erfgename van die genade van die lewe is. Die feit dat die huwelik 'n verbond is, beteken dat dit bindend is. Man en vrou het 'n verbintenis aangegaan. Die sonde het nie die eerste kerk besmet nie; dit het die eerste huwelik besmet. Ons moet dus die handleiding in die hande kry, die instruksies aangaande die huwelik onder oë kry en die beginsels van die liefde in ons lewe implementeer. Wat is liefde? Die werklike definisie van liefde is in 'n sekere sin onselfsugtigheid. Jesaja 53:6 sê dat ons soos skape is, dat ons afgedwaal het en elkeen ons eie koers ingeslaan het, maar in die huwelik fokus ons op ons maats en dra ons hulle welsyn en geluk op die hart.

Die Bybel leer ons in Efesiërs dat jy jou vrou moet liefhê soos jou eie liggaam. 'n Man moet die vrou wat God hom gegee het, koester en eer. Dit beteken dat hy haar moet waardeer. Om jou eie liggaam lief te hê, beteken nie dat jy rondsit, jouself 'n drukkie gee en op die rug klop en sê: "Ek het jou lief" nie. Geensins nie. Om jouself lief te hê beteken dat jy jouself beskerm, voed en na jouself omsien. Ons mag ons vrouens nooit as vanselfsprekend aanvaar nie. Ons mag nie een van haar swakhede in die openbaar uitblaker, met haar spot of iets doen om haar seer te maak nie. Ons moet haar so liefhê soos ons eie self.

Ek wil graag hê dat jy jouself in gebed aan die Here moet opdra en eerstens vir Hom moet dankie sê dat Hy jou liefhet. Tweedens wil ek vra dat jy Hom dank vir jou eggenoot, die maat wat Hy jou gegee het. Dit is waarskynlik deel van die probleem. Jy het jou maat nie waardeer nie; jy het hom of haar afgejak, en volgens die Bybel is dit sonde, en dis selfsugtig. Daar staan in Efesiërs 5 dat Jesus die kerk deur die water en die Woord gereinig het, deur sy woorde wat Hy oor die kerk uitgespreek het. Wanneer jy woorde oor jou maat uitspreek, sal hy of sy ooreenkomstig jou woorde lewe. As jy sê: "Jy's 'n nikswerd, jy's lelik, jy's oorgewig," sal jy jou huwelik skade aandoen, en skeiding en vervreemding in plaas van eenheid bring. Maar as jy in liefde praat en dinge sê soos:

"Ek waardeer wat jy doen. Ek waardeer jou. Ek is lief vir jou," en dit met jou optrede ondersteun, sal jou maat ooreenkomstig jou woorde lewe.

Kan jy sien dat baie van die probleme in jou huweliksverhouding veroorsaak is deur die woorde wat jy gesê het? Jy het jou maat afgebreek in plaas van opgebou. Ek wil jou aanmoedig om vandag opbouende woorde oor jou maat uit te spreek. Liefde is nie 'n gevoel nie; liefde soek die ander persoon se belange, ongeag hoe jy voel. Begin vandag om in liefde op te tree. Dis soos om 'n stuk hout met verskeie lae vernis te behandel. Liefde word stukkie vir stukkie, met geringe liefdesbewyse, opgebou. Begin om jou maat te eer, te waardeer, te ag en spreek woorde van liefde oor hom of haar uit. Jy sal 'n verskil sien. Mag die Here jou seën in jou toepassing van hierdie beginsels.

DISSIPELSKAPVRAE

1. Lees Spreuke 18:22. Die huwelik is:
   A. iets goeds.
   B. aaklig.
   C. welgevallig voor die Here.

2. Lees Hebreërs 13:4. Seks binne die huwelik is:
   A. sonde.
   B. vuil en sleg.
   C. onbesmet.

3. Lees Prediker 9:9. 'n Gelukkige huwelik is 'n geskenk wat God in hierdie lewe as beloning vir jou gegee het. Waar of vals.

4. Lees 1 Johannes 3:18. "Regter Phillip Gilliam het gesê dat uit die 28 000 jeughofsake waaroor hy moes uitspraak gee, die gebrek tussen toegeneentheid tussen ma en pa die grootste oorsaak van jeugmisdaad is" (Together Forever, bl. 152). Hoe moet ons liefde bewys?

5. Lees Efesiërs 5:28. Ek mag my vrou nie meer verwaarloos as wat ek my eie liggaam verwaarloos nie. Waar of vals.

SKRIFGEDEELTES VIR GEBRUIK SAAM MET VRAE

SPREUKE 18:22 – *"Wie 'n vrou gevind het, het iets goeds gevind en 'n welgevalle van die HERE verkry."*

HEBREËRS 13:4 – *"Laat die huwelik in alle opsigte eerbaar wees en die bed onbesmet; want God sal hoereerders en egbrekers oordeel."*

PREDIKER 9:9 –
"Geniet die lewe met die vrou wat jy liefhet, al die dae van jou nietige lewe wat Hy jou gegee het onder die son – al jou nietige dae; want dit is jou deel aan die lewe en aan jou arbeid wat jy met moeite verrig onder die son."

1 JOHANNES 3:18 –
"Liewe kinders, ons liefde moenie net woorde en lippetaal wees nie, maar moet met die daad bewys word, en dan in opregtheid."

EFESIËRS 5:28 – *"Die mans behoort hulle vrouens so lief te hê soos hulle eie liggame."*

DISSIPELSKAPVRAE

6. Lees 1 Johannes 3:16. Die woorde "ek het jou lief" is mooi as hulle deur ons optrede gestaaf word. Jesus het sy woorde gestaaf deur sy lewe vir ons neer te lê. Ons behoort ons lewe op soveel moontlik praktiese maniere vir ons maats neer te lê. Waar of vals.

   Deel 'n paar praktiese maniere waarop jy wil hê iemand aan jou moet liefde bewys.

7. Lees Efesiërs 5:25-26. My vrou lewe ooreenkomstig die woorde wat ek oor haar uitspreek. Sy bereik die potensiaal van dit wat ek oor haar uitspreek. Waar of vals.

8. Lees Romeine 8:38-39 en 1 Johannes 4:19. Ons word die hof gemaak (liefgehê) deur intieme woorde wat deur dade bevestig word. God maak ons die hof met intieme woorde uit sy liefdesbriewe, soos aangeteken in die Woord. Waar of vals.

9. Lees 1 Johannes 5:3 en 2 Johannes 1:6. Jesus se opdragte wys ons hoe om liefde prakties uit te leef. Ons kan hierdie beginsels van liefde uit God se Woord leer. Waar of vals.

SKRIFGEDEELTES VIR GEBRUIK SAAM MET VRAE

1 JOHANNES 3:16 – *"Hiéraan weet ons wat liefde is: Jesus het sy lewe vir ons afgelê . Ons behoort ook ons lewens vir ons broers af te lê."*

EFESIËRS 5:25-26 – *"**[25]** Mans, julle moet julle vrouens liefhê soos Christus die kerk liefgehad en sy lewe daarvoor afgelê het. **[26]** Dit het Hy gedoen om die kerk aan God te wy, nadat Hy dit met die water en die woord gereinig het."*

ROMEINE 8:38-39 – *"**[38]** Hiervan is ek oortuig: geen dood of lewe of engele of bose magte of teenswoordige of toekomstige dinge of kragte **[39]** of hoogte of diepte of enigiets anders in die skepping kan ons van die liefde van God skei nie, die liefde wat daar is in Christus Jesus ons Here."*

1 JOHANNES 4:19 – *"Ons het lief omdat God ons eerste liefgehad het."*

1 JOHANNES 5:3 – *"Die liefde vir God bestaan dan daarin dat ons sy gebooie gehoorsaam. Sy gebooie is ook nie moeilik om te gehoorsaam nie."*

2 JOHANNES 1:6 – *"En liefde beteken dat ons volgens die gebooie van God lewe. Soos julle van die begin af gehoor het, is dit sy gebod dat julle in die liefde moet lewe."*

DISSIPELSKAPVRAE

10. Lees Johannes 14:15. Liefde is nie 'n kwessie van jou emosies nie, maar van jou wil. Elke opdrag in die Bybel is tot die mens se wil gerig, nie sy emosies nie. God beveel jou nooit hoe om te voel nie, maar hoe om op te tree. Waar of vals.

11. Lees Galasiërs 5:22-23. Liefde is nie iets wat van nature kom nie. Dit moet aangeleer word en deur die Heilige Gees in ons gestalte kry. Liefde is 'n vrug van:
    A. menslike denke.
    B. die menslike natuur.
    C. God se Gees.

12. Lees Efesiërs 5:31-32. 'n Goeie huwelik is 'n kleinskaalse model van _____.

SKRIFGEDEELTES VIR GEBRUIK SAAM MET VRAE

JOHANNES 14:15 – *"As julle My liefhet, sal julle my opdragte uitvoer."*

GALASIËRS 5:22-23 – *"**[22]** Die vrug van die Gees, daarteenoor, is liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, goedhartigheid, getrouheid, **[23]** nederigheid en selfbeheersing. Teen sulke dinge het die wet niks nie."*

EFESIËRS 5:31-32 – *"'**[31]** Daar staan in die Skrif: "Daarom sal 'n man sy pa en ma verlaat en saam met sy vrou lewe, en hulle twee sal een wees.' **[32]** Hierin lê daar 'n diep geheimenis opgesluit, en ek pas dit toe op Christus en die kerk."*

ANTWOORDE

1. Lees Spreuke 18:22. Die huwelik is:
   A. iets goeds en ***C. welgevallig voor die Here.***

2. Lees Hebreërs 13:4. Seks binne die huwelik is:
   C. onbesmet.

3. Lees Prediker 9:9. 'n Gelukkige huwelik is 'n geskenk wat God in hierdie lewe as beloning vir jou gegee het.
   Waar.

4. Lees 1 Johannes 3:18. "Regter Phillip Gilliam het gesê dat uit die 28 000 jeughofsake waaroor hy moes uitspraak gee, die gebrek tussen toegeneentheid tussen ma en pa die grootste oorsaak van jeugmisdaad is" (Together Forever, bl. 152). Hoe moet ons liefde bewys?
   Deur ons dade en in opregtheid.

5. Lees Efesiërs 5:28. Ek mag my vrou nie meer verwaarloos as wat ek my eie liggaam verwaarloos nie.
   Waar.

6. Lees 1 Johannes 3:16. Die woorde "ek het jou lief" is mooi as hulle deur ons optrede gestaaf word. Jesus het sy woorde gestaaf deur sy lewe vir ons neer te lê. Ons behoort ons lewe op soveel moontlik praktiese maniere vir ons maats neer te lê.
   Waar.

   Deel 'n paar praktiese maniere waarop jy wil hê iemand aan jou moet liefde bewys.

7. Lees Efesiërs 5:25-26. My vrou lewe ooreenkomstig die woorde wat ek oor haar uitspreek. Sy bereik die potensiaal van dit wat ek oor haar uitspreek.
   Waar. Die Griekse woord wat in Efesiërs 5:26 gebruik word, is rhema, en beteken "gesproke woorde".

8. Lees Romeine 8:38-39 en 1 Johannes 4:19. Ons word die hof gemaak (liefgehê) deur intieme woorde wat deur dade bevestig word. God maak ons die hof met intieme woorde uit sy liefdesbriewe, soos aangeteken in die Woord.
   Waar. God se Woord is gevul met liefdeswoorde teenoor ons.

9. Lees 1 Johannes 5:3 en 2 Johannes 6. Jesus se opdragte wys ons hoe om liefde prakties uit te leef. Ons kan hierdie beginsels van liefde uit God se Woord leer.
   Waar.

10. Lees Johannes 14:15. Liefde is nie 'n kwessie van jou emosies nie, maar van jou wil. Elke opdrag in die Bybel is tot die mens se wil gerig, nie sy emosies nie. God beveel jou nooit hoe om te voel nie, maar hoe om op te tree.
    Waar.

ANTWOORDE

11. Lees Galasiërs 5:22-23. Liefde is nie iets wat van nature kom nie. Dit moet aangeleer word en deur die Heilige Gees in ons gestalte kry. Liefde is 'n vrug van:
C. God se Gees.

12. Lees Efesiërs 5:31-32. 'n Goeie huwelik is 'n kleinskaalse model van ***Christus en sy kerk***.

© 2012, Andrew Wommack
Toestemming word verleen om afskrifte vir dissipelskapdoeleindes te maak, op voorwaarde dat dit gratis uitgereik word.

VLAK 2

LES 12
GOD SE SOORT LIEFDE (Deel 1)

Deur Don Krow

Vandag gaan ons oor God se soort liefde gesels. In 1 Korintiërs 13:13 staan daar die volgende: *"En nou: geloof, hoop en liefde bly, hierdie drie. En die grootste hiervan is die liefde!"* Dan lees ons in 1 Korintiërs 14:1: *"Julle moet die liefde nastreef. Lê julle toe op die gawes van die Gees, maar veral daarop om God se boodskap te verkondig."* Ons ontvang opdrag om die liefde na te streef, dit na te volg en dit ons hoogste doel te maak. Dit is die enigste gawe wat ons tot in ewigheid saam met ons kan neem. Ons kan nie ons motors, ons huise of ons geld hemel toe neem nie, slegs die liefde wat Jesus deur die Heilige Gees aan ons bewys het. Liefde is die enigste gawe wat ewige waarde en inhoud het.

Wat beteken liefde regtig? Ek sê ek is lief vir my vrou, lief vir roomys, lief vir appeltert. Daar is net een Afrikaanse woord wat liefde beskryf. Wanneer ek dus sê dat ek lief is vir my vrou en dan sê dat ek lief is vir die kat, is my vrou nie beïndruk nie. Verstaan jy? Wanneer ons die woord liefde gebruik, dink sommige mense dit beteken seks, sommiges dink dit beteken 'n intense, warm gevoel – mense het allerhande verskillende definisies vir liefde. In Grieks is daar vier hoofwoorde. Die een is *eros*, 'n woord wat nie veel in die Bybel voorkom nie, en word as seksuele aangetrokkenheid of seksuele liefde omskryf. God het daardie soort liefde ingestel toe Hy gesê het dat die man sy ouers sal verlaat, sy vrou aankleef en dat hulle sal een word. Die boek Hooglied handel oor die seksuele liefde wat God tot die huweliksverhouding beperk het. Die ander soorte liefde kan teenoor die hele mensdom bewys word, maar eros is tot die huwelik beperk.

'n Ander soort liefde word *storge* genoem en is die natuurlike band of liefde binne 'n gesin. Dan is daar *phileo*, wat van die stamwoord *philia* af kom. Hierdie woord word ongeveer twee-en-sewentig maal in die Nuwe Testament gebruik en beteken 'n warm gevoel van toegeneentheid wat wissel in intensiteit. Die meeste mense wat oor liefde praat, glo dat *phileo* ware liefde is, dus raak hulle verlief en verloor hulle hulle verliefdheid. As jou huwelik op daardie soort liefde gebou is, sal jy soms liewer en soms minder lief vir jou maat wees. Gebaseer op daardie soort liefde, kan jy iemand liefkry en dan ophou om daardie persoon lief te hê.

Die Bybel leer dat ons mekaar met God se soort liefde, naamlik *agape*-liefde, moet liefhê. Wat is "agape"-liefde? Dit bestaan uit baie fasette en 1 Korintiërs 13 bevat die volle definisie van alles wat hierdie liefde behels. In 1 Johannes 5:3 staan daar: *"Die liefde vir God bestaan dan daarin dat ons sy gebooie gehoorsaam."* Jesus se opdragte leer ons hoe om liefde te bewys, maar as ek hierdie liefde wil opsom, sal ek Matteus 7:12 gebruik: *"Alles wat julle wil hê dat die mense aan julle*

moet doen, moet julle ook aan hulle doen. Dit is tog waarop dit neerkom in die wet en die profete." Ek kan nie vinger wys en sê dat die mense by die kerk nie vir my lief is of nie vir my omgee of iets dergeliks nie. Nee, volgens die Bybel is dit my taak om eerste aan ander mense te doen wat ek wil hê hulle aan my moet doen. Dít is liefde. Dit druis in teen ons vlees en ons natuurlike grein om die welstand en voorspoed van ander mense te soek. Net die Here kan dit doen. Sonder God kan hierdie liefde nie gestalte kry nie. Die Bybel sê die vrug van die Gees is liefde, en God is liefde. Hy is die oorsprong van liefde en die Een wat ons sal wys hoe om deur sy opdragte lief te hê. Hy is die Een wat ons die krag sal gee om selfs ten spyte van ons vlees die regte keuses te maak en besluite te neem en volgens die regte beginsels op te tree.

Ek werk by Andrew Wommack Ministries, en 'n paar jaar gelede wou ek die middag na werk op 'n stil plek gaan bid. Ek het na 'n park toe gery en gebid: "Here, ek wil baie graag iemand bedien." Dit was 'n taamlike warm dag en ek het 'n klein dogtertjie en seuntjie op die swaaie sien sit. Daar was 'n oop swaai en ek het soontoe geloop en daarop gaan sit. Ek het na die klein dogtertjie gedraai en gesê: "Dit is 'n lekker dag, nè?" Sy het geantwoord: "Ek nie Engels praat," en ek het gevra: "Waar kom julle vandaan?" Sy het gesê hulle kom van Roemenië af. Ek het geweet dat daar Roemeniërs in die omgewing was, en ek het hulle na my sien kyk, waarskynlik onrustig oor die man wat met hulle kinders praat. Ek het na hulle toe gegaan en gesê: "Ek wil julle help." Hulle het gesê: "Jy wil ons help? Hoekom? Jy ken ons nie eens nie!" Ek het gesê: "Want God wil julle help." Ek het in daardie stadium oor die beginsels van liefde in 1 Johannes 3:18 gemediteer: *"Ons liefde moenie net woorde en lippetaal wees nie, maar moet met die daad bewys word, en dan in opregtheid."* Ons moenie net met ons woorde liefhê nie, maar ook met ons dade. Alhoewel ek nie gewoonlik met geld rondloop nie, het ek daardie dag 'n paar dollar by my gehad. Ek het dit na hulle uitgehou en gesê: "Dis vir julle," en die geld vir hulle gegee. Aangesien ek daardie dag gevas het, het ek 'n klein bietjie kos by my gehad. "En hier is iets te ete vir julle gesin." Hulle was diep geraak en het gevra: "Wie is jy?" Ek het vir hulle gesê: "God het ons paaie vandag laat kruis, en ek gaan julle weer sien."

By die huis het ek my vrou van my ontmoeting met die Roemeniërs vertel. Ek het vleis uit ons yskas gehaal en dit gaargemaak. Die volgende dag het ek 'n houer vol borde by 'n rommelverkoping gekoop en saam met my vrou weer na die park toe gegaan. Die Roemeniërs en hulle kinders was daar, en ek het gesê: "Ek het vir julle geskenke gebring, maar dis nogal swaar. Ek gaan in my motor klim, en as julle my wys waar julle bly, sal ek dit by julle huis aflaai." Toe ons by hulle klein eenslaapkamerwoonstel kom, het ek die borde en messegoed uitgehaal en dit een-vir-een vir hulle gee. Die trane het oor hulle wange begin loop en die vrou het gesê: "Ek gaan huil! Ek gaan huil!" Ek het gesê: "Maandagaand het ons 'n Bybelstudie by ons huis, en ek wil julle graag soontoe nooi." Hulle het geantwoord: "Ons wil kom," maar ek het gesê: "Ek wil nie hê julle moet kom omdat ek vir julle geskenke gegee het nie." Hulle het gesê: "Nee, ons wil kom en julle vriende ontmoet."

Hulle het nie vervoer gehad nie, dus het ek hulle gaan oplaai en na ons huis toe geneem. Daardie aand het die Here hulle begin aanraak. Hulle kon nie baie goed Engels praat nie, maar Hy het iets vir hulle gedoen toe ons vir hulle gebid het. Hulle het 'n openbaring van God se liefde

ontvang. Kort daarna het ek van nog 'n Roemeense paartjie te hore gekom, en ek het vir die eerste paartjie gevra: "Sal julle my help om 'n ander Roemeense paartjie te ontmoet?" Hulle het ingestem en op 'n dag het ek 'n oproep van die mense ontvang: "Mnr. Don, ons het van jou gehoor. Ons is baie alleen en wil jou graag ontmoet." Ek het my Roemeense vriende saamgenooi en hulle gaan ontmoet. Ek het geskenke, kos en allerhande goed saamgeneem. Ons het begin gesels en alles het goed gegaan, totdat die eerste Roemeense paartjie gesê het: "Julle moet na die Bybelstudie toe kom. Hulle praat oor Jesus, en dis wonderlik!" "Wag 'n oomblik!" het hulle gekeer. "Ons kom van 'n kommunistiese land af en weet nie eens of daar 'n God is nie. Ons is nie lus vir allerhande godsdienstige praatjies nie."

Ek het gevra: "Kan ek dan julle vriend wees?" en begin om hulle oor naweke uit te neem en vir hulle klere, jasse en ander benodigdhede te koop. Hulle was baie verleë en onwillig. "Het jy dan nie 'n jas nodig nie?" "Ja seker, maar..." "Nou kom ons koop hierdie jas vir jou." Ek het my liefde prakties aan hulle bewys, maar hulle het steeds geweier om na ons Bybelstudie toe te kom, totdat ek eendag gesê het: "Daar is tien teen een mense daar wat julle sal help om werk te kry." Toe het hulle dadelik gekom. Daardie aand by die Bybelstudie het ek die Here gevra: "Here, U sal my werklik die gawe van tale moet gee, want ons kan nie eens behoorlik kommunikeer nie." Daar was 'n paar Amerikaners by die Bybelstudie wat daardie aand hulle getuienis gebring het. Toe ek begin praat, het die vrou van die tweede Roemeense paartjie opgehelder. Ek het geweet dat iets besig was om te gebeur. Na die Bybelstudie het ek gesê: "Kom ek bid vir julle," en terwyl ons bid, het God hulle skielik aangeraak en die hele vertrek met sy liefde gevul. Na die tyd het die vrou gesê: "Toe die Amerikaners gepraat het, het ek niks verstaan van wat hulle gesê het nie, maar toe jy opstaan en oor Jesus begin praat, oor sy liefde en wat Hy gedoen het sodat ons 'n verhouding met hom kan hê, het ek elke woord verstaan! Ek het dit honderd persent verstaan! Dit moet God wees! Dit moet God wees!" Daardie aand is nie net die Roemeniërs se lewens verander nie.

Kom ek vertel jou wat daarna gebeur het. Kort voor lank was my huis Maandagaande vol buitelanders – Roemeniërs, Bulgare en mense van Rusland. God het lewens verander, en hulle het geweet dat ons hulle liefhet. Ons het selfs mense van Afrika ontvang. Alhoewel ons skaars met mekaar kon praat, het hulle een ding geweet: Wanneer ons bid, het God Homself aan hulle openbaar. Hulle het ook geweet dat ek enigiets vir hulle sou doen en dat ek hulle liefhet. God het hulle en baie ander mense se lewens verander, en ek wil jou vertel hoe dit gebeur het. Dit het gebeur omdat ek op 'n dag mense van 'n ander kleur en 'n ander nasionaliteit in 'n park raakgesien het. Ek het nie 'n opwelling van emosie ervaar nie, maar ek het geweet wat liefde is: Doen aan ander wat jy wil hê hulle aan jou moet doen. Ek het hulle welsyn op die hart gedra, ongeag wat ek gevoel het. Hulle het dit so waardeer dat hulle my met 'n *philia*-liefde, 'n gevoelsliefde, begin liefkry het. Hulle het begin sê dat hulle vir my lief is, my omhels en my gesoen. Uiteindelik het hulle gedrag my met 'n wedersydse liefde vir hulle gevul. As jy na 'n liefde smag wat met gevoelens gepaardgaan, moet jy agape-liefde bewys. Dis wanneer jy die welsyn en voorspoed van ander mense op die hart dra, dat 'n gevoelsliefde in jou opgewek word.

DISSIPELSKAPVRAE

1. Lees 1 Johannes 5:3. Liefde vir God word deur ons _____ bewys.

2. Lees Romeine 13:9-10. Op watter manier wys die op drag in hierdie verse wat liefde is?

3. Lees Romeine 12:19-21. Hoe kan ons ons vyande liefhê, selfs al voel ons nie daarna nie?

4. Lees Titus 2:4. Wat lees ons in hierdie gedeelte van liefde?

SKRIFGEDEELTES VIR GEBRUIK SAAM MET VRAE

1 JOHANNES 5:3 – *"Die liefde vir God bestaan dan daarin dat ons sy gebooie gehoorsaam. Sy gebooie is ook nie moeilik om te gehoorsaam nie."*

ROMEINE 13:9-10 – *"**[9]** Al die gebooie: 'Jy mag nie egbreuk pleeg nie, jy mag nie moord pleeg nie, jy mag nie steel nie, jy mag nie begeer nie,' of watter ander gebod daar ook al is, word immers in hierdie een gebod saamgevat: 'Jy moet jou naaste liefhê soos jouself.' **[10]** Die liefde doen die naaste geen kwaad aan nie. Daarom is die liefde die volle uitvoering van die wet."*

ROMEINE 12:19-21 – *"**[19]** Moenie self wraak neem nie, geliefdes, maar laat dit oor aan die oordeel van God. Daar staan immers geskrywe: "Dit is mý reg om te straf; Ék sal vergeld," sê die Here. **[20]** "As jou vyand honger is, gee hom iets om te eet; as hy dors is, gee hom iets om te drink; want deur dit te doen, maak jy hom vuurrooi van skaamte." **[21]** Moet jou nie deur die kwaad laat oorwin nie, maar oorwin die kwaad deur die goeie."*

TITUS 2:4 – *"Sodat hulle die jong vroue kan leer om versigtig te wees, hulle mans en kinders lief te hê."*

DISSIPELSKAPVRAE

5. Lees 1 Korintiërs 13:4-8. Gee 'n volledige beskrywing van die beginsels van liefde.

6. Lees 1 Johannes 3:18. Hoe moet ons liefde bewys?

SKRIFGEDEELTES VIR GEBRUIK SAAM MET VRAE

1 KORINTIËRS 13:4-8 – *"**[4]** Die liefde is geduldig, die liefde is vriendelik; dit is nie afgunstig nie, is nie grootpraterig nie, is nie verwaand nie. **[5]** Dit handel nie onwelvoeglik nie, soek nie sy eie belang nie, is nie liggeraak nie, hou nie boek van die kwaad nie. **[6]** Dit verbly hom nie oor onreg nie, maar verheug hom oor die waarheid. **[7]** Dit bedek alles, glo alles, hoop alles, verdra alles. **[8]** Die liefde vergaan nooit nie."*

1 JOHANNES 3:18 – *"Liewe kinders, ons liefde moenie net woorde en lippetaal wees nie, maar moet met die daad bewys word, en dan in opregtheid."*

ANTWOORDE

1. Lees 1 Johannes 5:3. Ons liefde vir God word deur ons ***gehoorsaamheid aan sy gebooie*** bewys.

2. Lees Romeine 13:9-10. Op watter manier wys die opdrag in hierdie verse wat liefde is?
Die liefde doen sy naaste geen kwaad aan nie. Elke gebod wys wat liefde is deur aan te toon hoe ons teenoor ons naaste moet optree.

3. Lees Romeine 12:19-21. Hoe kan ons ons vyande liefhê, selfs al voel ons nie daarna nie?
As ons vyande honger is, kan ons hulle iets gee om te eet; as hulle dors is, iets om te drink. Ons kan die welsyn van ander mense op die hart dra, ongeag wat ons voel.

4. Lees Titus 2:4. Wat lees ons in hierdie gedeelte van liefde?
Liefde kan geleer en aangeleer word. Dit is nie net 'n gevoel nie.

5. Lees 1 Korintiërs 13:4-8. Gee 'n volledige beskrywing van die beginsels van die liefde.
"Die liefde is geduldig, die liefde is vriendelik; dit is nie afgunstig nie, is nie grootpraterig nie, is nie verwaand nie. Dit handel nie onwelvoeglik nie, soek nie sy eie belang nie, is nie liggeraak nie, hou nie boek van die kwaad nie. Dit verbly hom nie oor onreg nie, maar verheug hom oor die waarheid. Dit bedek alles, glo alles, hoop alles, verdra alles. Die liefde vergaan nooit nie."

6. Lees 1 Johannes 3:18. Hoe moet ons liefde bewys?
Ons moenie net met ons woorde liefde bewys nie, maar ook met ons dade.

© 2012, Andrew Wommack
Toestemming word verleen om afskrifte vir dissipelskapdoeleindes te maak, op voorwaarde dat dit gratis uitgereik word.

VLAK 2

LES 13
GOD SE SOORT LIEFDE (Deel 2)

Deur Don Krow

In die les, "God se soort liefde," Deel 1, het ek jou van die Roemeense paartjie vertel wat ek in die park ontmoet het. Voordat ek jou meer daarvan vertel, wil ek sommige van die waarhede rondom God se liefde hersien. Jesus Christus het die grootste liefdestaak op aarde verrig, tog lees ons nêrens in die Bybel dat Hy die woorde: "Ek is lief vir julle" gesê het nie. Verstommend, nè? Die grootste Beliggaming van liefde het nooit gesê: "Ek het julle lief" nie. Waarom nie? Dis omdat liefde meer as net ons woorde is; dit is ons dade. Veronderstel ek sê vir my vrou: "Ek het jou lief," maar pleeg egbreuk. Sal sy glo wat ek sê of wat ek doen? Sy sal haar geloof op my dade baseer, want 95 persent van liefde is nieverbaal. Dis nie wat jy sê nie; dis wat jy doen.

In 1 Johannes 3:18 lees ons: *"Ons liefde moenie net woorde en lippetaal wees nie, maar moet met die daad bewys word, en dan in opregtheid."* Liefde is 'n werkwoord. In Matteus 25:35-36 beskryf Jesus liefde deur te verwys na die werke wat daaruit voortvloei: "Ek was honger, en julle het My iets gegee om te eet; Ek was dors, en julle het My iets gegee om te drink. Ek was sonder klere, en julle het vir My klere gegee; siek, en julle het My verpleeg." Dan sê hy in vers 40: "Vir sover julle dit aan een van die geringste van hierdie broers van My gedoen het, het julle dit aan My gedoen." Jy sien, liefde is 'n handeling; dit is iets wat 'n mens doen. In Hebreërs 6:10 staan daar: ***"God is nie onregverdig nie: Hy sal julle werk nie vergeet nie en ook nie die liefde wat julle vir sy Naam betoon het deurdat julle julle medegelowiges gedien het en nog dien nie."*** Toe Jesus in Matteus 22 gevra is wat die grootste gebod was, het Hy gesê dat ons eerstens God en dan ons medemens moet liefhê. As ons mooi daaraan dink, is dit in werklikheid een gebod. Wanneer jy aan een van die geringste van sy broers liefde bewys, sê Jesus dat jy dit in werklikheid aan Hom bewys. Die Bybel leer ons dat ons 'n wonderlike geleentheid het om Jesus Christus op 'n praktiese manier lief te hê deur vir ander mense lief te wees.

In ons vorige sessie het ek jou van die Roemeniërs vertel wat ek in 'n park ontmoet het. Hulle lewens is verander omdat ek na hulle uitgereik en hulle gehelp het, ongeag hoe ek gevoel het. Hulle was mense van 'n ander kleur en 'n ander nasionaliteit, maar ek het geweet dat God se liefde uitdrukking vind wanneer ons uitreik en ander mense se belange voorop stel. Dit is wat Jesus gedoen het. Hy was nie lus om gekruisig te word nie. Hy het gesê: "Vader, as dit moontlik is, spaar My van hierdie lyding, maar laat u wil geskied, nie Myne nie." Jesus het ons welsyn en ons belange op die hart gedra, ongeag hoe Hy gevoel het.

Op 'n dag het ek 'n oproep van die Roemeniërs ontvang. Hulle was is trane. Hulle was teen daardie tyd sewe-en-'n-half jaar in die Verenigde State, het nou in Kansas gewoon en het

werk gehad. Hulle het gesê: "Die staat het ons uiteindelik laat weet dat ons aansoek om politieke asiel afgekeur is. Hulle gee ons dertig dae om appèl aan te teken, en daarna gaan ons gedeporteer word." Slegs 2 tot 5 persent aansoeke om asiel word gewoonlik toegestaan. Hulle het 'n prokureur gaan sien en hy het basies gesê dat hulle nie 'n kans staan nie. Ek het vir hulle gesê ons sou bid en hulle probeer help. Hóé het ek nie geweet nie. Dit sou 'n onreg wees om hulle terug te stuur – veral aangesien hulle kinders nou amper glad nie meer Roemeens kon praat nie.

Een van my vriende het ons Colorado-kongreslid geskakel en dié het ons aanbeveel om senator Sam Brownback in Kansas te kontak, aangesien die Roemeniërs nou in Kansas gewoon het. Dit was goeie nuus, want ek het 'n vriendin, Kim, wat vir senator Brownback gewerk het. Ek het met Kim gesels en sy het vier persone in Washington D.C. opdrag gegee om die saak verder te voer. Die gemeenskap in Sublette, Kansas, het 'n petisie opgestel en gesê dat hulle die Roemeniërs daar wou hê. "Hulle is goeie mense, hulle betaal belasting en hulle werk hard. Ons wil hulle hier hê." Die gebeure is in 'n breedvoerige koerantartikel gedek, en aangesien daar hoë amptenare in ons regering was wat verstaan het wat aan die gang was, is die Roemeniërs in kennis gestel dat die besluit herroep is en dat hulle in die VSA kon aanbly.

Ek het na Sublette, Kansas, toe gegaan. My vriende het nie geweet dat ek op pad was nie, en toe ek daar kom, was hulle op die foon besig om senator Brownback te bedank vir sy hulp om vir hulle politieke asiel te verkry. Hy kon nie persoonlik daar wees nie, want dit was die laaste dag van president Clinton se beskuldigingsverhoor, maar ABC en NBC News was daar met hulle kameras. Die oomblik toe hulle aflui, het hulle my kom omhels en die kameras het na my geswaai. "Wie is jy en hoe ken jy hierdie mense?" wou die joernaliste weet. Ek het hulle vertel hoe ek die Roemeniërs ontmoet en gehelp het op grond van wat Jesus in Matteus 7:12 gesê het.

Daarvandaan is ons na die gimnasium waar daar orals rooi, wit en blou ballonne was en die mense volksliedjies gesing het. Toe my vriende daar opdaag en die mense vir hulle hande klap, het hulle begin huil. Die burgemeester het gesê: "Hierdie dag, die 12de Februarie, gaan voortaan die Jucan Gesinsdag wees." Hulle het 'n Amerikaanse vlag geneem wat die senator by die kongresgebou in Washington D.C. gehys het en dit aan hulle oorhandig. Hy het ook die dokumente oorhandig waarvolgens hulle onbepaald in die land kon aanbly. Nadat almal hulle getuienis gebring het, het hulle my gevra om te bid. Ek het gesê: "Hier is een persoon vir wie ons vandag nog nie genoeg dankie gesê het nie, en dit is God die Almagtige. Sewe-en-'n-half jaar gelede het ek gebid en vir die Here gesê dat ek daardie dag met sy liefde na iemand wou uitreik. Ek is na hierdie Roemeniërs gelei." Ek het die verhaal vertel en gesê: "God wil julle help – welkom in die VSA."

Die hele manier waarop alles in plek geval het, was 'n wonderwerk. Ek het op die regte tyd die regte mense op die regte plekke geken. My vriendin Kim het 'n jaar tevore gereël dat senator Brownback my by Andrew Wommack Ministries kom ontmoet. Sy het gesê: "U móét Don Krow ontmoet." Ek het nie geweet waarom nie en ek was erg verleë. Min het ek geweet dat die Here besig was om alles in gereedheid te kry om 'n gesin te help, aan wie Hy Homself en sy liefde geopenbaar het, eenvoudig deur die opdrag van Jesus – dat ons aan ander moet doen wat ons wil hê hulle aan

ons moet doen. Dis 'n wonderwerk wat hulle nooit sal vergeet nie, en hulle sal vandag vir jou sê: "Dis die Here se werk." Anka, die Roemeense vrou, het gesê: "My geloof het gewankel, maar God is getrou, en Hy het gesorg dat ons in die VSA kan bly."

Daar is vandag miljoene mense wat desperaat is vir liefde. Die enigste manier waarop hulle dit kan kry, is as ek en jy die besluit neem om die beginsels van liefde uit God se Woord uit te leef. Die liefde is vriendelik en dra ander se welstand op die hart – soos blyk uit dit wat Jesus aan die kruis vir ons gedoen het. Mag die Here jou seën in jou ontdekking van wat dit regtig beteken om met God se liefde lief te hê.

DISSIPELSKAPVRAE

1. Lees Matteus 7:12. Wat is die goue reël in jou eie woorde?

2. Lees Matteus 7:12. In 'n poging om ware liefde te vind, soek baie mense na die regte persoon. Moet jy probeer om die regte persoon op te spoor of om die regte persoon te word?

3. Lees 1 Johannes 5:3. Is liefde 'n gevoel of is dit iets wat jy doen?

4. Lees 1 Johannes 3:18. Veronderstel jy sê vir jou lewensmaat dat jy hom of haar liefhet, maar pleeg egbreuk. Gaan hy/sy glo wat jy sê of wat jy doen?

5. Lees Romeine 5:6-8. Dink jy Jesus was lus om dood te gaan?

6. Lees Galasiërs 5:22. Is dit moontlik om werklik lief te hê as God nie die middelpunt van ons lewe is nie?

7. Lees 1 Johannes 4:8. Die rede waarom ons God se hulp nodig het om ander mense werklik lief te hê, is omdat hy die enigste Een is wat _____ is.

SKRIFGEDEELTES VIR GEBRUIK SAAM MET VRAE

MATTEUS 7:12 – *"Alles wat julle wil hê dat die mense aan julle moet doen, moet julle ook aan hulle doen. Dit is tog waarop dit neerkom in die wet en die profete."*

1 JOHANNES 5:3 – *"Die liefde vir God bestaan dan daarin dat ons sy gebooie gehoorsaam. Sy gebooie is ook nie moeilik om te gehoorsaam nie."*

1 JOHANNES 3:18 – *"Liewe kinders, ons liefde moenie net woorde en lippetaal wees nie, maar moet met die daad bewys word, en dan in opregtheid."*

ROMEINE 5:6-8 –
*"**[6]** Toe ons nog magteloos was, het Christus immers reeds op die bestemde tyd vir goddeloses gesterwe. **[7]** 'n Mens gee tog nie sommer jou lewe prys nie, selfs nie vir 'n regverdige nie. Ja tog, vir 'n goeie mens sal iemand miskien nog die moed hê om te sterwe. **[8]** Maar God bewys sy liefde vir ons juis hierin dat Christus vir ons gesterf het toe ons nog sondaars was."*

GALASIËRS 5:22 – *"Die vrug van die Gees, daarteenoor, is liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, goedhartigheid, getrouheid."*

1 JOHANNES 4:8 – *"Wie nie liefhet nie, het geen kennis van God nie, want God is liefde."*

DISSIPELSKAPVRAE

8. Lees 1 Korintiërs 13:5. Kies uit die volgende woorde 'n beskrywing van wat liefde nié is nie: Ongeskik, selfsugtig, onvergewensgesind.

9. Lees 1 Korintiërs 13:8. Wat is die één ding wat jy uit hierdie lewe saam met jou na die hiernamaals sal neem?

10. Lees Spreuke 10:12. In 1 Korintiërs 13:5 lees ons: "[Die liefde] hou nie boek van die kwaad nie." Hoeveel sonde word deur die liefde bedek?

SKRIFGEDEELTES VIR GEBRUIK SAAM MET VRAE

1 KORINTIËRS 13:5 – *"Dit handel nie onwelvoeglik nie, soek nie sy eie belang nie, is nie liggeraak nie, hou nie boek van die kwaad nie."*

1 KORINTIËRS 13:8 – *"Die liefde vergaan nooit nie, maar die gawe om God se boodskap te verkondig, sal verdwyn, die gawe om ongewone tale of klanke te gebruik, sal ophou, en dié van kennis sal uitgedien raak."*

SPREUKE 10:12 – *"Haat verwek twiste, maar liefde bedek al die oortredinge."*

ANTWOORDE

1. Lees Matteus 7:12. Wat is die goue reël in jou eie woorde?
   Doen aan ander mense wat jy wil hê hulle aan jou moet doen.

2. Lees Matteus 7:12. In 'n poging om ware liefde te vind, soek baie mense na die regte persoon. Moet jy probeer om die regte persoon op te spoor, of om die regte persoon te word?
   Om die regte persoon te word.

3. Lees 1 Johannes 5:3. Is liefde 'n gevoel of is dit iets wat jy doen?
   Dit is iets wat ons doen deur volgens God se beginsels te lewe.

4. Lees 1 Johannes 3:18. Veronderstel jy sê vir jou lewensmaat dat jy hom of haar liefhet, maar pleeg egbreuk. Gaan hy/sy glo wat jy sê of wat jy doen?
   Wat jy doen.

5. Lees Romeine 5:6-8. Dink jy Jesus was lus om dood te gaan?
   Nee. Tog het Hy ons belange op die hart gedra, ongeag hoe Hy gevoel het.

6. Lees Galasiërs 5:22. Is dit moontlik om werklik lief te hê as God nie die middelpunt van ons lewe is nie?
   Nee.

7. Lees 1 Johannes 4:8. Die rede waarom ons God se hulp nodig het om ander mense werklik lief te hê, is omdat hy die enigste Een is wat ***liefde*** is.

8. Lees 1 Korintiërs 13:5. Kies uit die volgende woorde 'n beskrywing van wat liefde nié is nie: Ongeskik, selfsugtig, onvergewensgesind.
   Al hierde woorde (ongeskik, selfsugtig, onvergewensgesind) beskryf wat liefde nie is nie.

9. Lees 1 Korintiërs 13:8. Wat is die één ding wat jy uit hierdie lewe saam met jou na die hiernamaals sal neem?
   Liefde. Dit is ewigdurend.

10. Lees Spreuke 10:12. In 1 Korintiërs 13:5 lees ons: "[Die liefde] hou nie boek van die kwaad nie." Hoeveel sonde word deur die liefde bedek?
    Alle sondes.

© 2012, Andrew Wommack
Toestemming word verleen om afskrifte vir dissipelskapdoeleindes te maak, op voorwaarde dat dit gratis uitgereik word.

VLAK 2

LES 14
FINANSIES (Deel 1)

Deur Andrew Wommack

Vandag gesels ons oor die feit dat Jesus wil hê dat ons finansieel voorspoedig moet wees. Ons almal word daardeur geraak. Dit kos geld om te lewe, om in ons behoeftes te voorsien en om 'n seën vir ander mense te wees. God het ons nie op hierdie gebied alleen gelaat en gesê: "Ek is besorg oor jou geestelike lewe, maar Ek gaan my nie met jou finansies bemoei nie... Jy is op jou eie" nie. Nee, Hy is in elke opsig – gees, siel en liggaam – lief vir jou en Hy wil in jou behoeftes voorsien. Die meeste mense glo dat hulle 'n mate van finansiële welvaart nodig het, maar oor die algemeen het godsdienstiges teen rykdom standpunt ingeneem.

Die Woord van God veroordeel gierigheid op baie verskillende maniere, maar maak dit ook baie duidelik dat finansies 'n seën is. In 3 Johannes 2 sê die apostel Johannes: *"Liewe Gaius, ek hoop dat jy gesond is en dat dit in alle opsigte so goed gaan met jou as wat dit geestelik met jou gaan."* Wat 'n kragtig stelling. Johannes sê: "In alle opsigte!" Dit verwys na gesondheid, emosies, verhoudings, finansies. Die Here wil hê dat jy voorspoedig en gesond moet wees. Hy wil hê dat jy na gees, siel en liggaam voorspoedig moet wees. Dit is sy wil vir jou.

Baie godsdienstige mense beweer selfs dat God wil hê jy moet arm wees, dat dit geestelik is om arm te wees. Hulle glo hoe armer jy is, hoe heiliger is jy. Ek het met daardie soort denkwyse grootgeword, dat leraars nie veel mag hê nie, dat 'n Christen iemand is wat met min moet klaarkom. Dit word egter glad nie deur die Woord gesteun nie. Abraham was die rykste man van sy tyd, soveel so dat konings hom gevra het om weg te gaan, omdat sy besittings die rykdom van hulle ryke geaffekteer het. Dieselfde het vir Isak en Jakob gegeld. Josef was 'n voorspoedige man wat oorvloed geniet het. Dawid het meer as 27,5 biljoen rand se goud en silwer uit sy persoonlike skatkis geskenk om die tempel te laat bou. Salomo, Dawid se seun, was die rykste man wat ooit op die aarde gelewe het. Wanneer jy skriftuurlik daarna kyk, was mense wat die Here gedien het, finansieel geseënd.

Daar is voorbeelde van mense wat gesukkel het en sonder dinge moes klaarkom. Paulus skryf in Filippense 4:13 dat hy deur Christus tot alles in staat is en geleer het wat dit beteken het om in enige situasie tevrede te wees. Hy skryf dat hy weet wat dit is om swaar te kry en wat dit is om te floreer. Daar was tye wanneer God se volgelinge armoede en swaarkry verduur het, maar daar staan nêrens in die Bybel dat jy arm moet wees om die Here te behaag nie. Dis nie waar nie, en as jy om jou rondkyk, sal jy sien dat die teendeel bewys word. In 1 Timoteus 6:10 lees ons: *"Geldgierigheid is 'n wortel van allerlei kwaad."* Sommige mense verdraai dit en beweer dat geld die wortel van die kwaad is, maar Paulus skryf dat gierigheid, die liefde vir geld, die wortel van alle kwaad is. Daar is mense wat lief is vir geld en nie 'n sent het nie; ander het baie besittings, maar hulle het dit nie lief nie. Hulle gebruik dit net.

Deuteronomium 8:18 verklap die ware doel van finansiële voorspoed. Die Israeliete bevind hulle op die drumpel van die beloofde land en die ongekende rykdom en welvaart wat daar op hulle wag. Lees wat sê die Here vir hulle: *"Maar jy moet die Here jou God nie vergeet nie, want dit is Hy wat jou die krag gee om die rykdom te verwerf. So hou Hy die verbond in stand wat Hy met 'n eed aan jou voorvaders beloof het."* Volgens hierdie Skrifgedeelte is die doel van welvaart nie dat jy 'n oorvloed van besittings vir selfsugtige doeleindes het nie, maar sodat ons God se verbond hier op aarde in stand kan hou. Met ander woorde, God sal jou seën sodat jy op jou beurt 'n seën kan wees. In Genesis 12:2 het die Here vir Abraham gesê: *"Ek sal jou 'n groot nasie maak, Ek sal jou seën en jou 'n man van groot betekenis maak, en jy moet tot 'n seën wees."* Voordat jy vir enigiemand anders 'n seën kan wees, moet jy eers self geseën word.

Jy het sekere behoeftes waarin God wil voorsien, maar dit strek verder as selfsugtige behoeftes. Hy wil jou voorspoedig laat wees, sodat Hy sy geld deur jou na ander mense kan kanaliseer en sodat jy 'n seën kan wees. In 2 Korintiërs 9:8 staan daar: *"En God is by magte om aan julle alles in oorvloed te skenk, sodat julle in alle opsigte altyd van alles genoeg kan hê en volop kan bydra vir elke goeie werk."* In hierdie Skrifgedeelte sien ons waarom die Here ons voorspoedig sal laat wees – sodat ons volop vir elke goeie werk kan bydra." Dit is as't ware 'n Bybelse definisie van voorspoed. Wat is voorspoed? Is dit 'n mooi huis, 'n mooi kar, mooi klere en kos op jou tafel? Volgens hierdie vers beteken dit dat jy genoeg het, sodat daar in al jou behoeftes te voorsien word en jy vir elke goeie werk volop kan bydra. As jy nie genoeg het om vir 'n persoon of saak te gee wat God op jou hart gelê het nie, as jy 'n seën vir iemand wil wees, maar nie kan nie, geniet jy nie Bybelse voorspoed nie. God sê Hy sal jou in so 'n mate seën dat daar in al jou behoeftes voorsien word en dat jy tot elke goeie werk oorvloedig kan bydra.

Ware Bybelse welvaart beteken nie net dat daar in jou behoeftes voorsien word nie, maar dat jy vir ander mense 'n seën kan wees. Iemand wat net aan homself dink, is selfsugtig. As iemand sê: "Ek vertrou die Here vir finansiële voorspoed," kan mense dink dat hy gierig of selfsugtig is, maar dit hang af van sy motief. Om God vir meer geld te vra sodat jy 'n groter huis of beter motor kan koop, is onbybels. Maar om die Here vir meer geld te vertrou omdat jy nie net jou eie behoeftes raaksien nie, maar vir ander mense tot seën wil wees, is wat God van jou wil hê. Hy wil hê jy moet voorspoedig wees. Dit is sy wil dat jy voorspoed moet geniet.

In Matteus 6 praat Jesus oor dit wat ons nodig het en dan sê Hy dat as ons die koninkryk van God se sy geregtigheid bo alles soek, ons al die ander dinge sal ontvang. Hy sal in al jou behoeftes voorsien, en jy sal 'n seën vir ander mense wees. God wil jou voorspoedig maak, maar dit berus by jou motiewe en jou optrede in hierdie area.

Ek bid dat jy vandag uitgedaag is en dat jy God vir sy heel beste gaan begin vertrou en dat jy voorspoedig gaan wees.

DISSIPELSKAPVRAE

1. Lees 2 Korintiërs 8:7-8. God toets _____ deur van ons te verwag om aan mense te gee wat in nood is.

2. Lees 2 Korintiërs 8:13-14. Wat wil die Here hê moet daar wees wanneer ons bymekaarkom om te gee?

3. Lees 2 Korintiërs 8:13-14. Hoe sal daar in almal se behoeftes voorsien word?

4. Lees Efesiërs 4:28. Iemand wat 'n dief was, moenie meer steel nie, maar moet begin werk en self 'n bestaan maak. Wat moet so 'n persoon verder doen?

SKRIFGEDEELTES VIR GEBRUIK SAAM MET VRAE

2 KORINTIËRS 8:7-8 – *"[7] Aangesien julle alles in oorvloed het: geloof, die gawe om julle woord te doen, kennis van God, onbeperkte ywer en ons liefde vir julle, wees dan ook in hierdie liefdeswerk oorvloedig. **[8]** Ek gee nie 'n opdrag nie, maar ek wys julle op die ywer van ander om daardeur die opregtheid van julle liefde te toets."*

2 KORINTIËRS 8:13-14 – *"**[13]** Ek bedoel nie dat julle gebrek moet ly om ander te kan help nie; maar sodat daar ewewig sal wees, **[14]** moet julle wat nou oorvloed het, dié help wat gebrek ly. Dan, as hulle weer oorvloed het en julle gebrek ly, kan hulle julle weer help. So kom daar ewewig."*

EFESIËRS 4:28 – *"As iemand 'n dief is, moet hy ophou steel; hy moet deur harde werk op 'n eerbare manier self in sy lewensonderhoud voorsien; dan sal hy iets hê om vir die armes te gee."*

DISSIPELSKAPVRAE

5. Lees Genesis 13:2 en 12:2. God kon Abraham met baie besittings vertrou, omdat Abraham nie net aan homself gedink het nie, maar 'n _____ vir ander mense was.

6. Lees 1 Timoteus 6:17-18. Watter drie dinge moet ryk mense met hulle geld doen?

7. Kan God jou met finansies vertrou?

SKRIFGEDEELTES VIR GEBRUIK SAAM MET VRAE

GENESIS 13:2 – *"Abraham was baie ryk aan vee en silwer en goud."*

GENESIS 12:2 – *"Ek sal jou 'n groot nasie maak. Ek sal jou seën en jou 'n man van groot betekenis maak, en jy moet tot 'n seën wees."*

1 TIMOTEUS 6:17-18 – *"**[17]** Dié wat in hierdie wêreld ryk is, moet jy waarsku om nie hooghartig te wees nie. Hulle moet nie hulle hoop op die onsekerheid van rykdom vestig nie, maar op God wat alles ryklik aan ons gee om te geniet. **[18]** Spoor hulle aan om goed te doen, om ryk te wees in goeie dade, vrygewig en mededeelsaam."*

ANTWOORDE

1. Lees 2 Korintiërs 8:7-8. God toets ***die opregtheid van ons liefde*** deur van ons te verwag om aan mense te gee wat in nood is.

2. Lees 2 Korintiërs 8:13-14. Wat wil die Here hê moet daar wees wanneer ons bymekaarkom om te gee?
Ewewig.

3. Lees 2 Korintiërs 8:13-14. Hoe sal daar in almal se behoeftes voorsien word?
Deurdat gelowiges onderling gee wat hulle kan, wanneer hulle kan.

4. Lees Efesiërs 4:28. Iemand wat 'n dief was, moenie meer steel nie, maar moet begin werk en self 'n bestaan maak. Wat moet so 'n persoon verder doen?
Vir die armes gee.

5. Lees Genesis 13:2 en 12:2. God kon Abraham met baie besittings vertrou omdat Abraham nie net aan homself gedink het nie, maar 'n ***seën*** vir ander mense was.

6. Lees 1 Timoteus 6:17-18. Watter drie dinge moet ryk mense met hulle geld doen?
Hulle moet goed doen, vrygewig wees en dit wat God aan hulle gegee het, met ander deel.

7. Kan God jou met finansies vertrou?

© 2012, Andrew Wommack
Toestemming word verleen om afskrifte vir dissipelskapdoeleindes te maak, op voorwaarde dat dit gratis uitgereik word.

VLAK 2

LES 15
FINANSIES (Deel 2)

Deur Andrew Wommack

Vandag wil ek verder oor finansies praat. In die vorige les het ek verduidelik dat dit God se wil is dat jy voorspoedig moet wees. Nou wil ek met jou gesels oor hoe dit werk. In Lukas 6:38 staan daar: *"Gee, en vir julle sal gegee word: 'n goeie maat, ingestamp, geskud en propvol, sal hulle in julle hande gee."* Daar is 'n hele paar beginsels wat hierby betrokke is, maar 'n mens kan nie oor voorspoed praat sonder om oor gee te praat nie.

Wanneer daar oor finansiële voorspoed gepraat word, is daar baie mense wat sê: "Nou goed, God wil my voorspoedig maak, maar ek het niks om te gee nie." Onthou jy die gedeelte oor die weduwee wat haar laaste sente in die offergawekis gegooi het? Jesus het gekyk hoe die ryk mense groot bedrae ingooi, maar sy dissipels nadergeroep en gesê dat hierdie vrou meer as hulle almal gegee het. Die welgestelde mense het uit hulle oorvloed gegee, maar sy in haar gebrek. God meet nie die grootte van jou gawe aan die finansiële waarde daarvan nie, maar eerder aan die persentasie van dit wat jy het om te gee. Iemand wat beweer dat hy niks het om te gee nie, praat nie die waarheid nie. Al kan jy net 'n kledingstuk uit jou kas haal en weggee. Doen weg met die redenasie dat jy niks het om te gee nie; almal kan gee. Trouens, dis wanneer jy oënskynlik min het dat jou gawe persentasiegewys veel groter as op ander tye is. Iemand wat tien rand het en vyf weggee, het 'n baie groter gawe gebring as iemand wat 'n miljoen rand gee terwyl hy biljoene en biljoene vir homself hou. God het dit so bewerk dat elke mens op aarde kan gee.

Waarom het God ons opdrag gegee om te gee? Daar is heelwat redes, maar een van die belangrikste faktore is God se begeerte dat jy Hom in elke area van jou lewe moet vertrou. As daar nie 'n God is nie en as sy Woord nie waar is wanneer Hy sê: "Gee, en aan julle sal gegee word" nie, sal jy onnosel wees om 'n gedeelte van jou besittings en geld weg te gee. As God nie belowe het om jou te seën nie, sou jy jouself verarm het, in plaas daarvan om jou eie potjie te krap en finansieel onafhanklik te word. Dit verg geloof om volgens God se voorskrifte te gee, en dit is die rede waarom Hy jou opdrag gee om dit te doen.

In Lukas 16 is daar 'n gelykenis van 'n bestuurder wat sy werkgewer bedrieg het, en uiteindelik kom dit hierop neer: Jesus sê dat as jy nie in die oneerlike mammon (finansies) getrou is nie, die ware rykdom nie aan jou toevertrou sal word nie. Hoe gaan jy by die belangriker dinge soos geestelike waardes uitkom, as jy God nie in die kleiner dingetjies soos finansies vertrou nie? Volgens hierdie Skrifgedeeltes is geld die laagste vlak van rentmeesterskap. Hoe kan jy God met jou ewigheid vertrou as jy Hom nie met jou geld vertrou nie? Hoe kan jy werklik glo dat Jesus jou sondes vergewe het en jy die ewigheid in die hemel gaan deurbring? Vergelykenderwys is die

geestelike dinge waarvoor ons die Here sogenaamd vertrou, baie belangriker as geld. Geld is van mindere belang, maar dit is die deurslaggewende faktor wat ons vertroue in God betref.

In Spreuke 11:24 lees ons daar is mense wat op die oog af meer gee as wat nodig is, en tog voorspoedig is, en dat daar ander is wat hulle besittings opgaar, maar dat dit innerlike armoede bring.

As jy eers die koninkryk van God en sy geregtigheid soek, sal Hy jou alles gee wat jy nodig het. As jy beweer dat jy wil hê dat God jou met jou finansies moet help en bid dat Hy jou help, maar nié in die eerste plek die koninkryk van God soek nie, en nie 'n geloofstap neem en Hom met jou finansies vertrou en aan ander gee nie, vertrou jy Hom nie regtig nie.

DISSIPELSKAPVRAE

1. Lees Johannes 3:16. Vanuit watter motivering het God gegee?

2. Lees 1 Korintiërs 13:3. Wat moet ons motiveer om te gee?

3. Lees Jakobus 2:15-16. Verduidelik wat hierdie vers beteken.

4. Lees Lukas 6:38. Wat leer jy uit hierdie vers?

5. Lees Efesiërs 1:7. Het God uit sy rykdom of kragtens sy rykdom gegee? Verduidelik die verskil.

6. Lees Spreuke 19:17. Wat is jy besig om te doen wanneer jy aan die armes gee? _____

   Sal God jou vergoed?

SKRIFGEDEELTES VIR GEBRUIK SAAM MET VRAE

JOHANNES 3:16 – *"God het die wêreld so lief gehad dat Hy sy enigste Seun gegee het, sodat dié wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie maar die ewige lewe sal hê."*

1 KORINTIËRS 13:3 – *"Al deel ek al wat ek het aan ander uit, en al gee ek my liggaam prys om my daarop te kan beroem, maar ek het geen liefde nie, baat dit my niks."*

JAKOBUS 2:15-16 – *"**[15]** Sê nou daar is 'n broer of 'n suster wat nie klere het nie en dag vir dag honger ly, **[16]** en sê nou een van julle sou vir hulle sê: 'Mag dit met julle goed gaan; gaan trek julle warm aan en eet genoeg,' maar julle gee nie vir hulle wat hulle nodig het om van te lewe nie, wat help dit dan?"*

LUKAS 6:38 –
"Gee, en vir julle sal gegee word: 'n goeie maat, ingestamp, geskud en propvol, sal hulle in julle hande gee. Met die maat waarmee julle meet, sal ook vir julle gemeet word."

EFESIËRS 1:7 –
"Deur die bloed van sy Seun is ons verlos en is ons oortredinge vergewe kragtens die ryke genade van God."

SPREUKE 19:17 – *"Wie hom oor 'n arm mens ontferm, gee 'n lening aan die Here, en Hy sal hom ten volle vergoed."*

DISSIPELSKAPVRAE

7. Lees Psalm 41:2-4. Noem vyf dinge wat die Here vir diegene doen wat vir die armes gee?

SKRIFGEDEELTES VIR GEBRUIK SAAM MET VRAE

PSALM 41:1-3 – *"**[2]** Dit gaan goed met die mens wat omsien na die swakke. Die Here sal hom red op die dag van nood, **[3]** die Here sal hom beskerm en in die lewe hou; die hele land sal praat oor hoe goed dit met hom gaan. U sal hom nie uitlewer aan die wraaksug van sy vyande nie. **[4]** Die Here sal hom bystaan in sy siekte. As hy siek is, sal U hom genees."*

ANTWOORDE

1. Lees Johannes 3:16. Wat het God gemotiveer om te gee?
   Sy liefde.

2. Lees 1 Korintiërs 13:3. Wat moet ons motiveer om te gee?
   Liefde. Ons moet ander mense se welsyn op die hart dra, maak nie saak hoe ons voel nie (Matt. 7:12).

3. Lees Jakobus 2:15-16. Verduidelik wat hierdie vers beteken.
   Vyf-en-negentig persent van liefde is nie-verbaal. Dit gaan nie oor wat ons sê nie, maar wat ons doen.

4. Lees Lukas 6:38. Wat leer jy uit hierdie vers?
   Die maat waarvolgens jy gee (groot of klein) sal gebruik word om af te meet wat aan jou gegee word.

5. Lees Efesiërs 1:7. Het God uit sy rykdom of kragtens sy rykdom gegee?
   Verduidelik die verskil.
   Kragtens sy rykdom. Hy het alles moontlik gegee om ons te verlos, sy eniggebore Seun.

6. Lees Spreuke 19:17. Wat is jy besig om te doen wanneer jy aan die armes gee?
   Om aan God te leen.

   Will God pay you back?
   Ja.

7. Lees Psalm 41:2-4. Noem vyf dinge wat die Here vir diegene doen wat vir die armes gee?
   Hy red hulle in tye van nood. Hy beskerm hulle. Hy maak hulle voorspoedig.
   Hy red hulle van hulle vyande. Hy genees hulle wanneer hulle siek is.

© 2012, Andrew Wommack
Toestemming word verleen om afskrifte vir dissipelskapdoeleindes te maak, op voorwaarde dat dit gratis uitgereik word.

VLAK 2

LES 16

WAT OM TE DOEN WANNEER JY NIE GEBEDSVERHORING ERVAAR NIE

Deur Andrew Wommack

Vandag wil ek gesels oor wat om te doen wanneer dit lyk asof jou gebede nie verhoor word nie, en ek wil die woord "lyk" beklemtoon. Die feit is, God verhoor altyd, altyd enige gebede wat in geloof volgens sy Woord gebid word. In 1 Johannes 5:14-15 staan daar: *"En nou kan ons met vrymoedigheid na God gaan, omdat Hy ons gebede verhoor as ons enigiets volgens sy wil vra. En aangesien ons weet dat Hy ons gebede verhoor as ons iets só vra, weet ons ook dat ons kry wat ons van Hom vra."* Johannes is baie seker van sy saak. God verhoor altyd ons gebede, al lyk dit nie so nie. Matteus 7:7-8 lees: *"Vra, en vir julle sal gegee word; soek, en julle sal kry; klop, en vir julle sal oopgemaak word, want elkeen wat vra, ontvang; en elkeen wat soek, kry; en vir elkeen wat klop, sal oopgemaak word."* Hierdie verse leer dat God wel gebede verhoor. Tog kan almal van ons aan 'n tyd in ons lewe dink toe ons vir iets gevra het wat nie selfsugtig of buite God se wil was nie, maar steeds nie gebedsverhoring ervaar het nie.

Die Bybel sê ons moet vra en daar sal aan ons gegee word, maar ons ervaring sê ons het gevra, en daar is nie aan ons gegee nie. Watter een is waar? Jy gaan dalk verbaas wees, maar die feit is, albei is waarskynlik waar. Die meeste mense dink: *God se Woord sê Hy sal antwoord, maar ek het dit nie sien gebeur nie.* Johannes 4:24 lees: *"God is Gees, en dié wat Hom aanbid, moet Hom deur die Gees en in waarheid aanbid."* God is in die geestesryk besig om ons gebede te verhoor, maar dit verg geloof van ons kant om dit te laat manifesteer. Geloof neem dinge uit die geestelike wêreld en dra dit oor na die fisiese wêreld. Dit is basies wat ons in Hebreërs 11:1 lees: *"Om te glo, is om seker te wees van die dinge wat ons hoop, om oortuig te wees van die dinge wat ons nie sien nie."* Daar staan nie dat geloof die bewys is van dinge wat nie bestaan nie. Hulle bestaan beslis, maar hulle is in die onsienlike, geestelike ryk, nie in die sienlike, fisiese wêreld nie. Geloof dring die geestelike ryk binne en bring daardie dinge oor na die fisiese wêreld.

Ons kan dit met 'n radiosein vergelyk. Radio- en televisiestasies is deurlopend besig om uit te saai, maar 'n mens kan in 'n vertrek wees waar jy nie die seine kan sien of hoor nie. Dit beteken egter nie dat hulle nie daar is nie. Jy moet 'n radio aanskakel en op die frekwensie instel waarna jy wil luister. Dan onttrek die radio daardie seine uit 'n onsigbare dimensie en saai dit uit in 'n dimensie waar jy dit met jou menslike oor kan hoor. God verhoor ons gebede op soortgelyke wyse: Hy gee dinge in die geestesryk, en deur geloof moet jy uitreik en hulle na die fisiese wêreld oorbring. Die fisiese en geestelike wêrelde beweeg parallel aan mekaar. Die Here is werksaam en verhoor ons gebede, maar jy sal nie die manifestasie daarvan sien, tensy jou geloof die onsigbare, geestelike ryk en die fisiese wêreld waarin ons woon, oorbrug nie.

Daniël, 'n man van God, het byvoorbeeld gebid en God vir 'n openbaring gevra. Ter wille van plek en tyd gee ek net 'n opsomming van die verhaal. Die Here het die engel Gabriël gestuur om aan Daniël te verskyn en sy gebed te verhoor. In Daniël 9:22-23 lees ons: *"Hy het my kom inlig en vir my gesê: 'Daniël, ek het gekom om jou deeglik in te lig. Toe jy met jou smeekgebed begin het, is daar 'n antwoord gegee, en ek het gekom om dit vir jou te vertel, want God het jou lief. Gee dus ag op wat ek sê, sodat jy die visioen kan verstaan.*" Die punt is: Gabriël sê dat God aan die begin van Daniël se gebed opdrag gegee het dat die antwoord na hom gebring moes word. As jy lees hoe lank dit geneem het voordat hy die antwoord ontvang het, was dit ongeveer drie minute. Daar was 'n vertraging van drie minute tussen God se opdrag en die fisiese manifestasie.

Ons maak dikwels die aanname dat, indien God regtig God is en as iets binne sy wil is, dit binne 'n oogwink sal gebeur. Dit is nie waar nie. In hierdie geval het God die opdrag gegee en het dit Gabriël ongeveer drie minute geneem om die afstand te dek. Ek kan nie 'n verklaring hiervoor gee nie en dit is nie regtig van belang nie. Dit gaan hier oor die feit dat daar 'n vertraging van ongeveer drie minute tussen God se opdrag en die manifestasie daarvan was. As dit die langste was wat ons vir 'n antwoord op gebed moes wag, sou die meeste van ons waarskynlik kon uithou, maar dit is dikwels nie die geval nie.

In Daniël 10 is Daniël weer besig om te bid, maar hierdie keer neem dit drie weke voordat hy die antwoord ontvang. Baie mense wat dit lees, sal vra: "Waarom het God een van Daniël se gebede binne drie minute verhoor en die volgende gebed eers drie weke later?" In Daniël 10:11-12 lees ons: *"Die man sê toe vir my: 'Daniël, jy vir wie God liefhet, gee ag op wat ek vir jou gaan sê, en staan regop. Ek is na jou toe gestuur.' Toe hy dit vir my sê, het ek bewend regop gaan staan. Hy sê toe vir my: 'Moenie bang wees nie, Daniël, want van die eerste oomblik af dat jy jou ingespan het om insig te kry en jou voor jou God verootmoedig het, is jou gebede verhoor. Ek het gekom in antwoord op jou gebede.*" Ons lees dat God Dawid se gebed vanaf die heel eerste oomblik verhoor het en die boodskapper gestuur het. Dit het drie weke geneem voordat Daniël die antwoord gesien het, maar God is getrou. Die Woord sê Hy is gister en vandag en tot in ewigheid dieselfde (Heb. 13:8).

As 'n mens na hoofstuk 9 en 10 kyk, glo ek dat God albei gebede onmiddellik verhoor het. Die een het drie minute geneem en die ander drie weke, maar dit was nie God wat die veranderlike was nie. Die punt is: God verhoor ons gebede, maar daar is baie veranderlikes wat 'n rol speel, vandat Hy 'n gebed verhoor, totdat die antwoord gesien kan word. 'n Mens moet glo; geloof moet die geestelike ryk binnedring en die antwoord na die fisiese ryk oordra. Geloof is dus een van die noodsaaklike bestanddele van gebedsverhoring.

In Daniël 10:13 lees ons ook: *"Die engel van die Persiese ryk het my een en twintig dae lank teruggehou, maar toe het Migael, een van die vernaamste engele, my te hulp gekom en ek was nie meer nodig teen die Persiese konings nie.*" Daniël verwys nie na 'n fisiese mens nie, maar 'n demoniese hindernis. Die Satan is nog 'n veranderlike in die proses. Soms gebeur dit dat die Here ons gebede verhoor, maar dat die Satan hulle deur ander mense verhinder. As jy God byvoorbeeld vir finansies vertrou, gaan Hy dit nie persoonlik vir jou gee nie. Hy gaan nie rande of dollars of ponde vervals nie. Hy gaan nie R100-note vervaardig, dit uit die hemel laat reën en dit in jou

sak steek nie. In Lukas 6:38 staan daar: *"Gee, en vir julle sal gegee word: 'n goeie maat, ingestamp, geskud en propvol, sal hulle in julle hande gee."* God sal jou gebed verhoor, maar Hy gaan dit deur mense doen. Sommige mense is slawe van gierigheid en as hulle vir jou kwaad is, of as jy iets doen wat hulle aanstoot gee, kan die Satan die manifestasie van jou gebede deur hulle belemmer. Wanneer jy bid, veral rondom finansies, moet jy besef dat ander mense moontlik 'n rol in jou finansiële wonderwerk gaan speel, en jy sal dalk vir hulle moet bid.

God is getrou. Hy het nog nooit nagelaat om enige gebed te verhoor wat volgens sy Woord en in geloof gebid is nie. Hy gee altyd, maar afhangende van ander veranderlikes, neem dit soms tyd voordat jy die verhoring van jou gebede sien. Ek bid dat hierdie les tot opbou van jou geloof sal wees en jou sal laat besef dat God altyd jou gebede verhoor.

DISSIPELSKAPVRAE

1. Lees Matteus 7:7-8. Wat kan ons van God verwag as ons vra?

2. Lees Matteus 7:7-8. Wat kan ons verwag as ons die Here soek?

3. Lees Matteus 7:7-8. Wat kan ons verwag wanneer ons klop?

4. Lees Johannes 10:35. Sal God enigiets minder gee as wat Hy in sy Woord belowe?

5. Lees Jakobus 4:1-3. Wat het gemaak dat hierdie mense nie van God ontvang het nie?

6. Lees 1 Petrus 3:7. Wat sal die uitwerking op jou gebedslewe wees as jy jou maat sleg behandel?

SKRIFGEDEELTES VIR GEBRUIK SAAM MET VRAE

MATTEUS 7:7-8 – *"[7] Vra, en vir julle sal gegee word; soek, en julle sal kry; klop, en vir julle sal oopgemaak word, **[8]** want elkeen wat vra, ontvang; en elkeen wat soek, kry; en vir elkeen wat klop, sal oopgemaak word."*

JOHANNES 10:35 – *"God noem hulle tot wie sy woord gekom het, dus 'gode', en wat daar geskrywe staan, kan nie verander word nie."*

JAKOBUS 4:1-3 – *"**[1]** Waar kom die stryd vandaan, waar kom die rusies onder julle vandaan? Kom dit nie van julle selfsugtige begeertes wat gedurig binne-in julle woed nie? **[2]** Julle wil dinge hê, maar kry dit nie en wil dan moord pleeg; julle is jaloers op 'n ander man se goed en kan dit nie in die hande kry nie en dan maak julle rusie en baklei julle. Julle kry nie, omdat julle nie bid nie. **[3]** As julle bid, ontvang julle nie, omdat julle verkeerd bid: julle wil net julle selfsugtige begeertes bevredig."*

1 PETRUS 3:7 – *"Mans, julle moet verstandig met julle vrouens saamleef. Bewys eer aan hulle as die swakker geslag wat saam met julle deel in die lewe as genadegawe. Dan sal julle kan bid sonder dat iets julle hinder."*

DISSIPELSKAPVRAE

7. Lees 1 Johannes 5:14-15. Wat is ’n sleutel tot gebedsverhoring?

8. Lees Markus 11:24. Wat moet ons doen wanneer ons bid?

SKRIFGEDEELTES VIR GEBRUIK SAAM MET VRAE

1 JOHANNES 5:14-15 – *“**[14]** En nou kan ons met vrymoedigheid na God gaan, omdat Hy ons gebede verhoor as ons enigiets volgens sy wil vra. **[15]** En aangesien ons weet dat Hy ons gebede verhoor as ons iets só vra, weet ons ook dat ons kry wat ons van Hom vra.”*

MARKUS 11:24 – *“Daarom sê Ek vir julle: Alles wat julle in die gebed vra, glo dat julle dit al ontvang het, en dit sal vir julle so wees.”*

ANTWOORDE

1. Lees Matteus 7:7-8. Wat kan ons van God verwag as ons vra?
   Ons kan verwag dat daar aan ons gegee sal word.

2. Lees Matteus 7:7-8. Wat kan ons verwag as ons die Here soek?
   Dat ons Hom sal vind.

3. Lees Matteus 7:7-8. Wat kan ons verwag wanneer ons klop?
   Dat daar vir ons oopgemaak sal word.

4. Lees Johannes 10:35. Sal God enigiets minder gee as wat Hy in sy Woord belowe?
   Nee.

5. Lees Jakobus 4:1-3. Wat het gemaak dat hierdie mense nie van God ontvang het nie?
   Hulle gesindheid was verkeerd. Alles het oor hulleself gegaan. Hulle motiewe was totaal selfsugtig.

6. Lees 1 Petrus 3:7. Wat sal die uitwerking op jou gebedslewe wees as jy jou maat sleg behandel?
   Jou gebede sal verhinder word.

7. Lees 1 Johannes 5:14-15. Wat is 'n sleutel tot gebedsverhoring?
   Om volgens God se wil te bid.

8. Lees Markus 11:24. Wat moet ons doen wanneer ons bid?
   Ons moet glo dat ons ontvang het, en dit sal so wees.

© 2012, Andrew Wommack
Toestemming word verleen om afskrifte vir dissipelskapdoeleindes te maak, op voorwaarde dat dit gratis uitgereik word.

DISSIPELSKAP-
EVANGELISASIE

VLAK 3

VLAK 3

LES 1
GOD SE VLOEI

Deur Andrew Wommack

Vandag wil ek gesels oor die manier waarop God deur jou vloei, sodat jy ander mense kan bedien. God het jou met sy krag en salwing toegerus, maar hoe kom dit by ander mense uit? Ons kan by verskeie Skrifgedeeltes begin. In Filemon 6 bid Paulus *"Dat die gemeenskap van jou geloof kragtig mag word deur die kennis van alles wat goed in julle is, tot eer van Christus Jesus."* Wanneer ek wil hê dat die Here deur my moet vloei, moet ek eerstens die goeie in my binneste ontdek. 'n Mens kan nie iets weggee wat jy nie het nie, maar wanneer jy besef wat in jou binnekant is, sal dit outomaties tot uiting kom. Jy sal jou opgewondenheid met ander mense deel, getuig van dit wat God in jou lewe doen en ander sal gehelp word.

In 1 Johannes 4:7-8 staan daar: *"Geliefdes, ons moet mekaar liefhê, want liefde kom van God, en elkeen wat liefhet, is 'n kind van God en ken God... want God is liefde."* Elke keer wanneer jy voel dat liefde deur jou na iemand anders vloei, is dit God wat deur jou na hulle vloei. Daar is vier woorde vir "liefde" in Grieks. Die hoogste vorm, *agape*-liefde, is God se bonatuurlike soort liefde. 'n Mens moet tussen aangetrokkenheid tot 'n persoon en hierdie bonatuurlike, verhewe vorm van God se liefde kan onderskei. God se liefde wat deur jou na iemand anders vloei, is nooit selfsugtig nie. Jy kan dit toets deur na 1 Korintiërs 13:4-8 te gaan kyk waar die eienskappe van God se liefde gelys word. Dit is nie afgunstig nie, soek nie sy eie belang nie, is nie liggeraak nie, ens. Jy moet jou liefde ontleed en seker maak dat dit regtig God se liefde is – dat dit nie selfsugtig of selfgesentreerd is nie. Maak seker dat jou liefde nie gegrond is op dit wat ander mense vir jou kan doen nie. Namate jy hierin groei en God se liefde begin onderskei, sal dit Hy wees wat in jou beweeg wanneer jy liefde deur jou voel vloei. Al wat jy moet doen wanneer jy ervaar dat God se liefde deur jou na iemand anders vloei, is om met 'n bemoedigende woord of daad daaraan uiting te gee – doen iets.

Dit het al gebeur dat terwyl ek besig was om te bid, iemand in my gedagtes opkom en ek God se liefde en deernis vir hom of haar ervaar. Ek kan dit nie aan 'n verklaarbare rede toeskryf nie; dit is bonatuurlik. Ek het al geleer om die persoon te bel, vir hom of haar 'n brief te skryf of op een of ander manier te kontak. Amper elke keer kom daardie persoon na my toe terug en sê: "God het deur jou met my gepraat en my kom aanraak." Hoe gebeur dit? Dit gebeur omdat ek aanvoel dat 'n liefde, 'n goddelike deernis deur my na daardie persoon vloei. Wanneer ek dit vandag voel, besef ek dat dit nie ek is nie – dit is God. God is liefde en wanneer ek vir ander mense lief is, is dat Hy wat hulle deur my liefhet. Jesus het op hierdie manier bedien. In Matteus 14:14 staan daar: *"Toe Hy uit die skuit klim, het Hy die groot menigte mense daar gesien. Hy het hulle innig jammer gekry en die siekes onder hulle gesond gemaak."* Die manier waarop God se krag deur Jesus gevloei

het, was deur die medelye en liefde wat Hy teenoor die mense ervaar het wat Hy bedien het. In Matteus 8:2-3 was daar 'n melaatse man, 'n onrein man wat volgens die Joodse wet nie aangeraak mag word nie (enigiemand wat aan hom sou raak, sou besmet word en self ook onrein wees). Hierdie man het na Jesus geroep: *"'Here, as U wil, kan U my gesond maak.' Toe steek Jesus sy hand uit, raak hom aan en sê: 'Ek wil. Word gesond!' En sy melaatsheid was onmiddellik weg."* Jesus was ontroerd en het aan die man geraak. Wanneer jy die Woord bestudeer, sal jy hierdie deernis, hierdie goddelike liefde op baie plekke kry. Dit is nie net 'n emosie nie, maar 'n diep deernis wat deur ons na ander vloei.

Toe Jesus aan die kruis gehang het, was Hy so lief vir die mense rondom Hom dat Hy gebid het: *"Vader, vergeef hulle, hulle weet nie wat hulle doen nie!"* (Lukas 23:34). Hierdie mense het Hom aan 'n kruis vasgespyker, maar Hy het deernis met hulle gehad en God gevra om hulle te vergewe. Ons weet dat Hy nie 'n opwelling van emosie ervaar het nie – dit was nie net 'n gevoel nie – dit was 'n keuse. Nietemin het Hy dit teenoor ander mense uitgeleef. God lewe in elkeen van ons wat wedergebore is. Soos ons reeds in 1 Johannes 4:8 gelees het, is God liefde. Hy wil deur jou vloei, sodat Hy ander mense kan bereik. Om dit te kan doen, sal Hy hierdie deernis in jou opwek. Wanneer jy ervaar dat dit deur jou na ander mense vloei, moet jy daarop reageer.

Jy hoef nie altyd iets merkwaardig te doen nie. Dit hoef nie "so spreek die Here" te wees nie. Wanneer jy deernis teenoor iemand ervaar, kan jy soms net jou arm om hom of haar sit en sê: "God is lief vir jou, en ek ook." Ek onthou 'n keer toe ek aan die ontvangkant van sulke deernis was, in 'n situasie waar 'n kerk my gevra het om te loop. Mense het leuens oor my vertel, en een persoon het selfs gedreig om my dood te maak. Ek het so moedeloos gevoel en die Here gevra: "Wat help dit? Niemand het waardering vir my werk nie." Ek het met die duiwel hieroor geworstel, en 'n vriend het 'n hooflynoproep gemaak. Hy het 'n paar minute gesels en toe vra ek: "Waarom het jy gebel?" Hy het geantwoord: "Ek wou net bel om te laat weet dat ek lief is vir jou. Ek het gebid en God se liefde vir jou ervaar. Ek waardeer jou." Dit is al wat hy gesê het. Hy het niks van my situasie geweet nie, maar God het hom gebruik. Ek het geweet dat dit Hy was wat my deur daardie persoon liefgehad het, en dit het my lewe verander en verhoed dat ek die bediening verlaat het.

Dit hoef ook nie iets bonatuurlik of 'n besonder kragtige boodskap te wees nie. God is liefde en wanneer jy aanvoel dat daardie liefde deur jou vloei, moet jy besef dat dit God se vloei is en daaraan uitvoering gee. Gaan doen iets, sê iets, wees 'n seën vir iemand. God sal die woorde in jou mond plaas. Hy sal jou gebruik en Hy sal mense bevry wanneer jy diegene rondom jou vanuit sy liefde bedien.

DISSIPELSKAPVRAE

Let op: In hierdie les kyk ons hoe om dit wat God in ons geplaas het, na ander mense te laat vloei.

1. Lees Filemon 1:6. Wat moet heel eerste gebeur wanneer ek God wil toelaat om deur my te vloei?

2. Lees 1 Johannes 4:7-8. Wat is die ware bron waaruit ons in liefde na ander mense uitreik?

3. Andrew sê: "Elke keer wanneer jy voel dat liefde deur jou na iemand anders vloei, is dit God wat deur jou na hulle vloei." Watter frase in 1 Johannes 4:7 staaf hierdie feit?

4. Lees 1 Korintiërs 13:4-8. Noem 'n paar eienskappe van God se liefde.

SKRIFGEDEELTES VIR GEBRUIK SAAM MET VRAE

FILEMON 1:6 – *"Dat die gemeenskap van jou geloof kragtig mag word deur die kennis van alles wat goed in julle is, tot eer van Christus Jesus."*

1 JOHANNES 4:7-8 – *"[7] Geliefdes, ons moet mekaar liefhê, want liefde kom van God, en elkeen wat liefhet, is 'n kind van God en ken God. **[8]** Wie nie liefhet nie, het geen kennis van God nie, want God is liefde."*

1 KORINTIËRS 13:4-8 – *"**[4]** Die liefde is geduldig, die liefde is vriendelik; dit is nie afgunstig nie, is nie grootpraterig nie, is nie verwaand nie. **[5]** Dit handel nie onwelvoeglik nie, soek nie sy eie belang nie, is nie liggeraak nie, hou nie boek van die kwaad nie. **[6]** Dit verbly hom nie oor onreg nie, maar verheug hom oor die waarheid. **[7]** Dit bedek alles, glo alles, hoop alles, verdra alles. **[8]** Die liefde vergaan nooit nie, maar die gawe om God se boodskap te verkondig, sal verdwyn, die gawe om ongewone tale en klanke te gebruik, sal ophou, en dié van kennis sal uitgedien raak."*

DISSIPELSKAPVRAE

5. Lees Matteus 14:14. Wat het Jesus daartoe gedring om ander mense te bedien?

6. Lees Matteus 25:37-40. Aan wie is ons in werklikheid besig om liefde en barmhartigheid te bewys wanneer ons in liefde en deernis na ander mense uitreik?

SKRIFGEDEELTES VIR GEBRUIK SAAM MET VRAE

MATTEUS 14:14 – *"Toe Hy uit die skuit klim, het Hy die groot menigte mense daar gesien. Hy het hulle innig jammer gekry en die siekes onder hulle gesond gemaak."*

MATTEUS 25:37-40 – *"**[37]** Dan sal dié wat die wil van God gedoen het, Hom vra: 'Here, wanneer het ons U honger gesien en U gevoed, of dors en U iets gegee om te drink? **[38]** En wanneer het ons U 'n vreemdeling gesien en U gehuisves, of sonder klere, en vir U klere gegee? **[39]** Wanneer het ons U siek gesien of in die tronk en U besoek?' **[40]** En die Koning sal hulle antwoord: 'Dit verseker Ek julle: Vir sover julle dit aan een van die geringste van hierdie broers van My gedoen het, het julle dit aan My gedoen.'"*

HEBREËRS 6:10 – *"God is nie onregverdig nie; Hy sal julle werk nie vergeet nie en ook nie die liefde wat julle vir sy Naam betoon het deurdat julle julle medegelowiges gedien het en nog dien nie."*

ANTWOORDE

1. Lees Filemon 6. Wat moet heel eerste gebeur wanneer ek God wil toelaat om deur my te vloei?
   Ek moet bewus wees van al die goeie dinge wat Hy in Christus Jesus in my geplaas het.

2. Lees 1 Johannes 4:7-8. Wat is die werklike bron waaruit ons in liefde na ander mense uitreik?
   God, want God is liefde (1 Johannes 4:8).

3. Andrew sê: "Elke keer wanneer jy voel dat liefde deur jou na iemand anders vloei, is dit God wat deur jou na hulle vloei." Watter frase in 1 Johannes 4:7 staaf hierdie feit?
   "Liefde kom van God" (God is die bron).

4. Lees 1 Korintiërs 13:4-8. Noem 'n paar eienskappe van God se liefde.
   Die liefde is lankmoedig en geduldig. Dit bestaan in die teenwoordige tyd, menende dat liefde deurlopend so optree. Liefde is vriendelik. Dit vind uitdrukking in vriendelikheid teenoor ander. Dit bestaan in die teenwoordige tyd, menende dat liefde altyd so optree. Dit is nie afgunstig nie. Dit is nie wrewelig teenoor ander mense se geluk of sukses nie. Dis nie grootpraterig nie. Liefde spog nie; dit is nie hoogmoedig nie. Dis nie verwaand nie. Dit is nie selfbehep nie. Dit is nie trots of arrogant nie. Dit handel nie onwelvoeglik nie. Liefde tree nie op in stryd met dit wat reg is nie. Dit is nie onbeskof nie. Dit soek nie sy eie belang nie. Liefde is nie selfgesentreerd nie. Dis nie liggeraak nie. Liefde is nie gou op sy perdjie of humeurig nie. Dit hou nie boek van die kwaad nie. Liefde dink nie die slegste van ander mense nie. Dit verbly hom nie oor onreg nie. Liefde put geen genot uit die kwaad of dit wat verkeerd is nie. Die liefde verheug hom oor die waarheid. Dit bedek alles. Liefde is altyd ondersteunend en gee nooit moed op nie. Dit glo alles. Liefde vertrou altyd. Dit vergaan nooit nie. Liefde volhard. Dit hou enduit vol en duur tot in ewigheid.

5. Lees Matteus 14:14. Wat het Jesus daartoe gedring om ander mense te bedien?
   Hy het deernis gehad. "Deernis" kan ook vervang word met woorde soos simpatie, medelye, barmhartigheid.

6. Lees Matteus 25:37-40. Aan wie is ons in werklikheid besig om liefde en barmhartigheid te bewys wanneer ons in liefde en deernis na ander mense uitreik?
   Aan God.

   Sien Heb. 6:10.

© 2012, Andrew Wommack
Toestemming word verleen om afskrifte vir dissipelskapdoeleindes te maak, op voorwaarde dat dit gratis uitgereik word.

VLAK 3

LES 2
GEBRUIK DIE GAWES IN DIE BEDIENING

Deur Andrew Wommack

Vandag gesels ons oor hoe jy die liefde wat jy van God ontvang het, met ander mense kan deel – hoe jy jou medemens effektief kan bedien. In 1 Petrus 4:11 lees ons: *"As iemand die gawe ontvang het om te preek, moet God deur hom aan die woord kom."* Anders gestel, so iemand moet as die mondstuk van God optree. Praat asof jy vanuit God praat. Die vers vervolg: *"As dit is om in die gemeente te dien, moet hy dien met die krag wat God verleen. So moet julle God in alles verheerlik deur Jesus Christus, aan wie die heerlikheid en die krag behoort tot in alle ewigheid! Amen."* Petrus skryf dat jy ander mense moet bedien, nie uit jou eie krag nie, maar uit die krag wat God gee.

Een van die wonders van die Christelike lewe is dat dit nie net ek of jy is wat met iemand praat en uit ons eie krag getuig nie. God self kom woon binne ons. Hy begin deur ons praat en deur ons vloei. Deur sy inwoning kan die Gees van God deur ons vloei. Wanneer ons teenoor ander mense begin getuig, moet ons onthou dat ons besig is om die gawes van die Gees te beoefen, en dat hulle juis hiervoor gegee is. God het vir elke persoon in die liggaam van Christus spesifieke gawes gegee. In 1 Korintiërs 12 staan daar dat ons elkeen verskillende gawes volgens sy wil ontvang het. In verse 4-6 lees ons: *"Daar is 'n verskeidenheid van genadegawes, maar dit is dieselfde Gees wat dit gee; daar is 'n verskeidenheid van bedieninge, maar dit is dieselfde Here wat die opdrag gee; daar is 'n verskeidenheid van kragtige werkinge, maar dit is dieselfde God wat alles in almal tot stand bring."* Dit beteken dat God hierdie dinge in almal van ons opwek. In vers 7 lees ons dan ook: *"Aan elkeen afsonderlik word 'n werking van die Gees gegee tot voordeel van almal."*

Hierdie verse leer dat God elkeen van ons met bonatuurlike vermoëns toegerus het. Dalk voel jy dit nie en dalk is jy nie bewus daarvan nie, maar in God se Woord word dit belowe. As jy hierdie punt in die Dissipelskapsevangelisasiekursus bereik het, as jy Jesus reeds jou Here gemaak het, as jy geleer het hoe om te ontvang wat God vir jou wil gee en dit in jou lewe toe te pas, kan ek jou belowe dat die krag van die Heilige Gees in jou werksaam is. Jy dra ander mense se wonderwerke in jou binneste. God het die saad vir 'n wonderwerk vir iemand anders in jou geplant. Dit berus by jou om toe te laat dat dit groei, sodat dit in hulle lewe gestalte kry. Die Bybel sê dat die Gees dit aan elkeen van ons gegee het. Niemand is oorgeslaan nie. Daar word nege verskillende gawes van die Gees in 1 Korintiërs 12 gelys, onder andere 'n woord van wysheid, 'n woord van kennis, die gawe om tussen die geeste te onderskei, die krag om wonders te doen, die gawe van gesondmaking ens. In Romeine word daar nog gawes gelys waarop ek nie nou wil ingaan nie. Jy moet hulle op jou eie bestudeer en onthou dat elkeen van ons 'n spesiale salwing – spesiale gawe – van die Heilige Gees ontvang het, sodat ons ander mense kan dien. Nie almal sal byvoorbeeld op die manier bedien waarop ek bedien nie. Jy het dalk nie die gawe om onderrig te gee nie, maar elke persoon in die

liggaam van Christus kán onderrig gee deur hulle geloof met iemand anders te deel. Daar is mense wat spesifiek geroep word om ander te leer, mense wat geroep is om te preek en kerke te lei. Nog 'n gawe wat in Romeine gelys word, is dié van gasvryheid. Baie van julle het waarskynlik 'n vermoë of 'n gawe waarvan julle nie weet nie. Jy het eenvoudig 'n begeerte om iemand anders te seën. Jy is dalk iemand wat wanneer jy by 'n vertrek inkom, mense raaksien wat ontuis of ongemaklik voel. Jy het empatie met hulle; jy weet wat hulle ervaar en jy het 'n begeerte om hulle op hulle gemak te stel en hulle te bedien. Het jy geweet dat dit 'n bonatuurlike gawe van God is?

Volgens Romeine 12 is sommige mense geroep om te gee. Hulle het die vermoë ontvang om geld te maak en dit te gee om die evangelie uit te brei. Dit is hulle gawe, hulle lewensroeping, en dalk is daar selfs van julle wat daarvoor geroep is. Sommige van julle besit die gawe van vermaning. Ander het die gawe van dienswerk ontvang. Daar is soveel verskillende dinge wat gedoen kan word, nie net binne 'n kerkopset nie, maar op 'n daaglikse basis in jou omgang met mense. Daar is sommige van julle met die vermoë om mense te bemoedig wat moedeloos is, iets wat ek nooit sal kan doen deur mense bloot in die Woord te onderrig nie. Jy het eenvoudig 'n bonatuurlike vermoë om na iemand toe te gaan, jou arm om hom of haar te sit, en die persoon te bemoedig en versterk. My punt is dat jy hierdie dinge nie bloot as iets natuurlik, as jou persoonlikheidstipe, moet beskou nie. Dit is moontlik dat jy jouself as hierdie tipe mens geklassifiseer het, maar in werklikheid is dit 'n Godgegewe vermoë wat vir die gawes, talente en perspektief verantwoordelik is wat jou sekere dinge laat doen.

Wanneer jy ander mense bedien, lees ons in die Woord dat jy hulle moet bedien met dít wat God in jou geplaas het. Ons moet almal leraars word, hetsy voltyds in die bediening of by die werk of waar ons ook al is. Ongeag of jy jou bure of mense by die winkel bedien, jy moet dit uit die vermoë doen wat jy van God ontvang het, nie uit jou eie krag nie. Ek wil jou dus aanspoor om God te soek en die gawes te ontdek wat Hy in jou geplaas het. Moenie op jou gawes neersien as jy nie 'n gawe ontvang het wat jou voltyds in die bediening plaas nie. Ons moet besef dat die Heilige Gees 'n bonatuurlike vermoë in elkeen van ons geplaas het, en dan begin om ander mense deur hierdie gawes te bedien.

Dit sal tyd en oefening verg. Jy sal dit nie vanuit die staanspoor foutloos doen nie, maar moenie bang wees om te oefen nie. Die Here sal nie aansien verloor as jy 'n fout maak nie, en ander mense sal jou opregtheid raaksien. Jou liefde sal hulle bedien, selfs al doen jy dit nie heeltemal reg nie. Begin ander mense bedien. Ons moet besef dat ons deur God gesalf is en begin om die bonatuurlike vermoëns wat Hy ons gegee het, met ander mense te deel.

DISSIPELSKAPVRAE

1. Lees 1 Petrus 4:11. Uit wie se krag is ons veronderstel om te dien?

2. Lees 1 Korintiërs 12:4. Daar is baie verskillende geestelike gawes, maar by wie vind almal hulle oorsprong?

3. Lees 1 Korintiërs 12:6. Kies die korrekte stelling.
   A. God werk net op een manier.
   B. Daar is verskillende maniere waarop God deur mense werk.
   C. God werk slegs deur die predikant.

4. Lees 1 Korintiërs 12:7. Die Heilige Gees se teenwoordigheid en geestelike gawes is aan almal tot voordeel van almal gegee. Waar of vals.

5. Lees 1 Korintiërs 12:8-10. Lys en omskryf sommige van die geestelike gawes wat God aan mense gee.

SKRIFGEDEELTES VIR GEBRUIK SAAM MET VRAE

1 PETRUS 4:11 – *"As iemand die gawe ontvang het om te preek, moet God deur hom aan die woord kom; as dit is om in die gemeente te dien, moet hy dien met die krag wat God verleen. So moet julle God in alles verheerlik deur Jesus Christus, aan wie die heerlikheid en die krag behoort tot in alle ewigheid! Amen."*

1 KORINTIËRS 12:4 – *""Daar is 'n verskeidenheid van genadegawes, maar dit is dieselfde Gees wat dit gee."*

1 KORINTIËRS 12:6 – *"Daar is 'n verskeidenheid van kragtige werkinge, maar dit is dieselfde God wat alles in almal tot stand bring."*

1 KORINTIËRS 12:7 – *"Aan elkeen afsonderlik word 'n werking van die Gees gegee tot voordeel van almal."*

1 KORINTIËRS 12:8-10 – *"[8] Aan die een word deur die Gees die gawe gegee om 'n woord van wysheid te praat, aan 'n ander 'n woord van kennis deur dieselfde Gees; [9] aan die een geloof deur dieselfde Gees, aan 'n ander genadegawes van gesondmaking deur die één Gees. [10] Aan die een gee Hy die krag om wonders te doen, aan 'n ander die gawe om God se boodskap te verkondig, en aan nog 'n ander die gawe om tussen die geeste te onderskei. Aan nog een gee Hy die gawe om ongewone tale of klanke te gebruik en aan 'n ander om dit uit te lê."*

DISSIPELSKAPVRAE

6. Lees Romeine 12:6-8. Omskryf die geestelike gawes wat hier genoem word.

7. Het jy al bemerk dat enige van hierdie gawes in jou werksaam is? Indien wel, watter gawes?

SKRIFGEDEELTES VIR GEBRUIK SAAM MET VRAE

ROMEINE 12:6-8 – *"**[6]** Ons het genadegawes wat van mekaar verskil volgens die genade wat God aan elkeen van ons gegee het. As dit die gawe is om God se boodskap te verkondig, laat ons dit gebruik in ooreenstemming met die geloof wat ons bely. **[7]** As dit is om te dien, laat ons dien. As dit is om onderrig te gee, laat ons onderrig gee. **[8]** As dit is om mense te bemoedig, laat ons hulle bemoedig. As ons gee, laat dit sonder bybedoelings wees. As ons leiding gee, dan met toewyding. As ons ander help, dan met blymoedigheid."*

2 TIMOTEUS 4:11 – *"Net Lukas is by my. Gaan haal vir Markus en bring hom saam met jou, want hy kan my tot groot diens wees."*

HANDELINGE 13:1 – *"Onder die profete en leraars in die gemeente in Antiogië was Barnabas, Simeon wat ook Niger genoem is, Lucius van Sirene, Manaen wat saam met die heerser Herodus grootgeword het, en Saulus."*

HANDELINGE 13:15 – *"Ná die voorlesing uit die wet en die profete het die raadslede van die sinagoge hulle laat weet: 'Broers, as julle vir die volk 'n woord van bemoediging het, praat maar.'"*

DISSIPELSKAPVRAE

8. Lees 1 Korintiërs 12:7. Wie is veronderstel om by hierdie gawes baat te vind?

SKRIFGEDEELTES VIR GEBRUIK SAAM MET VRAE

SPREUKE 22:9 – *"Wie mededeelsaam is, word geseën, want hy gee van sy kos vir arm mense."*

HANDELINGE 20:28 – *"Pas julleself op en die hele kudde wat die Heilige Gees onder julle sorg gestel het. Soos wagters 'n kudde versorg, so moet julle die gemeente van God versorg wat Hy vir Hom verkry het deur die bloed van sy eie Seun."*

MATTEUS 5:7 – *"Geseënd is dié wat barmhartig is, want aan hulle sal barmhartigheid bewys word."*

1 KORINTIËRS 12:7 – *"Aan elkeen afsonderlik word 'n werking van die Gees gegee tot voordeel van almal."*

ANTWOORDE

1. Lees 1 Petrus 4:11. Uit wie se krag is ons veronderstel om te dien?
   God se krag.

2. Lees 1 Korintiërs 12:4. Daar is baie verskillende geestelike gawes, maar by wie vind almal hulle oorsprong?
   God/die Heilige Gees.

3. Lees 1 Korintiërs 12:6. Kies die korrekte stelling.
   B. Daar is verskillende maniere waarop God deur mense werk.

4. Lees 1 Korintiërs 12:7. Die Heilige Gees se teenwoordigheid en geestelike gawes is aan almal tot voordeel van almal gegee.
   Waar.

5. Lees 1 Korintiërs 12:8-10. Lys en omskryf sommige van die geestelike gawes wat God aan mense gee.
   'n Woord van wysheid = 'n Bonatuurlike openbaring van God aangaande sy wil en voorneme. Sien Hand. 27:21-25.

   'n Woord van kennis = 'n Bonatuurlike openbaring van God aangaande enige feit of gebeurtenis. Sien Hand. 9:11-12.

   'n Gawe van geloof = Die bonatuurlike vermoë om God sonder twyfel of redenasies te glo. Sien 1 Kor. 13:2.

   Gawes van genesing = Die bonatuurlike vermoë om siek mense sonder menslike hulp of medikasie te genees. Sien Mark. 16:18.

   Wonderwerke = Die bonatuurlike ingrypings wat dinge tot stand bring wat in stryd met natuurwette is. Sien Heb. 2:3-4.

   Profesie = 'n Bonatuurlike uiting wat deur God geïnspireer is in 'n taal wat die spreker ken. Sien Hand. 11:27-28 en 1 Kor. 14:3.

   Onderskeiding van geeste = 'n Bonatuurlike openbaring van God oor die teenwoordigheid of aktiwiteite van geeste. Sien Hand. 16:16-18.

   Verskillende klanke of tale = 'n Bonatuurlike uiting wat deur God geïnspireer is in 'n onbekende taal (onbekend aan die spreker). Sien Hand. 2:4-11.

   Die uitleg van tale = 'n Bonatuurlike uiting wat deur God geïnspireer is om 'n onbekende taal te interpreteer. Sien 1 Kor. 14:13-14.

ANTWOORDE

6. Lees Romeine 12:6-8. Omskryf die geestelike gawes wat hier genoem word.
Profesie = 'n Bonatuurlike uiting wat deur God geïnspireer is in 'n taal wat die spreker ken.
Diens = Om ander te dien, praktiese dienswerk. Sien 2 Tim. 4:11.

Onderrig = Om te verduidelik, uiteen te sit, onderrig te gee. Sien Hand. 13:1.

Bemoediging = Om aan te spoor, raad te gee, te versoek, vermaan, vertroos of te waarsku. Sien Hand. 13:15.

Gee = Om vrygewig aan God en ander te gee. Sien Spr. 22:9.

Leiding = Leierskap. Sien Hand. 20:28.

Barmhartigheid = Medelye wat aan 'n oortreder of slagoffer bewys word.
Sien. Matt. 5:7.

7. Het jy al agtergekom dat enige van hierdie gawes in jou werksaam is. Indien wel, watter gawes?

8. Lees 1 Korintiërs 12:7. Wie is veronderstel om by hierdie gawes baat te vind?
Almal. Deur jou gawes te gebruik om ander mense te help, laat jy toe dat God deur jou werk.

© 2012, Andrew Wommack
Toestemming word verleen om afskrifte vir dissipelskapdoeleindes te maak, op voorwaarde dat dit gratis uitgereik word.

BYKOMENDE SKRIFGEDEELTES UIT DIE LES

HANDELINGE 27:21-25 – *"**[21]** Nadat hulle 'n lang tyd nie meer geëet het nie, het Paulus tussen hulle gaan staan en gesê: 'Manne, julle moes na my geluister het en nie van Kreta af weggevaar het nie. Dan sou ons hierdie ramp en skade vrygespring het. **[22]** Maar selfs in hierdie omstandighede vra ek julle: Hou moed! Niemand van julle sal sy lewe verloor nie. Net die skip sal vergaan. **[23]** Verlede nag het daar 'n engel aan my verskyn van die God aan wie ek behoort en wat ek dien. **[24]** Die engel het vir my gesê: "Moenie bang wees nie, Paulus. Jy moet nog voor die keiser verskyn. En ter wille van jou spaar God in sy goedheid die lewe van almal wat hier saam met jou op die skip is." **[25]** Daarom, hou moed, manne! Ek vertrou op God dat alles net so sal gebeur soos Hy vir my gesê het.'"*

HANDELINGE 9:11-12 – *"**[11]** En die Here sê vir hom: 'Gaan dadelik na Reguitstraat toe en vra by Judas se huis na 'n man van Tarsus met die naam Saulus. Hy is besig om te bid **[12]** en hy het in 'n gesig 'n man met die naam Ananias sien inkom wat hom die hande oplê sodat hy weer kan sien.'"*

1 KORINTIËRS 13:2 – *"Al het ek die gawe om God se boodskap te verkondig en ken ek al die geheimenisse en besit ek al die kennis, en al het ek al die geloof om berge te versit, maar ek het geen liefde nie, dan is ek niks."*

MARKUS 16:18 – *"Met hulle hande sal hulle slange optel, en as hulle iets drink wat dodelik giftig is, sal dit hulle geen kwaad doen nie; hulle sal siekes die hande oplê en dié sal gesond word."*

HEBREËRS 2:3-4 – *"**[3]** Hoe sal ons dan ontkom as ons so 'n groot saligheid verontagsaam het? Hierdie saligheid is immers deur die Here verkondig, deur wie dit sy oorsprong het, en is aan ons bevestig deur dié wat dit gehoor het. **[4]** Daarby het God ook saam getuig deur tekens en wonders en ook deur allerhande kragtige dade en gawes van die Heilige Gees, soos Hy dit toebedeel het volgens sy wil."*

HANDELINGE 11:27-28 – *"**[27]** In dié tyd het daar profete van Jerusalem af na Antiogië toe gekom. **[28]** Een van hulle, met die naam Agabus, is deur die Gees gelei om te voorspel dat 'n groot hongersnood die hele wêreld sou tref. Dit het dan ook in die tyd van keiser Claudius gebeur."*

1 KORINTIËRS 14:3 – *"Maar hy wat profeteer, spreek tot die mense woorde van stigting en troos en bemoediging."*

HANDELINGE 16:16-18 – *"**[16]** Terwyl ons eendag na die bidplek toe op pad was, het ons 'n slavin teëgekom in wie daar 'n waarsêersgees was. Deur waarsêery het sy vir haar eienaars baie geld verdien. **[17]** Sy het agter Paulus en ons aangeloop en aanhoudend geskree: 'Hierdie mense is dienaars van God, die Allerhoogste! Hulle vertel vir julle hoe julle gered kan word.' **[18]** Sy het dit baie dae na mekaar gedoen totdat Paulus dit nie langer kon hou nie. Hy het omgedraai en vir die gees gesê: 'Ek beveel jou in die Naam van Jesus Christus: Gaan uit haar uit!' Die gees het op daardie selfde oomblik uit haar gegaan."*

BYKOMENDE SKRIFGEDEELTES UIT DIE LES

HANDELINGE 2:4-11- *"**[4]** Almal is met die Heilige Gees vervul en hulle het in ander tale begin praat soos die Heilige Gees dit aan hulle gegee het om onder sy leiding te doen. **[5]** Daar het godsdienstige Jode uit al die nasies onder die son in Jerusalem gewoon. **[6]** Toe die mense die geluid hoor, het 'n groot skare saamgedrom. En omdat elkeen gehoor het hoe daar in sy eie taal gepraat word, het hulle nie geweet hoe hulle dit het nie. **[7]** Verras en verbaas sê hulle toe: 'Die mense wat daar praat, is tog almal Galileërs. **[8]** Hoe hoor elkeen van ons dan sy eie moedertaal? **[9]** Perse, Mediërs en Elamiete, sowel as die inwoners van Mesopotamië, Judea en Kappadosië, Pontus en die provinsie Asië, **[10]** Frigië en Pamfilië, Egipte en die dele van Libië om Sirene, mense uit Rome, **[11]** Jode sowel as heidene wat die Joodse geloof aangeneem het, Kretensers en Arabiere – ons hoor hulle in ons eie tale praat oor die groot dinge wat God gedoen het.'"*

1 KORINTIËRS 14:13-14 – *"**[13]** Daarom moet hy wat ongewone tale of klanke gebruik, bid om die gawe om dit te kan uitlê, **[14]** want as ek ongewone klanke of tale gebruik wanneer ek bid, dan bid my gees, maar my verstand is nie daarby betrokke nie."*

VLAK 3

LES 3
WONDERWERKE VERHEERLIK GOD

Deur Andrew Wommack

Ons het gepraat oor die feit dat ons in God se krag lewe en ander mense deur sy gawes bedien. Nou wil ek gesels oor die manier waarop God daardeur verheerlik word en hoe Hy van ons verwag om sy bonatuurlike krag te gebruik. Daar is soveel Skrifgedeeltes in hierdie verband dat ek net enkeles kan aanraak. In Matteus 9 is daar 'n geval waar Jesus 'n verlamde man genees, en later sal ek aan die hand van Markus 2 in groter besonderhede daarop ingaan. In Matteus 9:8 staan daar: *"En toe die menigte mense dit sien, het hulle God, wat sulke mag aan mense gee, met eerbiedige vrees geprys."* Het jy geweet dat die gawes van die Gees – wonderwerke – God verheerlik en dat dit die rede is waarom Hy hierdie bonatuurlike vermoëns aan ons gegee het?

Wanneer jy voor mense getuig, is hulle dikwels geneig om te twyfel en vrae te vra: "Hoe weet ek jy praat die waarheid?" Op 'n keer het ek T. L. Osborne, 'n bekende evangelis wat honderde duisende mense na die Here gelei het, oor sy ervaring as jong man op die sendingveld hoor praat. Ten spyte van sy pogings om mense te bekeer, het hulle eenvoudig nie geglo wat hy gesê het nie. Eendag het hy met 'n man gesels en gesê: "Maar die Bybel sê..." en die ander man het gesê: "Wat maak jou swart boek so anders as enige ander swart boek?" Dit het T. L. Osborne laat dink. *Hoe weet hierdie mense dat die Bybel waar is? Ek glo dat die Bybel die Woord van God is, maar hoe oortuig ek hulle?*

Hy het die sendingveld verslane en moedeloos verlaat, huis toe gekom en die Here begin soek. Die Here het vir hom gesê dat hy sy (die Here se) bonatuurlike krag moes gebruik. God het tekens en wonders ter bevestiging van sy Woord gegee sodat mense se lewens daardeur verander kan word. In 1 Petrus 1:23 lees ons: *"Julle is immers weergebore, nie uit verganklike saad nie, maar uit onverganklike saad: die lewende en ewige woord van God."* Dit is God se Woord wat menselewens verander, maar hoe oortuig ons hulle dat dit regtig God is wat aan die woord is? Dis waar wonderwerke inkom. Wanneer ons preek en sê dat dit God se wil is dat iemand genees moet word, bevestig ons dit deur dit in die naam van Jesus oor hulle uit te spreek. Blinde oë en dowe ore wat geopen word, is 'n bewys dat dit God is. Dit is nie wonderwerke op sigself wat mense verander nie, maar dit oortuig hulle dat die woord wat jy bring, die Woord van God is.

'n Bybelse voorbeeld hiervan is Markus 2:1-9 waar die genesing van die verlamde man in fyner besonderhede beskryf word: *"Toe Jesus ná 'n paar dae weer in Kapernaum kom, het dit bekend geword dat Hy by die huis is. Baie mense het daar saamgedrom, sodat daar selfs by die deur nie meer plek was nie. Hy was besig om met hulle oor sy boodskap te praat. Daar kom toe mense wat 'n verlamde man na Hom toe bring. Vier van hulle het hom gedra. Toe hulle hom weens die gedrang*

nie by Jesus kon kry nie, breek hulle die dak reg bokant Hom oop, en nadat hulle 'n opening in die dak gemaak het, laat hulle die draagbaar waarop die verlamde man gelê het, daardeur afsak. Toe Jesus hulle geloof sien, sê Hy vir die verlamde: 'Vriend, jou sondes word vergewe!' Maar sommige van die skrifgeleerdes het daar gesit en hulle afgevra: 'Waarom sê hy so? Hy praat mos godslasterlik! Wie kan sondes vergewe behalwe God alleen?' Jesus het dadelik geweet dat hulle by hulleself so redeneer. Hy sê toe vir hulle: 'Wat redeneer julle by julleself hieroor? Wat is makliker? Om vir die verlamde man te sê: "Jou sondes word vergewe", of om te sê: "Staan op, vat jou draagbaar en loop?"'" Die feit is, albei van hierdie dinge is tegnies onmoontlik. Geen mens het die vermoë om iemand anders van sy sonde te verlos nie, en dit is ook menslik onmoontlik om iemand van verlamming te genees. As God dus die een kon doen, kon Hy vir seker ook die ander doen.

In verse 10-12 vervolg Jesus: *"'Maar Ek gaan nou vir julle die bewys lewer dat die Seun van die mens volmag het om op die aarde sondes te vergewe.' Hy sê toe vir die verlamde man: 'Ek sê vir jou: Staan op, vat jou draagbaar en gaan huis toe.' Hy het opgestaan, dadelik sy draagbaar gevat en voor die oë van almal uitgestap. Hieroor was hulle almal verbaas en het hulle God geprys en gesê: 'So iets het ons nog nooit gesien nie!'"* Jesus het sy eie vraag baie reguit beantwoord: "Maar Ek gaan nou vir julle die bewys lewer dat die Seun van die mens volmag het om op die aarde sondes te vergewe." Hy het die man genees sodat die mense sou weet dat, indien Hy dinge in die fisiese, sigbare dimensie kon doen, geestelike wonderwerke soos die vergifnis van sondes ook vir Hom moontlik was. Jesus het wonderwerke gebruik om sy woord te bevestig.

In Hebreërs 2:2-4 word dit bevestig: *"As die woord wat deur engele gepraat is, bindend was, en elke oortreding en ongehoorsaamheid regmatig gestraf is, hoe sal ons dan ontkom as ons so 'n groot saligheid verontagsaam het? Hierdie saligheid is immers deur die Here verkondig, deur wie dit sy oorsprong het, en is aan ons bevestig deur dié wat dit gehoor het. Daarby het God ook saam getuig deur tekens en wonders en ook deur allerhande kragtige dade en gawes van die Heilige Gees, soos Hy dit toebedeel het volgens sy wil."* Hier lees ons dat God hierdie woord deur die krag van die Heilige Gees bevestig het. Lees dit saam met Markus 16:20: *"Die Here het met hulle saamgewerk en hulle prediking bekragtig deur die wondertekens wat daarop gevolg het."* God wil hê dat jy sy bonatuurlike krag moet gebruik om ander mense te bedien. Hy gebruik die wonderwerke wat deur die gawes van die Heilige Gees plaasvind om aan mense te bevestig dat Hy werklik met hulle praat. Hy wil hê dat mense in hulle harte bevry word, maar soms loop die pad na iemand se hart deur sy liggaam en emosies. As jy persone in hierdie areas kan bevry, sal hulle ontvanklik raak en toelaat dat die Here die res van hulle lewe aanraak en uiteindelik hulle hele wese aan Hom toevertrou.

In 1 Korintiërs 2:1 skryf Paul aan die Korintiërs en sê hoe hy hulle aanvanklik benader het: *"Wat my betref, broers, toe ek na julle toe gekom het om die geheimenisvolle waarheid van God aan julle te verkondig, het ek nie met hoë woorde of groot geleerdheid gekom nie. Ek het my voorgeneem om met julle oor niks anders te praat nie as oor Jesus as die Christus, en wel oor Hom as die gekruisigde. Bewus van my swakheid, en met groot angs en huiwering, het ek na julle toe gekom. Die boodskap wat ek verkondig, het julle oortuig, nie deur geleerdheid en welsprekendheid nie, maar deur die kragtige werking van die Gees. Dus is julle geloof nie op die wysheid van mense gegrond nie, maar op die krag van God."* Die rede waarom hy nie net van woorde en geleerdheid gebruik

gemaak het nie, maar in die krag en werking van die Gees gekom het, was sodat hulle geloof op die krag van God gegrond sou wees, nie op die wysheid van mense nie.

Daar is 'n wonderlike logika aan Christenskap. Wanneer die waarheid eers vir 'n mens oopgaan, wonder jy hoe jy dit ooit misgekyk het en waarom almal dit nie aanneem nie. Maar Christenskap is nie net logies nie... dit is 'n werklike ervaring van 'n werklike God. Hy lewe vandag en Hy wil Homself en sy mag openbaar presies soos Hy in sy Woord gedoen het. In Hebreërs 13:8 staan daar: *"Jesus Christus is gister en vandag dieselfde en tot in ewigheid."* Jesus het gekom en God het deur tekens en wonders gewys dat Hy die Seun van God is. In Handelinge 10:38 lees ons: *"Julle weet van Jesus van Nasaret, dat God Hom met die Heilige Gees gesalf en met krag toegerus het. Hy het rondgegaan, oral goeie werke gedoen en almal gesond gemaak wat in die mag van die duiwel was, want God was by Hom."* Sy woord is bevestig en daardie wonderwerke het soos 'n klok gelui wat mense na sy boodskap aangetrek het. Baie teksgedeeltes sê dat God daardeur verheerlik is. As Jesus die krag van die Heilige Gees moes gebruik om mense te bedien en lewens te verander, sal ons die wêreld nooit kan oortuig sonder om in die bonatuurlike krag van God te werk nie. Dit is 'n feit dat God deur wonderwerke verheerlik word. Hulle is die klok wat mense nader roep. Dit is soos die gelui van die etensklokkie – dit is die kos wat jou sal versadig, maar dit is die klokkie wat jou aandag trek. Sonder die klokkie gaan sommige mense die ete misloop. Sonder die wonderwerkende krag van God is daar baie mense wat nie gaan besef dat God 'n werklikheid is en dat Hy hulle harte kan verander en hulle sondes sal vergewe nie.

Ek bid dat jy sal besef dat God deur elkeen van ons wil vloei en hierdie wonderwerke deur ons in ander mense se lewens wil doen. Sommige van julle voel dalk geïntimideerd. Sê nou jy bid vir iemand en hy word nie genees nie? Hoe weet jy dit gaan werk? Jy moet besef dat dit nie jy is wat die wonderwerke doen nie; God doen dit. Jy ontvang nie die erkenning as die wonderwerk werk en die persoon bevry word nie, en jy dra nie die skuld as dit nie werk nie. Al wat jy moet doen, is bid; God is die Een wat genees, maar Hy moet deur jou vloei. God wil jou op wonderbaarlike maniere gebruik. Jy moet God se Woord bestudeer om te sien hoe dit in ander mense gewerk het. Dan moet jy daardie dinge in jou eie lewe toepas en toelaat dat God se wonderwerkende, bonatuurlike krag vandag deur jou begin vloei.

DISSIPELSKAPVRAE

1. Wat is 'n wonderwerk?

2. Lees Markus 2:10-12. Jesus se wonderwerk was 'n teken dat Hy die mag het om _____.

3. Lees Markus 16:15-18. Wat moet ons as gelowiges doen?

SKRIFGEDEELTES VIR GEBRUIK SAAM MET VRAE

MARKUS 2:10-12 – *"**[10]** 'Maar Ek gaan nou vir julle die bewys lewer dat die Seun van die mens volmag het om op die aarde sondes te vergewe.' Hy sê toe vir die verlamde man: **[11]** 'Ek sê vir jou: Staan op, vat jou draagbaar en gaan huis toe.' **[12]** Hy het opgestaan, dadelik sy draagbaar gevat en voor die oë van almal uitgestap. Hieroor was hulle almal verbaas en het hulle God geprys en gesê: 'So iets het ons nog nooit gesien nie!'"*

MARKUS 16:15-18 – *"**[15]** Hy het vir hulle gesê: 'Gaan uit, die hele wêreld in, en verkondig die evangelie aan die hele mensdom. **[16]** Wie tot geloof gekom het en gedoop is, sal gered word; wie nie glo nie, sal veroordeel word. **[17]** Die volgende wondertekens sal voorkom by dié wat glo: in my Naam sal hulle duiwels uitdrywe; in ander tale sal hulle praat; **[18]** met hulle hande sal hulle slange optel, en as hulle iets drink wat dodelik giftig is, sal dit hulle geen kwaad doen nie; hulle sal siekes die hande oplê, en dié sal gesond word.'"*

DISSIPELSKAPVRAE

4. Lees Handelinge 8:5-8, 12. Wat het die mense gesien en hoe het hulle reageer?

5. Lees Handelinge 3:12. Wat het die apostel Petrus gesê oor die rol wat sy eie heiligheid in wonderwerke speel?

6. Lees Handelinge 3:16. Hoe vind wonderwerke plaas?

7. Is daar gevalle van wonderwerke in die Nuwe Testament wat nie deur die apostels gedoen is nie?

SKRIFGEDEELTES VIR GEBRUIK SAAM MET VRAE

HANDELINGE 8:5-8 – *"**[5]** So het dit gebeur dat Filippus by 'n stad in Samaria gekom het en Christus daar verkondig het. **[6]** Toe die mense hoor wat Filippus verkondig en die wonders sien wat hy doen, het hulle aandagtig na sy prediking geluister. **[7]** Bose geeste het met groot geskreeu uit baie mense uitgegaan, en baie wat verlam en kreupel was, is gesond gemaak. **[8]** Daar was groot blydskap in daardie stad.*

HANDELINGE 8:12 – *Maar toe Filippus die evangelie van die koninkryk van God en die Naam van Jesus Christus aan hulle verkondig het, het hulle gelowig geword, en mans sowel as vrouens is gedoop."*

HANDELINGE 3:12 – *"Toe Petrus dit sien, het hy hulle toegespreek: 'Israeliete, hoekom is julle hieroor verbaas? Wat staar julle ons so aan asof ons deur ons eie krag of vroomheid gemaak het dat hierdie man loop?'"*

HANDELINGE 3:16 – *"Deur die geloof in sy Naam het Hy die bene van hierdie man, wat julle sien en ken, sterk gemaak. Die geloof wat van Hom kom, het die man volkome herstel, hier voor julle almal."*

DISSIPELSKAPVRAE

8. Lees 1 Korintiërs 1:7. Wanneer sal die gawe van wonderwerke ophou?

SKRIFGEDEELTES VIR GEBRUIK SAAM MET VRAE

1 KORINTIËRS 1:7 – *"Dat dit julle nie aan 'n enkele genadegawe ontbreek nie. Julle bly ook vol verwagting uitsien na die verskyning van ons Here Jesus Christus."*

ANTWOORDE

1. Wat is ’n wonderwerk?
   ’n Buitengewone gebeurtenis wat as die openbaring van goddelike mag beskou word. Dit is ook ’n bonatuurlike bevestiging van die mag wat God oor natuurwette het.

2. Lees Markus 2:10-12. Jesus se wonderwerk was ’n teken dat Hy die mag het om ***sondes te vergewe***.

3. Lees Markus 16:15-18. Wat moet ons as gelowiges doen?
   Die evangelie verkondig, bekeerlinge doop, duiwels uitdryf, in ander tale praat en die siekes genees.

4. Lees Handelinge 8:5-8, 12. Wat het die mense gesien en hoe het hulle reageer?
   Hulle het wonderwerke gesien (vers 7), het in Jesus geglo en is gedoop (vers 12).

5. Lees Handelinge 3:12. Wat het die apostel Petrus gesê oor die rol wat sy eie heiligheid in wonderwerke speel?
   Dit was nie sy eie heiligheid of krag wat die man genees het nie; dit was God s’n.

6. Lees Handelinge 3:16. Hoe vind wonderwerke plaas?
   Deur Jesus se Naam en geloof in Hom.

7. Is daar gevalle van wonderwerke in die Nuwe Testament wat nie deur die apostels gedoen is nie?
   ’n Onbekende volgeling van Christus (Mark. 9:38-39). Filippus (Hand. 8:5-7), Ananias (Hand. 9:10-18).

8. Lees 1 Korintiërs 1:7. Wanneer sal die gawe van wonderwerke ophou?
   Met die verskyning van die Here Jesus; i.e., wanneer Hy terugkom.

© 2012, Andrew Wommack
Toestemming word verleen om afskrifte vir dissipelskapdoeleindes te maak, op voorwaarde dat dit gratis uitgereik word.

BYKOMENDE SKRIFGEDEELTES UIT DIE LES

MARKUS 9:38-39 – *"**[38]** Johannes het toe vir Hom gesê: 'Here, ons het iemand gesien wat in u Naam duiwels uitdrywe. Ons het hom probeer keer, omdat hy ons nie volg nie.' **[39]** 'Moet hom nie keer nie,' sê Jesus, 'want daar is niemand wat 'n kragtige daad in my Naam sal doen en net daarna minagtend van My sal kan praat nie.'"*

HANDELINGE 9:10-18 – *"**[10]** In Damaskus was daar 'n sekere volgeling van Jesus met die naam Ananias. Die Here het hom in 'n gesig geroep; 'Ananias!' 'Hier is ek, Here,' het hy geantwoord. **[11]** En die Here sê vir hom: 'Gaan dadelik na Reguitstraat toe en vra by Judas se huis na 'n man van Tarsus met die naam Saulus. Hy is besig om te bid **[12]** en hy het in 'n gesig 'n man met die naam Ananias sien inkom wat hom die hande oplê sodat hy weer kan sien.' **[13]** Maar Ananias sê: 'Here, ek het al by baie mense van hierdie man gehoor en van al die kwaad wat hy die mense wat in U glo, in Jerusalem aangedoen het.' **[14]** En nou is hy hier met volmag van die priesterhoofde om almal gevange te neem wat u Naam aanroep.' **[15]** Toe sê die Here vir hom: 'Gaan daarheen want Ek het hom gekies as my werktuig onder die heidennasies en hulle konings en ook onder Israel. **[16]** Ek self sal vir hom wys hoeveel hy vir my Naam moet ly.' **[17]** Ananias het toe gegaan en in daardie huis gekom. Hy het Saulus die hande opgelê en gesê: 'Saul, broer, die Here Jesus wat aan jou verskyn het toe jy op pad hierheen was, het my na jou toe gestuur sodat jy weer kan sien en met die Heilige Gees vervul kan word.' **[18]** Onmiddellik het daar iets soos skille van Saulus se oë afgeval en kon hy weer sien. Toe het hy opgestaan en hy is gedoop."*

VLAK 3

LES 4
DIE KRAG VAN CHRISTENVERHOUDINGS

Deur Don Krow

Vandag praat ons oor die krag van Christenverhoudings. As jy mooi daaraan dink, word daar regdeur die Bybel oor hierdie onderwerp gepraat. Die woord "kerk" is byvoorbeeld die Griekse woord *ekklesia*, en dit beteken "'n geroepe groep". Wanneer jy daaroor gaan nalees, sal jy sien dat die kerk, of die kinders van God, aangespoor word om bymekaar te kom. Hulle word aangemoedig om saam te bid en mekaar daagliks te bemoedig. In hulle omgang met mekaar word hulle deur die krag van hierdie Godgegewe verhoudings bemoedig. Die woord "ouderling" staan ook dikwels in die Bybel, en dit word gebruik om iemand te beskryf wat ouer is, iemand wat volwasse is, iemand wat 'n Christelike lewe gelei het en wat 'n sukses van sy gesinslewe en huwelik gemaak het. As ek huweliksprobleme het, sal ek na 'n man van God toe wil gaan wat deur die jare goddelike wysheid verkry het.

Ons moet ook besef dat die Woord die liggaam van Christus as 'n fisiese liggaam beskryf. Dit bestaan uit hande, oë, ore en ander verskillende ledemate. Ons is almal deel van mekaar. En as deel van mekaar, put ons krag uit mekaar. Elke ligament, elke deel van die liggaam het sy eie gawes, sy eie talente en eie manier om krag en kennis by te dra.

Ons lees in Jakobus 5:16: *"Bely julle sondes eerlik teenoor mekaar en bid vir mekaar, sodat julle gesond kan word. Die gebed van 'n gelowige het 'n kragtige uitwerking."* Dis maar een Bybelse voorbeeld van die krag van Christenverhoudings. Daar is vandag 'n leemte in die liggaam van Christus. Omdat ons soveel klem op die gelowige se priesterskap geplaas het, op sy voorreg om direk na God te gaan, het daar sekere dinge verlore gegaan. Die Bybel sê dat ons ons sondes teenoor mekaar moet bely. Ek het 'n vriend, dr. Loren Lewis. Hy is 'n ouer man en ons het al baie tyd saam deurgebring. Hy is 'n kenner van Grieks en lees direk uit die Griekse vertaling. Wanneer daar iets in die Bybel is wat ek nie verstaan nie, gaan ek na hom toe en vra wat die Grieks daaroor te sê het. Ek vra hom ook uit oor die Griekse tydvorms, en hy het my al baie in my studie van die Bybel gehelp. Hy is 'n wyse en 'n godvrugtige man. Hy het 'n suksesvolle huwelik. Hy het 'n suksesvolle gesin. En daar is tye wanneer elkeen van ons ons sondes moet bely. Ja, ek weet daar staan in die Bybel dat ons ons sondes teenoor God moet bely, en ek probeer nie sê dat jy jou sondes teenoor iemand anders moet bely asof hulle jou daarvan kan reinig nie. Nee, ons moet direk na die Here toe gaan. Maar daar moet ook persone in ons lewe wees aan wie ons toerekenbaar is.

Die krag van Christenverhoudings bestaan in wedersydse toerekenbaarheid en die aanmoediging van mede-Christene om die Here te soek. In Hebreërs word ons aangesê om mekaar daagliks aan te spoor, om die samekomste van die gelowiges by te woon, om mekaar

te bemoedig en om mekaar te vermaan, sodat niemand van ons deur die bedrieglikheid van die sonde verhard word nie. Aan die ander kant waarsku die Bybel ons dikwels teen wêreldse verhoudings en die manier waarop dit ons verstand en denke kan aantas. Voor ons ons oë kan uitvee, bevind ons onsself in situasies waar ons nie moet wees nie, omdat ons onsself nie beskerm het en met godvrugtige raadgewers omring het nie (Spr. 11:14, 13:20 en 1 Kor. 15:33). Die Bybel sê: *"Hoe kan daar vennootskap wees tussen reg en onreg?* (2 Kor. 6:14).

Ek wil jou in jou Christelike wandel aanmoedig om jouself met Christenverhoudings te omring en kontak te vermy met diegene wat jou negatief beïnvloed. Dit is baie belangrik dat ons as gelowiges mekaar slyp (Spr. 27:17) en teenoor mekaar toerekenbaar is. Mag die Here jou seën namate jy verder hieroor mediteer en nadink.

DISSIPELSKAPVRAE

1. Lees 1 Korintiërs 15:33. Wat leer hierdie vers ons van verhoudings?

2. Lees 1 Korintiërs 12:12. Wat leer hierdie vers ons van ons Christelike lewe?

3. Lees Hebreërs 10:24. Wat leer ons uit hierdie vers van Christenverhoudings?

4. Lees Hebreërs 10:25. Wat leer ons uit hierdie vers oor verhoudings?

5. Lees Spreuke 5:22-23. Waarom moet ek my hart van wêreldse verhoudings bewaar?

6. Lees 2 Timoteus 2:22. Saam met wie is ons veronderstel om opregtheid, geloof, liefde en vrede na te streef?

7. Lees Hebreërs 13:7. Wie moet ons onthou en navolg?

SKRIFGEDEELTES VIR GEBRUIK SAAM MET VRAE

1 KORINTIËRS 15:33 – *"Moet julle nie langer laat mislei nie; 'Slegte geselskap bederf goeie sedes.'"*

1 KORINTIËRS 12:12 – *"Net soos die liggaam 'n eenheid is en baie lede het, en soos al die lede saam, al is hulle baie, een liggaam vorm, so is dit ook met die liggaam van Christus."*

HEBREËRS 10:24-25 – *"**[24]** Laat ons ook na mekaar omsien deur mekaar aan te spoor tot liefde en goeie dade. **[25]** Ons moenie van die samekomste van die gemeente af wegbly soos party se gewoonte is nie, maar mekaar eerder aanmoedig om daarheen te gaan, en dit des te meer namate julle die oordeelsdag sien nader kom."*

SPREUKE 5:22-23 – *"**[22]** Die oortreding van die goddelose agterhaal hom, hy draai hom vas in sy sonde. **[23]** Hy sterf deur sy gebrek aan selfbeheersing, sy dwaasheid het hom op die verkeerde pad gebring."*

2 TIMOTEUS 2:22 – *"Vermy die begeertes wat 'n jongmens in gevaar bring, en streef na opregtheid, geloof, liefde en vrede, saam met almal wat uit 'n rein hart die Here aanroep."*

HEBREËRS 13:7 – *"Dink aan julle voorgangers wat die woord van God aan julle verkondig het. Let op hulle lewenswandel tot die einde toe, en volg die voorbeeld van geloof wat hulle gestel het."*

ANTWOORDE

1. Lees 1 Korintiërs 15:33. Wat leer hierdie vers ons van verhoudings?
   Slegte geselskap bederf 'n goeie karakter.

2. Lees 1 Korintiërs 12:12. Wat leer hierdie vers ons van ons Christelike lewe?
   Net soos by 'n fisiese liggaam, is ons almal lede van die liggaam van Christus.

3. Lees Hebreërs 10:24. Wat leer ons uit hierdie vers van Christenverhoudings?
   Mense in Christenverhoudings spoor ander mense aan tot liefde en goeie dade.

4. Lees Hebreërs 10:25. Wat leer ons uit hierdie vers oor verhoudings?
   Ons moet bymekaar kom, gemeenskap hou en mekaar bemoedig.

5. Lees Spreuke 5:22-23. Waarom moet ek my hart van wêreldse verhoudings bewaar?
   Sodat ek nie op die verkeerde pad gebring word en sterf nie (vers 23).

6. Lees 2 Timoteus 2:22. Saam met wie is ons veronderstel om opregtheid, geloof, liefde en vrede na te streef?
   Saam met almal wat die Here uit 'n rein hart aanroep.

7. Lees Hebreërs 13:7. Wie moet ons onthou en navolg?
   Ons voorgangers wat die Woord van God aan ons verkondig het.

© 2012, Andrew Wommack
Toestemming word verleen om afskrifte vir dissipelskapdoeleindes te maak, op voorwaarde dat dit gratis uitgereik word.

VLAK 3

LES 5
VERVOLGING

Deur Don Krow

Vandag kyk ons na vervolging en Jesus se woorde in Matteus 10:16-23. Hy wou sy dissipels voorberei op die teenstand waarvoor hulle te staan sou kom; Hy wou hê hulle moes weet dat daar teenstand sou kom. Almal wat toegewyde, Christus-gesentreerde lewens lei, sal vervolg word (2 Tim. 3:12). Dis nie iets wat jy kan bestraf nie. Die vyand sit dalk daaragter, maar vervolging vorm deel van ons navolging van Christus. Die Bybel sê dat daar vervolging wag op diegene wat toegewyd in Christus lewe. Jesus berei sy dissipels voor deur te sê: *"Onthou, Ek stuur julle soos skape tussen wolwe in"* (Matt. 10:16). Die woord "onthou" wys daarop dat Jesus sy volgende woorde beklemtoon, dat sy dissipels moet luister. Skape is die heel weerloosste, afhanklikste diere waarvan ek weet. 'n Skaap het nie slagtande of gif soos 'n slang nie – hy is heeltemal weerloos. Sy enigste verdediging is die herder.

'n Herder is daarvoor verantwoordelik om wolwe weg van die kudde te hou, maar Jesus sê hier die teenoorgestelde: "Ek stuur julle soos skape tussen 'n trop wolwe in." Hoe so? Die rede waarom Hy dit sê, is omdat Hy hulle op teenstand voorberei. In Efesiërs 6:12 staan daar: *"Ons stryd is nie teen vlees en bloed nie maar teen die bose magte van hierdie sondige wêreld, teen die bose geeste in die lug."* Daar sal teenkanting wees. Opposisie vorm deel van die Christelike lewe, en Jesus wil hê dat jy dit moet weet. Hy berei jou voor deur te sê: *"Wees dus versigtig soos slange en opreg soos duiwe"* (Matt. 10:16). In die King James-vertaling word die woord "versigtig" met "wisdom" vertaal, wat beteken dat jy nie onnodig konflik sal aanvuur nie en dat jy wysheid aan die dag sal lê. Wees dus wys soos slange en opreg soos duiwe.

Hy vervolg: *"Pas op vir die mense"* (Matt. 10:17). Die vyand gaan mense gebruik. In Efesiërs 2:2 skryf Paulus daar is *"die vors van die onsigbare bose magte, die gees wat daar nou aan die werk is in die mense wat aan God ongehoorsaam is."* Die Satan gaan mense gebruik om ons as gelowiges, Jesus Christus se wil en die Woord van God teë te staan. *"Pas op vir die mense. Hulle sal julle aan die geregshowe uitlewer, en in hulle sinagoges sal hulle julle gésel"* (Matt. 10:17). In 2 Korintiërs 11:24-25 skryf Paulus: *"Vyf maal het ek van die Jode die gebruiklike straf van nege en dertig houe gekry, drie maal het ek lyfstraf gekry, en een maal is ek met klippe gegooi"* – alles ter wille van Jesus Christus en die boodskap van Jesus Christus en die evangelie. Jesus het gesê dat ons voor goewerneurs sal verskyn – selfs owerhede sal soms gebruik word om Jesus Christus se wil teë te gaan. Ons sal ter wille van Jesus voor goewerneurs en konings gebring word, vir 'n getuienis vir of teen hulle.

Ek het 'n evangeliesasiekursus aangebied en vir die studente verduidelik hoe hulle 'n

evangelisasiebrief met 'n persoonlike getuienis kon gebruik om na ongelowiges uit te reik. Ek het self een geskryf en dit na ongeveer honderd mense gestuur. 'n Paar dae later het ek 'n oproep van 'n vrou ontvang. Sy het gesê: "Jy gaan nie hiermee wegkom nie; hoe durf jy my van Jesus Christus vertel? Jy gaan nie hiermee wegkom nie. Waar het jy my naam gekry?" "In die telefoongids," het ek geantwoord. "Dit jok jy!" het sy my stilgemaak. "My naam en adres is nie in die telefoongids nie!" Ek het gesê: "Wel, dis waar ek dit gekry het." Voordat sy afgelui het, het sy gesê dat die polisie my die volgende dag sou kontak. Ek het in my enigheid gewonder: *Is die Bybel regtig waar?* Die polisie het my inderdaad die volgende dag gekontak en my amper twee ure lank probeer ondervra.

Hoor jy wat ek sê? Terwyl daar misdadigers op straat rondloop, het die polisie twee kosbare ure weggegooi. Waarom? Ter wille van Jesus Christus en die evangelie. Is die Woord van God regtig waar? As jy vir die Woord van God opstaan, as jy nie skroom om te getuig nie, as jy nie skroom om Jesus te verkondig nie, as jy nie skroom om reg te doen nie, sal jy opposisie teëkom. Daar is bose sowel as goeie magte. Jesus wil hê dat sy dissipels voorbereid moet wees.

In Matteus 10:19 sê Jesus verder: *"Wanneer hulle julle uitlewer, moet julle julle nie bekommer oor hoe of wat julle moet sê nie, want op daardie oomblik sal God aan julle gee wat julle moet sê."* God se Gees sal jou dieselfde wysheid gee as wat Hy destyds vir Stefanus gegee het. Die mense kon nie die wysheid verdra waarmee hy gepraat het nie. Jesus vervolg in vers 22-23: *"Julle sal ter wille van my Naam deur almal gehaat word. Maar wie tot die einde toe volhard, sal gered word. As hulle julle in een dorp vervolg, vlug na 'n ander een toe."* Opposisie teen dit wat reg is, teen Jesus Christus se wil, is 'n realiteit vir iemand wat nie net 'n hoorder van die Woord is nie, maar ook 'n dader.

'n Ruk gelede was ek in 'n park en ek het 'n bejaarde vrou op die swaai sien sit. Sy is skadeloos, het ek gedink. Ek het haar gevra of ek langs haar kon sit en ons het begin gesels. Ek het uitgevind dat haar naam Jane was en het gesê: "Terloops, Jane, wat doen jy vir 'n lewe?" Sy het geantwoord: "Ek is afgetree; ek werk nie meer nie. En jy?" Ek het geantwoord dat ek vir 'n interkerklike bediening werk. Skielik het haar gesig verander. Sy het gesê: "Ek wil niks van God af weet nie! En moenie vir my van Jesus vertel nie!" Ek het gesê: "Ag, Jane, jy moenie so praat nie," en sy het gesê: "As Jesus Christus nou voor my gestaan het, sou ek Hom in die gesig gespoeg het. "Jane!" het ek gekeer, "moenie sulke dinge sê nie. Dalk was daar mense in die kerk wat jou seergemaak het, maar jy moenie so praat nie! Kom ek vertel jou van my familie." "Nee! Moenie met my praat nie. Jy gaan my van Jesus Christus vertel en wat God in jou familie gedoen het, en ek gaan dit nie toelaat nie. Bly net stil." "Jane, asseblief," het ek gesê, "ek moet jou van Jesus vertel." Maar sy het botweg geweier en my afgejak.

Sy het 'n klein hondjie aan 'n halsband gehad en sy het daaraan gepluk totdat die arme diertjie gestik het, en toe het sy geloop. Hierdie vrou was buite beheer omdat daar 'n gees in haar opgestaan het, die gees van ongehoorsaamheid. Sy was onder die vyand se beheer. *Ek is nie gewoond daaraan dat mense op my gil nie*, het ek gedink. Maar ek het niks behalwe deernis, niks behalwe liefde vir Jane gevoel nie. Sy was buite beheer, en ek was heeltemal in beheer. Ek het huis toe gegaan en gebid: "Here, die grootste wonderwerk is dat daar so 'n rustigheid oor my was. Terwyl hierdie vrou my uitgevreet het, het ek niks behalwe liefde en deernis ervaar nie."

Ons sal vervolging en teenstand beleef wanneer ons in die Naam van Jesus uitgaan. Dieselfde Gees van God wat ons die vrymoedigheid gee om Jesus te verkondig, selfs al word ons ter wille van Hom verwerp, sal ons in alle situasies bystaan en krag gee.

DISSIPELSKAPVRAE

1. Lees 2 Timoteus 3:12. Wat sal mense beleef wat toegewyd lewe?

2. Hoe sal jy "vervolging" omskryf?

3. Lees Markus 4:16-17. Waarom ervaar ons verdrukking en vervolging?

4. Lees Handelinge 8:1, 4. Waartoe het die vervolging in Jerusalem gelei?

5. Lees Matteus 5:10-12. Daar is 'n seën vir mense wat vervolg word, omdat hulle:

6. Lees Matteus 5:12. Wat kan gelowiges eendag te wagte wees, omdat hulle vandag vervolg word omdat hulle reg doen?

SKRIFGEDEELTES VIR GEBRUIK SAAM MET VRAE

2 TIMOTEUS 3:12 – *"Almal wat in Christus Jesus toegewy aan God wil lewe, sal ook vervolg word."*

MARKUS 4:16-17 – *"**[16]** Daar is mense by wie daar soos op klipbanke gesaai word: sodra hulle die woord hoor, neem hulle dit met blydskap aan. **[17]** Hulle laat dit egter nie in hulle wortel skiet nie en hou nie lank uit nie. As hulle daarna ter wille van die woord verdruk of vervolg word, word hulle gou afvallig."*

HANDELINGE 8:1,4 – *"**[1]** Ook Saulus het hierdie moord goedgekeur. Daardie dag het daar 'n hewige vervolging van die gemeente in Jerusalem begin. Al die gelowiges behalwe die apostels is uitmekaar gejaag en verstrooi oor die gebiede van Judea en Samaria. **[4]** Die gelowiges wat uitmekaar gejaag is, het so ver as wat hulle gegaan het, die evangelie verkondig."*

MATTEUS 5:10-12 – *"**[10]** Geseënd is dié wat vervolg word omdat hulle doen wat reg is, want aan hulle behoort die koninkryk van die hemel. **[11]** Geseënd is julle wanneer die mense julle ter wille van My beledig en vervolg en valslik al wat sleg is van julle sê. **[12]** Wees bly en verheug, want julle loon is groot in die hemel. Hulle het immers die profete voor julle net so vervolg."*

DISSIPELSKAPVRAE

7. Lees Handelinge 9:4-5. Wie is deur Saulus vervolg?

8. Lees Handelinge 9:1. Wie is fisies deur Saulus vervolg?

9. Lees Galasiërs 6:12. Die Judeërs in die brief aan die Galasiërs wou wetsonderhouding by die evangelie voeg. Wat het hulle in die proses vrygespring?

SKRIFGEDEELTES VIR GEBRUIK SAAM MET VRAE

HANDELINGE 9:4-5 – *"**[4]** Hy het op die grond neergeval en 'n stem vir hom hoor sê: 'Saul, Saul, waarom vervolg jy My?' **[5]** 'Wie is U, Here?' vra hy toe. 'Ek is Jesus,' antwoord Hy. 'Dit is vir My wat jy vervolg.'"*

HANDELINGE 9:1 – *"Intussen het Saulus soos 'n besetene voortgegaan om die volgelinge van die Here met die dood te dreig. Hy het na die hoëpriester toe gegaan en van hom bekendstellingsbriewe aan die sinagoges in Damaskus gevra."*

GALASIËRS 6:12 – *"Daardie mense wat so daarop aandring dat julle julle ook moet laat besny, wil maar net uiterlik 'n goeie indruk maak sodat hulle nie vervolg sou word ter wille van die kruis van Christus nie."*

ANTWOORDE

1. Lees 2 Timoteus 3:12. Wat sal mense beleef wat toegewyd lewe?
   Vervolging.

2. Hoe sal jy "vervolging" omskryf?
   Teistering. Om iemand ter wille van sy geloof te laat ly.

3. Lees Markus 4:16-17. Waarom ervaar ons verdrukking en vervolging?
   Ter wille van die Woord – die bose se poging om ons afvallig te maak.

4. Lees Handelinge 8:1, 4. Waartoe het die vervolging in Jerusalem gelei?
   Die mense het uitmekaar gegaan en die evangelie oral verkondig.

5. Lees Matteus 5:10-12. Daar is 'n seën vir mense wat vervolg word, omdat hulle ***doen wat reg is***.

6. Lees Matteus 5:12. Wat kan gelowiges eendag te wagte wees, omdat hulle vervolg word omdat hulle reg doen?
   'n Groot loon in die hemel.

7. Lees Handelinge 9:4-5. Wie is deur Saulus vervolg?
   Jesus.

8. Lees Handelinge 9:1. Wie is fisies deur Saulus vervolg?
   Die dissipels van die Here (Christene).

9. Lees Galasiërs 6:12. Die Judeërs in die brief aan die Galasiërs wou wetsonderhouding by die evangelie voeg. Wat het hulle in die proses vrygespring?
   Vervolging ter wille van die kruis van Christus. Hulle sou dus nie vervolg word vir die boodskap dat 'n mens slegs uit genade deur geloof in Christus gered word nie.

© 2012, Andrew Wommack
Toestemming word verleen om afskrifte vir dissipelskapdoeleindes te maak, op voorwaarde dat dit gratis uitgereik word.

VLAK 3

LES 6
DIE KONING EN SY KONINKRYK

Deur Don Krow

In die Ou Testament is die volk Israel van ander volke onderskei deur die feit dat hulle ’n teokrasie was. Met ander woorde, God was hulle direkte heerser (Jes. 43:15). Later wou die Israeliete egter soos die ander nasies wees wat deur ’n aardse koning regeer word (1 Sam. 8:5-19). God het aan hulle versoek voldoen en ’n man met die naam Saul as koning aangewys (1 Sam. 10:24-25). As gevolg van Saul se ongehoorsaamheid het God later vir Dawid, ’n man na sy hart, as koning aangestel (Hand. 13:21-22 en 1 Kon. 15:3).

Die koning was veronderstel om die sigbare verteenwoordiger van die onsigbare God te wees (Deut. 17:14-20). Wanneer die koning reg gedoen het in die oë van die Here, sou hy en sy koninkryk voorspoedig wees. Wanneer die koning verkeerd gedoen het in die oë van die Here, sou dit die ondergang van sy koninkryk beteken (1 Sam 15:22-23).

Wanneer God ’n koning gekies het, sou Hy ’n profeet stuur om hom met olie te salf. Dit is ’n afskaduwing van die Heilige Gees wat oor hierdie persoon kom om hom krag te gee en vir sy heerskappy te salf. Op hierdie tydstip sou die Gees van God kragtig in hom werk en sy gesindheid verander sodat hy in geregtigheid regeer, want God was by hom (1 Sam. 10:1, 6-7 en 9). Die idee van die Messias het by hierdie koninklike salwing ontstaan. Die woord “gesalfde” is *Mashiac* (Messias) in Hebreeus en *Christos* (Christus) in Grieks. Die Ou Testamentiese profete het voorspel dat die Messias (of Gesalfde) sou kom, en dat die God van die hemel ’n koninkryk sou vestig wat nooit vernietig sou word nie (Dan. 2:44, 7:14 en 27). Jy sal in die Bybel sien dat Jesus nooit vir die Jode verduidelik het wat Hy bedoel het wanneer Hy oor die koninkryk gepraat het nie. Dit was ’n Ou Testamentiese konsep waarna hulle reeds uitgesien het (Jes. 9:6-7, 11:1-6; Dan. 2:44, 7:13-14, 18 en 27).

Dit is onmoontlik om Jesus se boodskap sonder ’n basiese begrip van die koninkryk te verstaan. Die koninkryk was die boodskap wat Jesus gebring het en die enigste een wat Hy die dissipels opdrag gegee het om te verkondig (Mark. 1:14-15, Luk. 9:1-2, Hand. 28:23-31, Luk. 16:16 en Matt. 24:14). Wanneer daar in die Bybel van “redding” of die gawe van die “ewige lewe” gepraat word, dui dit ook op hierdie boodskap (Heb. 2:3; Matt.19:16 cp., 19:23; Hand. 28:23-24, 28 en 30-31). Die frase “die koninkryk van God” bevat die konsep van ’n groep mense wat deur God regeer word. Om in God se koninkryk toegelaat te word, moes daar aan sekere voorwaardes voldoen word. ’n Nuwe gesindheid is een so ’n vereiste. Hierdie nuwe gesindheid word in die Bybel bekering genoem. Dit was ’n veranderde gesindheid teenoor God; dit was ’n wegdraai van die Satan, sondes en sy weë, na God, Christus en sy weë. Wanneer iemand hom bekeer, bied God

(as 'n geskenk deur Jesus se gestorte bloed) die vergifnis van sondes en die ewige lewe (Rom. 6:23). Hierdie "goeie nuus" word die "evangelie van genade" of die verkondiging van die "koninkryk van God" genoem (Hand. 20:24-25). Die koninkryk van God word deur genade gekenmerk (Matt. 20:1-16) en het stil en sonder fanfare deur Jesus se bediening tot ons gekom (Matt. 13:33). In die toekoms sal ons dit eendag glorieryk sien kom (Matt. 13:36-43).

DISSIPELSKAPVRAE

1. Lees Daniël 2:44. Die Ou Testamentiese profete het voorspel dat die Messias (of Gesalfde) in die toekoms sou kom en dat die God van die hemel 'n koninkryk sou oprig wat:
   A. vir 'n 1 000 jaar sou bestaan.
   B. nooit vernietig sal word nie.
   C. tydelik sou wees.

2. Lees Matteus 4:17, 23. Watter boodskap het Jesus gebring?

3. Lees Markus 1:14-15. Jesus het die evangelie van _____ verkondig.

4. Lees Lukas 4:43. Die rede waarom Jesus deur God gestuur is, was om _____.

5. Lees Johannes 4:25. In die Woord het Jesus nooit aan die Jode verduidelik wat Hy bedoel het wanneer Hy oor die koninkryk gepraat het nie. Dit was 'n Ou Testamentiese konsep:
   A. waarvan hulle min geweet het.
   B. wat hulle gedink het nooit sou kom nie.
   C. waarna hulle reeds op soek was.

SKRIFGEDEELTES VIR GEBRUIK SAAM MET VRAE

DANIEL 2:44 – *"In die tyd van daardie konings sal die God van die hemel 'n koninkryk oprig wat nooit vernietig sal word nie. Hierdie koninkryk sal nie deur 'n ander vervang word nie. Dit sal die ander koninkryk plat trap en vernietig, maar self sal dit vir altyd bestaan."*

MATTEUS 4:17,23 – *"**[17]** Van toe af het Jesus begin preek en gesê: 'Bekeer julle, want die koninkryk van die hemel het naby gekom.' **[23]** Hy het toe in die hele Galilea rondgegaan en die mense in hulle sinagoges geleer, die evangelie van die koninkryk verkondig en elke soort siekte en kwaal onder die volk gesond gemaak."*

MARKUS 1:14-15 – *"**[14]** Nadat Johannes in die tronk opgesluit is, het Jesus na Galilea toe gegaan en die evangelie van God verkondig. **[15]** Hy het gesê: 'Die tyd het aangebreek, en die koninkryk van God het naby gekom. Bekeer julle en glo die evangelie.'"*

LUKAS 4:43 – *"Maar Hy het vir hulle gesê: 'Ek moet ook aan die ander dorpe die evangelie van die koninkryk van God verkondig, want daarvoor is Ek gestuur.'"*

JOHANNES 4:25 – *"Die vrou het vir Hom gesê: 'Ek weet dat die Messias kom, Hy wat ook die Christus genoem word. Wanneer Hy kom, sal Hy alles aan ons bekend maak."*

DISSIPELSKAPVRAE

6. Lees Lukas 9:1-2. Watter drie dinge het die twaalf dissipels gedoen?

7. Lees Lukas 10:1-2, 8-9. Watter boodskap het Jesus die sewentig mans aangesê om te verkondig?

8. Lees Lukas 23:2. Volgens die Jode se eie definisie, verwys die woord "Christus" na iemand wat 'n _____ is.

9. Lees Handelinge 17:7. In teenstelling met die Romeinse wet het die Jode gesê dat Paulus beweer dat daar 'n ander _____ is, naamlik _____.

SKRIFGEDEELTES VIR GEBRUIK SAAM MET VRAE

LUKAS 9:1-2 – *"**[1]** Jesus het die twaalf bymekaargeroep en aan hulle mag en gesag gegee om alle duiwels uit te dryf en siektes te genees. **[2]** Toe het Hy hulle uitgestuur om die koninkryk van God te verkondig en die siekes gesond te maak."*

LUKAS 10:1-2 – *"**[1]** Daarna het die Here twee en sewentig ander aangewys en hulle twee-twee voor Hom uit gestuur na elke dorp en plek waarheen Hy van plan was om te gaan. **[2]** Hy het vir hulle gesê: 'Die oes is groot, maar die arbeiders min. Bid dan die Here aan wie die oes behoort, om arbeiders uit te stuur vir sy oes."*

LUKAS 10:8-9 – *"**[8]** As julle in 'n dorp kom en hulle ontvang julle, eet dan wat hulle vir julle voorsit. **[9]** Maak die siekes daar gesond en sê vir die mense: "Vir julle is die koninkryk van God baie naby!"""*

LUKAS 23:2 – *"Daar het hulle die aanklag teen Hom begin deur te sê: 'Ons het bevind dat hierdie man ons volk ophits: hy belet hulle om aan die keiser belasting te betaal en beweer dat hy die Christus, die koning, is.'"*

HANDELINGE 17:7 – *"En Jason het vir hulle huisvesting gegee. Hulle handel almal in stryd met die keiser se wette en sê dat daar 'n ander koning is, Jesus!"*

DISSIPELSKAPVRAE

10. Lees Handelinge 19:8-10. Paulus het met vrymoedigheid in Efese met die mense oor _____ geredeneer en hulle daarvan probeer oortuig.

SKRIFGEDEELTES VIR GEBRUIK SAAM MET VRAE

HANDELINGE 19:8-10 – *"**[8]** Paulus het drie maande lank met vrymoedigheid in die sinagoge geredeneer oor die koninkryk van God en die mense daarvan probeer oortuig. **[9]** Maar party was koppig en wou hulle nie laat oortuig nie. Hulle het ook in die openbaar die leer van die Here belaglik probeer maak. Toe het Paulus hulle verlaat en die gelowiges afsonderlik geneem en daagliks in die saal van Tirannus besprekings gehou. **[10]** Dit het twee jaar lank so aangehou, sodat al die inwoners van die provinsie Asië, Jode sowel as Grieke, die woord van die Here gehoor het."*

DISSIPELSKAPVRAE

11. Lees Handelinge 28:23-31. Wat het die apostel Paulus in vers 31 verkondig? ?

SKRIFGEDEELTES VIR GEBRUIK SAAM MET VRAE

HANDELINGE 28:23-31 – *"**[23]** Hulle het toe 'n datum met hom afgespreek, en op daardie dag het daar nog meer mense na die plek toe gekom waar hy gebly het. Van vroeg die môre tot laat die aand het Paulus die koninkryk van God vir hulle verduidelik en hulle uit die wet van Moses en uit die profete probeer oortuig van Jesus. **[24]** Deur sy uiteensetting het daar party oortuig geraak, maar ander wou nie glo nie. **[25]** Hulle was dit nie met mekaar eens nie en het weggegaan, maar Paulus het eers dit vir hulle gesê: 'Hoe waar is dit tog wat die Heilige Gees by monde van die profeet Jesaja vir julle voorvaders gesê het! **[26]** Hy het gesê: Gaan na hierdie volk toe en sê vir hulle: Julle sal hoor en hoor en tog niks verstaan nie; en kyk en kyk en tog niks sien nie. **[27]** Hierdie volk se verstand is afgestomp: hulle het hulle ore toegedruk en hulle oë toegemaak, sodat hulle nie met hulle oë kan sien en met hulle ore kan hoor en met hulle verstand verstaan en hulle bekeer en Ek hulle gesond maak nie. **[28]** Julle moet nou goed verstaan dat God se boodskap van redding na die heidennasies toe gestuur word. Húlle sal luister.' **[29]** En toe Hy dit gesê het, het die Jode, onder groot woordestryd met mekaar, weggegaan. **[30]** Paulus het 'n volle twee jaar lank in die huis gebly wat hy gehuur het, en hy het almal ontvang wat hom kom besoek het. **[31]** Hy het die koninkryk van God verkondig en die mense alles oor die Here Jesus Christus geleer. Dit het hy gedoen met die grootste vrymoedigheid en sonder enige verhindering."*

DISSIPELSKAPVRAE

12. Lees Matteus 24:14. Watter boodskap moet regoor die hele wêreld verkondig word?

13. Lees Handelinge 20:24-25. Soms word die evangelie van die koninkryk die evangelie van _____ genoem.

14. Lees Lukas 16:16. Dit is onmoontlik om Jesus se boodskap sonder 'n basiese begrip van die koninkryk te verstaan. Die koninkryk was die boodskap wat Jesus gebring het en die enigste een wat Hy die dissipels opdrag gegee het om te:
    A. verkondig.
    B. verontagsaam.
    C. oordink.

15. Lees Matteus 6:10. Die koninkryk van God is basies die heerskappy van God. Hoe word dit in hierdie vers uitgedruk?

16. Lees Kolossense 1:13-14 en Romeine 14:9. Ingesluit in die frase "die koninkryk van God" bestaan die konsep van 'n groep mense wat:
    A. Jesus in hulle harte sal innooi.
    B. God se heerskappy sal aanvaar (en die Satan s'n verwerp) en sy vergifnis ontvang.
    C. by die kerk aansluit.

SKRIFGEDEELTES VIR GEBRUIK SAAM MET VRAE

MATTEUS 24:14 – *"En hierdie evangelie van die koninkryk sal in die hele wêreld verkondig word, sodat al die nasies die getuienis kan hoor. Eers dan sal die einde kom."*

HANDELINGE 20:24-25 – *"**[24]** Maar al is my lewe vir my kosbaar, reken ek dit van geen belang nie as ek maar net my lewenstaak kan voltooi en die dienswerk wat ek van die Here Jesus gekry het, kan klaarmaak: dit is om die evangelie van God se genade te verkondig. **[25]** Ek het onder julle almal rondgegaan en die koninkryk van God verkondig, maar nou weet ek dat julle my nie weer sal sien nie."*

LUKAS 16:16 – *"Tot op Johannes was dit net die wet en die profete. Van toe af word die koninkryk van God verkondig, en elkeen probeer so hard as hy kan om daar in te kom."*

MATTEUS 6:10 – *"Laat u koninkryk kom; laat u wil ook op die aarde geskied, net soos in die hemel."*

KOLOSSENSE 1:13-14 – *"**[13]** Hy het ons uit die mag van die duisternis weggeruk en ons onder die heerskappy gestel van sy Seun wat Hy liefhet. **[14]** Deur die Seun het ons die verlossing verkry, die vergewing van ons sondes."*

ROMEINE 14:9 – *"Hiervoor het Christus ook gesterf en weer lewend geword: om Here te wees van die dooies en die lewendes."*

DISSIPELSKAPVRAE

17. Lees Matteus 4:17. Om in God se koninkryk toegelaat te word, moet 'n mens tot inkeer kom.
Die Bybel noem hierdie inkeer:
A. boetedoening.
B. goeie werke.
C. bekering.

18. Lees Handelinge 26:18. Het jy van _____ na die lig, van die Satan se _____ na _____ gedraai om die vergifnis van jou sondes te ontvang?

19. Lees Esegiël 36:26-27 en Handelinge 11:15-18. Het jy 'n nuwe hart en 'n nuwe gees ontvang wat maak dat jy in God se weë wandel?

SKRIFGEDEELTES VIR GEBRUIK SAAM MET VRAE

MATTEUS 4:17 – *"Van toe af het Jesus begin preek en gesê: 'Bekeer julle, want die koninkryk van die hemel het naby gekom.'"*

HANDELINGE 26:18 – *"Jy moet hulle oë oopmaak sodat hulle hulle van die duisternis tot die lig en van die mag van die Satan tot God kan bekeer. Deur in My te glo, sal hulle sondes vergewe word en sal hulle deel word van die volk van God."*

ESEGIËL 36:26-27 – *"**[26]** Ek sal julle 'n nuwe hart en 'n nuwe gees gee, Ek sal die kliphart uit hulle liggaam uithaal en julle 'n hart van vleis gee. **[27]** Ek sal my Gees in julle gee en Ek sal maak dat julle volgens my voorskrifte leef en my bepalings gehoorsaam en nakom."*

HANDELINGE 11:15-18 – *"[15] 'Skaars het ek begin praat, of die Heilige Gees kom op hulle net soos op ons in die begin. [16] Toe dink ek aan die woorde wat die Here gesê het: "Johannes het wel met water gedoop, maar julle sal met die Heilige Gees gedoop word." [17] Hulle het net soos ons in die Here Jesus Christus geglo, en God het aan hulle ook dieselfde gawe as aan ons gegee. Wie was ek dan om God te probeer verhinder?' [18] Toe die gelowiges dit hoor, was hulle tevrede. Hulle het God geprys en gesê: 'God het selfs mense wat nie Jode is nie, tot inkeer gebring om aan hulle die lewe te gee.'"*

DISSIPELSKAPVRAE

20. Lees Lukas 18:13-14. Het jy die Here aangeroep en gevra om jou sondes te vergewe?

SKRIFGEDEELTES VIR GEBRUIK SAAM MET VRAE

LUKAS 18:13-14 – *"**[13]** Maar die tollenaar het ver bly staan en wou selfs nie na die hemel opkyk nie. Hy het bedroef op sy bors geslaan en gesê: 'O God, wees my, sondaar, genadig.' **[14]** Ek sê vir julle: Hierdie man, en nie die ander een nie, het huis toe gegaan as iemand wie se saak met God reg is. Elkeen wat hoogmoedig is, sal verneder word; en hy wat nederig is, sal verhoog word."*

ANTWOORDE

1. Lees Daniël 2:44. Die Ou Testamentiese profete het voorspel dat die Messias (of Gesalfde) in die toekoms sou kom en dat die God van die hemel 'n koninkryk sou oprig wat:
   B. nooit vernietig sal word nie.

2. Lees Matteus 4:17, 23. Watter boodskap het Jesus gebring?
   Bekeer julle, want die koninkryk van die hemel het naby gekom.

3. Lees Markus 1:14-15. Jesus het die evangelie van ***die koninkryk van God*** verkondig.

4. Lees Lukas 4:43. Die rede waarom Jesus deur God gestuur is, was om ***die koninkryk van God te verkondig***.

5. Lees Johannes 4:25. In die Woord het Jesus nooit aan die Jode verduidelik wat Hy bedoel het wanneer Hy oor die koninkryk gepraat het nie. Dit was 'n Ou Testamentiese konsep:
   C. waarna hulle reeds op soek was.

6. Lees Lukas 9:1-2. Watter drie dinge het die twaalf dissipels gedoen?
   Duiwels uitgedryf, siektes genees, die koninkryk van God verkondig.

7. Lees Lukas 10:1-2, 8-9. Watter boodskap het Jesus die twee en sewentig aangesê om te verkondig?
   Die koninkryk van God.

8. Lees Lukas 23:2. Volgens die Jode se eie definisie, verwys die woord "Christus" na iemand wat 'n ***Koning*** is.

9. Lees Handelinge 17:7. In teenstelling met die Romeinse wet het die Jode gesê dat Paulus beweer dat daar 'n ander ***koning*** is, naamlik ***Jesus***.

10. Lees Handelinge 19:8-10. Paulus het met vrymoedigheid in Efese met die mense oor ***die koninkryk van God*** geredeneer en hulle daarvan probeer oortuig.

11. Lees Handelinge 28:23-31. Wat het die apostel Paulus in vers 31 verkondig?
    Hy het die koninkryk van God verkondig en die mense alles oor die Here Jesus Christus geleer.

12. Lees Matteus 24:14. Watter boodskap moet regoor die hele wêreld verkondig word?
    Die evangelie van die koninkryk.

13. Lees Handelinge 20:24-25. Soms word die evangelie van die koninkryk ook die evangelie van ***God se genade*** genoem.

ANTWOORDE

14. Lees Lukas 16:16. Dit is onmoontlik om Jesus se boodskap sonder 'n basiese begrip van die koninkryk te verstaan. Die koninkryk was die boodskap wat Jesus gebring het en die enigste een wat Hy die dissipels opdrag gegee het om te:
A. verkondig.

15. Lees Matteus 6:10. Die koninkryk van God is basies die heerskappy van God. Hoe word dit in hierdie vers uitgedruk?
Dat God se wil op aarde geskied, net soos in die hemel.

16. Lees Kolossense 1:13-14 en Romeine 14:9. Ingesluit in die frase "die koninkryk van God" bestaan die konsep van 'n groep mense wat:
B. God se heerskappy sal aanvaar (en die Satan s'n verwerp) en sy vergifnis ontvang.

17. Lees Matteus 4:17. Om in God se koninkryk toegelaat te word, moet 'n mens tot inkeer kom. Die Bybel noem hierdie inkeer:
C. bekering.

18. Lees Handelinge 26:18. Het jy jou van ***die duisternis*** na die lig, van die ***mag*** van die Satan tot ***God*** bekeer om die vergifnis van jou sondes te ontvang?

19. Lees Esegiël 36:26-27 en Handelinge 11:15-18. Het jy 'n nuwe hart en 'n nuwe gees ontvang wat maak dat jy in God se weë wandel?

20. Lees Lukas 18:13-14. Het jy die Here aangeroep en gevra om jou sondes te vergewe?

© 2012, Andrew Wommack
Toestemming word verleen om afskrifte vir dissipelskapdoeleindes te maak, op voorwaarde dat dit gratis uitgereik word.

VLAK 3

LES 7
DIE INHOUD VAN REDDENDE GELOOF

Deur Don Krow

Stel jou voor dat 'n man op sy troudag voor die kansel staan en die predikant die volgende sê: "Neem jy hierdie vrou om van vandag af jou persoonlike sjef te wees, om jou huis skoon te maak en jou skottelgoed te was? Neem jy haar om jou vloere te stofsuig en jou meubels af te stof tot die dood julle skei?" Die bruid sal keer: "Wag net so bietjie! As jy my net wil hê sodat ek al hierdie goed vir jou kan doen, kan jy 'n bediende kry. Ek wil hê jy moet my liefhê vir wie ek is. As jy met my trou vir wie ek is, sal ek al daardie dinge vir jou doen, maar ek wil hê jy moet mý wil hê. Alles van my. Ek wil nie hê jy moet net my pluspunte neem en nie vir my as mens nie."

A.W. Tozer het die volgende gesê: "Dis interessant dat daar leraars is wat nooit besef dat die enigste ware inhoud van reddende geloof Christus self is nie; nie Christus as redder of Christus as Here nie, maar Christus self. Redding word nie aan mense gebied wat op een van Christus se ampte vertrou nie, en 'n amp van Christus word nooit as die objek van geloof aangebied nie. Verder word ons nie aangespoor om op die versoening of die kruis of die priesterskap van die Verlosser te vertrou nie. Al hierdie dinge word in Christus self beliggaam – en hulle kan nie van mekaar geskei of geïsoleer word nie. Nog minder mag ons een van Jesus se ampte aanvaar en 'n ander verwerp. Hierdie idee is 'n moderne dwaalleer, en net soos enige ander dwaalleer, het dit kwade gevolge onder Christene" (The Root of the Righteous, pp. 84-86).

Verstaan jy? Waarom beklemtoon ons 'n deel (voordeel) of 'n amp van Christus, maar nie vir Christus self nie? Dit is soos om met 'n vrou te trou vir dit wat sy vir jou kan doen en nie vir wie sy is nie.

DISSIPELSKAPVRAE

1. Lees Johannes 1:12. "Maar aan almal wat:
   A. Hom (die Here Jesus Christus),
   B. Jesus as Verlosser,
   C. Jesus as Here,
   D. Jesus as priester,
   aangeneem het, dié wat in Hom glo, het Hy die reg gegee om kinders van God te word."

2. Lees Handelinge 16:31. In wie moet ons glo?

3. Lees Lukas 6:46. Wat word deur die woord "Here" geïmpliseer?

4. Lees Matteus 1:21. Wat word deur die woord "Jesus" geïmpliseer?

5. Lees Lukas 23:2. Wat word deur die woord "Christus" geïmpliseer?

6. Lees Romeine 1:16. Volgens hierdie vers is die evangelie of goeie nuus

SKRIFGEDEELTES VIR GEBRUIK SAAM MET VRAE

JOHANNES 1:12 – *"Maar aan almal wat Hom aangeneem het, dié wat in Hom glo, het Hy die reg gegee om kinders van God te word."*

HANDELINGE 16:31 – *"Hulle antwoord hom: 'Glo in die Here Jesus, en jy sal gered word, jy en jou huisgesin.'"*

LUKAS 6:46 – *"Watter sin het dit dat julle My aanspreek met 'Here, Here!' en nie doen wat Ek sê nie?"*

MATTEUS 1:21 – *"Sy sal 'n seun in die wêreld bring, en jy moet Hom Jesus noem, want dit is Hy wat sy volk van hulle sondes sal verlos."*

LUKAS 23:2 – *"Daar het hulle die aanklag teen Hom begin deur te sê: 'Ons het bevind dat hierdie man ons volk ophits: hy belet hulle om aan die keiser belasting te betaal en beweer dat hy die Christus, die koning, is."*

ROMEINE 1:16 – *"Ek skaam my nie oor die evangelie nie, want dit is 'n krag van God tot redding van elkeen wat glo, in die eerste plek die Jood, maar ook die nie-Jood."*

DISSIPELSKAPVRAE

7. Lees Romeine 1:1-3. Die evangelie van God draai om, of gaan oor _____.

   Deel van sy Seun of sy Seun as geheel?

8. Lees Johannes 6:54. Wat word geïmpliseer wanneer jy iets eet?

9. Lees Galasiërs 3:27. Wanneer 'n mens in Christus gedoop word, beklee jy jou met _____.

   Met watter gedeelte van Christus beklee jy jou?

10. Lees Handelinge 9:5-6. Watter twee vrae het Saulus vir Jesus gevra toe hy tot bekering gekom het?

11. Lees Romeine 7:4. Met wie gaan ons trou?

    Met watter gedeelte van Hom gaan ons trou?

12. Is jy gelukkig getroud met Christus?

    Gesels en kommunikeer en aanbid jy Hom?
    Is jy lief vir Hom?

SKRIFGEDEELTES VIR GEBRUIK SAAM MET VRAE

ROMEINE 1:1-3 – *"**[1]** Van Paulus, 'n dienaar van Christus Jesus, geroep om apostel te wees, afgesonder vir die evangelie van God. **[2]** Hierdie evangelie het Hy vooruit deur sy profete en die Heilige Skrif aangekondig, **[3]** en dit handel oor sy Seun. As mens is Hy uit die geslag van Dawid gebore."*

JOHANNES 6:54 – *"Wie my liggaam eet en my bloed drink, het die ewige lewe, en Ek sal hom op die laaste dag uit die dood laat opstaan."*

GALASIËRS 3:27 – *"Want julle almal wat in Christus gedoop is, het julle met Christus beklee."*

HANDELINGE 9:5-6 – *"**[5]** En hy sê: Wie is U, Here? En die Here antwoord: Ek is Jesus wat jy vervolg. Dit is hard vir jou om teen die prikkels te skop. **[6]** En terwyl hy bewe en verbaas was, sê hy: Here, wat wil U hê moet ek doen? En die Here antwoord hom: Staan op en gaan na die stad, en dit sal jou gesê word wat jy moet doen."*

ROMEINE 7:4 – *"Dit is ook die geval met julle, my broers. Deur julle verbondenheid met die liggaam van Christus het julle gesterwe en staan julle nie meer onder die wet nie. Julle behoort nou aan iemand anders, aan Hom wat uit die dood opgewek is. Daarom moet ons nou 'n vrugbare lewe lei in diens van God."*

ANTWOORDE

1. Lees Johannes 1:12. "Maar aan almal wat:
A. Hom (die Here Jesus Christus),
aangeneem het, dié wat in Hom glo, het Hy die reg gegee om kinders van God te word."

2. Lees Handelinge 16:31. In wie moet ons glo?
Die Here Jesus Christus.

3. Lees Lukas 6:46. Wat word met die woord "Here" geïmpliseer?
Meester, heerser, baas, die een wat die reg het om beheer ons lewens te hê.
Dit impliseer ook godheid.

4. Lees Matteus 1:21. Wat word met die woord "Jesus" geïmpliseer?
Jesus as Verlosser.

5. Lees Lukas 23:2. Wat word met die woord "Christus" geïmpliseer?
Jesus as ons Koning en Messias (Gesalfde).

6. Lees Romeine 1:16. Volgens hierdie vers is die evangelie of goeie nuus ***Christus self, insluitend al sy voordele***.

7. Lees Romeine 1:1-3. Die evangelie van God draai om of gaan oor ***God se Seun, Jesus Christus ons Here***.

   Deel van sy Seun of sy Seun as geheel?
   Alles van Hom.

8. Lees Johannes 6:54. Wat word geïmpliseer wanneer jy iets eet?
Dat jy alles daarvan inneem. Dit wat jy eet, word in 'n sin jou lewe, jou krag.

9. Lees Galasiërs 3:27. Wanneer 'n mens in Christus gedoop word, beklee jy jou met ***Christus***.

   Met watter gedeelte van Christus beklee jy jou?
   Met alles van Hom.

10. Lees Handelinge 9:5-6. Watter twee vrae het Saulus vir Jesus gevra toe hy tot bekering gekom het?
Wie is U en wat wil U hê moet ek doen?

11. Lees Romeine 7:4. Met wie gaan ons trou?
Met die Here Jesus Christus.

    Met watter gedeelte van Hom gaan ons trou?
    Met alles van Hom.

ANTWOORDE

12. Is jy gelukkig getroud met Christus?
Gesels en kommunikeer en aanbid jy Hom? Is jy lief vir Hom?

© 2012, Andrew Wommack
Toestemming word verleen om afskrifte vir dissipelskapdoeleindes te maak, op voorwaarde dat dit gratis uitgereik word.

VLAK 3

LES 8
DIE DOEL VAN GOD SE WET

Deur Don Krow

Op ’n dag het ek en Joe met Bill en Steve staan en gesels. Bill het gevra: “Hoe kan iemand aan God rekenskap gee as hy nooit van God of Jesus Christus gehoor het nie?” Ek het geantwoord: “Bill, sê nou jy gaan vir Steve kuier, maar hy is nie tuis nie en jy en sy vrou is alleen. Sal jy skuldig voel as jy ’n buite-egtelike verhouding met haar aanknoop en by haar slaap? Selfs al het jy nog nooit van die Tien Gebooie gehoor of Bybel gelees nie? Waar kom daardie skuldgevoel vandaan?”

Jy sien, deur die wet en jou gewete het God elke mens die vermoë gegee om aan te voel wat reg is en skuldig te voel oor dit wat verkeerd is. Die Wet en die gewete is self-beoordelende funksies wat ’n mens volgens jou gedrag óf aankla óf vryspreek (Rom. 2:14-15).

Bill het begin verduidelik dat hy ’n goeie mens was. Hy het nie gedink dat hy ’n Verlosser nodig het nie. Ek het na Eksodus 20 geblaai en begin om die Tien Gebooie voor te lees. “Bill, was God nog altyd eerste in jou lewe, en het jy Hom nog altyd bo alles liefgehad? Indien nie, het jy die eerste gebod oortree” (Eks. 20:3). “Het jy al ooit iets anders bo die Here gestel? Dan het jy die tweede gebod oortree” (Eks. 20:4). “Het jy Jesus Christus se naam al ooit as skeldnaam gebruik? Dan het jy die derde gebod oortree” (Eks. 20:7). Het jy nog altyd ’n dag opsy gesit om God te eer en aanbid? Indien nie, het jy die vierde gebod oortree” (Eks. 20:8). “Het jy nog altyd jou pa en jou ma geëer? Indien nie, het jy die vyfde gebod oortree” (Eks. 20:12). “Was jy al ooit buite jouself van woede vir iemand? Dan het jy die sesde gebod oortree (vergelyk Eks. 20:13 met Matt. 5:21-22). “Het jy al ooit na ’n vrou gekyk en haar begeer? Dan het jy die sewende gebod oortree” (vergelyk Eks. 20:14 met Matt. 5:27-28). “Het jy al ooit iets geneem wat nie aan jou behoort nie? Dan het jy die agtste gebod oortree” (Eks. 20:15). “Het jy nog altyd die waarheid gepraat? Indien nie, het jy die negende gebod oortree?” (Eks. 20:16). “Het jy al ooit iets begeer wat aan iemand anders behoort? Dan het jy die tiende gebod oortree” (Eks. 20:17). “Sien jy waarom Jesus gesê het dat Hy gekom het om sondaars te red?” (Mark. 2:6-17).

Die probleem met ons pogings om deur ons eie goedheid hemel toe te gaan, is die feit dat ons almal die Tien Gebooie oortree het. In Jakobus 2:10 lees ons dat iemand wat die hele wet onderhou, maar net in een opsig struikel, ten opsigte van al die gebooie SKULDIG is. Die doel van die wet was nog nooit om jou vry te spreek nie, maar om jou sondes aan die lig te bring (Rom. 3:19-20).

Almal van ons het ’n Verlosser nodig! Die woord “Verlosser” behels die idee dat daar iemand is wat jou van die sondestraf kan red. Jesus verlos verlore mense sodat hulle die ewige lewe kan hê (Matt. 1:21).

As ons goed genoeg wil wees om hemel toe gaan, moet ons oor dieselfde geregtigheid as God beskik (2 Kor. 5:21). Die goeie nuus van die evangelie is nie alleen dat Jesus ons sondes sal vergewe nie, maar ook dat Hy sy eie geregtigheid as 'n gratis geskenk aan ons bied. (Rom. 5:17: *"Deur die oortreding van die een mens het die dood begin heerskappy voer deur hierdie een mens, maar deur die Een, Jesus Christus, is veel meer bereik: dié wat die oorvloed van genade en die vryspraak* [geregtigheid] *as gawe ontvang het, sal lewe en heerskappy voer."*)

DISSIPELSKAPVRAE

1. Lees Markus 2:16-17. Wie het Jesus kom red?

2. Lees Romeine 2:1. Wat doen ons aan onsself wanneer ons ander mense oordeel?

   Waarom?

3. Lees Jakobus 2:10. Waaraan is ons skuldig as ons die grootste deel van God se wet onderhou, maar net 'n paar foute maak?

4. Lees Galasiërs 3:10. Veronderstel ons kon op grond van wetsonderhouding vrygespreek word. Hoeveel van God se wet sal ons moet nakom?

   En vir hoe lank moet ons hierdie gebooie onderhou?

   Sien jy waarom ons nie gered kan word deur goed genoeg te probeer wees nie?

SKRIFGEDEELTES VIR GEBRUIK SAAM MET VRAE

MARKUS 2:16-17 – *"**[16]** Toe die skrifgeleerdes onder die Fariseërs sien dat Hy saam met sondaars en tollenaars eet, het hulle vir sy dissipels gesê: 'Waarom eet hy saam met tollenaars en sondaars?' **[17]** Jesus het dit gehoor en Hy sê vir hulle: 'Dié wat gesond is, het nie 'n dokter nodig nie, maar dié wat siek is. Ek het nie gekom om mense te roep wat op die regte pad is nie, maar sondaars.'"*

ROMEINE 2:1 – *"Daarom is daar vir jou geen verontskuldiging nie, vir jou, mens wat 'n ander veroordeel, wie jy ook al is. Deurdat jy oor 'n ander 'n oordeel uitspreek, veroordeel jy jouself, want jy wat veroordeel, doen dieselfde dinge."*

JAKOBUS 2:10 – *"As iemand die hele wet onderhou maar in een opsig struikel, is hy skuldig ten opsigte van al die gebooie."*

GALASIËRS 3:10 – *"Maar almal wat staat maak op die onderhouding van die wet, val onder die vloek, want daar staan geskrywe: 'Daar rus 'n vloek op elkeen wat nie stiptelik alles doen wat in die boek van die wet geskrywe staan nie.'"*

DISSIPELSKAPVRAE

5. Lees Galasiërs 2:16. Vryspraak is die gawe van geregtigheid wat deur God geskenk word en waardeur 'n mens in die regte verhouding met God gestel word. Die regverdigmaking van sondaars word deur geloof in Jesus Christus aangebied, en is eens en vir altyd deur sy dood en opstanding bewerkstellig. (1 Kor. 15:3-4 en Rom. 4:25). Waardeur word 'n mens nie vrygespreek nie?

   Hoe word 'n mens gered?

   Hoeveel mense sal deur die wet vrygespreek word?

6. Lees Romeine 6:14. As Christen staan jy:
   A. onder die wet.
   B. onder die genade.

7. Lees Esegiël 18:20. Wat is die straf vir iemand sondes wat onder die wet is?

8. Lees Romeine 4:6-8. Watter drie dinge doen God met iemand se sondes wat onder die genade is?

9. Lees Romeine 5:1. Watter voordeel geniet ons noudat ons geregverdig is?

SKRIFGEDEELTES VIR GEBRUIK SAAM MET VRAE

GALASIËRS 2:16 – *"En tog weet ons dat 'n mens nie van sonde vrygespreek word deur die wet van Moses te onderhou nie, maar alleen deur in Jesus Christus te glo. Ook ons het tot die geloof in Christus Jesus gekom, en dit is hoe ons vrygespreek is: deur in Christus te glo en nie deur die wet te onderhou nie, want geen mens word vrygespreek op grond daarvan dat hy die wet onderhou nie."*

ROMEINE 6:14 – *"Die sonde moet nie meer baas wees oor julle nie, want julle staan nie onder die wet van Moses nie, maar onder die genade."*

ESEGIËL 18:20 – *"Die mens wat sondig, sal sterwe. 'n Seun sal nie die straf op sy pa se sonde dra nie, en 'n pa sal nie die straf op sy seun se sonde dra nie. Wie leef volgens my wil, sal die vrugte daarvan pluk. Wie goddeloos is, sal die straf daarvoor dra."*

ROMEINE 4:6-8 – *"**[6]** Soos Dawid ook die mens salig spreek aan wie God geregtigheid toereken sonder werke: **[7]** Welgeluksalig is hulle wie se ongeregtighede vergewe en wie se sondes bedek is. **[8]** Welgeluksalig is die man aan wie die Here die sonde nie toereken nie."*

ROMEINE 5:1 – *"God het ons dan nou vrygespreek omdat ons glo. Daarom is daar nou vrede tussen ons en God deur ons Here Jesus Christus."*

DISSIPELSKAPVRAE

10. Lees Romeine 5:9. Waarvan het Jesus se bloed ons gered?

11. Lees Romeine 10:4. Christus het ’n einde gemaak aan die wet as manier waarop God ons _____ .

12. Lees 1 Korintiërs 1:30. God het Jesus Christus ons _____, _____, _____, en _____ gemaak.

13. Lees Filippense 3:9. Iemand wat onder die wet van Moses staan, probeer sy eie _____ verwerf.

14. Lees 1 Korintiërs 11:1. As Christene lewe ons onder die wet van Christus. Die wet van Christus is nie ’n stel reëls wat gehoorsaam moet word nie; dit is ’n lewe wat in navolging van ’n persoon gelei word. Daardie persoon is _____.

15. Lees Romeine 8:3. Die wet kon ons nooit red nie, nie omdat die wet sleg was nie, maar omdat ons dit weens die sondigheid van ons _____ nie kon onderhou nie.

SKRIFGEDEELTES VIR GEBRUIK SAAM MET VRAE

ROMEINE 5:9 – *“Aangesien ons nou vrygespreek is op grond van sy versoeningsdood, staan dit soveel vaster dat ons deur Hom ook van die straf van God gered sal word.”*

ROMEINE 10:4 – *“Christus is tog die einde van die wet, sodat elkeen wat glo, vrygespreek kan word.”*

1 KORINTIËRS 1:30 – *“Aan God is dit te danke dat julle met Christus Jesus verenig is. Hy het vir ons geword die wysheid wat van God kom: die vryspraak, die heiliging en die verlossing.”*

FILIPPENSE 3:9 – *“En een met Hom kan wees: vrygespreek, nie omdat ek die wet onderhou nie, maar omdat ek in Christus glo. Dit is die vryspraak wat God gee omdat ’n mens in Hom glo.”*

1 KORINTIËRS 11:1 – *“Volg my voorbeeld, soos ek die voorbeeld van Christus volg.”*

ROMEINE 8:3 – *“Wat die wet nie by magte was om te doen nie, omdat dit weens ons sondige natuur te swak was, dit het God gedoen. Hy het die sonde binne die sondige bestaan van die mens veroordeel deur sy eie Seun in dieselfde gestalte as die sondige mens te stuur as ’n offer vir die sonde.”*

ANTWOORDE

1. Lees Markus 2:16-17. Wie het Jesus kom red?
   Sondaars.

2. Lees Romeine 2:1. Wat doen ons aan onsself wanneer ons ander mense oordeel?
   Ons veroordeel onsself; ons spreek 'n oordeel oor onsself uit.

   Waarom?
   Want, alhoewel ons ander mense veroordeel, doen ons dieselfde dinge.

3. Lees Jakobus 2:10. Waaraan is ons skuldig as ons die grootste deel van God se wet onderhou, maar net 'n paar foute maak?
   Aan die hele wet.

4. Lees Galasiërs 3:10. Veronderstel ons kon op grond van wetsonderhouding vrygespreek word. Hoeveel van God se wet sal ons moet nakom?
   Die hele wet.

   En vir hoe lank moet ons hierdie gebooie onderhou?
   Vir altyd, sonder om ooit 'n fout te maak.

   Sien jy waarom ons nie gered kan word deur goed genoeg te probeer wees nie?
   Ja.

5. Lees Galasiërs 2:16. Vryspraak is die gawe van geregtigheid wat deur God geskenk word, en waardeur 'n mens in die regte verhouding met God gestel word. Die regverdigmaking van sondaars word deur geloof in Jesus Christus aangebied, en is eens en vir altyd deur sy dood en opstanding bewerkstellig. (1 Kor. 15:3-4 en Rom. 4:25). Waardeur word 'n mens nie vrygespreek nie?
   Deur jou eie werke; m.a.w. deur die wet te onderhou.

   Hoe word 'n mens gered?
   Deur geloof (vertroue) in Jesus Christus.

   Hoeveel mense sal deur die wet vrygespreek word?
   Geen mens nie; m.a.w. niemand nie.

6. Lees Romeine 6:14. As Christen staan jy:
   B. onder die genade.

7. Lees Esegiël 18:20. Wat is die straf vir iemand se sondes wat onder die wet is?
   Die dood.

8. Lees Romeine 4:6-8. Watter drie dinge doen God met iemand se sondes wat onder die genade is?
   Hy vergewe dit, bedek dit en reken dit nie aan hulle toe nie.

ANTWOORDE

9. Lees Romeine 5:1. Watter voordeel geniet ons noudat ons geregverdig is?
Vrede met God (Hy is nie kwaad vir ons nie).

10. Lees Romeine 5:9. Waarvan het Jesus se bloed ons gered?
Die straf van God.

11. Lees Romeine 10:4. Christus het 'n einde gemaak aan die wet as manier waarop God ons ***vryspreek(regverdig)***.

12. Lees 1 Korintiërs 1:30. God het Jesus Christus ons ***wysheid***, ***vryspraak***, ***heiliging*** en verlossing gemaak.

13. Lees Filippense 3:9. Iemand wat onder die wet van Moses staan, probeer sy eie ***vryspraak (geregtigheid)*** verwerf.

14. Lees 1 Korintiërs 11:1. As Christene lewe ons onder die wet van Christus. Die wet van Christus is nie 'n stel reëls wat gehoorsaam moet word nie; dit is 'n lewe wat in navolging van 'n persoon gelei word. Daardie persoon is ***Christus***.

15. Lees Romeine 8:3. Die wet kon ons nooit red nie, nie omdat die wet sleg was nie, maar omdat ons dit weens die sondigheid van ons ***natuur (vlees)*** nie kon onderhou nie.

© 2012, Andrew Wommack
Toestemming word verleen om afskrifte vir dissipelskapdoeleindes te maak, op voorwaarde dat dit gratis uitgereik word.

VLAK 3

LES 9
NIE ONDER DIE WET NIE, MAAR ONDER GENADE

Deur Don Krow

Verlede nag het ek van 'n vrou gedroom wat onophoudelik gestraf is vir dit wat sy verkeerd gedoen het (haar sondes). 'n Man het haar agtervolg en elke keer wanneer sy 'n fout maak, het hy sy kop minagtend geskud, sy gordel afgehaal en haar geslaan. As sy iets verkeerd gesê of gedoen het, het hy haar gestraf. Sy het voortgestrompel en probeer glimlag en positief bly, maar sy het aanmekaar dinge gedoen wat haar in die moeilikheid gebring het. Dit was nie groot sondes nie, maar die man sou haar vir die geringste misstap 'n loesing gee. Haar situasie was hopeloos. Sy kon nie ophou om dinge te doen wat haar in die moeilikheid laat beland het nie. Ek onthou dat ek haar jammer gekry het. Ek wou haar help om weg te kom van die man wat haar so aanhoudend geslaan het. Toe word ek wakker.

Ek het aan God se genade begin dink, die onverdiende guns en krag wat van God kom. Wanneer ons harte in genade gegrondves is, probeer ons nie meer om God se aanvaarding deur ons optrede te verdien of om sy wet vanuit ons eie krag te onderhou nie. Ons kan uiteindelik ontsnap aan die loesings wat ons weens ons oortreding van God se wet verdien het. Jesus het tot ons redding gekom.

Dink 'n oomblik aan guns. Dit beteken dat jy iemand se goedkeuring, ondersteuning en seën ontvang. Wat doen 'n mens as jy iemand se guns wil wen? Jy probeer alles doen en sê wat hom sal behaag en niks waaroor hy sal kwaad word nie. Jy probeer die hele tyd korrek optree. Is dit enigsins moontlik? Dit is soos om swaartekrag te probeer misken. Jy kan dit vir 'n rukkie doen, maar op die ou einde sal jy misluk. Dit is sterker as jy.

Ek het met die vrou in my droom geïdentifiseer. Dit was hoe ek gevoel het toe ek vroeër in my lewe my bes probeer het om alles reg te doen, maar telkens iewers 'n misstap begaan het en misluk het. Ek het gedink dat as ek maar net deur die dag kon kom sonder om droog te maak, ek iets sou bereik. Maar nee, my tekortkominge het my altyd gepootjie. Nie net het ek geglo dat ek my hemelse Vader teleurgestel het nie, maar ek het myself ook veroordeel en kasty. Ek was verslane. Ek het op my vermoëns en onvermoëns gefokus. En omdat ek nooit die paal gehaal het nie, nooit goed genoeg was nie, het ek iemand nodig gehad om my te red!

In sy genade het God uitkoms gestuur – in die Persoon van Jesus. God het Hom gestuur om ons van onsself en ons kragtelose pogings om sy wet te onderhou, te red. Jesus het die straf gedra vir die wet wat ons nie kon onderhou nie sodat ons nie hoef te sterf nie. Hy het ons vrygemaak en die ewige lewe saam met Hom geskenk. Jesus het ons die gawe van geregtigheid gegee, sodat ons

regverdig en heilig voor God die Vader kan wees en aan al die vereistes van die wet voldoen. Deur dit wat Jesus vir ons deur sy dood en opstanding gedoen het, is daar nou vrede tussen ons en God. Ons het God se onverdiende guns onvang. Dít is wat genade is.

Wanneer jy dit glo, sal jou hart tot rus kom in die wete dat Hy dit gedoen het omdat Hy vir jou lief is. Wortel en grondves jou hart in sy genade; met ander woorde, glo onwrikbaar dat Hy ons alles gegee het wat nodig is om 'n oorvloedige lewe in en deur Jesus te lei.

As ons op ons tekortkominge, foute en sondes bly fokus, en nie op Jesus, die Outeur en Voleinder van ons geloof nie, sal ons moed verloor en nie kan glo dat ons enigiets van God kan ontvang nie. Dit is met ons harte dat ons glo en sy geregtigheid en genade ontvang. Ons harte moet aan Hom alleen behoort. Dan sal ons vervuld wees en tot rus kom.

"*Wees veral versigtig met wat in jou hart omgaan, want dit bepaal jou hele lewe*" (Spr. 4:23).

DISSIPELSKAPVRAE

1. Hoe word "genade" in hierdie les omskryf?

2. Wanneer ons harte in genade gegrondves is, hoef ons nie meer te probeer om God se aanvaarding deur ons _____ te verdien nie.

3. Lees Hebreërs 10:14. Don se tekortkominge het gemaak dat hy nooit volmaak kon wees nie. Hoe word ons volgens hierdie vers volmaak gemaak?

4. Lees Romeine 5:17. Jesus het vir ons die _____ van geregtigheid gegee, sodat ons regverdig en heilig voor God die Vader kan wees en aan al die vereistes van die wet voldoen.

5. Lees Jesaja 26:3. As ons op ons tekortkominge, foute en sondes bly fokus, en nie op Jesus, die Outeur en Voleinder van ons geloof nie, sal ons moed opgee en nie kan glo dat ons enigiets van God kan ontvang nie. Op wie moet ons vertrou?

6. Lees Efesïers 3:17. Ons harte moet volkome aan Hom behoort. Dan sal ons _____.

7. Lees Romeine 4:5. Is verlossing 'n beloning wat verdien moet word, of 'n gratis geskenk van God se genade?

8. Lees Romeine 5:17. Geregtigheid ('n regte verhouding met God) is 'n gawe. Moet 'n mens vir 'n geskenk werk?

   Hoe verkry jy 'n geskenk?

SKRIFGEDEELTES VIR GEBRUIK SAAM MET VRAE

HEBREËRS 10:14 – *"Want deur een offer het Hy vir altyd volmaak die wat geheilig word."*

ROMEINE 5:17 – *"Deur die oortreding van een mens het die dood begin heerskappy voer deur hierdie een mens, maar deur die Een, Jesus Christus, is veel meer bereik: dié wat die oorvloed van genade en die vryspraak as gawe ontvang het, sal lewe en heerskappy voer."*

JESAJA 26:3 – *"U sal 'n standvastige gesindheid in volle vrede bewaar, want hulle vertrou op U."*

EFESIËRS 3:17 – *"Dat Christus deur die geloof in julle harte sal woon en dat julle in die liefde gewortel en gegrondves sal wees."*

ROMEINE 4:5 –
"Maar die mens wat nie op wetsonderhouding staatmaak nie, maar wat glo in Hom wat die goddelose vryspreek, hy kry die vryspraak deur sy geloof."

DISSIPELSKAPVRAE

9. Lees Romeine 6:23. Wat is die gratis geskenk van God se genade in hierdie vers?

10. Lees Titus 3:5. Hoeveel van jou goeie werke en dade lewer 'n bydrae tot jou redding?

11. Lees Romeine 6:14. Verduidelik in jou eie woorde wat dit beteken om onder God se genade te wees.

12. Lees Romeine 11:6. As God se seëninge deur genade aan ons geskenk word, is hulle nie deur ons _____ nie.

13. Lees Romeine 3:24. Verduidelik die betekenis van hierdie vers in jou eie woorde.

14. Lees Efesiërs 1:7. Ons sondes word kragtens _____ vergewe.

SKRIFGEDEELTES VIR GEBRUIK SAAM MET VRAE

ROMEINE 6:23 – *"Die loon wat die sonde gee, is die dood; die genadegawe wat God gee, is die ewige lewe in Christus Jesus ons Here."*

TITUS 3:5 – *"Hy het ons verlos, nie op grond van iets wat ons vir ons vryspraak gedoen het nie, maar op grond van sy eie ontferming. Dit het Hy gedoen deur die wedergeboorte wat die sonde afwas, en deur die Heilige Gees wat nuwe lewe gee."*

ROMEINE 6:14 – *"Die sonde moet nie meer baas wees oor julle nie, want julle staan nie onder die wet van Moses nie, maar onder die genade."*

ROMEINE 11:6 – *"En as dit uit genade is, dan is dit nie uit verdienste nie, anders sou die genade nie meer genade wees nie"*

ROMEINE 3:24 – *"Maar hulle word, sonder dat hulle dit verdien, op grond van sy genade vrygespreek vanweë die verlossing deur Jesus Christus."*

EFESIËRS 1:7 – *"Deur die bloed van sy Seun is ons verlos en is ons oortredinge vergewe kragtens die ryke genade van God."*

ANTWOORDE

1. Hoe word "genade" in hierdie les omskryf?
   Die onverdiende guns en krag wat van God kom.

2. Wanneer ons harte in genade gegrondves is, hoef ons nie meer te probeer om God se aanvaarding deur ons ***optrede*** te verdien nie.

3. Lees Hebreërs 10:14. Don se tekortkominge het gemaak dat hy nooit volmaak kon wees nie. Hoe word ons volgens hierdie vers volmaak gemaak?
   Deur Jesus se offer. Hy het ons vir altyd volmaak gemaak.

4. Lees Romeine 5:17. Jesus het vir ons die ***gawe*** van geregtigheid (vryspraak) gegee sodat ons regverdig en heilig voor God die Vader kan wees en aan al die vereistes van die wet voldoen.

5. Lees Jesaja 26:3. As ons op ons tekortkominge, foute en sondes bly fokus, en nie op Jesus, die Outeur en Voleinder van ons geloof nie, sal ons moed opgee en nie kan glo dat ons enigiets van God kan ontvang nie. Op wie moet ons vertrou?
   Op die Here.

6. Lees Efesïers 3:17. Ons harte moet volkome aan Hom behoort.
   Dan sal ons ***vervuld wees en tot rus kom***.

7. Lees Romeine 4:5. Is verlossing 'n beloning wat verdien moet word, of 'n gratis geskenk van God se genade?
   'n Gratis geskenk van God se genade.

8. Lees Romeine 5:17. Geregtigheid ('n regte verhouding met God) is 'n gawe.
   Moet 'n mens vir 'n geskenk werk?
   Nee.

   Hoe verkry jy 'n geskenk?
   Deur eenvoudig jou hand uit te steek en dit te ontvang.

9. Lees Romeine 6:23. Wat is die gratis geskenk van God se genade in hierdie vers?
   Die ewige lewe (in plaas van die ewige dood).

10. Lees Titus 3:5. Hoeveel van jou goeie werke en dade lewer 'n bydrae tot jou redding?
    Niks nie.

11. Lees Romeine 6:14. Verduidelik in jou eie woorde wat dit beteken om onder God se genade te wees.
    Ons kry nie ons verdiende loon vir ons sondes nie. Deur Christus word God se heel beste aan ons geskenk, naamlik geregtigheid, aanvaarding en vergifnis (alles as 'n gawe van God se genade).

ANTWOORDE

12. Lees Romeine 11:6. As God se seëninge deur genade aan ons geskenk word, is dit nie uit ***verdienste*** nie.

13. Lees Romeine 3:24. Verduidelik die betekenis van hierdie vers in jou eie woorde.
Geregtigheid (vryspraak) is 'n gratis geskenk van God wat deur Christus se verlossende werk aan die kruis aan gelowiges geskenk word.

14. Lees Efesiërs 1:7. Ons sondes word kragtens ***die ryke genade van God*** vergewe.

© 2012, Andrew Wommack
Toestemming word verleen om afskrifte vir dissipelskapdoeleindes te maak, op voorwaarde dat dit gratis uitgereik word.

VLAK 3

LES 10
BEVRY VAN SONDEBEWUSTHEID

Deur Don Krow

Op ’n dag het ’n dronk man in sy motor geklim, teen die aankomende verkeer ingery en was hy in ’n kop-aan-kop botsing met ’n ander motor betrokke. In hierdie ongeluk het ’n agtienjarige meisie haar lewe verloor. Haar gesin het die man gedagvaar en die £1,5 miljoen (ongeveer die ekwivalent van R23 miljoen) in die hofsaak gewen.

In plaas daarvan om die geld te neem, het die familie vir £936 geskik. Die rede hiervoor was dat hulle wou hê dat die man die bedrag op ’n spesifieke manier moes betaal. Hulle wou hê die dronk bestuurder moes onthou wat hy gedoen het. Hy moes elke week ’n tjek van £1 aan die oorlede meisie uitmaak en dit aan haar familie stuur. ’n Mens sou dink dat ’n skikking van £936 in die lig van £1.5 miljoen nie te sleg was nie. Aanvanklik was dit maklik om £1 ’n week te betaal, maar later het die uitskryf van daardie tjeks die man se denke begin domineer. Hy het elke week depressief geraak wanneer hy aan die meisie gedink het wat deur sy toedoen dood is.

Na jare se tjeks uitskryf het hy uiteindelik opgehou om die betalings te doen. Die familie het hom weer voor die hof gedaag en hom beveel om met die betalings voort te gaan. Gedurende die laaste ses of sewe jaar het hy vier of vyf keer met die betalings gestaak. Hy is egter elke keer gedagvaar en weer aangesê om met die betalings voort te gaan.

Die familie het gesê dat hulle nie meer kwaad was nie, maar dat hulle hom net wou herinner aan dit wat hy gedoen het.

As ’n mens mooi daaraan dink, is dit nie net die dronk bestuurder wat in gevangenskap was nie. Die meisie se familie ontvang elke week ’n tjek wat hulle aan hulle verlies herinner. In ’n sekere sin kan hulle ook nie van hulle dogter se dood wegbeweeg nie.

Die man het die familie nou vir “wrede en ongewone strafvoltrekking” gedagvaar. Hy sê: “Dit maak my dood! Dis besig om my lewe te vernietig! Ek kan nie die verlede agter my plaas en aangaan met my lewe nie.”

Ek het al baie Christene ontmoet wat voel asof hulle onder dieselfde soort oordeel staan. Daar is aan hulle vertel dat Jesus alles betaal het, maar dit voel vir hulle asof hulle steeds ’n weeklikse betaling in die vorm van godsdienstige pligte moet doen om deur God aanvaar te word.

DISSIPELSKAPVRAE

1. Watter soort verhouding kan hierdie man met die familie hê terwyl hierdie soort straf uitgedien word?

2. Lees Hebreërs 10:1. Wat kon die wet nie doen nie?

3. Lees Hebreërs 10:1. Wat staan in hierdie vers wat 'n aanduiding gee dat die Ou Testamentiese offers nie by magte was om ons sondes weg te neem nie?

4. Lees Hebreërs 10:2. Wat sou dit vir gelowiges impliseer as daar 'n offer gebring sou word wat regtig met sonde kon afreken?

5. Wat het die meisie se familie die dronk bestuurder geforseer om te doen?

6. Lees Hebreërs 10:14. God regverdig sy kinders deur:
   A. goeie dade.
   B. kerkbywoning.
   C. wetsonderhouding.
   D. die offer van Jesus.

7. Lees Hebreërs 10:14. Jesus se offer (wat deur geloof ontvang word) bevry die gelowige:
   A. totdat hy weer sondig.
   B. van sy vorige sondes.
   C. vir altyd.

SKRIFGEDEELTES VIR GEBRUIK SAAM MET VRAE

HEBREËRS 10:1-2 – *"**[1]** Die wet van Moses is slegs 'n skadubeeld van die weldade wat sou kom, nie 'n werklike beeld daarvan nie. Voortdurend, jaar na jaar, word dieselfde offers gebring, en tog kan die wet dié wat die offers bring, nooit volkome van sonde vry maak nie. **[2]** Anders sou hulle opgehou het om geoffer te word, omdat die wat die diens verrig, nadat hulle een maal gereinig is, geen bewussyn meer van sondes sou gehad het nie."*

HEBREËRS 10:14 – *"Deur die één offer het Hy dié wat vir God afgesonder word, vir altyd volkome van sonde vry gemaak."*

DISCIPLESHIP QUESTIONS

8. Lees Genesis 20:1-18. Wie is die twee mans wat in hierdie verhaal genoem word?

SCRIPTURES TO USE WITH QUESTIONS

GENESIS 20:1-18 – *"**[1]** Abraham het van Mamre af weggetrek na die Suidland toe en hom tussen Kades en Sur gaan vestig. Toe hy op 'n keer in Gerar gewoon het, **[2]** het hy voorgegee sy vrou Sara is sy suster. Koning Abimelek van Gerar het haar toe laat haal om met haar te trou.**[3]** Een nag het God in 'n droom aan Abimelek verskyn en vir hom gesê: 'Jy gaan sterf omdat jy met hierdie vrou wil trou. Sy is al getroud.' **[4]** Abimelek het nog nie met haar geslagsgemeenskap gehad nie en hy het gesê: 'Here, sal U selfs 'n onskuldige nasie uitroei? **[5]** Abraham het dan self vir my gesê: "Sy is my suster." En sy het self gesê: "Hy is my broer." Ek het dit onskuldig en sonder slegte bedoelings gedoen.' **[6]** Toe het God vir hom in 'n droom gesê: 'Ja, Ek weet dat jy dit onskuldig gedoen het. Daarom het Ek jou daarvan weerhou om teen My te sondig en het Ek jou nie toegelaat om aan haar te raak nie. **[7]** Gee nou die vrou terug aan haar man. Hy is 'n profeet. Hy sal vir jou bid dat jy kan bly lewe. Maar as jy haar nie teruggee nie, moet jy weet jy sal beslis sterf, jy en almal wat by jou is.' **[8]** Die môre vroeg het Abimelek sy amptenare geroep en alles vir hulle openlik vertel, en hulle het baie bang geword. **[9]** Hy het vir Abraham geroep en vir hom gesê: 'Wat het jy ons aangedoen? Wat het ek aan jou gedoen wat verkeerd is dat jy hierdie groot ellende oor my en my koninkryk gebring het? Wat jy my aangedoen het, is onbehoorlik.' **[10]** Verder het Abimelek vir hom gesê: 'Wat het jou besiel om so iets aan te vang?' **[11]** Toe het Abraham gesê: 'Ek het gedink hier is niemand wat vir God dien nie en die mense sal my doodmaak oor my vrou. **[12]** Sy is regtig my suster: sy is my pa se dogter, maar nie my ma s'n nie. Ek is met haar getroud. **[13]** Toe God my uit my vaderland laat wegtrek het, het ek vir haar gesê: Jy kan wys dat jy my liefhet deur op elke plek waar ons kom, van my te sê: Hy is my broer.' **[14]** Abimelek het toe kleinvee en grootvee, slawe en slavinne gevat en vir Abraham gegee en Sara ook aan haar man teruggegee. **[15]** Toe sê Abimelek vir hom: 'My land lê oop voor jou. Bly net waar jy wil.' **[16]** Vir Sara het Abimelek gesê: 'Ek gee aan jou broer duisend stukke silwer. Dit is om almal wat by jou is, te laat stilbly en om te wys alles is in orde.' **[17]** Abraham het toe tot God gebid, en Hy het vir Abimelek gesond gemaak, ook sy vrou en sy slavinne, en toe kon hulle weer kinders hê. **[18]** Dit was nadat die Here elke vrou in die huis van Abimelek daarvan weerhou het om kinders te hê. Die Here het dit gedoen oor wat gebeur het met Sara die vrou van Abraham."*

DISSIPELSKAPVRAE

9. Lees Genesis 20:2, 5. Wie was die man wat gejok het en die ander een mislei het?

10. Lees Genesis 20:7. Ek is seker dat God Abraham se optrede nie goedgekeur het nie. Maar vir wie het God kant gekies, vir Abraham of Abimelek?

    Waarom? Lees Genesis 15:1, 18 en Jakobus 2:23.

SKRIFGEDEELTES VIR GEBRUIK SAAM MET VRAE

GENESIS 20:2,5 – *"**[2]** Hy [het] voorgegee sy vrou Sara is sy suster. Koning Abimelek van Gerar het haar toe laat haal om met haar te trou. **[5]** 'Abraham het dan self vir my gesê: "Sy is my suster." En sy het self gesê: "Hy is my broer." Ek het dit onskuldig en sonder slegte bedoelings gedoen.'"*

GENESIS 20:7 – *"Gee nou die vrou terug aan haar man. Hy is 'n profeet. Hy sal vir jou bid dat jy kan bly lewe. Maar as jy haar nie teruggee nie, moet jy weet jy sal beslis sterf, jy en almal wat by jou is."*

GENESIS 15:1,18 – *"**[1]** Hierna het die woord van die Here in 'n gesig tot Abram gekom: 'Moenie bang wees nie, Abram, Ek beskerm jou! Jou beloning sal baie groot wees.' **[18]** Op daardie dag het die Here 'n verbond gesluit met Abram en vir hom gesê: 'Aan jou nageslag gee Ek hierdie land, van Egiptespruit af tot by die Eufraat, die groot rivier.'"*

JAKOBUS 2:23 – *"So is die Skrif vervul wat sê: 'Abraham het in God geglo, en daarom het God hom vrygespreek,' en hy is 'n vriend van God genoem."*

DISSIPELSKAPVRAE

11. Lees Genesis 20:7, 17-18. Selfs al was Abraham verkeerd, het God opdrag gegee dat:
    A. Abraham vir Abimelek
    B. Abimelek vir Abraham
    C. hulle vir mekaar
    moes bid.

12. Lees Romeine 8:31. Wie is aan ons kant ongeag die feit dat ons soms misluk?

13. Lees Romeine 4:8. Wat het God gesê sal Hy nie doen nie, selfs al maak ons foute?

14. Lees Hebreërs 8:12-13. Wat het God in die Nuwe Verbond belowe sal Hy nie doen nie?

SKRIFGEDEELTES VIR GEBRUIK SAAM MET VRAE

GENESIS 20:7 – *"Gee nou die vrou terug aan haar man. Hy is 'n profeet. Hy sal vir jou bid dat jy kan bly lewe. Maar as jy haar nie teruggee nie, moet jy weet jy sal beslis sterf, jy en almal wat by jou is.*

GENESIS 20:17-18– *"**[17]** Abraham het toe tot God gebid, en Hy het vir Abimelek gesond gemaak, ook sy vrou en sy slavinne, en toe kon hulle weer kinders hê. **[18]** Dit was nadat die Here elke vrou in die huis van Abimelek daarvan weerhou het om kinders te hê. Die Here het dit gedoen oor wat gebeur het met Sara die vrou van Abraham."*

ROMEINE 8:31 – *"Wat is nou ons gevolgtrekking oor al hierdie dinge? Dit: God is vir ons, wie kan dan teen ons wees?"*

ROMEINE 4:8 – *"Geseënd is die mens vir wie die Here die sonde nie toereken nie."*

HEBREËRS 8:12-13 – *"**[12]** 'Oor hulle ongeregtighede sal Ek genadig wees en aan hulle sondes nooit meer dink nie.' **[13]** Deur van 'n nuwe verbond te praat, het God die eerste oud verklaar, en wat oud word en uitgedien raak, sal gou verdwyn."*

DISSIPELSKAPVRAE

15. Lees Efesiërs 2:5, 8-9. Hoe word ons gered?

16. Lees Titus 3:5. Hoe word ons nie gered nie?

    Hoe word ons gered?

17. Lees Efesiërs 1:6. Ons sal God tot in ewigheid verheerlik omdat Hy ons deur sy _____ gered het. Hy het ons in sy geliefde Seun _____.

SKRIFGEDEELTES VIR GEBRUIK SAAM MET VRAE

EFESIËRS 2:5 – *"Deur sy groot liefde het Hy ons wat dood was as gevolg van ons oortredinge, saam met Christus lewend gemaak. Uit genade is julle gered!"*

EFESIËRS 2:8-9 – *"**[8]** Julle is inderdaad uit genade gered, deur geloof. Hierdie redding kom nie uit julleself nie; dit is 'n gawe van God. **[9]** Dit kom nie deur julle eie verdienste nie, en daarom het niemand enige rede om op homself trots te wees nie."*

TITUS 3:5 – *Not by works of righteousness which we have done, but according to his mercy he saved us, by the washing of regeneration, and renewing of the Holy Ghost.*

EFESIËRS 1:6 – *"Tot lof van die heerlikheid van sy genade waarmee Hy ons begenadig het in die Geliefde."*

ANTWOORDE

1. Watter soort verhouding kan hierdie man met die familie hê terwyl hierdie soort straf uitgedien word?
   'n Verhouding van onvergifnis, bitterheid en twis.

2. Lees Hebreërs 10:1. Wat kon die wet nie doen nie?
   Dit kon mense nie volkome van hulle sonde vry maak nie.

3. Lees Hebreërs 10:1. Wat staan in hierdie vers wat 'n aanduiding gee dat die Ou Testamentiese offers nie by magte was om ons sondes weg te neem nie?
   Hulle moes voortdurend herhaal word – daagliks, weekliks, maandeliks.
   Die blote feit dat hulle herhaal is, bewys dat hulle nie vir eens en vir altyd met die sonde kon afreken nie.

4. Lees Hebreërs 10:2. Wat sou dit vir gelowiges inhou as daar 'n offer gebring sou word wat regtig met sonde kon afreken?
   Dit sou maak dat hulle nie meer 'n bewussyn van sondes het nie. (voortdurend deur mislukking gekasty word nie).

5. Wat het die meisie se familie die dronk bestuurder geforseer om te doen?
   Om vir altyd aan sy sondes te dink.

6. Lees Hebreërs 10:14. God regverdig sy kinders deur:
   D. die offer van Jesus.

7. Lees Hebreërs 10:14. Jesus se offer (wat deur geloof ontvang word) bevry die gelowige:
   C. vir altyd.

8. Lees Genesis 20:1-18. Wie is die twee mans wat in hierdie verhaal genoem word?
   Abraham en Abimelek.

9. Lees Genesis 20:2, 5. Wie was die man wat gejok het en die ander een mislei het?
   Abraham.

10. Lees Genesis 20:7. Ek is seker dat God Abraham se optrede nie goedgekeur het nie. Maar vir wie het God kant gekies, vir Abraham of Abimelek?
    Abraham.

    Waarom? Lees Genesis 15:1, 18 en Jakobus 2:23.
    Want God het 'n verbond met Abraham gesluit en Abraham was 'n vriend van God.

11. Lees Genesis 20:7, 17-18. Selfs al was Abraham verkeerd, het God opdrag gegee dat:
    A. Abraham vir Abimelek moes bid.

12. Lees Romeine 8:31. Wie is aan ons kant ongeag die feit dat ons soms misluk?
    God.

ANTWOORDE

13. Lees Romeine 4:8. Wat het God gesê sal Hy nie doen nie, selfs al maak ons foute?
Hy sal ons nie ons sondes toereken nie, m.a.w. Hy sal dit nie teen ons hou nie.

14. Lees Hebreërs 8:12-13. Wat het God in die Nuwe Verbond belowe sal Hy nie doen nie?
Hy sal nie meer aan ons sondes dink of dit teen ons hou nie.

15. Lees Efesiërs 2:5, 8-9. Hoe word ons gered?
Uit genade, m.a.w. deur sy onverdiende guns en goedheid teenoor ons.

16. Lees Titus 3:5. Hoe word ons nie gered nie?
Deur ons eie werke.

Hoe word ons gered?
Deur die afwas van die sonde en die Heilige Gees wat nuwe lewe gee.

17. Lees Efesiërs 1:6. Ons sal God tot in ewigheid verheerlik omdat Hy ons deur sy ***genade*** gered het. Hy het ons in sy geliefde Seun ***begenadig***.

© 2012, Andrew Wommack
Toestemming word verleen om afskrifte vir dissipelskapdoeleindes te maak, op voorwaarde dat dit gratis uitgereik word.

VLAK 3

LES 11
EK IS GELIEFD, EK IS MOOI

Deur Don Krow

Op ’n dag het Michael my kom sien om baie vertroulik oor een van sy medestudente, ’n meisie met die naam Patricia, te gesels. Tydens een van my lesings by Charis Bible College het Patricia blykbaar in haar aantekeningboek sit en krabbel. Sy het dinge soos: “Ek is geliefd; ek is mooi,” ensovoorts geskryf. Patricia het graag die aandag op haarself gevestig deur die manier waarop sy aangetrek het. Maar die ware rede waarom Patricia hierdie dinge neergeskryf het, was omdat sy nie geliefd of mooi gevoel het nie, maar verwerp en lelik.

As mense het ons almal sekere basiese behoeftes – die begeerte om geliefd te wees, om aanvaar en gewaardeer te word. Ons hunker na ’n besef van eiewaarde en die wete dat daar vrede tussen ons en God is. Baie godsdienste laat ons vandag ongeliefd, verwerp en waardeloos voel. Een van die mees effektiewe maniere waarop die Satan gelowiges teister, is om ons skuldig en veroordeel te laat voel, terwyl hy ons oortuig dat hierdie emosies baie geestelik is.

Hoeveel van julle het met julle bekering gehoor dat Jesus jou nie slegs liefhet nie, maar dat Hy jou volmaakte geregtigheid sal word as jy Hom aanneem? Trouens, die geregtigheid wat Hy voorsien, is die enigste geregtigheid wat jy ooit sal nodig hê. (In 1 Kor. 1:30 lees ons: *“Maar deur Hom is julle in Christus Jesus, wat vir ons geword het wysheid uit God en geregtigheid en heiligmaking en verlossing”*). Dit is die goeie nuus van die evangelie: *“Want ek skaam my nie oor die evangelie van Christus nie, want dit is ‘n krag van God tot redding vir elkeen wat glo, eerste vir die Jood en ook vir die Griek. Want die geregtigheid van God word daarin geopenbaar uit geloof tot geloof, soos geskrywe is: Maar die regverdige sal uit die geloof lewe.”* (Rom. 1:16-17). *“Aan hom egter wat nie werk nie, maar glo in Hom wat die goddelose regverdig, word sy geloof tot geregtigheid gereken.”* (Rom. 4:5). God het ons nie geroep om geloof in geloof, of geloof vir dinge te hê nie, maar om ’n vaste, afhanklike vertroue in Hom te hê.

God kan nie liewer vir jou wees as wat Hy reeds is nie. Hy ís liefde (1 Joh. 4:8). Ons kan daardie liefde egter in ’n groter mate voel en beleef. Namate jou geloof in God se liefde verdiep, sal jou liefde vir God verdiep. Die Woord sê: *“Ons het lief omdat God ons eerste liefgehad het.”* (1 Joh. 4:19). Dink hieroor, glo dit en ontvang dit!

DISSIPELSKAPVRAE

1. Waarvan was die apostel Paulus oortuig?

2. Toe ek op Bybelkollege was, het een van ons professore aantekeninge uitgedeel waarop gestaan het: "Regverdiging is die regsdaad waardeur God almal wat glo, regverdig verklaar, nie regverdig **maak** nie." Namate ek die Bybel self bestudeer het, het ek tot die oortuiging gekom dat **regverdiging 'n gawe van geregtigheid is wat jou in God se oë regverdig maak**. Lees Romeine 5:19. Deur Jesus Christus se gehoorsaamheid (deurdat Hy die wet onderhou het en gekruisig is), sal baie:
   A. regverdig verklaar word.
   B. as regverdig beskou word.
   C. regverdig gemaak word.

3. Lees 2 Korintiërs 5:21. "Want Hy [God] het Hom [Jesus Christus] wat geen sonde geken het nie [nooit gesondig het nie], sonde vir ons gemaak, sodat ons kan word _____" (my beklemtoning).

4. Lees Kolossense 1:21-22. Jesus Christus het aarde toe gekom en vir ons sondes gesterf. Daarom staan ons in God se teenwoordigheid as mense wat:
   A. voor jou eggenoot
   B. voor jou vriend
   C. voor God
   heilig, sonder gebrek en onberispelik is.

5. Lees Efesiërs 1:6. Ons sal God tot in ewigheid verheerlik, want Hy het ons _____.

SKRIFGEDEELTES VIR GEBRUIK SAAM MET VRAE

ROMEINE 8:38-39 – *"**[38]** Hiervan is ek oortuig: geen dood of lewe of engele of bose magte of teenswoordige of toekomstige dinge of kragte **[39]** of hoogte of diepte of enigiets anders in die skepping kan ons van die liefde van God skei nie, die liefde wat daar is in Christus Jesus ons Here."*

ROMEINE 5:19 – *"Want soos deur die ongehoorsaamheid van die een mens baie tot sondaars gestel is, so sal ook deur die gehoorsaamheid van die Één baie tot regverdiges gestel word."*

2 KORINTIËRS 5:21 – *"Want Hy het Hom wat geen sonde geken het nie, sonde vir ons gemaak, sodat ons kan word geregtigheid van God voor Hom."*

KOLOSSENSE 1:21-22 – *"**[21]** Ook julle was voorheen ver van God af en vyandiggesind teenoor Hom, soos blyk uit julle sondige lewenswyse. **[22]** Maar nou het Hy ook julle met Homself versoen deurdat sy Seun as mens gesterwe het om julle heilig, sonder smet en onberispelik voor Hom te stel."*

EFESIËRS 1:6 – *"Tot lof van die heerlikheid van sy genade waarmee Hy ons begenadig het in die Geliefde."*

DISSIPELSKAPVRAE

6. Lees Hebreërs 10:14. Deur Jesus en sy offer aan die kruis het ons volmaaktheid verkry wat:
   A. tot ons volgende oortreding
   B. tot die volgende erediens
   C. tot in ewigheid
   voortduur.

7. Lees Hebreërs 10:15-17. In die Nuwe Testament belowe God dat Hy by die volgende geleenthede aan ons sondes sal dink:
   A. elke keer wanneer ons sondig.
   B. wanneer ons nie ons tiendes betaal nie.
   C. nooit weer nie.

8. Lees Romeine 6:1-2. God se genade is groter as al ons sondes. Moet ons aanhou sondig sodat God se genade al hoe meer kan word?

9. Lees Hebreërs 9:12. Watter soort verlossing (bevryding van die straf vir ons sondes) het Jesus vir ons verwerf?
   A. Tydelike verlossing
   B. Gedeeltelike verlossing
   C. Ewige verlossing

10. Lees Romeine 8:33.
    Wie kan God se uitverkorenes aankla?

SKRIFGEDEELTES VIR GEBRUIK SAAM MET VRAE

HEBREËRS 10:14-17 – *"**[14]** Want deur een offer het Hy vir altyd volmaak die wat geheilig word. **[15]** Ook die Heilige Gees betuig dit aan ons. Eers sê Hy: **[16]** 'Dit is die verbond wat Ek met hulle na daardie dae sal sluit, sê die Here. Ek sal hulle my wette in die hart gee, in hulle verstand sal Ek dit skrywe.' **[17]** Dan sê Hy verder: 'Aan hulle sondes en hulle oortredings sal Ek nooit meer dink nie.'"*

ROMEINE 6:1-2 – *"**[1]** Wat moet ons nou hiervan sê? Moet ons aanhou sonde doen sodat die genade kan toeneem? **[2]** Beslis nie. Hoe kan ons wat dood is vir die sonde, nog daarin voortlewe?"*

HEBREËRS 9:12 – *"Met sy eie bloed en nie met dié van bokke en kalwers nie, het Hy net een maal die heiligdom binnegegaan en 'n ewige verlossing tot stand gebring."*

ROMEINE 8:33 – *"Wie sal beskuldiging inbring teen die uitverkorenes van God? God is dit wat regverdig maak."*

DISSIPELSKAPVRAE

11. Lees Romeine 8:34. Wie kan God se kinders veroordeel?

12. Lees Romeine 8:35. Wie kan 'n Christen van God se liefde skei?

13. Lees Romeine 8:31. Wat is ons gevolgtrekking aan die einde van hierdie dissipelskaples?

SKRIFGEDEELTES VIR GEBRUIK SAAM MET VRAE

ROMEINE 8:34 – *"Wie kan ons veroordeel? Christus Jesus het gesterf, maar meer as dit: Hy is uit die dood opgewek, Hy sit aan die regterhand van God, Hy pleit vir ons.*

ROMEINE 8:35 – *"Wie kan ons van die liefde van Christus skei? Lyding of benoudheid of vervolging, honger of naaktheid, gevaar of swaard?"*

ROMEINE 8:31 – *"Wat is nou ons gevolgtrekking oor al hierdie dinge? Dit: God is vir ons, wie kan dan teen ons wees?"*

ANTWOORDE

1. Waarvan was die apostel Paulus oortuig?
   Dat niks ons van God se liefde kan skei nie – nie dood of lewe, engele of geeste, die hede of die toekoms, nie hemelse of helse magte nie. Niks kan ons van die liefde van God skei wat daar in Christus Jesus ons Here is nie.

2. Toe ek op Bybelkollege was, het een van ons professore aantekeninge uitgedeel waarop gestaan het: "Regverdiging is die regsdaad waardeur God almal wat glo, regverdig verklaar, nie regverdig **maak** nie." Namate ek die Bybel self bestudeer het, het ek tot die oortuiging gekom dat **regverdiging 'n gawe van geregtigheid is wat jou in God se oë regverdig maak**. Lees Romeine 5:19. Deur Jesus Christus se gehoorsaamheid (deurdat Hy die wet onderhou het en gekruisig is), sal baie:
   C. regverdig gemaak word.

3. Lees 2 Korintiërs 5:21. "Want Hy [God] het Hom [Jesus Christus] wat geen sonde geken het nie [nooit gesondig het nie], sonde vir ons gemaak, sodat **ons** kan word ***geregtigheid van God in Hom (Christus)***" (my beklemtoning).

4. Lees Kolossense 1:21-22. Jesus Christus het aarde toe gekom en vir ons sondes gesterf. Daarom staan ons in God se teenwoordigheid as mense wat: ***C. voor God*** heilig, sonder gebrek en onberispelik is.

5. Lees Efesiërs 1:6. Ons sal God tot in ewigheid verheerlik, want Hy het ons ***begenadig in die Geliefde (Jesus)***.

6. Lees Hebreërs 10:14. Deur Jesus en sy offer aan die kruis het ons volmaaktheid verkry wat: ***C. tot in ewigheid*** voortduur.

7. Lees Hebreërs 10:15-17. In die Nuwe Testament belowe God dat Hy by die volgende geleenthede aan ons sondes sal dink:
   C. nooit weer nie

8. Lees Romeine 6:1-2. God se genade is groter as al ons sondes. Moet ons aanhou sondig sodat God se genade al hoe meer kan word?
   Beslis nie!

9. Lees Hebreërs 9:12. Watter soort verlossing (bevryding van die straf vir ons sondes) het Jesus vir ons verwerf?
   C. Ewige verlossing

10. Lees Romeine 8:33. Wie kan God se uitverkorenes aankla?
    Niemand nie.

11. Lees Romeine 8:34. Wie kan God se kinders veroordeel?
    Niemand nie.

ANTWOORDE

12. Lees Romeine 8:35. Wie kan 'n Christen van God se liefde skei?
Niemand nie.

13. Lees Romeine 8:31. Wat is ons gevolgtrekking aan die einde van hierdie dissipelskaples?
God is vir ons; niemand kan teen ons wees nie.

© 2012, Andrew Wommack
Toestemming word verleen om afskrifte vir dissipelskapdoeleindes te maak, op voorwaarde dat dit gratis uitgereik word.

VLAK 3

LES 12
DIE VRUG VAN REDDING (Deel 1)

Deur Don Krow

Kan 'n eenmalige geloofstap 'n mens "red" indien jy nie daarop voortbou nie? Kan 'n mens ophou glo en steeds die belofte ontvang? Abraham het God geglo en Hy het hom dit tot geregtigheid gereken (Gen. 15:6). Sou Abraham sy geregtigheid verloor het as hy sy geloof verloor het?

Uit die Woord weet ons dat "geloof" as 'n volledige, eenmalige handeling begin (onbepaalde verlede tyd), maar dat dit in die Christelike lewe volgehou moet word, soos uit die Griekse teenwoordige tyd blyk. Opdragte wat in die teenwoordige tyd gegee word, behels 'n volgehoue of herhaaldelike toepassing. Indien ons die volgende woorde of frases in die teenwoordige tyd aan die Bybelleser sou voorhou, sal hy 'n dieper begrip van sekere Bybelgedeeltes verkry. Hierdie woorde is: ***herhaaldelik, m.a.w. oor en oor, konstant, voortdurend, in die reël, as gewoonte of lewenswyse of ononderbroke.***

Oordink die volgende gedeeltes en die manier waarop hulle deur die Griekse teenwoordige tyd beïnvloed word:

Johannes 3:16 – God het die wêreld so lief gehad dat Hy sy enigste Seun gegee het, sodat dié wat in Hom glo [teenwoordige tyd: glo en aanhou glo]**, nie verlore sal gaan nie maar die ewige lewe sal hê.** (My beklemtoning)

Hebreërs 10:14 – Deur die één offer het Hy dié wat vir God afgesonder word *[teenwoordige tyd: dié wat voortdurende afgesonder word]***, vir altyd volkome van sonde vry gemaak.** (My beklemtoning)

1 Johannes 3:9 – Iemand wat 'n kind van God is, doen nie meer sonde nie *[teenwoordige tyd: hy hou nie aan met sondig as 'n lewenswyse nie; hy het nie 'n onboetvaardige hart nie]***, omdat die Gees van God in hom bly** *[teenwoordige tyd: God se Gees bly voortdurend in hom]***; en hy kan nie meer sondig nie** *[teenwoordige tyd: as lewenswyse of ononderbroke]***, omdat hy 'n kind van God is.** (My beklemtoning)

Markus 1:15 – Hy het gesê: "Die tyd het aangebreek, en die koninkryk van God het naby gekom. Bekeer julle *[teenwoordige tyd: bekeer julle en hou aan om julle te bekeer wanneer dit nodig is]***, en glo** *[teenwoordige tyd: en hou aan glo]* **die evangelie.** (My beklemtoning)

Johannes 5:24 – Dit verseker Ek julle: Wie luister na wat Ek sê en in Hom glo *[teenwoordige tyd: glo en aanhou glo]* **wat My gestuur het, het die ewige lewe. Hy word nie veroordeel nie maar het reeds uit die dood na die lewe oorgegaan.** (My beklemtoning)

Lukas 15:7 – Ek sê vir julle: Net so sal daar ook in die hemel blydskap wees oor een sondaar wat hom bekeer *[teenwoordige tyd: en hom voortdurend bekeer]***, eerder as oor nege en negentig mense wat reg doen en nie bekering nodig het nie.** (My beklemtoning)

Handelinge 17:30 – God het die tye van onkunde oorgesien, maar nou roep Hy *[teenwoordige tyd: en hou Hy aan roep]* **al die mense oral op om hulle te bekeer** *[teenwoordige tyd: en om in bekering te volhard]*. (My beklemtoning)

Johannes 6:47 – Dit verseker Ek julle: Wie in My glo *[teenwoordige tyd: en bly glo]***, het die ewige lewe.** (My beklemtoning)

Romeine 4:5 – Maar die mens wat nie op wetsonderhouding staatmaak nie, maar wat glo *[teenwoordige tyd: en bly glo]* **in Hom wat die goddelose vryspreek, hy kry die vryspraak deur sy geloof.** (My beklemtoning)

Handelinge 26:20 – Ek het eers vir die mense in Damaskus en in Jerusalem en toe deur die hele Judea en daarna vir die heidennasies gepreek dat hulle tot inkeer moet kom *[teenwoordige tyd: en voortdurend tot inkeer moet kom]* **en hulle tot God moet bekeer** *[teenwoordige tyd: en hulle bly bekeer]* **en dit moet hulle bewys** *[teenwoordige tyd: en aanhou bewys]* **met dade wat by die bekering pas.** (My beklemtoning)

Gevolgtrekking: Die *teenwoordige tyd* word honderde kere in die Bybel gebruik. Bogenoemde gedeeltes is maar enkele voorbeelde. Die feit is, reddende geloof is iets wat voortduur en word deur Arminianisme sowel as Calvinisme verkondig, alhoewel hulle dit vanuit verskillende perspektiewe beskou.

Calvinisme, wat ewige sekuriteit bely, leer dat alhoewel opregte gelowiges soms struikel of val, hulle nietemin in die Christelike geloof sal volhard (1 Kor. 1:8). Diegene wat in ’n ewige sekuriteit glo, glo ook dat ware Christene vir die sonde doodgegaan het en nie daarin voortlewe nie (Rom. 6:1-3). Diegene wat hulle rug later finaal op Christus keer, bewys dat hulle nooit werklik wedergebore was nie (1 Joh. 2:19).

Armeense teologie leer dat opregte gelowiges wel van die Christelike geloof kan afvallig raak. In die reël glo en verkondig hulle dat diegene wat afvallig raak, hulle verlossing verloor of verbeur. Hulle stelsel laat geen ruimte vir sogenaamde Christene (naam-Christene) wat in rebelse of doelbewuste sonde lewe sonder vrugte wat van hulle bekering getuig nie.

Die apostel Johannes het gesê: *“As ons beweer dat ons nie sonde het nie, bedrieg ons onsself en is die waarheid nie in ons nie”* (1 Joh. 1:8), maar hy het ook gesê: *“Iemand wat ’n kind*

van God is, doen nie meer sonde nie" (1 Joh. 3:9). Alhoewel hierdie twee stellings 'n paradoks vorm, is hulle nie 'n weerspreking van mekaar nie. Alle Christene sondig (1 Joh. 1:8), maar alle Christene is ook gehoorsaam (1 Joh. 2:3). Alhoewel sonde en vleeslikheid steeds by Christene teenwoordig is, kan dit nie hulle meester of oorheersende kenmerk wees nie (1 Joh. 3:9). Ware bekering en geloof vereis 'n ommekeer in ons denke, gesindheid en lewenskoers, selfs al is ons nie volmaak nie (Hand. 26:18 en 1 Joh. 1:8). "Vrugte" is steeds 'n toets van die opregtheid en egtheid van 'n mens se geloof. Geloof is 'n vaste, bonatuurlike oortuiging wat die ware gelowige se gedrag beheer en tot goeie werke lei. Ons lees daarvan in die voorbeelde van geloof wat in Hebreërs 11 aangeteken is. Dit wat ons doen, is dus die uitvloeisel van dit wat ons glo. Jakobus 2:18 lees: "*Wys dan vir my jou geloof wat sonder dade is, en ek sal jou my geloof wys uit my dade.*"

Wanneer die apostels op 'n negatiewe manier van werke praat, verwys hulle na die "werke van die wet," met ander woorde, enigiets wat iemand doen om sy verlossing te verdien of verwerf.

Die Bybel praat ook van die vrug van verlossing, naamlik goeie werke of werke van die geloof. Hierdie werke vind hulle oorsprong uit bekering en geloof (Hand. 26:20, Matt. 3:7-10, 1 Tess. 1:3, en Jak. 2:14-26) en is 'n bewys van redding. Die eenheid wat daar tussen bekering en geloof bestaan, lê daarin dat hulle albei dieselfde vrug of bewys het: goeie werke. Ons word nie <u>deur</u> ons goeie dade gered nie, maar <u>tot</u> goeie werke gered. (Sien Ef. 2:8-10 vir die kontras tussen <u>deur</u> en <u>tot</u>). Werke is die toets van die realiteit van ons geloof. Genade wat nie in 'n mens se lewe en optrede tot uiting kom nie, kan nie as die ware genade van God beskou word nie (Tit. 2:11-12). Jesus het gesê dat ware gelowiges aan hulle vrugte geken sal word (Matt. 3:8, 7:16-20, 25:34-40; Joh. 13:35, 14:23; Hand. 26:20; Rom. 2:6-11; Jak. 2:14-18; en 1 Joh. 3:10).

DISSIPELSKAPVRAE

1. Opdragte wat in die teenwoordige tyd gegee word, behels _____.

2. Lees Johannes 3:16. Wat word in hierdie vers gesê wanneer die teenwoordige tyd in Grieks in ag geneem word?

3. Lees 1 Johannes 3:9. Iemand wat 'n kind van God is, doen nie meer sonde nie. Wat beteken dit?

4. Lees Lukas 15:7. Daar is vreugde in die hemel oor een sondaar wat _____ .

5. Lees Handelinge 17:30. God beveel alle mense oral om _____ .

6. Lees Handelinge 26:20. Watter stelling word in hierdie vers gemaak?

7. Lees 1 Johannes 2:3. Wat is die resultaat van 'n persoonlike verhouding met God?

SKRIFGEDEELTES VIR GEBRUIK SAAM MET VRAE

JOHANNES 3:16 – *"God het die wêreld so lief gehad dat Hy sy enigste Seun gegee het, sodat dié wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie maar die ewige lewe sal hê."*

1 JOHANNES 3:9 – *"Iemand wat 'n kind van God is, doen nie meer sonde nie, omdat die Gees van God in hom bly; en hy kan nie meer sondig nie, omdat hy 'n kind van God is."*

LUKAS 15:7 – *"Ek sê vir julle: Net so sal daar ook in die hemel blydskap wees oor een sondaar wat hom bekeer, eerder as oor nege en negentig mense wat reg doen en nie bekering nodig het nie."*

HANDELINGE 17:30 – *"God het die tye van onkunde oorgesien, maar nou roep Hy al die mense oral op om hulle te bekeer."*

HANDELINGE 26:20 – *"Ek het eers vir die mense in Damaskus en in Jerusalem en toe deur die hele Judea en daarna vir die heidennasies gepreek dat hulle tot inkeer moet kom en hulle tot God moet bekeer en dit moet hulle bewys met dade wat by die bekering pas."*

1 JOHANNES 2:3 – *"As ons die gebooie van God gehoorsaam, weet ons daaraan dat ons Hom ken."*

DISSIPELSKAPVRAE

8. Lees Jakobus 2:18. Jakobus sê: "Wys dan vir my jou geloof wat sonder dade is (iets wat onmoontlik is), en ek sal jou my geloof wys uit _____."

9. Lees 1 Tessalonisense 1:3. Wat word werke of dade genoem wat uit geloof voortvloei?

10. Lees Galasiërs 2:16, 21. Werke van die wet is dinge wat mense doen om verlossing of _____ te verkry (verse 21). Hierdie werke kan nie red nie; hulle het geen verlossingskrag nie.

11. Lees Romeine 2:7-10. Hierdie verse beskryf die vrug van watter twee groepe mense?

SKRIFGEDEELTES VIR GEBRUIK SAAM MET VRAE

JAKOBUS 2:18 – *"Maar iemand kan miskien sê: 'Die een het die geloof en die ander het die dade.' Goed, wys dan vir my jou geloof wat sonder dade is, en ek sal jou my geloof wys uit my dade."*

1 TESSALONISENSE 1:3 – *"Sonder ophou bring ons dan voor God ons Vader in herinnering die werk van julle geloof, die inspanning van julle liefde en die volharding van julle hoop op ons Here Jesus Christus."*

GALASIËRS 2:16 – *"Terwyl ons weet dat die mens nie geregverdig word uit die werke van die wet nie, maar alleen deur die geloof in Jesus Christus, selfs ons het in Christus Jesus geglo, sodat ons geregverdig kan word uit die geloof in Christus en nie uit die werke van die wet nie; omdat uit die werke van die wet geen vlees geregverdig sal word nie."*

GALASIËRS 2:21 – *"Ek verwerp nie die genade van God nie; want as daar geregtigheid deur die wet is, dan het Christus tevergeefs gesterwe."*

ROMEINE 2:7-10 – *"[7] Aan dié wat in goeddoen volhard en op dié manier soek na wat verhewe, eervol en onsterflik is, gee Hy die ewige lewe; **[8]** maar dié wat uit selfsug ongehoorsaam is aan die waarheid en toegee aan die ongeregtigheid, straf Hy in sy toorn. **[9]** Lyding en benoudheid bring Hy oor die lewe van elke mens wat kwaad doen, in die eerste plek oor dié van die Jood, maar ook oor dié van die nie-Jood. **[10]** Wat verhewe en eervol is, en vrede skenk Hy aan elkeen wat goed doen, in die eerste plek aan die Jood, maar ook aan die nie-Jood."*

ANTWOORDE

1. Opdragte wat in die teenwoordige tyd gegee word, behels ***volgehoue of herhaaldelike toepassing***.

2. Lees Johannes 3:16. Wat word in hierdie vers gesê wanneer die teenwoordige tyd in Grieks in ag geneem word?
God het die wêreld so lief gehad dat Hy sy enigste Seun gegee het, sodat dié wat in Hom glo *(teenwoordige tyd: glo en aanhou glo)****, nie verlore sal gaan nie maar die ewige lewe sal hê.***

3. Lees 1 Johannes 3:9. Iemand wat 'n kind van God is, doen nie meer sonde nie. Wat beteken dit?
Iemand wat 'n kind van God is, doen nie meer sonde nie *(teenwoordige tyd: hy hou nie aan met sondig as 'n lewenswyse nie; hy het nie 'n onboetvaardige hart nie).*

4. Lees Lukas 15:7. Daar is vreugde in die hemel oor een sondaar wat ***hom bekeer en hom voortdurend bekeer***.

5. Lees Handelinge 17:30. God beveel alle mense oral om ***hulle te bekeer en om in bekering te volhard***.

6. Lees Handelinge 26:20. Watter stelling word in hierdie vers gemaak?
Ek het eers vir die mense in Damaskus en in Jerusalem en toe deur die hele Judea en daarna vir die heidennasies gepreek dat hulle tot inkeer moet kom *(teenwoordige tyd: en voortdurend tot inkeer moet kom)* ***en hulle tot God moet bekeer*** *(teenwoordige tyd: en hulle bly bekeer)* ***en dit moet hulle bewys*** *(teenwoordige tyd: en aanhou bewys)* ***met dade wat by die bekering pas.***

7. Lees 1 Johannes 2:3. Wat is die resultaat van 'n persoonlike verhouding met God?
Gehoorsaamheid aan sy gebooie; om te doen wat Hy sê.

8. Lees Jakobus 2:18. Jakobus sê: "Wys dan vir my jou geloof wat sonder dade is (iets wat onmoontlik is), en ek sal jou my geloof wys uit ***my dade***."

9. Lees 1 Tessalonisense 1:3. Wat word werke of dade genoem wat uit geloof voortvloei?
Werke van geloof.

10. Lees Galasiërs 2:16, 21. Werke van die wet is dinge wat mense doen om verlossing of ***geregtigheid*** te verkry (verse 21). Hierdie werke kan nie red nie; hulle het geen verlossingskrag nie.

ANTWOORDE

11. Lees Romeine 2:7-10. Hierdie verse beskryf die vrug van watter twee groepe mense?
Gelowiges en ongelowiges.

© 2012, Andrew Wommack
Toestemming word verleen om afskrifte vir dissipelskapdoeleindes te maak, op voorwaarde dat dit gratis uitgereik word.

VLAK 3

LES 13
DIE VRUG VAN REDDING (Deel 2)
Deur Don Krow

Kyk wat staan in hierdie Skrifgedeelte: *"Hiéraan is dit duidelik wie kinders van God en wie kinders van die duiwel is: iemand wat nie regverdig lewe nie en nie sy broer liefhet nie, behoort nie aan God nie* (1 Joh. 3:10). Ons dade maak dit duidelik dat ons kinders van God is, maar dis nie ons dade wat ons kinders van God maak nie. Daar staan: *"Hieraan* ***is dit duidelik*** [weet ons] *wie kinders van God is..."* (1 Joh. 3:10, my beklemtoning).

Jesus het dit soos volg gestel: *"So sal julle hulle dan aan hulle vrugte* ***ken****"* (Matt. 7:20, my beklemtoning).

In die Woord praat God op twee maniere van redding: (1) dat ons uit genade deur geloof gered word (Ef. 2:8-9) en (2) dat verloste mense goeie werke sal doen (Ef. 2:10). Waarom is ons bang om van die vrugte/werke van die gelowige te praat? Die Bybel skram nie weg van die onderwerp nie. Hieraan sal ons ***weet*** dat ons in God se koninkryk en onder God se heerskappy is:

1 Johannes 2:3-5 – [3] **As ons die gebooie van God gehoorsaam,** *weet ons* **daaraan dat ons Hom ken.** [4] **Iemand wat sê: "Ek ken Hom," maar nie sy gebooie gehoorsaam nie, is 'n leuenaar, en die waarheid is nie in hom nie.** [5] **Wie sy woord egter gehoorsaam – in hom het die liefde van God werklik sy doel volkome bereik. Hieraan** *weet* **ons dat ons in Hom is.** (my beklemtoning)

As **jy weet** dat Hy regverdig is, **weet jy** dat elkeen wat doen wat reg is, sy kind is (1 Joh. 2:29). (Dit maak tog sin. God en Christus het 'n regverdige natuur, en almal wat doen wat reg is, lewer bewys dat hulle deel het aan sy natuur, of soos Johannes sê: dat hulle sy kinders is).

1 Johannes 3:5-10 – [5] **Julle weet dat Jesus gekom het om die sondes weg te neem, en daar is geen sonde in Hom nie.** [6] **Iemand wat in Hom bly, hou nie aan met sondig nie** *[In die Grieks dui dit op 'n volgehoue of voortdurende handeling. Die Bybelleser sal sy begrip van die gedeelte verskerp deur die volgende woorde in te voeg: voortdurend, herhaaldelik, oor en oor, ononderbroke, konstant, gewoonlik, as lewenswyse.]***; iemand wat aanhou sondig** *[teenwoordige tyd]***, het Hom nie gesien nie en ken Hom nie.** [7] **Liewe kinders, moenie dat iemand julle mislei nie: wie regverdig lewe** *[teenwoordige tyd: herhaaldelik, oor en oor doen wat reg is]***, is regverdig soos Hy regverdig is;** [8] **wie aanhou sonde doen** *[teenwoordige tyd: uit gewoonte, as lewenswyse, want dit is in hulle natuur]* **behoort aan die duiwel, want die duiwel hou van die begin af aan met sondig. En die Seun van God het juis gekom om die werk van die duiwel tot niet te maak.** [9] **Iemand wat 'n kind van God is, doen nie meer sonde nie** *[teenwoordige*

tyd: as lewenswyse, 'n teken van 'n onboetvaardige hart], **omdat die Gees van God in hom bly; en hy kan nie meer sondig nie** *[teenwoordige tyd: ononderbroke]*, **omdat hy 'n kind van God is.** [10] **Hieraan is dit duidelik wie kinders van God en wie kinders van die duiwel is: iemand wat nie regverdig lewe nie** *[teenwoordige tyd]* **en nie sy broer liefhet nie** *[teenwoordige tyd]*, **behoort nie aan God nie.** (my beklemtoning) *(Johannes sê: "So weet ons wie die kinders van God en wie die kinders van die duiwel is." Diegene wat nie geregtigheid en liefde beoefen nie, bewys dat hulle nie deel het aan die Vader se natuur nie. Is 'n bewys van die wedergeboorte dan nie belangrik nie?)*

1 Johannes 3:14 – *Ons weet* **dat ons klaar uit die dood na die lewe oorgegaan het, want ons het ons broers lief. Wie nie liefhet nie, bly in die dood.**

1 Johannes 4:6 – Ons behoort aan God, en wie vir God ken, luister na ons *[die apostels]***; wie nie aan God behoort nie, luister nie na ons nie** *[die apostels]***. Hieraan kan ons die Gees** *[of gees]* **van die waarheid en die gees van die dwaalleer** *onderskei***.**

1 Johannes 4:8 – Wie nie liefhet nie, het geen kennis van God nie, want God is liefde. *(Liefde is die kenmerk van 'n gelowige, want God se natuur is liefde.)*

1 Johannes 5:2 – *Hieraan weet ons* **dat ons die kinders van God liefhet: wanneer ons God liefhet** *[teenwoordige tyd: en Hom voortdurend liefhet]* **en sy gebooie onderhou** *[teenwoordige tyd: en bly onderhou]*.

1 Johannes 5:18-19 – *Ons weet* **dat iemand wat 'n kind van God is, nie meer sondig nie** *[teenwoordige tyd: as lewenswyse, bewys van 'n onboetvaardige hart]*, **maar die Seun van God bewaar hom** *[teenwoordige tyd: en bewaar hom voortdurend]*, **en die duiwel kry geen houvas op hom nie.** [19] *Ons weet* **dat ons aan God behoort en dat die hele sondige wêreld in die mag van die duiwel is.**

WAAROM HET DIE APOSTEL JOHANNES AL HIERDIE DINGE MET ONS GEDEEL? "Hierdie brief skrywe ek vir julle *sodat julle kan weet* dat julle die ewige lewe het, julle wat in die Seun van God glo." (1 Joh. 5:13).

Gevolgtrekking: Geregtigheid, heiligheid, liefde en die vrug van God se Gees is alles bewyse van die wedergeboorte. Jy het geen sekerheid dat jy aan Hom (God) behoort terwyl jy 'n goddelose lewe lei nie. Jou gewete veroordeel jou en jy het nie vrymoedigheid teenoor God nie. Die apostel Petrus maan jou om deur jou lewe te bewys dat jy geroep en verkies is. Rus in die wete dat jy regtig aan Hom behoort deur 'n lewe te lei wat met die evangelie ooreenstem. Ek het nie gesê: "Dit is hoe ons gered word" nie; ek het gesê: "Dit is *hoe ons weet* dat ons aan Hom behoort."

DISSIPELSKAPVRAE

1. Lees Handelinge 8:13, 18-22. In 1 Johannes lees ons van die "vrug" of bewys van 'n ware gelowige. Hierdie dinge vind hulle oorsprong in die hart. Wat moet 'n gelowige (soos Simon) doen wanneer die gesindheid van sy hart nie reg is nie?

SKRIFGEDEELTES VIR GEBRUIK SAAM MET VRAE

HANDELINGE 8:13 – *"Selfs Simon het gelowig geword. Hy is gedoop en het Filippus oral vergesel. Hy was verstom oor die groot tekens en kragte wat hy sien gebeur het."*

HANDELINGE 8:18-22 – *"**[18]** Toe Simon sien dat die mense die Gees ontvang as die apostels hulle die hande oplê, het hy hulle geld aangebied **[19]** en gesê: 'Gee my ook hierdie bevoegdheid sodat elkeen wat ek die hande oplê, die Heilige Gees kan ontvang.' **[20]** Maar Petrus antwoord hom: 'Gaan na die verderf met jou geld en al! Dink jy jy kan die gawe van God met geld koop? **[21]** In hierdie werk is daar vir jou geen plek nie, want jou gesindheid teenoor God is nie reg nie. **[22]** Bekeer jou van hierdie dwaling en bid tot die Here: miskien sal Hy jou hierdie gesindheid van jou hart vergewe.'"*

DISSIPELSKAPVRAE

2. Lees 2 Petrus 1:5-11. Wat is die bewys dat 'n persoon werklik een van dié is wat deur God geroep en uitverkies is?

SKRIFGEDEELTES VIR GEBRUIK SAAM MET VRAE

2 PETRUS 1:5-11 – *"**[5]** En juis om hierdie rede moet julle alles in die stryd werp om julle geloof te verryk met deugsaamheid, die deugsaamheid met kennis, **[6]** die kennis met selfbeheersing, die selfbeheersing met volharding, die volharding met godsvrug, **[7]** die godsvrug met liefde onder mekaar en die liefde onder mekaar met liefde vir alle mense. **[8]** As julle dit alles besit en dit neem steeds toe, sal julle met ywer en met vrug ons Here Jesus Christus beter leer ken. **[9]** Iemand wat hierdie dinge nie sy eie gemaak het nie, is kortsigtig; nog erger, hy is blind en het vergeet dat hy van sy vroeëre sondes gereinig is. **[10]** Daarom, broers, moet julle julle des te meer daarvoor beywer om deur julle lewe te bewys dat God julle geroep en verkies het. As julle hierdie dinge doen, sal julle nooit struikel nie. **[11]** En dan sal daar vir julle vrye en feestelike toegang wees tot die ewige koninkryk van ons Here en Verlosser, Jesus Christus."*

DISSIPELSKAPVRAE

3. Lees Matteus 25:34-40. Watter kwaliteite word deur die gelowige in hierdie verse geopenbaar?

4. Lees Johannes 13:35. Waaraan word Jesus se dissipels geken?

SKRIFGEDEELTES VIR GEBRUIK SAAM MET VRAE

MATTEUS 25:34-40 – *"**[34]** Dan sal die Koning vir dié aan sy regterkant sê: 'Kom, julle wat deur my Vader geseën is! Die koninkryk is van die skepping van die wêreld af vir julle voorberei. Neem dit as erfenis in besit, **[35]** want Ek was honger, en julle het My iets gegee om te eet; Ek was dors, en julle het My iets gegee om te drink; Ek was 'n vreemdeling, en julle het My gehuisves; **[36]** Ek was sonder klere, en julle het vir My klere gegee; siek, en julle het My verpleeg; in die tronk, en julle het My besoek.' **[37]** Dan sal dié wat die wil van God gedoen het, Hom vra: 'Here, wanneer het ons U honger gesien en U gevoed, of dors en U iets gegee om te drink? **[38]** En wanneer het ons U 'n vreemdeling gesien en U gehuisves, of sonder klere, en vir U klere gegee? **[39]** Wanneer het ons U siek gesien of in die tronk en U besoek?' **[40]** En die Koning sal hulle antwoord: 'Dit verseker Ek julle: Vir sover julle dit aan een van die geringste van hierdie broers van My gedoen het, het julle dit aan My gedoen.'"*

JOHANNES 13:35 – *"As julle mekaar liefhet, sal almal weet dat julle dissipels van My is."*

DISSIPELSKAPVRAE

5. Lees Matteus 7:21-23. Waarom is hierdie persone nie in God se koninkryk toegelaat nie?

SKRIFGEDEELTES VIR GEBRUIK SAAM MET VRAE

MATTEUS 7:21-23 – *"**[21]** Nie elkeen wat vir My sê: 'Here, Here,' sal in die koninkryk van die hemel ingaan nie, maar net hy wat die wil doen van my Vader wat in die hemel is. **[22]** Baie sal daardie dag vir My sê: 'Here, Here, het ons dan nie in u Naam gepreek nie, deur u Naam duiwels uitgedryf en deur u Naam baie wonders gedoen nie?' **[23]** Dan sal Ek openlik vir hulle sê: 'Gaan weg van My af, julle wat die wet van God oortree.'"*

DISSIPELSKAPVRAE

6. Lees Johannes 14:23. Wat sal iemand doen wat vir Jesus lief is?

7. Lees Handelinge 26:20. Wat staan in hierdie vers?

8. Lees Jakobus 2:17. Watter soort geloof het jy indien jou geloof nie deur goeie werke vergesel word nie?

SKRIFGEDEELTES VIR GEBRUIK SAAM MET VRAE

JOHANNES 14:23 – *"Jesus antwoord hom: 'As iemand My liefhet, sal hy my woorde ter harte neem; en my Vader sal hom liefhê, en Ons sal na hom toe kom en by hom woon.'"*

HANDELINGE 26:20 – *"Ek het eers vir die mense in Damaskus en in Jerusalem en toe deur die hele Judea en daarna vir die heidennasies gepreek dat hulle tot inkeer moet kom en hulle tot God moet bekeer; en dit moet hulle bewys met dade wat by die bekering pas."*

JAKOBUS 2:17 – *"So gaan dit ook met die geloof: as dit nie tot dade oorgaan nie, is dit sonder meer dood."*

ANTWOORDE

1. Lees Handelinge 8:13, 18-22. In 1 Johannes lees ons van die "vrug" of bewys van 'n ware gelowige. Hierdie dinge vind hulle oorsprong in die hart. Wat moet 'n gelowige (soos Simon) doen wanneer die gesindheid van sy hart nie reg is nie?
Bekeer jou van jou (dwaling) sonde en bid tot God dat die gesindheid van jou hart vergewe mag word.

2. Lees 2 Petrus 1:5-11. Wat is die bewys dat 'n persoon werklik een van dié is wat deur God geroep en uitverkies is?
Hulle verryk hulle geloof met al die kwaliteite van die Gees, die kwaliteite van hulle nuwe natuur.

3. Lees Matteus 25:34-40. Watter kwaliteite word deur die gelowige in hierdie verse geopenbaar?
Werke wat uit geloof voortspruit – soos om honger mense te voed, gasvryheid te bewys, klere aan armes te gee, die siekes te versorg, na gevangenes uit te reik, ens.

4. Lees Johannes 13:35. Waaraan word Jesus se dissipels geken?
Die liefde wat hulle aan mekaar bewys.

5. Lees Matteus 7:21-23. Waarom is hierdie persone nie in God se koninkryk toegelaat nie?
Hulle het die wet oortree. In Grieks word die teenwoordige tyd gebruik om aan te dui dat dit hulle lewenswyse, hulle natuur was. Jesus sê dat Hy hulle nooit geken het nie. Hulle was verlore, godsdienstige mense wat nooit tot inkeer gekom het en hulle tot die Here bekeer het nie.

6. Lees Johannes 14:23. Wat sal iemand doen wat vir Jesus lief is?
Sy woorde ter harte neem.

7. Lees Handelinge 26:20. Wat staan in hierdie vers?
Bewys dat jy bekeer is deur wat jy doen.

8. Lees Jakobus 2:17. Watter soort geloof het jy indien jou geloof nie deur goeie werke vergesel word nie?
'n Dooie geloof wat nie tot redding lei nie (Jak. 2:14).

© 2012, Andrew Wommack
Toestemming word verleen om afskrifte vir dissipelskapdoeleindes te maak, op voorwaarde dat dit gratis uitgereik word.

VLAK 3

LES 14
’N OPROEP TOT DISSIPELSKAP

Deur Andrew Wommack

Vandag gesels ons oor wat dit beteken om ’n dissipel te wees en om dissipels van ander mense te maak. Jesus het ons nie opdrag gegee om bekeerlinge te maak en mense te oortuig om Jesus as hulle Here te bely en vergifnis van sondes te ontvang nie, maar om dissipels te maak. Alhoewel bekering noodsaaklik is en ek geen afbreuk daaraan wil doen nie, mag ons nie by die wedergeboorte stilstaan nie, maar moet ons na volwassenheid werk. Die doel van ’n Christen, ’n dissipel, is om dissipels van ander mense te maak.

Jesus het ons aangesê om uit te gaan en dissipels te maak, om mense na volwassenheid te lei sodat hulle geestelik vrugbaar kan wees. Ongelukkig sien ons dit nie vandag in ons kerke nie. Ons beskou dit as ons predikante se verantwoordelikheid om mense tot bekering te lei. Ons het rondreisende evangeliste wat groot byeenkomste hou waar duisende mense hulle harte vir die Here gee. En alhoewel dit vir sommiges dalk net ’n emosionele ervaring is, is daar beslis mense wat werklik wedergebore word en ’n verhouding met die Here aanknoop. Bekeerlinge hoor egter selde hoe belangrik dit is om dissipels te word, iets waaraan die Here baie groot waarde heg.

Kom ons vergelyk dit met iemand wat van babatjies hou. Dit sou totaal onverantwoordelik wees om ’n baba te hê, hom vir ’n rukkie lank te koester en met hom te speel, maar dan net so te los. Wanneer ’n mens ’n baba het, is dit jou verantwoordelikheid om hom op te voed en groot te maak. Ons is geneig om vir mense sê dat dit genoeg is om tot bekering te kom en Jesus as jou Verlosser aan te neem. Wanneer dit gebeur, klop ons hulle op die rug en sê: “Nou is jy ’n Christen. Glo in God, lees jou Bybel, en alles sal uitwerk.” Dit is glad nie waarop die Here die klem lê nie.

Om hierdie rede is daar baie mense wat hulle opreg aan die Here oorgegee het, maar nooit volwassenheid bereik nie. Hulle kan nie hulle geloof aan iemand anders oordra nie, want hulle het nooit geleer hoe nie. In plaas daarvan dat hulle positiewe getuies vir Jesus is, word hulle negatiewe getuies. God wil hê ons moet uitgaan en mense op so ’n manier bereik dat hulle volwaardige dissipels kan word wat hulle geloof aan ander mense kan oordra.

As jy elke ses maande iemand na die Here lei en daardie persoon onder jou vlerk neem en leer, totdat hy ’n volwasse Christen is wat sy geloof kan uitdra, sal daar aan die einde van ses maande slegs twee Christene wees. As elkeen van julle een persoon na die Here lei en hom ses maande lank leer, sal daar aan die einde van die jaar vier Christene wees. Op die oog af vergelyk

dit nie met iemand wat ’n duisend mense tydens ’n massabyeenkoms na die Here lei nie. Die meeste mense sal sê: “Hierdie metode lewer vier bekeerlinge in die eerste jaar op terwyl die ander metode ’n duisend bekeerlinge oplewer. Laasgenoemde klink beter.” Die man wat ’n duisend mense na die Here kon lei, sou uiteindelik min of meer 35 000 na die Here gelei het. Dit is wonderlik, en alhoewel niemand dit sal kritiseer nie, is dit net ’n druppel in die emmer in vergelyking met die wêreldbevolking. Dit is basies hoe die kerk te werk gegaan het.

As ons die klem op dissipelskap plaas, die persoon wat elke ses maande een persoon na die Here lei, sal die hele wêreldbevolking oor bietjie meer as twaalf-en-’n-half jaar geëvangeliseer wees. Sommige mense dink: *Dit kan nie wees nie,* maar ek daag jou uit om die berekening te doen. As een persoon elke ses maande ’n dissipel maak wat op sý beurt weer dissipels van ander mense maak, sal vyf-en-’n-half biljoen mense oor ’n bietjie meer as twaalf-en-’n-half jaar met die evangelie bereik word, teenoor die twaalf-en-’n-half duisend wat met die ander metode geëvangeliseer sal word.

Kom ons kyk wat kan gebeur as jy die punt bereik waar jy nie net self oorwinning en volwassenheid ervaar nie, maar die begeerte het om uit te gaan en dit aan ander mense oor te dra, om ’n afrigter te word in plaas van ’n leerling te wees. As daar net een persoon is wat hierdie konsep snap, die Here na ’n plek van volwassenheid volg en een ander persoon per jaar begin leer, sal daar aan die einde van die jaar twee mense wees – jy en die dissipel wat jy gemaak het. Twee jaar later sal daar vier wees. Maar as jy daarmee kan volhou, sal daar aan die einde van tien jaar 1 024 mense wees wat dissipels geword het en vrugbare lede van die liggaam van Christus is. As julle met hierdie proses, wat met net een dissipel begin het, volhou, sal daar aan die einde van twintig jaar meer as ’n miljoen mense wees. Dis ongelooflik. Dit is die vermenigvuldigingsmetode wat die Here ingestel het – om uit te gaan en dissipels te maak, nie bekeerlinge nie. Dit is verreweg die beste manier om die koninkryk uit te brei en mense te bereik, maar in ons menslikheid soek ons na ’n kitsoplossing.

Hoeveel mense wat groot byeenkomste bywoon, hulleself aan die Here toewy en as Christene daar weggaan, worstel steeds met woede, bitterheid en jaloesie en word uiteindelik negatiewe getuies? Hoeveel mense het die ware evangelie al verwerp omdat hulle sulke Christene teëkom en dan dink: *Die skynheiliges by die kerk is niks beter as ek nie. Ek het dit nie nodig nie.*

Die punt is dat dissipelskap die metode is waarvolgens God wil hê ons die wêreld moet evangeliseer. Die waarheid kan jou nie vry maak tensy jy aan Jesus se woorde getrou bly en in Hom groei nie (Joh. 8:31-32). God wil hê dat sy kinders volwassenheid moet bereik sodat hulle sy volheid kan ervaar, maar ook sodat hulle kan uitgaan en dissipels maak. Wie ook al besluit het om dit op ’n ander manier te doen, het dit met ’n metode vervang wat nie werk nie.

Ek bid vandag dat God die waarde van dissipelskap aan jou sal openbaar. Ek wil jou aanspoor om uit te gaan en ’n dissipel te wees wat van ander mense dissipels maak.

DISSIPELSKAPVRAE

1. Het jy geweet dat Jesus mense nooit geroep het om “Christene” te word nie? Sy oproep was dat mense “dissipels” moet word. Raadpleeg die Evangelies (Matteus, Markus, Lukas en Johannes) en lys soveel moontlik Skrifgedeeltes wat aantoon dat Jesus mense tot dissipelskap geroep het.

2. In die boek Handelinge is mense nie geroep om “Christene” te word nie, maar om “dissipels” te word. Raadpleeg die boek Handelinge en lys soveel moontlik Skrifgedeeltes wat aantoon dat mense tot dissipelskap geroep is.

3. Die woord “dissipel(s)” word altesaam 273 maal in die Bybel gebruik. Die woord “Christen(e)” kom slegs drie keer voor. Lys die drie Skrifgedeeltes waar die woord “Christen(e)” in die Bybel gebruik word, en skryf dit uit.

4. Lees Matteus 10:25. Wat is ’n dissipel volgens hierdie vers?

5. Lees Lukas 14:26. Om ’n dissipel van Jesus te wees, beteken die onvoorwaardelike opoffering van my lewe vir iemand anders se lewe. Waar of vals.

6. Lees Lukas 14:33. Om ’n dissipel van Jesus te wees, het in sommige gevalle letterlik beteken dat mense alles moes agterlaat om Jesus eerste te stel. Waar of vals.

SKRIFGEDEELTES VIR GEBRUIK SAAM MET VRAE

MATTEUS 10:25 – *“’n Leerling moet tevrede wees as dit met hom gaan soos met sy leermeester, en ’n slaaf as dit met hom gaan soos met sy eienaar. As hulle die hoof van die huis die skeldnaam Beëlsebul gegee het, sal hulle dan nie sy huisgenote met baie erger name uitskel nie?”*

LUKAS 14:26 – *“As iemand na My toe kom, kan hy nie my dissipel wees nie tensy hy afstand doen van sy eie vader en moeder en vrou en kinders en broers en susters, ja, selfs van sy eie lewe.”*

LUKAS 14:33 –
“So kan niemand van julle my dissipel wees as hy nie bereid is om van al sy besittings afstand te doen nie.”

DISSIPELSKAPVRAE

7. Lees Matteus 19:29. Almal wat huise, broers, susters, ouers, kinders of grond ter wille van Jesus agtergelaat het, sal honderdvoudig terugontvang en sal die ewige lewe beërwe. Waar of vals.

8. Lees Handelinge 14:22. Dissipels moet getrou bly in die geloof. Waar of vals.

9. Lees Hebreërs 10:14. Die werklike beswaar wat sommige mense teen Skrifgedeeltes het wat dissipelskap beklemtoon, is die feit dat “Christenskap” geen inspanning vereis nie (dit is deur genade) terwyl “dissipelskap” opoffering en toewyding verg. Christus se verlossing vereis geen inspanning van ons kant nie; dit is volmaak, maar Christus wou nog altyd hê dat ons ons hele lewe tot sy beskikking stel. Waar of vals.

10. Lees Handelinge 11:26. Christus het nie twee soorte gelowiges geroep, sommiges om Christene te wees en ander om dissipels te wees nie. Christene is veronderstel om dissipels te wees. Waar of vals.

11. Lees Matteus 28:19. Jesus se opdrag aan gelowiges was om:
    A. dissipels
    B. bekeerlinge
    van al die nasies te maak.

12. Lees Matteus 28:20. Gelowiges moet ander mense leer om alles te gehoorsaam wat Jesus gesê het. Waar of vals.

SKRIFGEDEELTES VIR GEBRUIK SAAM MET VRAE

MATTEUS 19:29 – *“En elkeen wat ter wille van my Naam afgesien het van huise of broers of susters of pa of ma of kinders of grond, sal honderd maal soveel ontvang en die ewige lewe as erfenis kry.”*

HANDELINGE 14:22 – *“Hulle het die gelowiges geestelik versterk en hulle aangespoor om getrou te bly in die geloof.”*

HEBREËRS 10:14 – *“Deur die één offer het Hy dié wat vir God afgesonder word, vir altyd volkome van sonde vry gemaak.”*

HANDELINGE 11:26 – *“Toe hy hom kry, het hy hom na Antiogië toe gebring, en hulle twee het ’n hele jaar lank saam in die gemeente gewerk en baie mense onderrig. In Antiogië is die gelowiges die eerste keer Christene genoem.”*

MATTEUS 28:19-20 – *“**[19]** Gaan dan na al die nasies toe en maak die mense my dissipels: doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees. **[20]** Leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het. En onthou: Ek is by julle al die dae tot die voleinding van die wêreld.”*

DISSIPELSKAPVRAE

13. Lees Johannes 1:12. Jesus het sy voordele (vergifnis, vryspraak, ens.) aan ons gebied, maar nie sonder dat ons Hom as persoon aanneem nie. Waar of vals.

SKRIFGEDEELTES VIR GEBRUIK SAAM MET VRAE

JOHANNES 1:12 – *“Maar aan almal wat Hom aangeneem het, dié wat in Hom glo, het Hy die reg gegee om kinders van God te word.”*

ANTWOORDE

1. Het jy geweet dat Jesus mense nooit geroep het om “Christene” te word nie? Sy oproep was dat mense “dissipels” moet word. Raadpleeg die Evangelies (Matteus, Markus, Lukas en Johannes) en lys soveel moontlik Skrifgedeeltes wat aantoon dat Jesus mense tot dissipelskap geroep het.

2. In die boek Handelinge is mense nie geroep om “Christene” te word nie, maar om “dissipels” te word. Raadpleeg die boek Handelinge en lys soveel moontlik Skrifgedeeltes wat aantoon dat mense tot dissipelskap geroep is.

3. Die woord “dissipel(s)” word altesaam 273 maal in die Bybel gebruik. Die woord “Christen(e)” kom slegs drie keer voor. Lys die drie Skrifgedeeltes waar die woord “Christen(e)” in die Bybel gebruik word, en skryf dit uit.
Handelinge 11:26, Handelinge 26:28, en 1 Petrus 4:16.

4. Lees Matteus 10:25. Wat is ’n dissipel volgens hierdie vers?
’n Dissipel is iemand wat soos sy onderwyser of meester word.

5. Lees Lukas 14:26. Om ’n dissipel van Jesus te wees, beteken die onvoorwaardelike opoffering van my lewe vir iemand anders se lewe.
Waar.

6. Lees Lukas 14:33. Om ’n dissipel van Jesus te wees, het in sommige gevalle letterlik beteken dat mense alles moes agterlaat om Jesus eerste te stel.
Waar.

7. Lees Matteus 19:29. Almal wat huise, broers, susters, ouers, kinders of grond ter wille van Jesus agtergelaat het, sal honderdvoudig terugontvang en sal die ewige lewe beërwe.
Waar.

8. Lees Handelinge 14:22. Dissipels moet getrou bly in die geloof.
Waar.

9. Lees Hebreërs 10:14. Die werklike beswaar wat sommige mense teen Skrifgedeeltes het wat dissipelskap beklemtoon, is die feit dat “Christenskap” geen inspanning vereis nie (dit is deur genade) terwyl “dissipelskap” opoffering en toewyding verg. Christus se verlossing vereis geen inspanning van ons kant nie; dit is volmaak, maar Christus wou nog altyd hê dat ons ons hele lewe tot sy beskikking stel.
Waar.

10. Lees Handelinge 11:26. Christus het nie twee soorte gelowiges geroep, sommiges om Christene te wees en ander om dissipels te wees nie. Christene is veronderstel om dissipels te wees.
Waar.

ANTWOORDE

11. Lees Matteus 28:19. Jesus se opdrag aan gelowiges was om: **A. dissipels** van al die nasies te maak.

12. Lees Matteus 28:20. Gelowiges moet ander mense leer om alles te gehoorsaam wat Jesus gesê het.
Waar.

13. Lees Johannes 1:12. Jesus het sy voordele (vergifnis, vryspraak, ens.) aan ons gebied, maar nie sonder dat ons Hom as persoon aanneem nie.
Waar.

© 2012, Andrew Wommack
Toestemming word verleen om afskrifte vir dissipelskapdoeleindes te maak, op voorwaarde dat dit gratis uitgereik word.

VLAK 3

LES 15
HOE OM JOU GETUIENIS TE GEBRUIK

Deur Don Krow

Vandag wil ek met jou oor jou persoonlike getuienis praat. In Handelinge 5:42 staan daar: *"En hulle het nie opgehou om die mense elke dag in die tempel en in hulle huise te leer en die evangelie te verkondig dat Jesus die Christus is nie."* Let daarop dat die dissipels van die vroeë kerk elke dag in die tempel vergader het, en dat hulle van huis tot huis voortgegaan het om Jesus as die Christus te verkondig. Baie mense voel dat 'n deur-tot-deur bediening 'n onnatuurlike of 'n ongemaklike storie is. Vandag wil ek jou vertel wat ons geleer het deur uit te gaan – van die deure wat oopgegaan het en mense wat hulle bekeer het en Jesus Christus aangeneem het.

Dis nie naastenby so moeilik soos jy moontlik dink nie, en een van die dinge van ek in die Bybel opgemerk het, was dat die apostel Paulus sy persoonlike getuienis by drie geleenthede in gesprekke met ongeredde persone gedeel het. In Handelinge 9, 22 en 26 het hy sy getuienis gebring en vir ongelowiges vertel wat met hom gebeur het. Een van die beste benaderings wat ons volg wanneer ons die boodskap van Jesus Christus na ander mense bring, is iets wat ons "prayer-walking" noem. Ons klop aan 'n deur en sê vir die persoon: "Ons bid vir mense in hierdie area. Ons glo dat God gebede hoor en verhoor, en ons het gewonder of julle gesin enige probleme of situasies het waarvoor ons kan bid." Soms sê hulle ja en dan bid ons vir hulle; ander kere voel hulle 'n bietjie ongemaklik of verleë en sê: "Op die oomblik het ons nie enige gebedsversoeke nie." Dan begin ons net ons persoonlike getuienis met hulle deel.

Ek begin byvoorbeeld deur te sê: "Ek sien julle het kinders. Ek het ook drie. Op 4 Desember, 1981, is my dogtertjies, 'n tweeling, gebore. Die tweede enetjie was dood met geboorte." Hulle reageer gewoonlik: "Ek's so jammer om dit te hoor." Dan sê ek: "Moenie jammer wees nie. Kom ek vertel julle wat gebeur het." Dan begin ek my verhaal vertel. Die tweede dogtertjie was 'n brugbaba, wat beteken dat sy met haar voetjies eerste gebore is. Iewers tydens die geboorte is haar suurstof afgesny en sy is doodgebore.

Die vroedvrou het haar opgetel, haar hard op die ruggie geklap, haar longetjies uitgesuig vir ingeval daar vloeistof in was en alles gedoen wat sy kon, maar uiteindelik moed opgegee. Ek was soos enige ander pa. Ek het pas my kind verloor en daar was niks wat ek daaraan kon doen nie. Op hierdie punt vra ek die mense by die deur: "Mag ek maar vra, lees julle die Bybel?" Soms sê hulle: "Ja, 'n bietjie," en soms: "Nie eintlik nie." Dan verduidelik ek: "Die rede waarom ek vra, is omdat die Bybel in Handelinge 10:38 sê dat Jesus rondgegaan het, oral goeie werke gedoen het en mense genees het wat onder die mag van die duiwel was, omdat God by Hom was. Dalk beteken my verhaal iets vir julle, dalk nie, maar my babadogtertjie was dood en ek het gedink

dat ons haar oor ’n paar dae sou begrawe. *As ek haar maar net kan vashou,* het ek gedink. Toe ek haar optel, het ek van ’n bose teenwoordigheid bewus geraak, iets wat die Bybel ’n demoniese gees noem. Die demoon het my fisies aangeval en ek was vir ’n oomblik verlam. Toe dit gebeur, het ek dadelik gesê: “Onrein gees, in die Naam van Jesus Christus beveel ek jou: kom uit hierdie baba uit, en lewe: kom vul hierdie kind in Jesus Naam.” Daardie klein babatjie, wat nog nooit asemgehaal het nie, het gesnak, een maal asemgehaal en toe weer opgehou. Ek het weer gesê: “Onrein gees, in die Naam van Jesus Christus beveel ek jou om uit hierdie kind uit te kom, en lewe om haar te vul!” Hierdie keer het sy ’n paar maal na asem gesnak en toe begin asemhaal.

Ek noem die persoon met wie ek gesels op die naam en sê: “Iemand wie se brein ongeveer drie minute lank sonder suurstof is, sal breinskade hê. My dogter is in elke opsig normaal. Ons het haar Vita genoem, wat “lewe” in Latyn beteken, want ons wil vertel wat God vir haar gedoen het. Hy het haar weer met lewe gevul. Sedert dit gebeur het, het ek ’n studie van die Bybel gemaak, en die volgende ontdek: Net soos daar ’n onrein gees oor my kind was, is daar ’n koninkryk van die duisternis, die ryk van die Satan en sy mag, en dan is daar die koninkryk van God se geliefde Seun.

“Toe Jesus aarde toe gekom het, het Hy die mense uit die koninkryk van die duisternis na sy koninkryk begin roep – sodat hulle deur geloof en bekering die vergifnis van hulle sondes kan ontvang en Hom kan volg. Ek weet nie wat julle glo nie, maar ek wil vertel wat in my gesin en in my lewe gebeur het. Ek wil julle vertel waarom ons vanaand hiernatoe gekom het. Jesus het ons gestuur om dissipels te maak. Ek weet baie mense is besig en kan nie, of wil nie, kerk toe gaan nie. As jy in ’n erediens sit en ’n vraag het, kan jy nie jou hand opsteek en die predikant vra wat hy bedoel het nie. Dit is waarom ons na mense se huise toe kom. Ons bring ’n kort boodskap van tien minute. Dan gaan kyk ons na die Bybel en vra ’n paar vrae om seker te maak ons verstaan waaroor dit gaan. Dis eintlik meer ’n dialoog as enigiets anders. Ons preek nie vir mense, of kom sê vir hulle wat die Bybel sê nie, maar probeer hulle help om self te ontdek wat die Woord sê deur ’n paar vrae te vra.

“Sou julle hierin belangstel? Ons kan ’n afspraak maak wanneer dit julle pas, na julle huis toe kom en die les met julle deel. As julle niks uit die eerste les kry nie, as dit julle nie help, bemoedig of opbou nie, sal ons nie weer kom nie. Ons is nie hier om julle te pla of om julle te oortuig om by ’n kerk of organisasie aan te sluit, of enige so iets nie. Die enigste rede waarom ons hier is, is om julle te vertel wat Jesus Christus vir julle persoonlik gedoen het en om julle te help om self die Woord te verstaan. Daar is baie dinge in die Bybel wat ons nie weet of verstaan nie, maar ons is hier om ’n kort kursus aan te bied. Sou julle hierin belangstel?” Baie mense het al ingestem en hierdie kursus gedoen. Ons is nie daar om mense se arm te draai en hulle te probeer oortuig om ’n gebedjie op te sê, terwyl hulle nie eens verstaan wat hulle doen nie. Ons volg die dissipelskaplesse en help hulle om Christus en Hom as die gekruisigde te leer ken.

Ek het ’n pastoor van ons dissipelskaplesse vertel en hy het gevra: “Don, wat gebeur na die eerste les?” Na die eerste les weet mense wat hulle te doen staan om Jesus Christus aan te neem en die genade en vergifnis te ontvang wat Hy bied. Ons is nie verkoopsagente nie, maar

gedurende die eerste les sal hulle besef wat hulle moet doen. Die pastoor het my toe gevra wat aan die einde van les 15 gebeur. "Iemand wat die kursus enduit bywoon, het hom teen les 15 gewoonlik reeds van sy sondes bekeer en is met water en die Heilige Gees gedoop. Ons sien dit dikwels gebeur, nie na les 15 nie, maar selfs na les 6."

In Matteus 28 het Jesus ons opdrag gegee om na die nasies toe te gaan, dissipels te maak en hulle in die Naam van die Vader, Seun en Heilige Gees te doop. Deur die loop van die kursus leer ons die mense van Jesus Christus en Hom as die gekruisigde. Namate die kursus week na week voortgesit word, word daar vriendskappe gebou. Mense begin ons vertrou. Ons bring God se Woord vir hulle; ons preek nie vir hulle nie. Ons lees die weeklikse Skrifgedeeltes en vra die vrae op so 'n manier dat hulle die antwoorde self in die Woord kry. Week na week sien ons mense op 'n plek kom waar hulle bereid is om Christus openlik te bely, omdat hulle weet wat dit beteken om Hom aan te neem, te volg en hulleself aan Hom oor te gee. Dit is baie anders as baie van die hedendaagse evangelisasiebenaderings.

Die manier waarop ons na verlore mense uitreik, is eerstens deur ons persoonlike getuienis. Elkeen van ons het 'n persoonlike getuienis. Ons skryf dikwels ons eie traktaatjies. Ek het een, "Die dood van my dogter," geskryf wat ek al dikwels by deure gelos het. Van die ander mense in ons Dissipelskapsevangelisasiespan het ook al traktaatjies geskryf soos "A Slave Set Free," deur Joe Rose wat aan alkohol en dwelms verslaaf was, en "The Death of a Dope Friend" deur Rocky Forry wat van vyftien af aan dwelms verslaaf was en deur Jesus bevry is. Ons deel hierdie getuienisse wanneer ons by mense aanklop.

Sommige mense sê: "Maar ek het nie 'n dinamiese getuienis nie. Ek het nie gesien hoe my baba na agt minute uit die dood opgewek is nie." Ek weet baie mense het nie sulke dramatiese getuienisse nie. Jou getuienis is dalk soos dié van Andrew Wommack wat deur God se krag gedra is en wat regdeur sy kinder- en jongmenslewe teen afvalligheid, onreinheid en goddeloosheid beskerm is. Elkeen van ons het 'n getuienis en as jy dink dat joune nie dinamies genoeg is nie, gebruik myne. Toe ons met ons Dissipelskap-evangelisasiespanne en uitreike begin het, het Joe Rose my getuienis gebruik. Na 'n rukkie het hy dit beter as ek gedoen, dus sou ek net sê: "Joe, vertel hulle wat met my gebeur het."

As die apostel Paulus sy persoonlike getuienis drie maal in die Nuwe Testament gebruik het om ongelowiges te bereik, kan jy dit ook doen. Ons het vandag rekenaars met programme soos Word Perfect, Microsoft Word, ens. Dit is baie maklik om 'n traktaatjie met jou eie getuienis saam te stel. Dit is baie effektief om te sê: "Dit is nie iets wat ek in 'n Christelike boekwinkel gekoop het nie. Dit het met my gebeur."

Ek wil jou aanmoedig om jou persoonlike getuienis neer te skryf – wat met jou gebeur het en hoe jy Jesus Christus ontmoet het. Deel dan jou getuienis met 'n vriend asof jy met iemand gesels wat jy nie ken nie.

Vir meer inligting oor hierdie onderwerp kan jy my webwerf **www.krowtracts.com**

besoek en na die inligting onder “Tips on Sharing Your Faith” gaan kyk. Skryf jou persoonlike getuienis neer, oefen dit in en bestudeer “Tips on Sharing Your Faith”. Dit is baie belangrik dat jy dit nie net lees nie, maar dit in diepte bestudeer namate jy die nasies, een persoon op ’n slag, evangeliseer. Die Here seën jou.

DISSIPELSKAPVRAE

1. Lees Markus 16:15. Aan wie moet die evangelie verkondig word?

2. Lees Matteus 28:19-20. Van wie moet ons dissipels maak?

SKRIFGEDEELTES VIR GEBRUIK SAAM MET VRAE

MARKUS 16:15 – *"Hy het vir hulle gesê: 'Gaan uit, die hele wêreld in, en verkondig die evangelie aan die hele mensdom.'"*

MATTEUS 28:19-20 – *"**[19]** Gaan dan na al die nasies toe en maak die mense my dissipels: doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees, en **[20]** leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het. En onthou: Ek is by julle al die dae tot die voleinding van die wêreld."*

DISSIPELSKAPVRAE

3. Lees Handelinge 8:5, 26, 16:13-15, 23, 20:20-21. Waar het evangelisasie plaasgevind?

SKRIFGEDEELTES VIR GEBRUIK SAAM MET VRAE

HANDELINGE 8:5 – *"So het dit gebeur dat Filippus by 'n stad in Samaria gekom het en Christus daar verkondig het."*

HANDELINGE 8:26 – *"'n Engel van die Here het vir Filippus gesê: 'Maak jou klaar en gaan teen die middag na die pad wat van Jerusalem af Gasa toe loop.' Dit is 'n stil pad."*

HANDELINGE 16:13-15,23 – *"**[13]** En op die sabbatdag het ons uitgegaan buitekant die stad langs 'n rivier waar die gebruiklike bidplek was, en ons het gaan sit en met die vroue gespreek wat daar bymekaargekom het. **[14]** En 'n vrou met die naam van Lídia, 'n purperverkoopster van die stad Thiatíre, 'n godsdienstige vrou, het geluister; die Here het haar hart geopen om ag te gee op wat deur Paulus gesê is. [15] En toe sy en haar huisgesin gedoop is, het sy by ons aangedring en gesê: As u oordeel dat ek in die Here glo, kom dan in my huis en bly daar. En sy het ons gedwing... **[23]** En toe hulle hul baie slae gegee het, het hulle hul in die gevangenis gewerp en die tronkbewaarder bevel gegee om hulle sorgvuldig te bewaak."*

HANDELINGE 20:20-21 – *"[20] Julle weet dat ek niks teruggehou het wat vir julle voordelig kon wees nie, toe ek by julle in die openbaar gepreek en julle in julle huise onderrig het. [21] Ek het sowel die Jode as die Grieke ernstig vermaan om hulle tot God te bekeer en in ons Here Jesus te glo."*

DISSIPELSKAPVRAE

4. Lees Markus 4:11-12. Voordat iemand hom waarlik kan bekeer, moet hy:
   A. sien.
   B. 'n gewaarwording hê.
   C. hoor.
   D. verstaan.
   E. al bogenoemde.

5. Lees Handelinge 28:23-24. Hoeveel tyd het Paulus aan die uiteensetting van die evangelie bestee om mense van Jesus te oortuig?

6. Lees Handelinge 16:14. Wat moet geopen word wanneer iemand hom waarlik tot Christus bekeer?

7. Lees Handelinge 2:37. Wat gebeur wanneer iemand se hart oopgaan en hy of sy tot geloof kom?

SKRIFGEDEELTES VIR GEBRUIK SAAM MET VRAE

MARKUS 4:11-12 – *"**[11]** En Hy het vir hulle gesê: 'Aan julle is die insig in die geheim van die koninkryk van God gegee; maar vir dié wat daarbuite is, bly alles net by gelykenisse, **[12]** sodat hulle kyk en kyk en tog nie sien nie, en hoor en hoor en tog nie verstaan nie, dat hulle hulle nie miskien bekeer en vergewe word nie.'"*

HANDELINGE 28:23-24 – *"**[23]** Hulle het toe 'n datum met hom afgespreek, en op daardie dag het daar nog meer mense na die plek toe gekom waar hy gebly het. Van vroeg die môre tot laat die aand het Paulus die koninkryk van God vir hulle verduidelik en hulle uit die wet van Moses en uit die profete probeer oortuig van Jesus. **[24]** Deur sy uiteensetting het daar party oortuig geraak, maar ander wou nie glo nie."*

HANDELINGE 16:14 – *"En 'n vrou met die naam van Lídia, 'n purperverkoopster van die stad Thiatíre, 'n godsdienstige vrou, het geluister; die Here het haar hart geopen om ag te gee op wat deur Paulus gesê is."*

HANDELINGE 2:37 – *"By die aanhoor hiervan is die mense diep getref en het hulle vir Petrus en die ander apostels gevra: 'Wat moet ons doen, broers?'"*

DISSIPELSKAPVRAE

8. Lees Handelinge 16:31, 2:38. En wat moet 'n persoon doen?

9. Lees Handelinge 2:42 en Johannes 8:31-32. Wat moet 'n persoon verder doen?

10. Lees Romeine 10:14-15. Hoe kom 'n persoon by Christus uit? (In hierdie teksvers word dit omgekeerd uiteengesit.)

SKRIFGEDEELTES VIR GEBRUIK SAAM MET VRAE

HANDELINGE 16:31 – *"Hulle antwoord hom: 'Glo in die Here Jesus, en jy sal gered word, jy en jou huisgesin.'"*

HANDELINGE 2:38 – *"Toe antwoord Petrus hulle: 'Bekeer julle en laat elkeen van julle gedoop word in die Naam van Jesus Christus. Dan sal God julle sondes vergewe, en sal julle die Heilige Gees as gawe ontvang.'"*

HANDELINGE 2:42 – *"Hulle het hulle heelhartig toegelê op die leer van die apostels en die onderlinge verbondenheid, die gemeenskaplike maaltyd en die gebede."*

JOHANNES 8:31-32 – *"**[31]** Toe sê Jesus vir die Jode wat in Hom glo: 'As julle aan my woorde getrou bly, is julle waarlik my dissipels; **[32]** en julle sal die waarheid ken, en die waarheid sal julle vry maak.'"*

ROMEINE 10:14-15 – *"**[14]** Maar hoe kan 'n mens Hom aanroep as jy nie in Hom glo nie? En hoe kan jy in Hom glo as jy nie van Hom gehoor het nie? En hoe kan jy van Hom hoor sonder iemand wat preek? **[15]** En hoe kan iemand preek as hy nie gestuur is nie? Daar staan ook geskrywe: 'Hoe wonderlik klink die voetstappe van dié wat die goeie boodskap bring.'"*

ANTWOORDE

1. Lees Markus 16:15. Aan wie moet die evangelie verkondig word?
   Die hele mensdom. Almal.

2. Lees Matteus 28:19-20. Van wie moet ons dissipels maak?
   Die mense van al die nasies.

3. Lees Handelinge 8:5, 26, 16:13-15, 23, 20:20-21. Waar het evangelisasie plaasgevind?
   In stede, op afgeleë paaie, rivieroewers, in gevangenisse, in die openbaar en van huis tot huis.

4. Lees Markus 4:11-12. Voordat iemand hom waarlik kan bekeer, moet hy:
   E. al bogenoemde.

5. Lees Handelinge 28:23-24. Hoeveel tyd het Paulus aan die uiteensetting van die evangelie bestee om mense van Jesus te oortuig?
   Van die oggend tot die aand, waarskynlik ses tot agt ure per dag.

6. Lees Handelinge 16:14. Wat moet geopen word wanneer iemand hom waarlik tot Christus bekeer?
   Die hart, die kern van iemand se wese.

7. Lees Handelinge 2:37. Wat gebeur wanneer iemand se hart geopen word en hy of sy tot geloof kom?
   As hulle werklik glo, sal hulle vra: "Wat moet ek doen?"

8. Lees Handelinge 16:31, 2:38. En wat moet 'n persoon doen?
   Hom bekeer, in die Here Jesus Christus glo en gedoop word.

9. Lees Handelinge 2:42 en Johannes 8:31-32. Wat moet 'n persoon verder doen?
   Hy moet hom toelê op die leer van die apostels, en voortgaan om aan Jesus se woorde getrou te bly en dit uit te voer.

10. Lees Romeine 10:14-15. Hoe kom 'n persoon by Christus uit? (In hierdie teksvers word dit omgekeerd uiteengesit.)
    Eerstens word iemand gestuur. Dan word daar gepreek. Omdat mense die boodskap van Christus hoor, glo hulle. Omdat hulle glo, roep hulle die Here se Naam aan om gered te word.

© 2012, Andrew Wommack
Toestemming word verleen om afskrifte vir dissipelskapdoeleindes te maak, op voorwaarde dat dit gratis uitgereik word.

VLAK 3

LES 16
ELKEEN SE GAWES SPEEL ’N ROL IN DISSIPELSKAP

Deur Don Krow

Vandag gesels ons oor hoe elke gelowige sy of haar gawes in dissipelskap kan gebruik. Ons gebruik hierdie dissipelskapprogram al vir baie maande met groot sukses. Ons sien hoe mense se lewens verander word wanneer hulle wedergebore word en in die Heilige Gees en met water gedoop word. Op ’n dag het ek egter teenoor ’n vriend bely: “Dis asof ons ’n paar dinge mis.” Hy het geantwoord: “Ek was onder die indruk dit gaan uitstekend. Wat bedoel jy?”

Ek wil met jou deel wat dit beteken om ’n inwaartse kerk – waar mense net sit, na die predikant luister en huis toe gaan – in ’n uitwaartse kerk te verander, waar lidmate na die buitewêreld uitreik. Kom ek deel ’n paar statistieke: 95 persent van alle Christene het nog nooit iemand na die Here toe gelei nie en 90 persent van mense wat geëvangeliseer word, is reeds Christene. Die kerkgebou is die mees geëvangeliseerde lokaal in die wêreld. Ons evangeliseer die Sondagskoollokale en ons evangeliseer die kerkbanke. Te oordeel na die manier waarop ons die gebou evangeliseer, sou ’n mens sê die kerk moet bekeer word.

Dit was eers teen die einde van die derde eeu onder keiser Konstantyn dat kerkgeboue opgerig is. Wat evangelisasiewerk onder verlore mense betref, het die kerk sedertdien agter die mure van kerkgeboue weggekruip. Vandag wil ons na mense buitekant daardie mure uitreik en ’n inwaartse kerk in ’n uitwaartse kerk verander. Statisties gesproke is slegs 0,5 persent (minder as een persent) van uitreikprogramme op mense buite die kerk gerig. Dit beteken dat nie een van die groot denominasies in die Verenigde State ’n strategie volg om ongelowiges te bereik nie. Die evangelisasie van mense buite ons kerkgeboue is ’n aspek van Christenskap wat weer ontdek moet word.

Met die Hervorming het Martin Luther die waarheid rondom vryspraak deur die geloof onder die kerk se aandag gebring. In die negentiende eeu het Johannes Wesley massa-evangelisasie die lig laat sien. Maar dit blyk dat een-tot-een dissipelskap en evangelisasie sedert die apostels van die toneel af verdwyn het. Baie mense protesteer dat hulle nie weet hoe om te werk te gaan nie. Deur hierdie program sal ons jou wys hoe – dis baie eenvoudig. Ons sal jou leer hoe maklik dit is om uit te gaan en mense te bereik deur jou getuienis te gebruik. Dit is waarop ek nou wil fokus. Dít is die goeie nuus.

Hoe sou jy daarvan hou om te doen wat jy wil doen, nie wat iemand anders van jou verwag (en wat jy nie wil doen nie) nie, maar presies wat jy wil? Dit is waarvan ons praat. Wanneer

ek vir mense verduidelik hoe Dissipelskapevangelisasie werk, hoe ons persone aanraak, hoe hulle gered en wedergebore word en hoe hulle met die Heilige Gees gevul en met water gedoop word, stem hulle saam dat dit wonderlik is. Maar as ek hulle vra om saam met my uit te gaan, is daar miskien drie uit tweehonderd Christene wat inwillig; die res is bang of weet nie hoe om dit te doen nie. Veronderstel ek sou sê: “Vergeet daarvan. Moenie bekommerd wees nie; julle hoef nie bang te wees nie. Ons sal uitgaan en die Bybelstudies reël en die dissipelskaplesse vir julle saamstel.” Hoeveel van julle sal bereid wees om die lesse aan te bied? Hierdie keer sal daar meer – ongeveer tien of twaalf – belangstellendes wees. Maar wat van die res?

Ons wil jou wys hoe elke gawe in die liggaam van Christus gebruik kan word om ongelowiges te red, vir hulle lief te wees en dissipels te maak. Elke gawe sal daarvoor benodig word, en hierdie gawes word slegs in die liggaam van Christus, die plaaslike kerk, gevind. Sommige van julle bid graag saam met mense vir die doop met die Heilige Gees of genesing of iets dergeliks. Daar is geleenthede tydens ons dissipelskap wanneer ons jou uitsluitlik daarvoor kan nader. Ander mense voel dalk nie gemaklik daarmee nie. Maar kan jy ’n koek bak? Kan jy ’n kaartjie stuur? Kan jy ’n oproep maak? Kan jy ’n muur verf? Kan jy ’n enkelma se kinders oppas sodat sy ’n uur het om uit die huis te kom? Is jy goed met jou hande? Wat van voorbidding? Sommige van julle is geroep om in te tree en vir ander te bid. Ons sal jou die name gee van die mense wat deur ons bedien word, en jy kan alleen of in ’n groep vir hulle en vir die evangelisasiespanne wat elke week uitgaan, intree.

Daar is vir almal van ons ’n geleentheid om na ander mense uit te reik en dissipelskap te doen. Ons gebruik ’n program waar elke gawe gebruik kan word. Ons is besig om spanne bestaande uit ’n “onderwyser” en assistent saam te stel wat uitgaan om dissipelskap te doen. Dan is daar ’n helpersbediening, bestaande uit twee mense wat praktiese dinge doen, soos om kos te bring, ’n koek te bak of te bel om te hoor hoe dit gaan. Verder is daar mense wat vir ons intree en die mense wat deur ons bedien word.

Weet jy wat sien ons gebeur? Ons sien hoe God mense se lewens verander omdat daar geestelik en fisies na hulle omgesien word, omdat God se liefde aan hulle bewys word. En weet jy wie doen die bedieningswerk? Dié wat veronderstel is om dit te doen – gewone mense. In Efesiërs 4:11 staan daar dat die apostel, profeet, evangelis, pastoor en leraar as gawes gegee is om die gelowiges vir die bediening toe te rus. Die hele kerk doen die dienswerk, nie net die persoon op die kansel nie. Werklike sukses beteken dat die leraar die kerk vir die bediening onderrig en toerus, en dat hulle uitgaan en die werk doen.

Kom ek illustreer. Sê nou ons verklaar oorlog teen ’n ander land en ons president sê: “Ons verloor te veel van ons manne, dus het ek besluit om die weermag af te skaf en net die generaals slagveld toe te stuur.” Die res van die wêreld sal ons uitlag. En dit is trouens presies wat gebeur – die duiwel lag ons uit omdat ons die generaals, die vyfvoudige bediening, uitgestuur het om alles te doen. Sommige Christene redeneer: “Dis die dominee se werk – ons betaal hom daarvoor.” As weermag het ons klaaglik misluk. God wil sy weermag uitbou, en elkeen van ons gawes kan in dissipelskapevangelisasie gebruik word.

Ons wil help om ’n weermag tot stand te bring en met kragtige hulpmiddels vir die bediening toe te rus – nie net hier in ons stad nie, maar regoor die wêreld. Dit kan gedoen word deur hulpmiddels wat ons ontwikkel het, hierdie dissipelskapkursus en al die strategieë wat ons van God ontvang het.

God sal jou seën wanneer jy uitgaan om ongelowiges en jong gelowiges met jou gawes te bedien en Jesus se opdrag te gehoorsaam deur dissipels van alle mense te maak.

DISSIPELSKAPVRAE

1. Hieronder volg ’n kortlikse beskrywing van die manier waarop ons spanne saamstel om evangelisasiewerk te doen, dissipels te maak en verlore mense te bereik. Julle gemeente kan by enige van hierdie spanne aansluit. Indien julle met julle besoeke volhou en al julle gawes gebruik om mense te bedien, sal mense by die koninkryk gevoeg word en geestelik groei. Die volgende vraelys kan aan lidmate gegee word en daarna kan spanne georganiseer word om die opvolgwerk te doen.

   Ek sal graag die volgende wil doen: (merk een of meer)
   _____ Nuwe mense by hulle huise ontmoet.
   _____ Dissipelskaplesse aanbied.
   _____ Voorbidding/intersessie: Vir verlore mense en Dissipelskapspanne bid.
   _____ Kos of ander artikels vir behoeftige gesinne gee.
   _____ Ander mense skakel of besoek.
   _____ Barmhartigheidsevangelisasie doen: kos maak vir ander, ’n kaartjie stuur, op enige manier help wat jy kan.
   _____ Met enkelma’s en kinders werk.
   _____ Vervoer na die kerk verskaf, ens.
   _____ Ander: Ek wil _____.

2. Die volgende is ’n voorbeeld van ’n dissipelskapopvolgvorm wat gebruik moet word nadat ’n dissipelskaples aangebied word. Hierdie vorm sal vir die pastoor of leier aantoon hoeveel lesse aangebied is en wat die uitkoms van elke les is.

Dissipelskap-opvolgvorm

Datum van besoek/les:

Les aangebied deur:

Naam/name van persone wat besoek is:

Adres:

Lesonderwerp:

Hoe het dit met hierdie studie gegaan?

DISSIPELSKAPVRAE

3. Lees Jakobus 1:22. Wat doen ons wanneer ons net na God se Woord luister, maar nooit doen wat daarin staan nie?

4. Lees Matteus 7:24-27. As iemand 'n wyse persoon wil wees, moet hy Jesus se woorde nie net aanhoor nie. Wat moet hy doen?

5. Lees Efesiërs 4:11-12. Wie moet die dienswerk verrig?

6. Lees Handelinge 8: 1, 4. Wie het oral heen gegaan en die Woord verkondig?

7. Lees Handelinge 8:1, 4. Wie het nie oral heen gegaan en die Woord verkondig nie?

SKRIFGEDEELTES VIR GEBRUIK SAAM MET VRAE

JAKOBUS 1:22 – *"Julle moet doen wat die Woord sê en dit nie net aanhoor nie, anders bedrieg julle julleself."*

MATTEUS 7:24-27 – *"**[24]** Elkeen dan wat hierdie woorde van My hoor en daarvolgens handel, kan vergelyk word met 'n verstandige man wat sy huis op rots gebou het. **[25]** Die stortreën het geval, vloedwaters het afgekom, winde het teen daardie huis gewaai en daaraan geruk, en tog het dit nie ingestort nie, want die fondament was op rots. **[26]** En elkeen wat hierdie woorde van My hoor en nie daarvolgens handel nie, kan vergelyk word met 'n dwaas wat sy huis op sand gebou het. **[27]** Die stortreën het geval, vloedwaters het afgekom, winde het teen daardie huis gewaai en daaraan geruk, en die huis het ingestort en is heeltemal verwoes."*

EFESIËRS 4:11-12 – *"**[11]** En dít is die 'gawes' wat Hy 'gegee het': apostels, profete, evangeliste, en herders en leraars. **[12]** Sy doel daarmee was om die gelowiges toe te rus vir hulle diens en vir die opbou van die liggaam van Christus."*

HANDELINGE 8:1,4 – *"**[1]** Ook Saulus het hierdie moord goedgekeur. Daardie dag het daar 'n hewige vervolging van die gemeente in Jerusalem begin. Al die gelowiges behalwe die apostels is uitmekaar gejaag en verstrooi oor die gebiede van Judea en Samaria. **[4]** Die gelowiges wat uitmekaar gejaag is, het so ver as wat hulle gegaan het, die evangelie verkondig."*

DISSIPELSKAPVRAE

8. Lees Handelinge 11:19-22. In die vroeë Nuwe Testamentiese kerk het die gelowiges die dienswerk gedoen, en is dit deur die apostoliese leierskap en verdere onderrig opgevolg. In ons kerke vandag is dit die leiers wat met die dienswerk begin en die gelowiges wat daarmee voortgaan. In watter opsig word hierdie stelling in Handelinge 11:19-22 gestaaf?

9. Lees 1 Korintiërs 12:14-18. Elke lid van die liggaam van Christus is veronderstel om ’n aktiewe rol te speel. Ons mag ons nie met mekaar vergelyk nie. Volkome toewyding aan Christus beteken nie dat ek alles doen nie, maar dat ek doen waarvoor God my toegerus het. Wat gaan jy met die inligting doen wat jy in hierdie les ontvang het?

SKRIFGEDEELTES VIR GEBRUIK SAAM MET VRAE

HANDELINGE 11:19-22 –
*“**[19]** Deur die vervolging wat na Stefanus se dood ontstaan het, is die gelowiges uitmekaar gejaag. Party van hulle het na Fenisië, Siprus en Antiogië toe gegaan, maar hulle het die woord aan niemand anders as net aan Jode verkondig nie. **[20]** Onder die vlugtelinge was daar sekere mense wat van Siprus en Sirene afkomstig was en wat in Antiogië gekom en daar ook aan die Griekssprekendes die evangelie dat Jesus die Here is, verkondig het. **[21]** Die Here het die gelowiges gehelp, sodat daar baie mense tot geloof gekom en hulle tot die Here bekeer het. **[22]** Die berig hieroor het die gemeente in Jerusalem bereik, en hulle het vir Barnabas na Antiogië toe gestuur.”*

1 KORINTIËRS 12:14-18 –
*“**[14]** Die liggaam bestaan ook nie net uit een lid nie, maar uit baie. **[15]** As die voet sou sê: ‘Omdat ek nie ’n hand is nie, is ek nie deel van die liggaam nie,’ hou hy om dié rede tog nie op om deel van die liggaam te wees nie. **[16]** En as die oor sou sê: ‘Omdat ek nie ’n oog is nie, is ek nie deel van die liggaam nie,’ hou hy om dié rede eweneens nie op om deel van die liggaam te wees nie. **[17]** As die hele liggaam oog was, hoe sou hy kon hoor? En as die hele liggaam oor was, hoe sou hy kon ruik? **[18]** Maar nou het God die lede, elkeen van hulle afsonderlik, in die liggaam gevoeg soos Hy dit wou hê.”*

ANTWOORDE

1. Hieronder volg ’n kortlikse beskrywing van die manier waarop ons spanne saamstel om evangelisasiewerk te doen, dissipels te maak en verlore mense te bereik. Julle gemeente kan by enige van hierdie spanne aansluit. Indien julle met julle besoeke volhou en al julle gawes gebruik om mense te bedien, sal mense by die koninkryk gevoeg word en geestelik groei. Die volgende vraelys kan aan lidmate gegee word en daarna kan spanne georganiseer word om die opvolgwerk te doen.

   Ek sal graag die volgende wil doen: (merk een of meer)
   _____ Nuwe mense by hulle huise ontmoet.
   _____ Dissipelskaplesse aanbied.
   _____ Voorbidding/intersessie: Vir verlore mense en Dissipelskapspanne bid.
   _____ Kos of ander artikels vir behoeftige gesinne gee.
   _____ Ander mense skakel of besoek.
   _____ Barmhartigheidsevangelisasie doen: kos maak vir ander, ’n kaartjie stuur, op enige manier help wat jy kan.
   _____ Met enkelma’s en kinders werk.
   _____ Vervoer na die kerk verskaf, ens.
   _____ Ander: Ek wil _____.

2. Die volgende is ’n voorbeeld van ’n dissipelskapopvolgvorm wat gebruik moet word nadat ’n dissipelskaples aangebied word. Hierdie vorm sal vir die pastoor of leier aantoon hoeveel lesse aangebied is en wat die uitkoms van elke les is.

Dissipelskap-opvolgvorm

Datum van besoek/les:

Les aangebied deur:

Naam/name van persone wat besoek is:

Adres:

Lesonderwerp:

Hoe het dit met hierdie studie gegaan?

ANTWOORDE

3. Lees Jakobus 1:22. Wat doen ons wanneer ons net na God se Woord luister, maar nooit doen wat daarin staan nie?
Ons bedrieg onsself.

4. Lees Matteus 7:24-27. As iemand ’n wyse persoon wil wees, moet hy Jesus se woorde nie net aanhoor nie. Wat moet hy doen?
Hy moet daarvolgens lewe.

5. Lees Efesiërs 4:11-12. Wie moet die dienswerk verrig?
Die gelowiges, nie ’n sekere geestelike groep in die kerk (soos die predikante) nie.

6. Lees Handelinge 8: 1, 4. Wie het oral heen gegaan en die Woord verkondig?
Die gelowiges wat uitmekaar gejaag is.

7. Lees Handelinge 8:1, 4. Wie het nie oral heen gegaan en die Woord verkondig nie?
Die apostels. Uit hierdie gedeelte sien ons dat die vroeë Nuwe Testamentiese gemeentelede vir dissipelskap en evangelisasie verantwoordelik was.

8. Lees Handelinge 11:19-22. In die vroeë Nuwe Testamentiese kerk het die gelowiges die dienswerk gedoen, en is dit deur die apostoliese leierskap en verdere onderrig opgevolg. In ons kerke vandag is dit die leiers wat met die dienswerk begin en die gelowiges wat daarmee voortgaan. In watter opsig word hierdie stelling in Handelinge 11:19-22 gestaaf?
Die kerk het van die nuwe bekeerlinge gehoor en Barnabas gestuur om hulle te help (vers 22).

9. Lees 1 Korintiërs 12:14-18. Elke lid van die liggaam van Christus is veronderstel om ’n aktiewe rol te speel. Ons mag ons nie met mekaar vergelyk nie. Volkome toewyding aan Christus beteken nie dat ek alles doen nie, maar dat ek doen waarvoor God my toegerus het. Wat gaan jy met die inligting doen wat jy in hierdie les ontvang het?
Dit toepas deur uit te gaan en my gawes te gebruik o Dit toepas deur uit te gaan en my gawes te gebruik om ander mense te help. m ander mense te help.

© 2012, Andrew Wommack
Toestemming word verleen om afskrifte vir dissipelskapdoeleindes te maak, op voorwaarde dat dit gratis uitgereik word.

KONTAKBESONDERHEDE

USA

Andrew Wommack Ministries
P.O. Box 3333, Colorado Springs, CO 80934
Helpline: 719-635-1111
www.awmi.net

Europe

Andrew Wommack Ministries – Europe
PO Box 4392, Walsall, WS1 9AR, England
Email: enquiries: info@awme.net
www.awme.net

UK Help Line (Prayer):
Phone: +44 (0) 1922 473300
Monday - Friday: 7:00 AM to 4:00 PM GMT

Germany

Andrew Wommack Ministries Germany e. V.
Am Bahnhof 2, 55765 Birkenfeld, Deutschland
Email: info@awme.de
Phone: 06782 9846405
www.awme.de

Hungary

Andrew Wommack Ministries Hungary
9173 Győrladamér, Országút utca 7, Hungary
Email: hungary@awme.net
www.awme.hu

India

Andrew Wommack Ministries Trust
72-D Nandhini Maha, First Floor, Velachery Main Road, Velachery,
Chennai, 600 042, INDIA
Email: info@awmindia.net
Phone: (044)-42021820
www.awmindia.net

Netherlands

Andrew Wommack Ministries Nederland
PO Box 7, 1755ZG Petten, Holland
Email: pietdegroot@awme.net
Phone: +31 (0)226 75 50 30
www.andrewwommack.nl

Suid Afrika (Bestellings)

Andrew Wommack Ministries - Suid Afrika
Posbus 30, Kaapstad. 8000, Suid Afrika
Foon: 021 914 1110
E-pos: enquiries@awmsa.net
www.awmsa.net

© 2012, Andrew Wommack
Toestemming word verleen om afskrifte vir dissipelskapdoeleindes te maak, op voorwaarde dat dit gratis uitgereik word.